

ONTGROENINGSPRAKTYKE IN SKOLE: 'N ONDERSOEK NA DIE SPANNING TUSSEN POPULÊRE DISKOERSE EN DIE REGSRAAMWERK

Eduard Potgieter

(B.Ed; B.Ed HONS, NGDO; & M.Ed.)

Proefskrif voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir die kwalifikasie

Philosophiae Doctor

in Onderwysbeleidstudies aan die Universiteit van die Vrystaat

Fakulteit Opvoedkunde

Skool vir Opvoedkunde Studies

Maart 2020


Promotor: Prof. Lynette Jacobs

Mede-promotor: Prof. Mariëtte Reyneke

Mede-promotor: Dr. Kevin Teise

VERKLARING

Hiermee verklaar ek, Eduard Potgieter dat hierdie proefskrif vir die Doktorale kwalifikasie in Onderwys Beleidstudies aan die Universiteit van die Vrystaat my eie werk is met die hulp en leiding van beide my studieleiers. Ek verklaar dat ek dit nie voorheen vir 'n kwalifikasie aan enige ander Hoër Onderwys-instelling ingedien het nie. Ek verklaar dat ek bewus is daarvan dat die kopiereg ook by die Universiteit van die Vrystaat berus. Ek verklaar dat die regte ten opsigte van die intellektuele eiendom wat gedurende die studie aan die Universiteit van die Vrystaat opgebou is aan dié Universiteit oorgedra sal word.

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'E. Potgieter', with a long horizontal stroke extending to the right.

Eduard Potgieter

Bloemfontein

20 Maart 2020

ETIESE KLARINGSBRIEF



Faculty of Education

08-May-2017

Dear Mr Eduard Potgieter

Ethics Clearance: Ontgroeingspraktyke in skole: 'n ondersoek na die spanning tussen populêre diskoerse en die regsraamwerk

Principal Investigator: Mr Eduard Potgieter

Department: School of Education Studies (Bloemfontein Campus)

APPLICATION APPROVED

With reference to your application for ethical clearance with the Faculty of Education, I am pleased to inform you on behalf of the Ethics Board of the faculty that you have been granted ethical clearance for your research.

Your ethical clearance number, to be used in all correspondence is: **UFS-HSD2017/0223**

This ethical clearance number is valid for research conducted for one year from issuance. Should you require more time to complete this research, please apply for an extension.

We request that any changes that may take place during the course of your research project be submitted to the ethics office to ensure we are kept up to date with your progress and any ethical implications that may arise.

Thank you for submitting this proposal for ethical clearance and we wish you every success with your research.

Yours faithfully

Dr. MM Nkoane

Chairperson: Ethics Committee

Education Ethics Committee

Office of the Dean: Education

T: +27 (0)51 401 9683 | F: +27 (0)86 546 1113 | E: NkoaneMM@ufs.ac.za

Winkie Direko Building | P.O. Box/Posbus 339 | Bloemfontein 9300 | South Africa

www.ufs.ac.za



TAALVERSORGING

Heil die leser

Hiermee verklaar ek dat ek die Doktorale proefskrif getiteld **Ontgroeningspraktyke in Skole: 'n Ondersoek na die Spanning Tussen Populêre Diskoerse en die Regsraamwerk** deur Eduard Potgieter, taalversorg het volgens die beginsels van die akademiese diskoers.



B.Bibl.; B.A. Hons. (English)

16-03-2020

BEDANKINGS

Ek wil graag die volgende persone en instansies bedank sonder wie se bydraes op watter wyse ook al hierdie proefskrif nie moontlik sou wees nie:

✚ Prof. Lynette Jacobs vir haar ongelooflike ondersteuning, leiding, aanmoediging en passie wat u vir u studente het. Dankie ook vir al u hulp met die uitleg.

✚ Prof. Mariëtte Reyneke vir haar kundigheid en leiding ten opsigte van die regshoofstuk.

✚ Dr Kevin Teise vir sy steun.

✚ Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir die finansiële ondersteuning. Dankie spesifiek ook aan Mev. Rens vir alle korrespondensie wat altyd spoedig was met geen haakplekke nie. Groot dank ook aan Prof. J van der Elst beurskoördineerder en Dr. Dionē Prinsloo hoof uitvoerende beampte van die Akademie.

✚ Mev. Annemarie du Preez vir die keurige taalversorging.

✚ Alle leerders en ouers wat deelgeneem het aan die studie.

✚ My broers Theo Potgieter en Roelof Potgieter vir hul belangstelling en ondersteuning.

✚ **ALLE EER EN LOF KOM DIE HERE TOE.**

DANKBETUIGING

Ek dra hierdie studie spesiaal op aan my ma Ina Pienaar. Baie dankie vir al ma se bystand, liefde, gebede, aanmoediging en ondersteuning. Dankie dat ma nooit opgegee het op my nie.

OPSOMMING

Oor die jare heen het die mate waarin ontgroening plaasvind, net meer intens geraak. Die wrede ontgroeningspraktyke wat tydens ontgroeningseremonies by instansies en spanne plaasvind, word oorgedra van groep tot groep. Ten spyte van 'n baie duidelike 2002 beleid wat ontgroening by alle skole in Suid-Afrika verbied, blyk dit vandag nog 'n werklikheid in sommige skole te wees, aangesien daar telkens aan die begin van die jaar daaroor in die media berig word. Op die oog af word die praktyke deur die leerders aanvaar, en deur volwassenes goedgekeur. Dit het my opgeval tydens my Meesterstudie dat mense sterk standpunt ten gunste van ontgroening inneem, al kom sulke praktyke as skadelik voor, en al word dit verbied. 'n Literatuursoektog het dit duidelik gemaak dat navorsing oor die fenomeen binne die konteks van Suid-Afrika uiters beperk is. Selfs internasionale bronne is taamlik beperk. Wat egter duidelik was, is dat daar wel steun vir die praktyk is, ten spyte daarvan dat dit nie in lyn met die handhawing van menseregte is nie. Dit het vir my voorgekom asof daar, binne 'n konstitusionele bestel soos Suid-Afrika, op die oog af spanning is tussen die populêre opinie en dit wat die reg voorskryf. Dit het my gelei om die volgende navorsingsvraag in die studie te stel: Watter klaarblyklike spanninge kan blootgelê word tussen die regsraamwerk en populêre diskoerse rakende ontgroeningspraktyke by skole?

Die studie word ondersteun deur Festinger se Teorie van Kognitiewe Dissonansie. Volgens Festinger se teorie moet 'n mens se oortuigings en daede ooreenstem, anders sal 'n persoon buite karakter optree. Tydens ontgroeningspraktyke weet individue dat hulle aan daede en praktyke deelneem wat heeltemal teen die oënskynlik aanvaarbare gedrag indruis. Desnieteenstaande 'n gevoel van weersin jeens die aktiwiteite, neem die persoon steeds deel, en so ontstaan 'n wanbalans. Individue verander dus hulle persepsies en oortuigings teenoor ontgroening, sodat dit in hul gedagtes aanvaarbaar word, omdat hulle hierdie dissonansie wil afweer. Deur hulle dissonansie met betrekking tot ontgroeningspraktyke te verminder, verlaag hulle spanning en hulle gee toe tot deelname aan aktiwiteite waarteen hulle normaalweg sou vasskop. Ek het terselfdertyd na Morgenthau se Balans van Mag Teorie verwys, wat uitwys dat persone morele waardes opsy sal skuif in hulle drang na mag. Dit kom na vore wanneer seniors gemeen, onredelik en selfs vernietigend teenoor juniors optree, in 'n poging om hulle mag te vertoon.

'n Literatuurstudie oor ontgroening in die Suid-Afrikaanse opset is onderneem. Verder is ontgroening as internasionale verskynsel ondersoek deur na Indië, Amerika en Engeland te kyk, en te bepaal wat die effek daarvan op dié lande is.

Die regsraamwerk rakende ontgroening is ook beskryf. Die verskillende terme en definisies is beskryf, en die regsverpligtinge en regsgevolge van al die rolspelers in die onderwys rakende ontgroening is volledig uitgelig. Hofsake rakende ontgroening of wat in verband staan daarmee is ook bespreek. Die regsraamwerk toon duidelik dat enige vorm van ontgroening onwettig is.

Deur middel van 'n kwalitatiewe benadering is semi-gestruktureerde onderhoude gevoer en kommentaar is versamel om te bepaal hoe die verskillende rolspelers oor ontgroening voel. Die studie sluit af met kritiese kommentaar ten opsigte van die regsraamwerk en populêre diskoerse. Die siklus van ontgroening sal nie gebreek kan word as dit steeds ondersteun word nie.

Geen ontgroening is toelaatbaar nie en dit druis in teen alle wetgewing wat ontgroeningspraktyke verbied. Baie leerders en volwassenes glo steeds dat die ontgroening wat hulle deurmaak of deurgemaak het van waarde is. Hulle swaarkry en vernedering berei hulle glo voor vir die lewe daarbuite, wat nie maklik is nie. Magsvergrype tydens ontgroening kom algemeen voor, nie net in Suid-Afrika nie maar wêreldwyd. Die seniors wat in beheer is wil demonstreer hoe magtig en belangrik hulle is. Hoe erger die vernedering, aanranding en mishandeling, hoe magtiger glo die seniors sal hulle vertoon. Alhoewel skoolhoofde en personeel aan beleide en wette moet gehoor gee wat ontgroening verbied, gaan hulle steeds voort om ontgroening aan te moedig of self daaraan deel te neem. Die magskringloop of siklus van ontgroening bly 'n realiteit. Ontgroening sal slegs stopgesit kan word as die kultuur daar rondom verander, en die regering alle rolspelers oortuig om oor hierdie kwessie saam te werk.

Sleutelwoorde: Festinger se Kognitiewe Dissonansie Teorie; Morgenthau se Balans van Mag Teorie; ontgroeningspraktyke; regsraamwerk; regsverpligtinge; regsgevolge

SUMMARY

In recent times the degree to which initiation in schools has been taking place has become more intense. The cruel initiation practices applied during initiation ceremonies in institutions and teams persist from one group to the next. Despite a very clear 2002 policy prohibiting initiation in all South African schools, it still seems to be a reality if one looks at the number of media reports on the topic at the start of each academic year. At face value it seems as if these practices are accepted by learners, and supported by adults. During the course of this study it became clear that people have strong positive feelings towards initiation, even though such practices may be harmful, and are actually against the law. My literature review revealed that very limited research on this topic has been done in South Africa. Even international literature is quite limited. This study revealed strong support for initiation practices, even though they go against basic human rights. I perceived discord between popular opinion and legislative guidelines on this topic in South Africa as a constitutional dispensation. This led me to the following research question: What apparent tensions can be uncovered between the legal framework and popular discourse regarding initiation practices in the school environment?

This study is supported by Festinger's Theory of Cognitive Dissonance. According to Festinger's ideas, an individual's views and deeds must be in alignment, otherwise the person will act contrary to his/her character. During initiation practices individuals take part in acts that they know are in opposition to acceptable behaviour. Despite feelings of aversion against these activities, juniors still take part, and a discord develops between their thoughts and their feelings. Individuals therefore adapt their perceptions and convictions towards initiation, until it seems acceptable to them, in an attempt to deal with this dissonance. By dealing with this dissonance, juniors will take part in almost any bizarre activity just to get it over and done with to be able to return to normal. I also referred to Morgenthau's Balance of Power Theory, which demonstrates that people will cast aside their moral values in a desire for power. This becomes an issue when seniors act in a mean, unreasonable and sometimes even destructive way towards juniors in an attempt to display their power.

A literature review was done regarding initiation in the South African environment. Initiation as experienced by countries such as India, America and England was examined in attempt to determine its impact in these countries.

The legal framework that applies to initiation practices was discussed. The different terms and definitions were explained and the legal responsibilities and legal outcomes of all the stakeholders in the educational system regarding initiation practices were investigated. Case law concerning initiation was also discussed. The existing legislative framework clearly indicates that initiation practices in any form whatsoever are illegal.

By making use of a qualitative approach, semi-structured interviews were conducted and comments were collected to determine how the different role-players feel about initiation. The study concludes with critical commentary on the legal framework and popular discourse. The cycle of initiation will never be broken if some of these role-players persist in supporting it.

No form of initiation is allowed as it goes against all legislation. Many students and adults still believe that the initiation practices which they are subjected to have a certain degree of value. Their suffering and degradation apparently prepares them for life in the hard, big wide world. The abuse of power during initiation is a common occurrence, both in South Africa and internationally. The seniors in charge want to demonstrate their power and importance, which they believe will increase if they treat the juniors badly. Although principals and teaching staff should adhere to policies and legislation regarding initiation, they persist in encouraging it and even take part in it themselves. The power cycle of initiation remains a reality. As long as a strong culture exists that supports initiation, the government and the Department of Education will struggle to eradicate the problem and initiation practices will continue due to public support.

Keywords: Festinger's cognitive dissonance theory, Morgethau's Balance of Power Theory initiation practices, legal framework, legal responsibilities, legal outcomes

INHOUD

HOOFSTUK 1 : ORIËTERING	1
1.1 Inleiding.....	1
1.2 Probleemstelling	5
1.3 Navorsingsvrae.....	7
1.3.1 Sekondêre navorsingsvrae.....	7
1.4 Doel van die navorsing.....	8
1.5 Navorsingsontwerp	8
1.5.1 Navorsingsparadigma	9
1.5.2 Navorsingsmetodes	10
1.5.2.1 Literatuurstudie	11
1.5.2.2 Analise van regsdokumente	12
1.5.2.3 Onderhoude.....	12
a) Seleksie van deelnemers	13
1.5.2.4 Kommentaar op sosiale media.....	13
1.6 Terreinafbakening	14
1.6.1 Wetenskaplike terreinafbakening.....	14
1.6.2 Geografiese terreinafbakening	15
1.7 Navorsingsverloop	16
1.8 Ten slotte	17
HOOFSTUK 2 : DIE VOORKOMS VAN ONTGROENING AS 'N INTERNASIONALE ONDERWYSVERSKYNSEL	18
2.1 Inleiding.....	18
2.2 Ontgroening as 'n internasionale verskynsel	19
2.2.1 Ontgroeningspraktyke in Indië	19
2.2.2 Ontgroeningspraktyke in die Verenigde State van Amerika (VSA).....	25
2.2.3 Ontgroeningspraktyke in Engeland.....	33
2.2.4 Bespreking.....	37
2.3 Teoretiese perspektiewe	38
2.3.1 Kognitiewe dissonansie teorie	39
2.3.2 Morgenthau se Balans van Mag Teorie	42
2.4 Ten slotte	44

HOOFSTUK 3 : REGSRAAMWERK OM ONTGROENING TE BEOORDEEL

.....	46
3.1 Inleiding.....	46
3.2 Konsepverklaring.....	47
3.2.1 Die reg.....	47
3.2.2 Onderwysreg.....	48
3.2.3 Ontgroening.....	49
3.2.4 Oriënteringsprogramme.....	50
3.2.5 Teistering.....	50
3.2.6 Diskriminasie.....	51
3.2.7 Verband tussen lyfstraf, aanranding en ontgroening.....	51
3.2.8 Verband tussen aanranding, kindermishandeling en boeliery.....	53
3.3 Algemene Regsbeginsels.....	54
3.3.1 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.....	54
3.3.1.1 Gelykheid.....	55
3.3.1.2 Menswaardigheid.....	56
3.3.1.3 Privaatheid.....	57
3.3.1.4 Beste belange van die kind.....	59
3.3.1.5 Reg op eiendom.....	61
3.3.2 Wetgewing.....	61
3.3.3 Gewoontereg.....	62
3.3.4 Inheemsevolke-reg.....	62
3.3.5 Internasionale reg.....	63
3.3.6 Gemenerereg.....	64
3.3.7 Verbode gedrag en Regsremedies rakende ontgroening.....	65
3.3.8 Die verskil tussen siviele sake en strafregtelike sake.....	66
3.3.9 Handelingsbevoegdheid, verskyningsbevoegdheid en toerekenings-vatbaarheid.....	67
3.3.10 Ontgroening as misdad.....	70
3.3.10.1 Crimen Iniuria.....	70
3.3.10.2 Laster.....	71
3.3.10.3 Aanranding.....	71
3.3.10.4 Diefstal.....	72
3.3.10.5 Roof.....	72

3.3.10.6	Boeliegedrag	72
3.3.11	Sivielregtelike aspekte van Ontgroening	73
3.3.11.1	Delikte en skadevergoeding	73
3.3.11.2	Interdik.....	73
3.3.11.3	Beskermingsbevel.....	74
3.4	Rolspelers in die Konteks van Ontgroening	74
3.4.1	Onderwysers en in loco parentis	75
3.4.1.1	Regsverpligtinge van onderwysers in terme van verskillende regsdokumente	75
3.4.1.2	Regsgevolge as onderwysers nie ontgroeningspraktyke keer nie, of dit goedkeur	81
3.4.1.3	Beheerliggaam en Ontgroening.....	83
3.4.1.4	Regsverpligtinge van die Beheerliggaam in terme van verskillende regsdokumente	83
3.4.1.5	Regsgevolge as die Beheerliggaam nie ontgroeningspraktyke keer nie, of dit goedkeur	85
3.4.1.6	Verskillende rolspelers en ontgroening.....	85
3.4.1.7	Regsverpligtinge van die VRL in terme van verskillende regsdokumente	85
3.4.1.8	Regsverpligtinge van Ouers in terme van verskillende Regsdokumente ...	86
3.4.1.9	Regsverpligtinge van die Departement van Onderwys in terme van verskillende Regsdokumente	87
3.4.1.10	Regsgevolge as die VRL nie ontgroeningspraktyke keer nie, of dit goedkeur	87
3.4.1.11	Regsgevolge as ouers nie ontgroeningspraktyke keer nie, of dit goedkeur ..	88
3.4.1.12	Regsgevolge as die Departement van Onderwys nie ontgroeningspraktyke keer nie, of dit goedkeur.....	88
3.5	Regspraak.....	89
3.5.1	EB v Creecy NO 2010 JDR 0251 (GSJ) 2010 JDR 0251 p1.....	89
3.5.2	Christian Education South Africa v Minister of Education 2000 (4) SA 757 (CC)... ..	90
3.5.3	Hawekwa Youth Camp and Another v Byrne 2010(6) SA 83 (SCA).	91
3.5.4	Gibbins v Williams, Muller, Wright & Mostert Ingelyf en Andere 1987 (2) SA 82 (T) 1987 (2) SA p82.....	93
3.6	Ten Slotte	93
HOOFSTUK 4 : NAVORSINGSMETODOLOGIE		95

4.1	Inleiding.....	95
4.2	Kwalitatiewe navorsing.....	95
4.3	Diskoers-analise.....	96
4.3.1	Datagenerasie: Onderhoude.....	97
4.3.1.1	Tipes onderhoude.....	98
4.3.1.2	Dokumentering van onderhouddata.....	99
4.3.1.3	Seleksie van deelnemers.....	100
4.3.1.4	Doelgerigte selektering.....	101
4.3.2	Datagenerasie: Sosiale media.....	103
4.3.3	Ontleding van kwalitatiewe data.....	104
4.3.4	Bestuur van data.....	105
4.3.4.1	Opstel van kategorieë.....	106
4.3.4.2	Sortering van kategorieë en data.....	106
4.3.4.3	Kodering.....	107
4.3.5	Integriteit van die navorsing.....	107
4.3.5.1	Etiese Navorsing.....	108
4.3.5.2	Geldigheid.....	109
4.3.5.3	Interne Geldigheid.....	109
4.3.5.4	Eksterne geldigheid.....	110
4.3.5.5	Betroubaarheid.....	111
4.3.5.6	Ouditspoor.....	112
4.4	Slotsom.....	113

HOOFSTUK 5 : DISKOERSE RAKENDE ONTGROENING BY SKOLE 114

5.1	Inleiding.....	114
5.2	Bevindinge uit die onderhoude en <i>Facebook</i> kommentaar.....	114
5.2.1	Ontgroening moet bly (of nie) maar daar moet perke wees.....	115
5.2.2	Take wat die “ondergeskikte” leerders moes verrig.....	116
5.2.2.1	Snaakse kleredrag.....	117
5.2.2.2	Sinnelose en vernederende aktiwiteite.....	117
5.2.2.3	Fisies uitputtende aktiwiteite.....	118
5.2.2.4	Tydsduur.....	120
5.2.2.5	Sottekonsert.....	120
5.2.2.6	Mishandeling.....	121

5.2.2.7	Finansiële skade.....	121
5.2.2.8	Seksuele ondertone	122
5.2.3	Positiewe waarde van ontgroening	123
5.2.3.1	Ontgroening bring jou aarde toe	123
5.2.3.2	Ontgroening is pret.....	124
5.2.3.3	Groepsgevoel onder kinders verdien 'n plek	124
5.2.3.4	Ontgroening maak jou sterk	125
5.2.3.5	Ontgroening is tradisie en maak jou deel van die skool.....	125
5.2.3.6	Ontgroening leer jou respek	126
5.2.3.7	Die skoolkultuur is belangrik	127
5.2.4	Seniors is magsbehep en maak hulle skuldig aan magsvergrype	128
5.2.4.1	Magsvertoon onder seniors.....	128
5.2.4.2	Magsiklus	129
5.2.5	Volwassenes se hantering van ontgroening	129
5.2.5.1	Ouers.....	130
5.2.5.2	Teenwoordigheid, al dan nie, van verantwoordelike volwassenes	131
5.2.6	Negatiewe sienings rakende ontgroening	132
5.2.6.1	Ontgroening is onwettige boeliegedrag	133
5.2.6.2	Ontgroening kan 'n jongmens se lewe verwoes	133
5.2.6.3	Ontgroening was 'n negatiewe ervaring	134
5.2.6.4	Ontgroening vestig negatiewe gevoelens	135
5.3	Bespreking.....	137
5.3.1	Teoretiese insigte.....	137
5.3.2	Populêre diskoerse.....	140
5.4	Samevatting	141

HOOFTUK 6 : KRITIESE KOMMENTAAR OOR SPANNING TUSSEN DIE REGSRAAMWERK EN POPULÊRE DISKOERSE

6.1	Inleiding.....	142
6.2	Oorsig oor die studie.....	142
6.3	Spanning tussen die populêre diskoerse en die reg	145
6.3.1	Argument 1: Ontgroening is nodig om aanvaar te word	146
6.3.2	Argument 2: Ontgroening laat jou geborge voel	147
6.3.3	Argument 3: Ontgroening berei jou voor vir die lewe.....	148

6.3.4	Argument 4: Ontgroening leer jou om ander te respekteer	148
6.3.5	Argument 5: Seniors het die reg verdien om die juniors te ontgroen	149
6.3.6	Argument 6: Ontgroening is nie verkeerd nie (Ontgroening is bloot onskuldige pret)	149
6.3.7	Argument 7: Ontgroening is deel van die kultuur van (goeie) skole	150
6.3.8	Implikasies.....	150
6.4	Refleksie.....	151
6.4.1	Bydrae van die studie.....	151
6.4.2	Sterk en swak punte	152
6.4.3	Voorstelle vir verdere navorsing.....	153
6.5	Slotsom.....	154
BRONNELYS.....		156
REGSPRAAK.....		169
ADDENDUMS		170
	Addendum A: Onderhoude met leerlinge.....	170
	Addendum B: Onderhoude met ouer	171
	Addendum C: Toestemming deur ouers en voogde van leerders	172
	Addendum D: Instemming deur minderjarige deelnemers	173

LYS VAN FIGURE

Figuur 1-1: Die Vrystaat provinsie met die vyf onderwysdistrikte	16
Figuur 2-1: Temas wat na vore gekom het tydens onderhoude rakende ontgroening in Indië (University Grants Commission in Mallapur, 2018:1)	22
Figuur 2-2: Ontgroeningsvoorvalle in Indië wat tussen 2013 en 2017 aangemeld is (Lok Sabh in Mallipur, 2018:1).....	24
Figuur 2-3: Gevalle van hazing sterfgevalle wat van 1838 tot 2017 by Amerikaanse universiteite van voorgekom het (Nuwer, 2017:n.p.)	32
Figuur 2-4: Ontgroeningsgevalle met wrede bedoelings in die V.S.A. van 1840 tot 2017	33
Figuur 2-5: Kognitiewe dissonansie teorie.....	42
Figuur 2-6: Balans van Mag Teorie (Parizek, 2008:n.p)	43
Figuur 3-1: Statutêre remedies en gemenereg remedies rakende verbode ontgroeningspraktyke.	66
Figuur 4-1: Proses van kwalitatiewe data-analise (Seidel in Nieuwenhuis, 2016:110)	104

LYS VAN TABELLE

Tabel 2-1: Afmetings van Ontgroening tussen 2003 en 2008 (Agarwal <i>et al.</i> , s.a.:5).....	21
Tabel 2-2: Voorvalle van ekstreme ontgroeningspraktyke wat by verskillende onderriginstellings plaasgevind het (Nuwer, 2018:n.p.)	27
Tabel 2-3: Gevalle van ekstreme ontgroeningsgevalle in Engeland van 2003 tot 2016 (Alleyne, 2016:n.p.; Farberov, 2013:n.p. en Wilson, 2015:n.p.).....	35
Tabel 4-1: Deelnemers aan die onderhoude	102

HOOFSTUK 1: ORIËNTERING

1.1 INLEIDING

Aan die begin van elke jaar, wanneer skole, universiteite en kolleges heropen, word daar in die media melding van ontgroening gemaak. Onder andere word die volgende berig: 'n student is dood na ontgroeningspraktyke (Jordaan, 2001:10); die gebruik van kru en verbaal beledigende taal (Jordaan, 2001:10); ontgroening wat handuit geruk het (Rademeyer, 2002:11); 'n student is dood weens 'n oormaat drank (Van Wyk, 2005:13); leerlinge moes in dromme klim wat gevul was met hoendermis, vrot melk, veselperskeskille en spoeg (Rademeyer, 2006:5); die bedreiging van leerders se gesondheid (Neethling-Blair, 2008:3); 'n 16-jarige leerder is op 'n skooltoer met 'n besemstok en 'n piesang gesodomiseer (Potgieter, 2012:2); vernederende en afbrekende aktiwiteite soos die dra van 'n naambord met vernederende beskrywings op; om naak rond te hardloop; die ontneming van slaap; oormatige oefening; die forsering om vreemde kossoorte te eet; fisiese geweld; die forsering om met ander leerders te baklei; koppe wat in 'n toilet gedruk is (Potgieter, Teise, Jacobs & De Wet, 2014:508); graad agt leerders is deur die nag oorgelaat in die hande van die skool se leerlingraad (Croukamp, 2015:8); 'n student het gesterf weens die sluk van 'n deegpil (deeg wat gevorm is in die vorm van 'n pil) (Du Plessis, 2015:n.d.); en 'n leerder is na bewering aangerand en verkrag (Kemp, 2016:1). Die gemelde voorbeelde dui daarop dat ontgroening nog steeds voorkom en deel is van die Suid-Afrikaanse onderrigkultuur.

Ontgroening is egter nie net 'n verskynsel wat in die Suid-Afrikaanse onderwysbestel voorkom nie. 'n Beduidende aantal studies wat gedoen is in lande soos Indië, Amerika en Engeland het getoon dat ontgroening in daardie lande ook as 'n algemene praktyk in hul onderriginstellings ervaar word (Allan & Madden, 2008:14; Desai, 2009:59; Hoover & Pollard, 2000:8). In Afrikaans vind ontgroening onder baie verskillende name plaas, en staan ook bekend as inlywing, doop, insouting, verwelkomingspraktyke of inburgering. Verskeie benamings word regoor die wêreld aan ontgroening gegee. Van die bekendste terme is *hazing* in Amerika, *fagging* in Engeland, *baptême* in Frankryk, *doop* in Nederland en *mopokaste* in Finland (Garg, 2009:263).

Die kernelement wat egter deur al hierdie gebruike loop is dat nuwelingte een of ander seremonie, ritueel of aksie moet deurmaak om as een van die skool, vereniging of groep geag te word (Cimino, 2011:241; De Klerk, 2013:87; Potgieter, 2012:506). Alhoewel daar magsvergrype by albei voorkom, is dit belangrik om die verskil tussen ontgroening en boeliery uit te wys. Waar ontgroening te make het met die verkryging van toegang tot 'n span, 'n skool of 'n vereniging deur middel van geestelike en liggaamlike pyn en lyding, verwys boeliery meer in die algemeen na hoe spesifieke leerders deur 'n ander leerder of groepie leerders geteiken word oor 'n tydperk, en leed aangedoen word. Die doel met boeliery is nie die toelating tot 'n groep nie (Lets'opha & Jacobs, 2017: 87; Lyness, 2003:1; Sikhakhane, Muthukrishna & Martin: 2017:1).

My vertrekpunt vir hierdie studie verkry ek van die definisie van Allan en Madden (2008:4), wat ontgroening definieer as enige aktiwiteit waar daar van iemand verwag word om deel te neem aan aktiwiteite waar vernedering, afkraking, mishandeling, of om jou lewe in gevaar te stel plaasvind. Die persoon word gedwing om deel te neem of hy nou wil of nie, om sodoende die reg te "verdien" om by 'n spesifieke groep aan te sluit.

Daar is egter nie eenstemmigheid in die literatuur oor die afbakening van die fenomeen nie. Hollman (2002:14) is van mening dat enigeen van die volgende stellings gewoonlik aandui dat juniors ontgroen is: die betrokkenheid van alkohol, dat seniors nie saam met nuwelingte aan aktiwiteite wil deelneem en presies ook doen wat van die juniors verwag word nie, aktiwiteite wat lei tot emosionele of fisiese mishandeling, aktiwiteite waar daar 'n risiko vir beserings of kwessies oor veiligheid is, wanneer nuwelingte huiwer of besware het om oor die genoemde dade met hul ouers of dosente te praat, en wanneer daar besware is dat die genoemde aktiwiteite afgeneem word vir die skoolkoerant of deur 'n plaaslike TV-nuusspan. Junior leerders of eerstejaarstudente wat enigsins ja geantwoord het op enige van die bogenoemde stellings is dus waarskynlik ontgroen. Cimino (2011:214) beskryf dat die verskeidenheid van aktiwiteite tydens ontgroening fisiese aanranding, letselvormings, slaapontneming en harde handarbeid kan insluit, om net 'n paar te noem.

Alhoewel verskillende skrywers verskillende standpunte uitlig, is die goue draad onbillike, onverantwoordelike optrede deur sekere bestaande lede van die groep, gewoonlik die seniors, wat sulke vernederende aktiwiteite van nuwelingte vereis voordat hulle toegelaat

word om deel te wees. Deur die geskiedenis heen is ontgroening as 'n meganisme gebruik om simboliese toegang tot koshuise, sportspanne, skoolorkeste, skoolgroepe of sportsoorte te verkry. Die aanspraak word gewoonlik ter verdediging gemaak dat dit nuwelinge geborge laat voel (Van Raalte, Cornelius, & Linder, s.a.:491). Alhoewel dit na 'n positiewe aksie mag klink, is daar dikwels baie negatiewe ervarings. Ontgroening het 'n antagonistiese uitwerking op kinders (Jordaan, 2001:10), en dra geensins by om boeliegedrag in te perk nie (Croukamp, 2015:8). Croukamp (2015:8) voer 'n sterk argument dat kinders nie baie sal leer uit rituele waar hulle geïntimideer en verneder word, en dit dan as normaal voorgelou word nie. Die mishandeling en geforseerde deelname word inderdaad deur Edelman (2006:301) beskryf as fisiese en emosionele pyn, konstante vrees, nagmerries en selfs selfmoordneigings wat baie ontgroeningslagoffers soms deurmaak.

Vanuit die staanspoor moet 'n skool 'n plek van veiligheid en geborgenheid wees, waar kinders tot hul volle potensiaal kan ontwikkel, groei en leer. 'n Skool wat veilig is sal dus gekenmerk word deur goeie dissipline, kommunikasie, 'n kultuur van onderrig en leer, en die afwesigheid of dan lae vlakke van geweld en misdaad (Barnes, 2010:41). Hierteenoor meen Hollmann (2002:21) dat ontgroening 'n aktiwiteit is wat leerders se lewe in gevaar kan stel, en alle grense van veiligheid oortree. Dit het soms selfs gevolge wat tot die dood kan lei. Dit neem dus die veilige skoolomgewing, wat deur outeurs soos Prinsloo en Neser (2007:47), Sander en Strasburger (2019: 38-40) asook De Wet (2016: 164-166) geskets word, en omskep dit in 'n omgewing waar leerders blootgestel word aan hoë-risiko gedrag wat gevaarlik, mishandelend en potensieel onwettig is, met ander woorde alles wat in direkte teenstelling met 'n veilige skoolomgewing staan. Om seker te maak dat leerders wel blootgestel word aan 'n veilige skoolomgewing, is verskeie regs- en beleidsdokumente geformuleer. Die vertrekpunt van alle beleidsvorming in die land is die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*¹ (RSA, 1996a) (hierna *Grondwet*). Van die regte wat in die *Grondwet* vervat word en van toepassing is op skoolveiligheid, sluit die reg tot gelykheid (Artikel 9(1)); die reg tot menswaardigheid (Artikel 10); die reg tot lewe (Artikel 11); die reg tot 'n veilige omgewing (Artikel 24); asook kinders se

¹ Alhoewel meeste wette en beleide slegs in Engels gepubliseer is, is sommige wel in Afrikaans vertaal. Waar Afrikaanse weergawes wel beskikbaar is, het ek die Afrikaanse benaming gebruik, en in gevalle waar slegs 'n Engelse weergawe beskikbaar is, het ek die Engelse benaming gebruik.

reg om teen mishandeling, verwaarlosing, misbruik of vernedering beskerm te word (Artikel 28(1)(d)), in.

Verder is daar verskeie ander wetgewing wat daarop dui dat kinders beskerm moet word. Dit sluit onder andere in:

- die *Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996* (Republiek van Suid Afrika, 1996b:),
- die *Regulations for Safety Measures at Public Schools* (Departement van Onderwys, 2001),
- die *Signposts for Safe Schools (2001)*, as uitvloeisel van die *Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996* (Republiek van Suid Afrika, 1996b:),
- die *National Policy on HIV/AIDS for Learners and Educators in Public Schools and Students and Educators in Further Education and Training Institutions* (Departement van Onderwys, 1999),
- die *National Policy on the Management of Drug Abuse by Learners in Public and Independent Schools and Further Education and Training Institutions* (Departement van Onderwys, 2002),
- *Alternatives for corporal punishment* (Departement van Onderwys, 2000a),
- *Code for Professional Ethics* (Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders, 2002),

Artikel 10A(1) van die *Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996* (hierna SASW) (RSA, 1996b) stel dit byvoorbeeld spesifiek onomwonde dat geen persoon mag deelneem, of leerders in 'n skool of koshuis verbonde aan 'n skool onderwerp mag word, aan enige vorm van ontgroening nie.

'n Skool se beheerliggaam is ook wetlik verplig om 'n gedragskode op te stel wat alle ontgroeningspraktyke verbied. Hiermee saam moet die strafmaatreëls wat teen oortreders ingestel kan word, ook in die gedragskode opgeneem word. Nadat 'n vorige Minister van Basiese Onderwys, Professor Kadar Asmal, verskeie briewe oor die aangeleentheid ontvang

het, het hy in 2001 die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK) se hulp ingeroep om te rapporteer oor die aard en omvang van ontgroeningspraktyke in opvoedkundige instansies. Die ondersoek is onderneem nadat verskeie klagtes deur ouers en slagoffers van ontgroeningspraktyke by die Departement van Onderwys ingedien is. In hul verslag het die SAMRK aangedui dat ekstreme gevalle van fisiese mishandeling voorkom, sekere skole ontgroeningspraktyke as oriëntering beskou, en dat verskeie leerders se regte misken is (SAMRK, 2001:14-15). 'n Nasionale beleid is in Desember 2002 in die *Staatskoerant* (No. 24165) uitgevaardig wat bekend staan as die *Regulations to Prohibit Initiation Practices in Schools* (hierna *RPIPS*) (Departement van Onderwys, 2002).

Hierdie beleid is daarop gemik om aan leerders in skole en skoolkoshuise 'n veilige leer- en onderrigomgewing te bied deur alle tipe ontgroening te belet. Ontgroeningspraktyke is dus nie net teenstrydig met die genoemde beleide en wette in die vorige paragrawe nie, maar word spesifiek in die beleid verbied. Skole moet dus die beleide bestudeer en implementeer in hul onderskeie skole, om te verseker dat hulle voldoen aan die Nasionale en Provinsiale Departement van Onderwys se vereistes volgens bogenoemde beleide. As al die beleide dus in plek gestel is, behoort skole in Suid-Afrika as veilige instansies beskou te kan word. Ongelukkig is dit nie die geval nie, en baie gevaarlike praktyke vind steeds by skole plaas wat kinders se veiligheid in gedrang bring. Ontgroening val in hierdie kategorie, aangesien leerders tydens ontgroening dikwels aan onmenslike, vernederende en gevaarlike praktyke onderwerp word.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Alhoewel wetgewing en beleide ondubbelsinnig is in terme van die verbod op ontgroening, minstens op skoolvlak, kom dit algemeen by universiteite en skole voor, waar veral eerstejaar studente en graad agt leerders die ergste daardeur geraak word (Allan & Madden, 2008:2; Van Heerden, 1999:11).

Tydens die ontgroeningstydperk is baie nuwelinge in konstante vrees vir hulle seniors wat talle vreemde eise stel waaraan die juniors gehoor moet gee, kom wat wil (Pai & Chandra, 2009:1). Van die eise waaraan juniors moet voldoen sluit in die dra van uitrustings wat vernederend van aard is; om op geskree of gevloek te word; om 'n tatoeëermerk te laat

aanbring; om as seniors se bediendes op te tree; die ontneming van slaap; om vasgemaak of vasgeplak te word; om in klein areas ingeperk te word; blootstelling aan uiterste weerstoestande sonder die geskikte klerasie; die drink van groot hoeveelhede water; om seksdade met persone van dieselfde geslag te pleeg, en die drink van groot hoeveelhede alkohol tot op die punt waar 'n persoon siek word of flou val (Allen *et al.*, 2008:9-10; Edelman, 2006:313). Vir Hoover en Pollard (2000:8) is dit kommerwekkend dat soveel jong kinders aan ontgroening blootgestel word. In hulle studie het feitlik die helfte van die leerders wat aan die studie deelgeneem het, aangedui dat hulle aan ontgroening blootgestel is (Hoover & Pollard, 2000: 1). Alhoewel dit belangrik vir kinders is om aan een of ander groep te behoort, kan ontgroeningspraktyke 'n besliste negatiewe effek op hulle vorming hê (Hoover & Pollard, 2000:8).

Dit is kommerwekkend dat kinders so jonk as nege jaar deur die proses van ontgroening moet gaan (Hoover & Pollard, 2000:8). Kinders tussen die ouderdom van 13-15 beleef puberteit, en is alreeds op 'n kwesbare stadium van hul lewe. Ten spyte hiervan, is dit die groep wat die meeste ontgroen word (Allan & Madden, 2008:14; Desai, 2009:59; Hoover & Pollard, 2000:8). Die media en verskeie ander outeurs bevestig gereeld dat ontgroeningspraktyke en vergrype steeds plaasvind. Van die mediaberigte en artikels lig ook uit dat onderwysers, en soms skoolhoofde, bewus is van ontgroeningspraktyke wat op hul skoolgronde plaasvind (Oellermann & Wicks, 2014 par.1; Potgieter, 2012:508). Dit is teenstrydig met die *in loco parentis* beginsel, wat van onderwysers en skoolhoofde verwag om in plek van die ouer optree tydens die skooldag. Alle personeel het dus 'n belangrike verpligting om na leerders om te sien, en die leerders se veiligheid eerste te stel en te verseker. Verder is dit baie belangrik dat 'n skool se beheerliggaam dit via die skool se gedragskode benadruk dat ontgroening van enige aard of wyse op die skoolterrein onwettig, 'n skending van menseregte en strafbaar is. Nogtans skep die media die indruk dat ontgroening vir sommige groepe aanvaarbaar en nodig is ten opsigte van spanbou, groepsgebondenheid of om eenheid te skep.

Volksblad (2016:1) berig dat sekere ouers voel dat daar nie op die prestasies van die verlede voortgebou kan word in die afwesigheid van ontgroening nie. Daar is steeds ouers wat glo dat die eng gebruike van ontgroening steeds nodig is om leerders te laat presteer. Ander sien dit weer as 'n euwel wat te alle koste stopgesit moet word, veral omdat gevalle van ontgroening

tot erge vergrype, menseregteskendings en selfs sodomisering lei (Kemp, 2016:1; Potgieter, 2012:2; Van Schalkwyk, 2004:11-12). Jordaan (2001:10) meen dat die gereelde kru en verbaal beledigende aard van ontgroening én die stresvolle verwagting dat "sagte oriëntering" eensklaps kan ontaard in "harde" fisieke ontgroening, as 'n groentjie sou wanpresteer of protesteer, tot erge strestoestande lei. Hy meen ook verder (2001:10) dat nuwelinge wat na die ontgroening aandui hoe "lekker" die ontgroening was, eintlik hul verligting dat dit verby is rapporteer, eerder as 'n werklike genieting daarvan. Croukamp (2015:8), self 'n ouer, noem dat dit tragies is dat skoolhoofde steeds ontgroening goedkeur en dat die personeel wat daarby betrokke is, kan aandui dat die VRL in beheer van die juniors tydens ontgroening is.

Mediaberigte soos bo bespreek, ontketen telkens hewige gesprekke op sosiale media oor die onderwerp, en skep die indruk dat 'n groot deel van die gemeenskap steeds ontgroening ondersteun. My argument is dat beleide en wette nie die nodige effek, naamlik om ontgroening uit te roei, sal hê indien die algemene publiek, en spesifieke belanghebbendes in die onderwys, dit steeds ondersteun nie. Dit is dus noodsaaklik om die algemene denke van die gemeenskap rakende ontgroening binne die konteks van die bestaande regsraamwerk wat optrede behoort te rig, te verstaan.

1.3 NAVORSINGSVRAE

Met die bespreking van al die voorlopige gegewe inligting ontstaan die volgende vraag dus nou: **Watter klaarblyklike spanninge kan blootgelê word tussen die regsraamwerk en populêre diskoerse rakende ontgroeningspraktyke by skole?**

1.3.1 SEKONDÊRE NAVORSINGSVRAE

Om die primêre navorsingsvraag te ondersoek moet die volgende sekondêre vrae ook aangespreek word:

1. Hoe kan ontgroening as 'n internasionale fenomeen binne onderwys gekonseptualiseer en verstaan word?
2. Wat is die Suid-Afrikaanse regsraamwerk waarbinne ontgroening by skole beoordeel kan word?

3. Watter navorsingsmetodologie gaan in die studie gevolg word?
4. Watter onderliggende diskoerse kan uit gesprekke rakende ontgroening uitgelig word?
5. Watter kritiese kommentaar kan gelewer word rakende die spanning tussen die regsraamwerk en populêre diskoerse oor ontgroeningspraktyke by skole?

1.4 DOEL VAN DIE NAVORSING

Die hoofdoel van hierdie studie is om die klaarblyklike spanning tussen die regsraamwerk en populêre diskoerse oor ontgroeningspraktyke by skole bloot te lê. Om hierdie doel te bereik is dit belangrik om die volgende doelwitte na te streef:

1. Om deur middel van 'n literatuurstudie ontgroening as 'n internasionale onderwysfenomeen te konseptualiseer en te verstaan.
2. Om 'n regsraamwerk waarmee ontgroening by skole geëvalueer kan word af te lei.
3. Om die navorsingsmetodologie te bespreek wat in die studie gebruik gaan word.
4. Om die onderliggende diskoerse binne gesprekke rakende ontgroening uit te lig.
5. Om kritiese kommentaar oor die spanning tussen regsbeginsels en populêre diskoerse oor ontgroening by skole te lewer.

1.5 NAVORSINGSONTWERP

'n Navorsingsontwerp word gebruik om die navorser se hele projek te rig (Bogdan & Biklen, 2003:49). Vir Mouton (2001:55) verwys dit ook na die bloudruk of plan wat deur die navorser gebruik word om die navorsing uit te voer. Dit is dus belangrik vir 'n navorser om 'n navorsingsontwerp te hê sodat die korrekte stappe gevolg kan word, en die navorsing korrek uitgevoer kan word. Die navorsingsontwerp is ook belangrik om die studie so te ontwerp dat dit uiteindelik meet, of bepaal, wat dit aanvanklik ten doel gestel het om te meet of te bepaal (Cohen, Manion & Morrison, 2007:78).

Die navorser moet dit dus duidelik laat blyk wat gedoen gaan word, hoe dit gedoen gaan word en waar en wanneer dit gedoen gaan word. 'n Aksieplan is derhalwe nodig vir die navorser om hom of haar in staat te stel om die navorsing so sorgvuldig en akkuraat as moontlik te kan doen. Cohen *et al.* (2007:87) dui aan dat die navorsingsontwerp die navorser sal lei ten opsigte die neem van besluite, die navorsingsontwerp en metodologie, data-analise, en verslaglewering rakende die bevindinge. Alhoewel ek my navorsingsontwerp in meer besonderhede in Hoofstuk 4 bespreek, gee ek kortliks 'n oorsig van die ontwerp in die gedeelte wat volg.

1.5.1 NAVORSINGSPARADIGMA

Alle navorsing word gerig deur basiese beskouings of veronderstellings oor die wêreld en hoe dit begryp en verstaan moet word. Alles inaggenome dra dit by tot 'n persoon se perspektief, sy verwysingsraamwerk of paradigma (Schram, 2003:40).

'n Paradigma help 'n navorser om duidelikheid oor sy/haar studie te verkry, en om die korrekte benaderings te volg, aldus Burton, Brundrett en Jones (2008:6). 'n Paradigma kan gesien word as 'n manier om na die wêreld te kyk, hoe dit bestaan uit sekere filosofiese aannames wat daad en aksies rig en lei, met 'n wye versameling van logiese verwante aannames en konsepte, wat die denkwysse en navorsing bepaal (Bogdan & Biklen, 2003:22; Mertens, 2010:7). Hierdie studie sal gerig word vanuit 'n transformerende navorsingsparadigma. Ontologies erken transformerende navorsers dat alhoewel meervoudige weergawes van die werklikheid bestaan, maar moet erkenning gegee word aan die skade wat gedoen word aan die wat minder mag het (Mertens, 2009: 32). Alhoewel daar dus nie slegs een realiteit bestaan nie, en daar verskeie weergawes is, is hulle egter nie almal gelyk nie. Sommiges geniet voorkeur op grond van sosiale, politieke, kulturele, ekonomiese, etniese, geslags- en geloofsposisies (Mertens, 2012:3). In die konteks van die studie erken ek dus dat alhoewel dié wat ontgroen, en dié wat ontgroen word, elk hulle eie siening het oor die onderwerp, erkenning gegee moet word dat die wat aan die ontvang kan is in 'n swakker posisie is. Epistemologies moet daar dus ook erkenning gegee word dat deelnemers aan die studie hulle menings gaan gee vanuit die magposisie, al dan nie, waarin hulle hulle begewe. Laasgenoemde kan dus ook strewe na posisies van mag, as hulle die seniors in die skool is. Volgens Kosheleva (n.d.:1-2) is dit belangrik dat ontledings volgens die transformasie-paradigma, sisteme van realiteite wat onderdrukking ondersteun, bestry en uitlig ten einde menseregte en sosiale insluiting uit te

bou en te versterk. Die beginpunt vir transformerende navorsers is die terrein wat menseregte en maatskaplike geregtigheid omsluit (Mertens, 2010:29).

Volgens albei genoemde navorsers (Kosheleva, n.d:2; Mertens, 2010:30) is daar sekere vereistes waaraan 'n navorsers moet voldoen wanneer daar van die transformasie-paradigma gebruik gemaak word. Dit sluit die volgende in:

- Respekteer en identifiseer kulturele norme wat menseregte en sosiale geregtigheid ondersteun,
- Identifiseer en daag kulturele norme uit wat sosiale onderdrukking ondersteun,
- Kommunikeer inligting wat vanuit die gemeenskap verkry is, weer betekenisvol terug aan die lede van die gemeenskap,
- Bekragtig en erken die kennis, ervaring en sterk punte van die gemeenskap met wie die navorsers werk,
- Gaan so te werk dat die stappe wat geneem is om sosiale geregtigheid uit bou, steeds sal aanhou plaasvind selfs nadat die navorsers die area verlaat het, en
- Kommunikeer jou as navorsers se tekortkominge duidelik.

Deursigtigheid en wedersydse erkenning is belangrike waardes wat vervat word in die transformasie-paradigma (Mertens, 2010:31). Vir Mertens (2010:31) is daar in aantal belangrike uitkomstes van die transformasie-paradigma. Die gemeenskap moet eerstens opgelei en onderrig kan word (in hierdie geval gegrond op die response rakende ontgroening), en die navorsingsdata moet gekommunikeer word sodat daar veranderinge in bestaande praktyke kan plaasvind, soos nodig, en ook om 'n invloed op beleidsvorming te kan uitoefen. Navorsers word dus in die uitvoering van hul studie deur hulle gekose paradigmas gerig, wat in hierdie geval die transformasie-paradigma is.

1.5.2 NAVORSINGSBENADERING: KWALITATIEF

Die navorsingsbenadering wat in die studie gevolg is, is kwalitatief. Mertens (2010:225) verduidelik dat kwalitatiewe navorsing op 'n spesifieke situasie fokus, en poog om lig op 'n spesifieke situasie binne 'n bepaalde konteks te werk. Die navorsers probeer dus om sin te

maak rakende die situasie binne daardie konteks. In my studie poog ek om lig te werp oor die situasie rakende ontgroening in die Suid-Afrikaanse skole, en fokus spesifiek om die fenomeen binne Afrikaanse skole.

1.5.3 NAVORSINGSMETODES

Die sukses van 'n navorsingsprojek lê in die keuses wat gemaak word ten opsigte van die benaderings en metodes wat gevolg gaan word, sodat dit die behoeftes van die navorsingsdoel uiteindelik bevredig word (Burton *et al.*, 2008:72). Schram (2003:93) meen dat 'n navorser dus aandag sal gee aan sekere navorsingsmetodes of raamwerke, met die inagneming van die praktiese aard, persepsies en die doel van die navorsingsmetode wat hom die beste sal pas. Op grond van die bogenoemde sal daar van kwalitatiewe navorsingsmetodes gebruik gemaak word. Dit sal nodig wees om eerstehandse kennis te verkry tydens onderhoude wat andersins verlore sal gaan tydens kwantitatiewe navorsing. Daar sal van 'n literatuurstudie en onderhoude gebruik gemaak word as navorsingsmetode.

1.5.3.1 LITERATUURSTUDIE

'n Effektiewe navorsingsprojek bou op navorsing wat tevore reeds gedoen is. Gepubliseerde literatuur oor 'n onderwerp definieer die bestaande korpus van wetenskap in die gekose probleem-area, en verbreed die navorser se kennis rakende die huidige stand van die onderwerp (Best & Kahn, 2003:37). 'n Literatuurstudie moet dus so volledig en omvattend moontlik wees ten opsigte van die hoofaspekte van die navorsing (Mouton, 2001:90). Volgens Lester en Lester (2007:29) behels 'n literatuurstudie die bestudering van artikels, boeke en literatuur om sodoende inligting in te win. Hart (2004:2) beskou 'n literatuurstudie as die selektering, verkryging en bestudering van verskeie bronne sodat die navorser homself kan vergewis van die navorsingstema.

Verder verduidelik Lester en Lester (2007:29) dat 'n literatuurstudie die navorser help om die tema te ondersoek, want dit dwing die navorser om elke bron te bestudeer en aan te dui hoe elkeen die probleem aanspreek. Met die uitvoering van 'n literatuurstudie moet die navorser ook fokus op: die ooreenkomste en verskille tussen outeurs, kritiese aspekte van metodologie, wanneer outeurs saamstem oor temas, gapings in die navorsing, hoe jou studie aansluit by vorige studies, en om op te som wat die literatuur in geheel weergee (Burton *et al.* 2008:39). Derhalwe het ek 'n literatuurstudie gedoen deur van toepaslike primêre en

sekondêre bronne gebruik te maak. Ek het geskikte bronne soos boeke, akademiese-artikels, tydskrifte, proefskrifte, die internet en ander dokumente wat relevante inligting aangaande ontgroening bevat, gebruik maak. Die literatuurstudie is gebruik om die aard en wese van ontgroening uit te lig, volgens wat in die literatuur gevind kan word asook om my teoretiese lens te bespreek.

1.5.3.2 ANALISE VAN REGSDOKUMENTE

Verskeie regsdocumente wat van toepassing is op die regsraamwerk rakende ontgroening is ontleed. Verskeie terme en definisies rakende die ontgroeningsfenomeen is bespreek en vergelyk. Die verskeie konsepte wat gevind word in die onderwysreg en wat van toepassing op ontgroening is, is gedefinieer en die statutêre remedies rakende ontgroening is genoem. Hierdie remedies kan strafregtelik of siviël wees, en beide sal bespreek word. Verder is die gemenerereg-remedies ten opsigte van ontgroening as 'n misdad en siviëlregtelik ontleed. Leerders, die Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL), onderwysers, ouers, skoolhoofde en die Beheerliggaam is almal partye wat 'n bepaalde rol het om te vervul in die voorkoming van onwettige ontgroeningspraktyke. Die regsverpligtinge en regsgevolge wat op elkeen van die bogenoemde partye betrekking het, is in detail bespreek. Laastens is regspraak en hofsake wat van toepassing is op ontgroening, of elemente daarvan bevat, ontleed en die uitsprake daarvan is bespreek.

1.5.3.3 ONDERHOUDE

Om inligting in te win oor die ontgroeningsfenomeen in skole het ek van onderhoude gebruik gemaak. Navorsingsonderhoude is 'n manier om 'n verskeidenheid data van verskeie mense oor 'n aantal temas in te win (Sharp, 2012:73).

In hierdie navorsing is daar van semi-gestruktureerde individuele onderhoude gebruik gemaak. Met semi-gestruktureerde onderhoude word die onderhoud nie slegs deur die navorser beheer nie, maar ook deur die respondente. Die navorser rig sy/haar opvolgende vrae op grond van die antwoorde wat deur die respondente verskaf word (Sharp, 2012:74). Onderhoude is gevoer word met leerders wat ontgroen is, asook met een ouer wie se kinders ontgroen is. Om deelnemers te kry was nie maklik nie. Ontgroening is 'n sensitiewe onderwerp waarvoor nie almal sal wil praat nie. In hierdie studie het ek van die sneeubaltechniek gebruik maak. Ek het persone gebruik wat gewillig was om met my te praat, en hulle het my weer

voorstel aan ander persone wat ook hulle ervarings met my sal wil deel. Aanvanklik is persone genader om deel te neem op grond van spesifieke kennis waaroor hulle beskik, volgens die mening van die navorser (Mertens, 2010:322). Tydens sneeubal seleksie word die navorser deurentyd na nog potensiële deelnemers verwys, wat die sneeubal (aantal respondente) aanhoudend vergroot. Daarmee saam vergroot die hoeveelheid data, wat veroorsaak dat gevallebeskrywings gelaai met inligting ingewin word (Merriam, 2009:79).

a) Seleksie van deelnemers

Geen navorser kan alle moontlike deelnemers bereik wat moontlik oor kennis van 'n spesifieke onderwerp beskik nie. Die navorser moet daarom op 'n geselekteerde groep deelnemers fokus. Nogtans moet gepoog word om 'n verskeidenheid van deelnemers te betrek (Bogdan *et al.*:2003:61). Deur geselekteerde deelnemers te pols oor hulle kennis en ervaring, kan waardevolle gevolgtrekkings gemaak word wat waarskynlik betrekking het op ander kontekste, meen Best *et al.* (2003:12). Hierdie studie is in sekondêre skole in die Vrystaat gedoen, waarvan daar ongeveer 392 is (Free State Government: Chapter three: Current Development Profile of the Free State; s.a.:91). Afrikaanse moedertaalsprekende skole sowel met as sonder koshuise was betrek. Ontgroening vind in die algemeen baie meer op hoërskoolvlak plaas en daarom is slegs hoërskoolleerlinge oorweeg vir hierdie studie.

Graad agt leerlinge word gewoonlik aan ontgroening blootgestel en daarom is juis hulle gekies om deel te neem aan die studie. Graad agt leerders word gewoonlik in die eerste kwartaal ontgroen, so die aanname was dat hulle wedervarings nog vars in hul geheue sal wees. Ek het egter ook met senior leerlinge gepraat oor hulle ervaringe, en een ouer was ook bereid om 'n onderhoud toe te staan.

1.5.3.4 KOMMENTAAR OP SOSIALE MEDIA

Sosiale media is 'n bruikbare medium om inligting in te win omdat baie persone toegang daartoe het. Sosiale media is in die openbare domein, en die publiek lewer kommentaar oor sake van die dag. Dit word dus al hoe meer as 'n bron van data gebruik (Otieno & Matoke, 2014: 962). Omdat ek gesukkel het om volwassenes te kry wat bereid was om met my oor ontgroening te praat, het ek kommentaar wat die publiek gelewer ten opsigte van 'n vraag oor ontgroening op skole en universiteite ontleed. Baie persone met uiteenlopende idees en perspektiewe neem deel aan gesprekke op sosiale media. Sulke gesprekke vind plaas oor taal-

, geslags- en rassegrense plaas, wat die inligting bruikbaar maak. Die kommentaar wat deur deelnemers gelug is, is gebruik aanvullend tot die kwalitatiewe data wat ek ingewin het, om die diskoerse onder rolspelers uit te lig.

1.5.3.5 DISKOERS ANALISE

Bogenoemde data was deur middel van diskoers analise ontleed. Alhoewel daar nie een vorm van diskoersanalise is nie, is 'n sterk element die teenstrydighede wat binne geskrewe en gesproke woord is; wat Terre Blanche, Durrheim en Kelly (2006:331) na verwys as "binary oppositions". In die studie is die teenstrydigheid te sien binne die positiewe siening oor 'n vernederende aktiwiteit soos ontgroening. Ek poog dus om die onderliggende teenstrydighede bloot te lê.

1.6 TERREINAFBAKENING

Navorsing vind meestal binne 'n bepaalde wetenskaplike terrein en bepaalde geografiese omgewing plaas. Ten einde die leser hierbinne te plaas word dit kortliks bespreek.

1.6.1 WETENSKAPLIKE TERREINAFBAKENING

Die hoofdoel van hierdie studie is om die klaarblyklike spanning tussen die regsraamwerk en populêre diskoerse oor ontgroeningspraktyke by skole bloot te lê. Opvoedkunde as wetenskap is 'n baie wye veld met verskeie dissiplines.


Hierdie studie betrek die veld van onderwyspraktyk en onderwysreg. Hierdie navorsing sal dus tuishoort in die Opvoedkunde as onafhanklike wetenskap. Die navorsing het te make met ontgroening, asook die beleide en wette ten opsigte van die voorkoming daarvan. Derhalwe word hierdie studie geplaas binne die raamwerk van Beleidstudie en Onderwysreg. Beleidstudie is 'n dissipline binne die veld van Opvoedkunde en is gemoeid met onderwysbeleidsdokumente vanaf die formuleringsfase tot en met die implementering daarvan. Onderwysbeleid kan beskryf word as 'n aksieplan wat deur die staat ontwikkel en deur wetgewing en regulasies aangeneem is. Dit word deur die staat se amptenare geïmplementeer en beheer, en word gerugsteun deur 'n begroting van die staat. Die aanname is dat dit tot voordeel van die land en sy mense is (Hartshorne, 1999:5). Die staat speel 'n belangrike rol ten opsigte van onderwysbeleidsvorming. Die regering sal beleide voorskryf

wat tot voordeel van die wyer publiek is (nie net individue nie) om 'n gelyke verspreiding van sosiale goedere (soos onderwys) onder alle mense van die land op grond van hul behoeftes te verseker, verduidelik Codd (1988:236).

Taylor, Rivzi, Lingard en Henry (1997:45) meen egter dat beleidsanalise baie verder strek as net die beleidsdokument self. Die agtergrond, konteks, historiese verlede, die verhouding met ander tekste asook die kort- en langtermyn invloede van die beleid in praktyk moet alles in ag geneem word tydens die analise (Taylor, et al., 1997:45). Spesifiek binne 'n regstaat, soos Suid-Afrika, moet beleid egter binne die grense van die land se *Grondwet* en wetgewing bly. Onderwysbeleid is dus verweef met 'n tweede dissipline, naamlik Onderwysreg. Onderwysreg gaan gepaard met alle aspekte van onderwys wat op een of ander wyse aan 'n spesifieke wet/reg gekoppel is. Askey en McLeod (2006:2) verwoord die reg as 'n instrument wat die mens se sosiale gedrag reguleer met die doel om mense in staat te stel om vreedsaam in 'n geordende omgewing te leef. Onderwysreg verskaf dus die raamwerk waarbinne onderwys in 'n geordende skoolomgewing kan plaasvind. Enige handeling en beleide van rolspelers en skole moet binne die grense van die reg plaasvind, en dit is ook van toepassing op ontgroening. In hierdie studie fokus ek dus op die Suid-Afrikaanse *Grondwet*, die SASW, relevante onderwysbeleide, regspraak, gemenerereg, gewoonterereg, inheemse reg en internasionale reg, om sodoende die grense te verstaan waarbinne ontgroening beoordeel kan word.

1.6.2 GEOGRAFIESE TERREINAFBAKENING

Hierdie studie sal gedoen word in sekondêre skole in die Vrystaat. Die Vrystaat is een van nege provinsies in Suid-Afrika. Die Vrystaat word begrens deur Lesotho, die Noord-Kaap, Gauteng, die Oos-Kaap en die Noordwes Provinsie. Die Vrystaat word in die volgende vyf onderwysdistrikte verdeel, naamlik Motheo, Lejweleputswa, Thabo Mofutsanyana, Xhariep en Fezile Dabi. Die onderhoude met deelnemers sal weens finansiële beperkings slegs byskole in die Motheo en die Xhariep distrikte gedoen word.



Figuur 1-1: Die Vrystaat provinsie met die vyf onderwysdistrikte

1.7 NAVORSINGSVERLOOP

Ten opsigte van die bereiking van die gestelde doelwitte sal die navorsing as volg verloop:

Hoofstuk 2: In Hoofstuk 2 kommunikeer ek die resultate van my literatuurstudie rakende ontgroening as 'n internasionale onderwysgebeurtenis deur te verwys na Indië, Amerika en Engeland en bespreek ek die teoretiese perspektiewe wat my help om sin te maak uit die siening oor ontgroening.

Hoofstuk 3: Die regsraamwerk wat gebruik word om ontgroening mee te beoordeel word in hierdie hoofstuk uiteengesit.

Hoofstuk 4: In hoofstuk 4 word die navorsingsmetodologie van die studie bespreek.

Hoofstuk 5: Hoofstuk 5 poog om die diskoerse onder rolspelers rakende ontgroening by skole uit te lig, deur van drie verskillende stelle data gebruik te maak.

Hoofstuk 6: In hierdie hoofstuk word kritiese kommentaar gelewer oor die spanning tussen die regsraamwerk en populêre diskoerse.

1.8 TEN SLOTTE

Die doel van hierdie studie was om die klaarblyklike spanning tussen die regsraamwerk en populêre diskoerse oor ontgroeningspraktyke by skole bloot te lê. Die spesifieke navorsingsmetodes wat in hierdie studie gevolg sal word, is ook uiteengesit. Om die doel te bereik is spesifieke doelwitte geformuleer, en is hierdie studie geplaas binne die raamwerk van die Transformasie-paradigma. Hierdie doelwitte sal die beste bereik kan word deur 'n volledige literatuurstudie te onderneem, asook om onderhoude te voer met leerders en ouers wie se kinders betrokke was by ontgroening. Ontgroening is nie net uniek aan Suid-Afrika nie en daarom sal daar ook 'n literatuurstudie onderneem word om ook die aard en wese van ontgroening as 'n internasionale onderwysdilemma uit te lig.

In hoofstuk 2 sal daar gefokus word op ontgroening as internasionale praktyk, en hoe hierdie praktyk in Indië, Amerika en Engeland ervaar word. Ek sal ook my teoretiese lens bespreek.

HOOFSTUK 2: DIE VOORKOMS VAN ONTGROENING AS 'N INTERNASIONALE ONDERWYSVERSKYNSEL

2.1 INLEIDING

In Hoofstuk 1 is dit benadruk dat hierdie studie oor die klaarblyklike spanning tussen populêre diskoerse en die regsraamwerk rakende ontgroeningspraktyke in sekondêre skole handel. Alhoewel literatuur rakende ontgroening in Suid-Afrika uiters beperk is (slegs Huysamer & Lemmer, 2013; Potgieter, 2012; Potgieter, Teise, Jacobs & de Wet, 2014 is beskikbaar), is Suid-Afrika beslis nie die enigste land waar die ontgroeningsfenomeen plaasvind nie. Ontgroening word in verskillende dele van die wêreld aangetref, en kom al 'n lang pad. *Ragging, hazing, fagging, pledging*, ensovoorts is van die verskillende terme wat in verskillende dele van die wêreld gebruik word, met dieselfde ou praktyk om nuwelinge op 'n barbaarse manier te verwelkom, aldus Wajahat (2013:129). Die eerste aangetekende geval van ontgroening is in die agtste eeu aangeteken, gedurende die Olimpiese Spele in antieke Griekeland. Vanaf Plato se dae tot vandag vorm dit deel van die ontwikkeling van 'n groepsgevoel (Campo *et al.* 2005:137; Mahapatra, 2009:1). Ontgroeningspraktyke het in moderne tye vinnig en venynig versprei, en is te vinde van die weermag tot by opvoedkundige instansies, waar wreedheid ingeboesem is via die meganika van ontgroening (Mahapatra 2009:1). Volgens Justamom (2002, par. 3) het ontgroening sy ontstaan in Europa gehad waar dit bekend gestaan het as “penalisme”.

'n Vergelykende, dwarsprofiel multivlak studie rakende ontgroening is in 2001-2002 in 35 lande in Europa en Noord-Amerika gedoen (Garg, 2009:264). Tydens hierdie studie is bevind dat leerders in lande met groot sosio-ekonomiese verskille 'n groter kans staan om ontgroen te word, meen Garg (2009:264). Ten spyte van die definitiewe bestaan van ontgroening, onder watter naam ook al, is mediaberigte asook gepubliseerde akademiese literatuur oor die onderwerp ook in ander dele van die wêreld redelik beperk. Nóg tans kon ek inligting oor ontgroening in Indië, Amerika en Engeland kry, en dit blyk dat ontgroening ook daar as 'n groot probleem ervaar word.

Om die studie dus binne die reeds bestaande kennis rakende ontgroening te plaas, word daar in hierdie hoofstuk op ontgroening as 'n internasionale verskynsel gefokus deur spesifiek na die verskynsel in hierdie drie lande te kyk. Alhoewel die algemene verduideliking van ontgroening in Hoofstuk 1 geld, verwys ek ook na amptelike dokumente en uitsprake in die verskillende lande, indien beskikbaar. Die drie genoemde lande het ook elkeen hul eie beskrywing vir die term ontgroening. Daarna bespreek ek kognitiewe dissonansie as 'n teorie wat my help om sin te maak uit die praktyk van ontgroening, en die diskoerse wat in die gemeenskap rakende ontgroening gehoor word.

2.2 ONTGROENING AS 'n INTERNASIONALE VERSKYNSEL

In die gedeelte wat volg, bespreek ek ontgroeningspraktyke in verskillende lande

2.2.1 ONTGROENINGSPRAKTYKE IN INDIË

Navorsing oor ontgroeningspraktyke in Indië is redelik beperk. 'n Soektog het slegs vier bronne wat oor die afgelope 10 jaar gepubliseer is, opgelewer. Ek gebruik daarom meestal bronne van die internet, wat ook nuusberigte insluit.

In Indië staan ontgroening ook, soos in Suid-Afrika, bekend as *ragging*. Verskeie definisies rakende *ragging* in Indië het al die lig *gesien*. Die Hooggeregshof van Indië het *ragging* beskryf as enige wanordelike gedrag wat tergerey, swak behandeling van ander en deelname aan ongedissiplineerde aktiwiteite insluit, en wat lei tot irritasie, ongelukkigheid of sielkundige trauma wat vrees inboesem en die psige van die nuweling affekteer (Garg, 2009: 264-265). Dit stem baie ooreen met die literatuur in Hoofstuk 1 wat ook aangedui het dat skoliere en studente wêreldwyd pyn, lyding, skade en sielkundige probleme kan ondervind as gevolg van ontgroeningspraktyke (cf. 1.1, 1.2). Verder het die Indiese Hooggeregshof ook aangedui dat *ragging* eintlik 'n menseregteskending is. Skokkende gevalle van *ragging* word aangemeld, en soms word studente fisies gemartel en sielkundig geterroriseer (Agarwal & Garg, s.a.:7).

Die Britse invloed in Indië het volgens Agarwal en Garg (s.a.:4) 'n reuse rol gespeel ten opsigte van die vestiging van ontgroening in die land. Ontgroening is as inisiasiemetode gebruik onder militêre groepe en die nalatenskap van die Britse Raj in Indië het oorgespoel na die weermag en Engelse skole in Indië waar leerlinge ontgroen is (Agarwal & Garg, s.a.:4). Sedert 1980 het

die media die publiek toenemend bewus gemaak van ontgroening, wat volgens die Coalition to Uproot Ragging in Education (2007:8) (hierna CURE) daartoe gelei het dat die praktyke bloot al hoe wreder geword het. Veral in private mediese en ingenieurskolleges het ontgroening buite beheer geraak, meen CURE (2007:8). Suid-Indië, veral, het die kern geword van sodanige ontgroeningsaktiwiteite. Die hoofredes waarom studente/skoliere mekaar ontgroen is debatteerbaar, maar die volgende (Agarwal *et al.*, 2009:9; CURE, 2007:13; Garg, 2009:266; Pai *et al.*, 2009:2) kan as moontlike redes gesien word:

- seniors is ontgroen so hulle volg die magskringloop om juniors te ontgroen;
- 'n mate van senioriteit word verkry deur juniors te ontgroen,
- die gebruik van alkohol in koshuise;
- onvoldoende toesighouding in koshuise en koshuisposte wat nie gevul word nie;
- onvoldoende implementering van anti-ontgroeningsbeleide;
- ontgroening wat nie deur die gemeenskap as 'n sosiale euwel geag word nie;
- die rede vir toelating tot die instansie – meriete of hoofbelasting;
- mense se apatiese houdings teenoor geweld en bullebakkery;
- segregasie en vervreemding gebaseer op status en taal;
- studente wat vir professionele beroepe studeer voel meerderwaardig teenoor die ander;
- fisiese ontgroening toon 'n senior persoon se fisiese krag teenoor die van 'n junior;
- diskriminasie oor omgewing, taal en klas;
- studente ag ontgroening as 'n ou, sosiaal aanvaarde ritueel;
- die slagoffer word volgende jaar die oortreder as gevolg van die bouse kringloop wat jaar na jaar plaasvind;
- Stockholmsindroom tree na vore, waar die slagoffers die oortreders bevriend en selfs jammer voel vir hulle; en
- daar is nog byna geen navorsing gedoen is rakende ontgroening in Indië nie.

Uit bostaande blyk dit dat daar 'n magdom redes is waarom ontgroening wel plaasvind, en dit maak dit vir enige onderriginstelling uiters moeilik om ontgroening uit die weg te ruim of oortreders te straf, veral as die breër gemeenskap dit nie sien as 'n sosiale euwel of probleem nie. Nogtans meld Devraj (2009:2) dat 28 sterfgevallen en 23 selfmoordpogings tussen 2003 en 2008 as gevolg van ontgroeningsvoorvalle aangeteken is.


Die onderstaande tabel toon ook die ernstige afmetings wat ontgroening tussen 2003 en 2008 in Indië aangeneem het (Agarwal et al., s.a.:5).

Tabel 2-1: Afmetings van Ontgroening tussen 2003 en 2008 (Agarwal et al., s.a.:5).

Statistieke	Jaarlikse gemiddeld oor die laaste vyf jaar (2003-2008)	Akademiese jaar 2007-2008 (Post-Hooggeregshof uitspraak)	Kommentaar rakende die ontgroening
Getal gevalle aangemeld	46	89	Verdubbel
Getal sterftes	5,6 (gemiddeld)	11	Verdubbel
Formaat van ontgroening	25% Seksueel 44% Fisies	21% Seksueel 43% Fisies	Geen verandering
Plek waar ontgroening plaasgevind het	Ingenieurswese: 32% Medies: 17% Ander: 51%	Ingenieurswese: 31% Medies: 17% Ander: 52%	Geen verandering
Polisie ingryping	54% van gevalle	50% van gevalle	Geen verandering

Dit is kommerwekkend om te sien dat senior studente in veral medies en ingenieurswese die junior studente aan hoë vlakke van ontgroening onderwerp. 'n Veralgemening sou gemaak kon word dat sodanige studente, op grond van hul akademiese prestasies en vermoëns, die erns van ontgroening behoort te kan besef, maar die teendeel word bewys. Garg (2009:265) meen dat nuwelinge veral aan die volgende blootgestel word tydens ontgroeningspraktyke: fisiese beserings weens aanranding, die uitvoer van gevaarlike aktiwiteite, seksuele uitbuiting insluitend geforseerde masturbasie, beoefening van onnatuurlike seks asook geforseerde ontkleding en selfs finansiële uitbuiting.

Die onderstaande figuur toon van die dade waaraan studente blootgestel word tydens ontgroeningspraktyke. Hierdie inligting is ingewin tydens onderhoude wat met 187 studente gevoer is (Mallapur, 2018:1). Die getalle in hakies dui aan hoeveel keer die tema na vore gekom het tydens die onderhoude.




Figuur 2-1: Temas wat na vore gekom het tydens onderhoude rakende ontgroening in Indië (University Grants Commission in Mallapur, 2018:1).

Spesifieke gevalle wat Agarwal *et al.* (2006:6) uitlig, dui aan waar 'n mediese student opgehang is, waar juniors twee seniors vermoor het wat hulle probeer ontgroen het, 'n ontgroeningslagoffer se ma wat selfmoord gepleeg het, 'n eerstejaargestudent wat deur 'n groep mans verkrag is, 'n damestudent wat geforseer is om met 'n groep mans seks te hê; 'n skoolhoof wat 'n student aangerand het wat 'n ontgroeningsvoerval wou aanmeld, en 'n verstandelik gestremde student wat ernstig aangerand is. 'n Verslag wat in 2007 deur CURE uitgereik is nadat 64 ontgroeningsklagtes ontleed is, het gevind dat in meer as 60% van dié gevalle, studente blootgestel is aan fisiese ontgroening, en 20% aan seksuele ontgroening (Garg, 2009:263). Op 8 Maart 2009 is Aman Kachroo, 'n eerstejaar mediese student van die Rajendra Prasad Mediese Kollege, weens hoofbeserings dood nadat hy ernstig ontgroen is deur vier senior studente (Desai, 2009:59). Minder as 'n week daarna, volgens Pai *et al.* (2009:1), het 'n jong ingenieurstudent probeer selfmoord pleeg nadat hy geforseer is om nakend voor seniors

te dans. Hierdie twee ernstige ontgroeningsinsidente het opnuut weer die gevare rakende ontgroening, as probleem uitgelig. The Times of India (2016:1) het berig oor vier sterftes tydens ontgroeningsvoorvalle wat die wêreld geskud het - die dood van Pon Navaraso, Aman Kachroo, Ajmal PM en Akash Agarwal. Hierdie persone is almal dood tydens ontgroeningsvoorvalle. Hulle is ernstige aangerand, met stokke en metaalstawe aangerand, en een van hulle is aan die brand gestek (Times of India, 2016:1).

’n Studie wat in Indië onder 10 000 respondente gedoen is, het getoon dat 84% nooit die ontgroeningsvoorvalle waaraan hulle blootgestel was aangemeld het nie (Ghoshal, 2017:1). Uit die data het 33% van die respondente aangedui dat hulle die ontgroening geniet het, en 40% het aangedui dat dit tot hegter vriendskappe gelei het (Ghoshal, 2017:1). Ongeveer 62% van studente in 37 akademiese instellings regoor Indië meen dat die seniors wat hulle ontgroen het, hulle later met kurrikulêre werk gehelp het, volgens Ghoshal (2017:1). Een van die bevindinge wat die navorsers erg ontstel het, was dat ontgroening steeds deur baie mense as ’n sosiaal aanvaarbare aktiwiteit gesien word, meen Gyanesh (2017:1). Hulle sien dit as ’n belangrike proses waar jy glo hard moet word om die lewe beter te kan hanteer. Hierdie verskynsel kom veral voor soos vroeër genoem by groepe waar daar groot verskille in sosio-ekonomiese stand is, volgens Gyanesh (2017:1). Hierdie data toon dat ontgroening steeds plaasvind en dat studente se houding jeens ontgroening die werk wat nieregeringsorganisasies rakende die afskaffing van ontgroening doen, die nekslag toedien (Mallapur 2018:1; Ghoshal 2017:1).

Die onderstaande figuur toon die hoë getal aanmeldings van ontgroeningsvoorvalle in verskeie streke in Indië aan. Die getalle in elke gebied dui die aantal ontgroeningsvoorvalle aan wat aangemeld is.



Figuur 2-2: Ontgroeningsvoorvalle in Indië wat tussen 2013 en 2017 aangemeld is (Lok Sabha in Mallipur, 2018:1).

Dit is 'n groot getal aanmeldings en toon dat ontgroening in Indië steeds 'n werklikheid is. Wat ook van groot erns is, is dat daar aanmeldings in amper al die gebiede in Indië gevind kan word. Figuur 2-3 toon slegs die aangemelde gevalle aan, so in realiteit is hierdie syfers waarskynlik baie hoër.

Ongelukkig is daar nog nie baie deur die Indiese regering gedoen om ontgroening stop te sit nie. Ministers en departementele beamptes, verduidelik Mahapatra (2009:1), het ook hul stilswey gehandhaaf rakende die ontgroeningsverskynsel. Die laaste keer dat die regering 'n antiontgroeningsordinans uitgereik het, was in 1992, maar daardie regering is intussen ontbind (Mahapatra, 2009:1). Die Indiese Hooggeregshof is wel later deur die Visha Jagriti Organisasie gedwing om sake hangend te maak, omdat sekere ontgroeningspraktyke alle

grense van ordentlikheid, moraliteit en menslikheid oortree het (Mahapatra, 2009:1). Sommige Indiese state soos Andhra Pradesh, Maharashtra, Karnataka, Uttar Pradesh, Chandigarh, Tripura, Tamil Nadu, Assam, Kerala, Wes-Bengale, Goa, Jammu en Kashmir het wel hul eie wetgewing teen ontgroening (Ramanuj, 2013:n.p.). Die Hooggeregshof het 'n totale verbod op ontgroening geplaas en verskeie state beskik oor anti-ontgroeningswetgewing, maar ongelukkig blyk dit dat kollege owerhede nie hulle verantwoordelikheid ten opsigte van ontgroening ernstig opneem nie (CURE, 2007:16).

In die tydperk 2013 – 2017 is daar 3 022 klagtes rakende ontgroening by die Universiteitstoelaagkommissie (UGC) in Mumbai aangemeld, aldus Mallapur (2018:1). Die getal aangemelde gevalle het met 41% toegeneem, van 640 gevalle in 2013 tot 901 in 2017 (Ghoshal, 2017:1; Koshy 2018:1; Mallapur, 2018:1). Van die 2041 klagtes wat ontvang is tussen 1 Januarie 2015 en 27 Maart 2018 is studente in 871 van die gevalle gestraf. Skorsing het plaasgevind in 338 van die gevalle (Ghoshal, 2017:1; Koshy 2018:1; Mallapur, 2018:1). Uit die komitee se bevindinge het hulle beskryf dat dit belangrik is om positiewe interpersoonlike bande te bou met nuwelinge, wat hulle 'n gevoel van waarde en aanvaarding sal gee (Gyanesh, 2017:1). Garg (2009:268) meen dat die Mediese Raad van Indië (MCI), tesame met die Universiteitstoelaagkommissie (UGC), ook behoort op te tree teen die leiers van kolleges en universiteite waar ontgroening steeds plaasvind. Sulke optrede kan die afskaffing van akkreditasie en toelaes insluit. Volgens Gyanesh (2017:1) moet opvoedkundige instansies in Indië 'n beleid van geen toleransie toon waar ontgroening betrokke is nie. Onaanvaarbare gedrag in hierdie verband moet geensins geduld word nie. Strawwe moet verhoog word en skuldige studente moenie toegelaat word om by enige ander opvoedkundige instansie verder te studeer indien hulle betrokke was by ontgroeningspraktyke nie.

2.2.2 ONTGROENINGSPRAKTYKE IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA)

In Amerika staan ontgroening bekend as “hazing”, verduidelik Gurbacki (2015:1). *Tappen (2005:2) beskryf hazing as die blootstelling van 'n persoon aan liggaamlike of fisiese gevaar of die verpligting, aanmoediging of om outoriteit te verleen vir: totale of gedeeltelike naaktheid; geforseerde inname van substansie; dra of aantrek van klere met eksplisiete frases of die dra van fisiese swaar artikels; fisiese aanranding; deelname aan boksgevegte, uitermatige fisiese oefeninge, of fisiese uitmergelende aktiwiteite; aflaaï op plekke en verwaarlosing van die individu; isolasie van individue in onredelike klein ongeventileerde, onbeligte areas sonder*


die nodige sanitasiegeriewe; die ontneming van slaap; en ander wreedhede. Hierdie definisie stem baie ooreen met die van *ragging* in Indië, en daar kan aangevoer word dat dieselfde uitkomst ook in Engeland gekry sal word.





Die eerste slagoffer aldus Garg (2009:264) wat weens ontgroeningsverwante aktiwiteite in die V.S.A. gesterf het, was in 1873 by die Cornell Universiteit. Vir Garg (2009:264) en Mahapatra (2009:1) het ontgroening egter wreder van aard geword na die Tweede Wêreldoorlog, want die soldate wat teruggekeer het, het hulle nuut-aangeleerde metodes van marteling op kampusse begin toepas. "Greek-letter" verenigings soos Alpha Phi, Kappa Alpha Theta en Zeta Tau Alpha is alombekend vir hul ontgroeningsaktiwiteite, as gevolg van hoë profiel mediadekking en hofsake waarby hulle betrokke is. Hierdie verenigings is egter nie die enigstes wat nuweling in die V.S.A. ontgroen nie. Volgens Hollman (2002:12) ontgroen atletiekspanne, orkeste, militêre groepe, kultusgroepe, hoërskoolgroepe en verskeie werkgroepe almal nuweling wat deel wil word van die onderskeie verenigings. Volgens die Universiteit van Virginia se polisie departement (2004:8-10), word daar hoofsaaklik drie tipes ontgroening in Amerika aangetref, naamlik:





- subtiële ontgroening: aktiwiteite of houdings wat gerig is op die aflê van 'n eed wat tot vernedering, verkleining en bespotting lei;
- teisteringsontgroening: enige aktiwiteit wat die voorgenome lid kan disoriënteer, frustreer of onderwerp aan uitermatige strestoestande deur blootstelling aan geestelike angs of fisiese ongemak; en
- gewelddadige ontgroening: enige aktiwiteit wat fisiese of emosionele skade aan 'n nuweling kan berokken.

Die tabel hieronder toon 'n paar ernstige gevalle aan van waar studente erge liggaamlike beserings opgedoen het of hul lewens verloor het weens ontgroening. Nie alle sterfgevälle word in die tabel gelys nie (Nuwer, 2018: n.p).

Tabel 2-2: Voorvalle van ekstreme ontgroeningspraktyke wat by verskillende onderriginstellings plaasgevind het (Nuwer, 2018:n.p.).

Voorbeelde van ekstreme ontgroeningspraktyke wat plaasgevind het	Wanneer dit plaasgevind het	Nuwelinge, kolleges, "Greek Letter verenigings", klubs, universiteite, sportspanne of koshuise betrokke
<p>'n Jong student het in 'n fratsongeluk verdrink. Die saak is aanvanklik nie gesien as 'n ontgroeningsvoorval nie, totdat 'n prokureur die saak in 2002 heropen het.</p>	<p>2001</p>	 <p>Kappa Sigma</p>
<p>'n Student het tydens 'n drink-seremonie by 'n rugby-ontgroeningseremonie na sy dood geval.</p>	<p>2001</p>	<p>Universiteit van Minnesota</p>
<p>'n Student is dood aangetref nadat hy sy eie lewe geneem het vanweë depressie as gevolg van aanhoudende ontgroening-blootstelling.</p>	<p>2002</p>	 <p>Zeta Beta Tau</p>
<p>By die San Diego State University is twee manstudente van 'n bewegende trok af gegooi terwyl die koshuis met hulle rondgeroer het. Die koshuis is oor die insident geskors en geen ontgroening is by die universiteit toegelaat nie. Die studente het hulle egter nie hieraan gesteur nie, en ontgroeningspraktyke het ondanks die insident steeds daar plaasgevind.</p>	<p>2002</p>	 <p>Tau Kappa Epsilon</p>
<p>By die Universiteit van Maryland is 'n 19-jarige student in 'n koma gevind na 'n sogenaamde "gebedsaand", wat geassosieer word met oormatige alkoholgebruik.</p>	<p>2002</p>	 <p>Phi Sigma Kappa</p>
<p>'n Student is dood weens 'n oormat water wat hy gedwing is om te drink. Dit het tot erge brein swelling gelei. 11 studente is vir die oortreding gevonniss.</p>	<p>2003</p>	<p>State University of New York</p>

Voorbeelde van ekstreme ontgroeningspraktyke wat plaasgevind het	Wanneer dit plaasgevind het	Nuwelinge, kolleges, "Greek Letter verenigings", klubs, universiteite, sportspanne of koshuise betrokke
<p>’n 18-jarige student is dood nadat nuwelinge groot hoeveelhede alkohol moes drink. Medestudente het te lank gewag voordat hulle die nooddienste ontbied het.</p>	<p>2004</p>	 <p>Chi Psi</p>
<p>Agt mans is van misdade aangekla nadat ’n 21-jarige student dood is. Hy is gedwing om oormatige hoeveelhede water te drink, wat tot sy dood gelei het.</p>	<p>2005</p>	<p>California State University, Chico.</p>
<p>Student is dood weens ’n oordosis alkohol.</p>	<p>2006</p>	<p>Limestone Kollege in Suid-Carolina</p>
<p>Verskeie studente is aangekla weens hul betrokkenheid by die dood van ’n manlike student. Alkohol en dwelms is tydens ’n inwydingseremonie gebruik.</p>	<p>2008</p>	 <p>Sigma Alpha Mu</p>
<p>’n Oormatige oefeningsessie het tot die dood van ’n 20-jarige student gelei. Fisiese aanranding en uitputting was die rede vir die sterfte.</p>	<p>2009</p>	 <p>Phi Beta Sigma</p>
<p>’n Orkeslid het gesterf weens erge fisiese geweld wat in ’n bus plaasgevind het. Een lid is tot ses jaar tronkstraf gevonniss.</p>	<p>2012</p>	<p>A en M Orkes van Florida</p>
<p>’n Totaal van 22 lede is vir verskeie misdade gevonniss. 19 studente moes groot hoeveelhede vodka drink. Hulle kon nie staan nie en emmers is aan hulle gegee om in te vomeer. Al die student het hul bewussyn verloor. Een student het gesterf.</p>	<p>2012</p>	 <p>Pi Kappa Alpha</p>

Voorbeelde van ekstreme ontgroeningspraktyke wat plaasgevind het	Wanneer dit plaasgevind het	Nuwelinge, kolleges, "Greek Letter verenigings", klubs, universiteite, sportspanne of koshuise betrokke
<p>'n Student is dood na erge aanranding deur 20 tot 30 studente. Hy is geblinddoek, en die oortreders het eers na 'n uur die noodnommer geskakel. Die vereniging is op 8 Januarie 2018 vir 10 jaar uit die Pennsylvania skoledistrik geskors, en is 'n boete van \$112,500 opgelê.</p>	<p>2013</p>	 <p>Pi Delta Psi</p>
<p>'n Manlike student is dood nadat hy gedwing is om ongeveer 1,7 liter vodka te drink.</p>	<p>2014</p>	 <p>Zeta Beta Tau</p>
<p>'n Student is dood weens slaapweerhouding. Die student het met sy motor verongeluk na dae sonder slaap.</p>	<p>2016</p>	 <p>Kappa Sigma</p>
<p>Agt studente is aangekla na die ontgroeningsdood van 'n voetbalspeler weens oormatige alkoholgebruik.</p>	<p>2017</p>	 <p>Beta Theta Pi</p>
<p>'n Student is dood nadat hy nierversaking opgedoen het tydens 'n ontgroeningseremonie.</p>	<p>2018</p>	<p>Mactumactza Rural Teacher Training School I</p>

Vir Edelman (1996:312) is dit verder kommerwekkend dat ontgroening jaarliks in skole toeneem. Byna een derde van alle hoërskoolleerlinge is al ontgroen, en meer as 1,5 miljoen studente word jaarliks die slagoffers van ontgroening. Sedert 1990 het meer ontgroeningsverwante-sterfgevallen by kolleges en universiteite voorgekom as wat nog ooit vantevore in die Amerikaanse geskiedenis aangeteken is (Hollman, 2002:11).

Campo, Poulos en Sipple (2005:137) redeneer dat baie gevalle van ontgroening nie gerapporteer word nie omdat dit in die geheim plaasvind, waar nie baie persone daarvan bewus is nie.

In die tydperk 2000 – 2002 is 88 studente dood weens ontgroeningsverwante insidente, aldus Campo *et al.* (2005:137). Ontgroening neem ernstige afmetings in Amerika aan. Scroth (2016:n.p.) verduidelik dat daar sedert 2005 al meer as 60 studente dood is weens ontgroeningsverwante voorvalle. Black (2005:4) stel dit onomwonde dat ontgroening 'n kriminele oortreding is waarvoor 'n persoon een jaar tronkstraf en 'n boete van \$5 000 opgelê kan word, terwyl die dood van iemand weens ontgroening as manslag geag word, met 'n \$10 000 boete of vier jaar tronkstraf.


Alhoewel die boetes en tronkstraf 'n ernstige straf is wat geformuleer is om mense van ontgroeningspraktyke te weerhou, is dit nie juis effektief as afskrikmiddel by Amerikaanse opvoedkundige instellings nie. Ontgroening vind steeds plaas en word jaarliks meer brutaal en vulgêr as tevore. Ontgroeningspraktyke stel uiterste uitdagings aan administrateurs en studente, omdat dit 'n persoon se fisiese en emosionele gesondheid in gevaar stel. Dit kan weer lei tot fisiese en, emosionele skade, en in ekstreme gevalle selfs die dood van ontgroendes, meen Campo *et al.* (2005:137). Allen en Madden (2005:8) meen dat veralgemenings rakende ontgroening dit wil afwater as onskuldige pret, maar dat dit allermins die geval is omdat studente/leerders se lewens in gevaar is by instansies waar hulle veronderstel is om geborge te voel. Dan is dit nie meer onskuldige pret nie. Net soos in die Indiese gemeenskap, speel die magskringloop rakende ontgroening 'n groot rol ten opsigte van die voortsetting daarvan. Ontgroendes se voorgangers was ontgroen, aldus Hoover en Pollard (2000:15), so eendag sal die slagoffers ook in 'n posisie wees om te ontgroen. Sodoende kry hulle die geleentheid om hulle opgekropte woede teenoor hul seniors op hul juniors uit te haal, en so verloop die magskringloop van ontgroening. Wat egter kommerwekkend is, is die toenemende getal nuwelinge in hoërskole wat gesodomiseer word met besemstokke, biljardstokke en selfs vlagstokke, in die naam van ontgroening (America Tonight, 2016:n.p.; Heyes, 2016:n.p.; Scroth, 2016:n.p.).

Volgens America Tonight (2016:n.p.) staan die tradisie waar iemand met 'n stok gesodomiseer word bekend as “el palo,” wat “die stok” beteken.

Black (2005:5) beskryf nog 'n vreesaanjaende ontgroeningsaktiwiteit, bekend as "Hell Week" waartydens studente liters water moet drink sonder om badkamer toe te mag gaan, terwyl veeleisende oefeninge in rou riool gedoen moet word. Dit wil voorkom asof die gebruik van alkohol tydens ontgroeningsseremonies ook baie gewild is.

Allen en Madden (2008:17) het in hul ondersoek, waarby 11,482 studente betrokke was, die volgende aktiwiteite gelys wat die meeste plaasvind tydens ontgroeningsaktiwiteite: deelname aan speletjies waarby drank betrokke is, die sing van krete op jou eie of saam met 'n groep in 'n openbare area, die drink van groot hoeveelhede alkohol tot op die punt van om siek te word of flou te word, die ontneming van slaap, om op geskree of gevloek te word, die drink van groot hoeveelhede nie-alkoholiese drankies, om snags wakker gemaak te word, bywoning van aktiwiteite waar lede verneder of verkleineer word, deelname aan seksdade met die teenoorgestelde geslag, en die dra van klere wat vernederend is of nie deel uitmaak van die skool se uniform nie.


Hollman (2002:13) ondersteun die stelling en verduidelik dat 90% van aangemelde ontgroeningsterftes gevalle was waar uitermatige alkoholgebruik ter sprake was. Die misbruik van alkohol onderdruk inhibisies, en is onwettig vir kinders onder die ouderdom van 18. Seniors dwing nuwelinge om drank te gebruik terwyl nuwelinge toegee weens groepsdruk, en dit alles ter wille van ontgroening (Universiteit van Virginia se polisie departement, 2004:11). Ontgroening word regoor Amerika gevind, kragtens Edelman (2005:313), onder alle rasgroepe, sosio-ekonomiese groepe, en beide geslagte, waar slegs die manier van ontgroening tussen seuns en meisies verskil. Edelman (2005:313) onderskei dat die mees algemene tipes ontgroening wat by meisies voorkom, is om nuwelinge te verneder, soos byvoorbeeld die nabootsing van seksuele dade, terwyl fisiese geweld en bakleiery meer by seuns aangetref word. Die onderstaande kaart toon die gevalle van hazing sterfgevallen wat van 1838 tot 2017 by Amerikaanse universiteite van voorgekom het (Nuwer, 2017:n.p.).



Figuur 2-3: Gevalle van hazing sterfgevallen wat van 1838 tot 2017 by Amerikaanse universiteite van voorgekom het (Nuwer, 2017:n.p.).

Dit blyk 'n erge probleem te wees dat daar steeds elke jaar sterfgevallen weens ontgroening aangemeld word. Baie Amerikaanse state het ontgroeningswetgewing maar die toepassing daarvan blyk 'n probleem te wees. Edelman (2005:316), asook die Universiteit van Virginia se polisie departement (2004:14), dui aan dat Alaska, Hawaii, Michigan, Montana, New Mexico, South Dakota en Wyoming State oor geen antiontgroeningswetgewing beskik nie, wat kommerwekkend is. Wat verder 'n bron van kommer is, is dat die meeste Amerikaanse strafregwetgewing nie vereis dat ontgroeningsaktiwiteite aangemeld hoef te word nie. Slegs Alabama, Arkansas, Massachusetts, New Hampshire, South Carolina en Texas vereis sodanige aanmelding, terwyl slegs Ohio, Rhode Island en Texas onderwyspersoneel verplig om ontgroeningswetgewing te implementeer (Edelman, 2005:317).

Moontlike redes waarom ontgroening aan die toeneem in Amerika is, kan te wyte wees aan die verswakking van waardesisteme, asook die media wat uitermate ekstreme gedrag aanmoedig deur mense alle grense te laat toets en oorskry (Hollmann, 2002:21).



Figuur 2-4: Ontgroeningsgevalle met wrede bedoelings in die V.S.A. van 1840 tot 2017.

Die bostaande grafiek toon hoe sterfgevallen weens hazing in Amerika van 1840 tot 2017 toegeneem het. Met al die wetgewing, reëls, regulasies en beleide wat onderriginstellings in plek het, is dit angswekend om te sien dat daar steeds soveel leerlinge en studente sterf tydens ontgroeningspraktyke in Amerika. Dit behoort 'n wekroep vir hierdie instellings sowel as die Amerikaanse regering wees. Edelman (2004:47) beveel aan dat staatsbefondsing aan onderriginstellings waar ontgroening steeds plaasvind, weerhou word, en dat opvoeders aanspreeklik gehou word vir dade wat onder hul sorg gepleeg word, op grond van hul *in loco parentis* verantwoordelikheid.

2.2.3 ONTGROENINGSPRAKTYKE IN ENGELAND

In Engeland staan ontgroening bekend as *fagging*. Streng gesproke was *fagging* slegs 'n Engelse gebruik wat veral vorm aangeneem het in die 1770s, waar "freshmen" (nuwelinge) verskeie vernederende take moes uitvoer, afgeknou en ernstig beseer is, en selfs moes deelneem aan aktiwiteite wat tot die dood gelei het (Justamom, 2002:par.4). "Penalism" (vertaal as penalisme) was 'n tipe ontgroening wat slegs eenmalig plaasgevind het, terwyl *fagging* deurlopend was (Justamom, 2002:par.3).

Elke senior student het 'n *fag* (nuwelingstudent) gekies, wat take moes verrig en kamtig georiënteer en goeie gedrag aangeleer is, terwyl die nuweling inderwaarheid verniel is en fisiese skade opgedoen het. In sommige gevalle is hulle gesodomiseer en selfs gedood (Justamom, 2002:par. 3-5). Sturrock (2012:par.1-3) verduidelik verder dat senior seuns (17-18 jaar oud) bekend as "boazers", die dissipline gehandhaaf het, met verskeie reëls en rituele. Die nuweling (*fags*) is soos slawe behandel, en die seniors moes weer soos heiliges behandel word. In gevalle waar seuns fyn van postuur was, is hulle beledigende name soos "tart" of "girly" toegesnou. Hulle moes ook gereeld voor ander ontklee en is deur seniors betas (Fielding, 2015:par. 3). Die nuweling is ook erge lyfstraf deur hulle seniors toegedien vir die kleinste oortredings, en na die aanranding moes die nuweling se wonde deur mede-leerders geïnspekteer word (Sturrock, 2012:par.14).

In verskeie Britse koshuise is kinders onderwerp aan afknouery, koue baddens, die eet van oneetbare kos en ook pedofiliese onderwysers, wat seuns betas en gemolesteer het (Brown, 2017:par.1). Gevalle is ook gemeld waar seuns deur ouer seuns verkrag is, en deurlopend seksueel aangerand is. Hulle het dan beledigende name ontvang juis oor die daad wat met hulle gepleeg is (Fielding, 2015:par.3). Selfs professors is nie die roede gespaar nie en moes ontgroening ondergaan as 'n "rite of passage", 'n sogenaamde toegangsverlening of oorgang, om te toon dat hulle waardig is om by die instansie te werk (Mshap, 2014:1). Die eerste keer wat ontgroening as 'n probleem uitgelig is, was in 1657 toe leerlinge van die adelstand geskors is as gevolg van die fisiese aanranding van juniors (Mshap, 2014:1). Engelse kosskole het daarna gestreef om seuns in konserwatiewe, Christen "gentlemen" te omskep wat toelating sou kry tot die universiteite van Oxford, Cambridge en Durham, die staatsdiens, en die weermag, en ook om ingespan te word as administrateurs van die groeiende Britse Ryk (Sinnot, 2014:2).

Dit verduidelik waarom verskeie nuwe skole in die negentiende eeu gestig is, en waarom die stelsel met gemengde resultate uitgevoer is na lande soos Skotland, Australië, Kanada, Suid-Afrika en elders, meen Sinnot (2014:2). Hierdie skole het leerders blootgestel aan 'n stelsel waar jy harteloos moes wees, geen emosie moes toon nie, en moes voldoen aan Sir Henry Neville se leuse van "stiff upper lip, chaps!" (Sinnot, 2014:2).

Sake het intussen glad nie in Engeland verbeter nie. Die onderstaande tabel toon erge gevalle van ontgroening wat relatief onlangs plaasgevind het. Dit sluit gevalle in waar nuweling gedwing is om verskriklike brousele of kossoorte te eet of te drink, waar hulle aan naaktheid blootgestel is, drankvergrype en selfs die dood van nuweling (Alleyne, 2009:par. 4-13; Farberov, 2013:par.1; Wilson, 2015:par.2-9). Die tabel lys slegs ernstige gevalle van ontgroening wat van 2003 tot 2016 in Engeland plaasgevind het.

Tabel 2-3: Gevalle van ekstreme ontgroeningsgevalle in Engeland van 2003 tot 2016 (Alleyne, 2016:n.p.; Farberov, 2013:n.p. en Wilson, 2015:n.p.).

Voorbeelde van ekstreme ontgroeningspraktyke wat plaasgevind het	Wanneer dit plaasgevind het	Nuwelinge, kolleges, klubs, universiteite of sportspanne betrokke
'n 19-jarige student het 'n testikel verloor tydens 'n ontgroeningsritueel waar hy met 'n handdoek op sy private dele geslaan is, en ook brandsalf daaraan moes smeer.	2016	Wilmington-Kollege, nuweling
Asyndeurweekte piesangs is in studente se monde gedruk, terwyl hulle wysgemaak is dat hulle ontlasting eet.	2016	Wilmington-Kollege, nuweling
Studente moes drank, melk, rissies en suurlermoene inneem vir sogenaamde "suicide shuttle runs". Verder moes hulle 30 meter hardloop en dan wyn drink en dan weer 30 meter hardloop, en dan die volgende item inneem. Die doel van die oefening was om nuweling te laat braak en dit dan op sosiale media te plaas.	2015	Loughborough Universiteit, nuweling
Drie studente moes seksdade op 'n bal simuleer, en piesangs eet wat in asyn geweek was.	Onbekend	Nuwelingstudente
Studente is gedwing om 'n dooie seepaling te soen en moes bier uit hulle skoene drink, as deel van hul sokkerklub se ontgroeningsaktiwiteite.	2014	Exeter-Universiteit, nuweling sokkerspelers
Nuwelinge is gedwing om braaksel te drink, lewendige goudvisse in te sluk, en alkohol in oormaat te drink.	Onbekend	Nuwelinge
Rugbyspelers het toiletpapier in hulle boude aan die brand gestee en dit dan geblus met styfgeklopte room.	2012	Aston Universiteit

Voorbeelde van ekstreme ontgroeningspraktyke wat plaasgevind het	Wanneer dit plaasgevind het	Nuwelinge, kolleges, klubs, universiteite of sportspanne betrokke
Lede van die rugby- en voetbalklub het op 'n dubbelverdiepingbus ontklee en seksdade nageboots terwyl onskuldige passasiers die dade moes aanskou.	2010	Gloucestershire Universiteit se rugby- en voetbalklub
Lede moes 'n vyftiengang maal eet met disse soos varksnoet, wasabi en water waarin goudvisse swem.	2009	Wyverns, Magdalene Kollege, nuwelinge
Damesstudente is verfilm waar hulle seksdade nageboots het.	2009	Cambridge Universiteit
Skokkende beeldmateriaal het die lig gesien waar studente met plastieksakke oor hulle koppe deur seniors met Nazi uniforms aan gedwing word om alkohol te drink.	2008	Gloucester Universiteit studente
Studente moes 'n wedstryd speel waarin almal naak was, en 'n hoender is as rugbybal gebruik.	Onbekend	Nuwe studente van die Edinburgh Universiteit
Tydens ontgroeningsrituele moes studente naak in die publiek verskyn, is hulle aangemoedig om 'n dooie paling te soen, om alkohol uit skoene te drink en om goudvisse in te sluk en dit dan weer op te bring.	Onbekend	Nuwelinge
'n Voetbalspan moes teen mekaar deelneem en kyk wie die vinnigste wyn en bier kon afsluk. Nadat hulle in emmers vomeer het, is hulle gedwing om mekaar se braaksel te drink.	Onbekend	Kollege voetbalspan
Gavin Britton is dood na 'n drinkseremonie waar hy twaalf eenhede alkohol in 'n sekere tyd moes drink.	2006	Exeter Universiteit
Tom Ward is dood nadat hy ongeveer ses liter bier en verskeie alkoholiese drankies moes afsluk tydens die klub se verwelkomingsseremonie.	2005	Hull Universiteit se rugbyklub
Alex Doji het aan sy eie braaksel verstik en is dood tydens 'n rugbyklub-ontgroeningsessie.	2003	Staffordshire Universiteit

In Engeland spruit stories van ontgroeningspraktyke terug na elite geheime verenigings en koshuise waar dit deel is van 'n kulturele struktuur wat hoofsaaklik ongestraf voortgaan (Walters, 2017:2).

Dit is regtig 'n groot probleem as instansies en die regering van Engeland nie die erns insien van ontgroeningspraktyke, en hoe baie studente onskuldig hul lewens verloor nie. Die Nasionale Unie van Studente in Engeland, het universiteite aangesê om strenger op te tree teen persone wat hulle skuldig maak aan ontgroening (Wilson, 2015:par.4). 'n Verdere probleem is dat studente ouer as 18 alkohol wettiglik mag gebruik, en dat universiteite geen beheer het oor wat buite die kampus se grense gebeur nie (Nuwer, 2010:par.1). Vernederende aktiwiteite behoort nie deel wees van klubs en die gemeenskap nie, universiteite behoort duidelike riglyne daar te stel in terme van aanvaarbare gedrag, en aksie moet geneem word teen persone wat oortree, soos byvoorbeeld skorsing (Wilson, 2015:par.4).

2.2.4 BESPREKING

'n Verslag deur die British Universities Sports Association lig volgens Groves, Griggs en Leflay (2012:123) uit dat daar altyd een of meer van die volgende vier kategorieë tydens ontgroeningsaktiwiteite gevind kan word. Dit is die drink van alkohol, om naak te verskyn, die uitvoer van take, en fisiese en sielkundige mishandeling. Hierdie vier aspekte is telkens gevind in Engelse, Indiese en Amerikaanse skole en universiteite (cf. 2.2.1, 2,3 2,4). Nuwelinge moet hulself eers bewys deur ekstreme take uit te voer om lidmaatskap te kry van een of ander span, groep of vereniging. Dit is kommerwekkend dat skoliere en studente desondanks die pyn en vernedering tydens ontgroeningsaktiwiteite 'n vreemde lojaliteit openbaar teenoor die mense en instansies wat vir hulle ontgroening verantwoordelik is, al sou mens verwag dat dit die teenoorgestelde effek sou hê. Ontgroendes kan ook nie wag vir hulle beurt om weer nuwelinge te ontgroen nie, om sodoende hul eie ontgroening te wreek.

Elk van die drie genoemde lande sit ook met 'n reuse stryd om ontgroening uitgeroei te kry omdat die sosiale aanvaarbaarheid daarvan so hoog is, en die erns daarvan deur die algemene publiek misgekyk word. Dit is eers wanneer individue erge persoonlike of liggaamlike skade ly, of selfs sterf (cf. 2.2.1, 2.2.2, 2.2.3), dat klagtes gelê word en sake aanhanging gemaak word. Strawwe in die vorm van geldelike eise, skorsings uit instansies en tronkstraf (cf. 2.2.1, 2.2.2, 2.2.3) is al aan oortreders opgelê, maar jaarliks gaan die proses net voort. Baie sien dit as opvoedkundig en glo dat dit deel is van die onderrig- en leerproses. Baie ouers glo dat hulle kinders gerus ontgroening kan deurmaak aangesien hulle self daardeur is, en dat dit net onskuldige pret is.

Baie oortreders (cf. 2.2.1, 2.2.2, 2.2.3) misbruik die ouers se gevoel oor ontgroening en breek nuweling af deur vernederende ontgroeningspraktyke toe te pas. Totdat hierdie sosiale aanvaarbaarheid nie afgebreek word nie, sal onderriginstellings in Indië, Amerika, Engeland en ook elders 'n alleenstryd voer teen die boosheid daarvan wat net sal aanhou floreer en skade veroorsaak solank as wat dit aanhou.

2.3 TEORETIESE PERSPEKTIEWE

In die vooraf gedeelte het ons gesien dat in sekere lande onderriginstellings sukkel om die ontgroening onder beheer te hou, as gevolg van ouers wat steeds dié gebruik steun, en glo dat dit vir hulle kinders nodig is om dit te ervaar. Alhoewel die ontgroeningspraktyke wat in skole en universiteite voorkom, beskryf word as barbaars en wreed, en gekenmerk word deur gevaarlike en onmenslike dade wat teen nuweling gepleeg word, word dit ter wille van 'n groepsgevoel in stad gehou.

In 'n poging om te probeer sin maak uit die klaarblyklik positiewe siening oor ontgroening, ten spyte van die negatiewe gevolge, bespreek ek kognitiewe dissonansie as 'n teoretiese perspektief. Bogdan en Biklen (2003:22) beklemtoon die belangrikheid van 'n teoretiese perspektief op navorsing. 'n Teorie vat al die geïsoleerde gedeeltes empiriese data in 'n duidelike konseptuele raamwerk van wyer relevantheid vas (Cohen, Manion & Morrison, 2007:12). Maar selfs meer as dit, meen Cohen *et al.* (2007:12), identifiseer 'n teorie die kritieke areas vir toekomstige navorsing, dit ontbloot leemtes in die navorsing en dit stel navorsers in staat om bestaande fenomene te herken.

Popper, Lakatos, Mouly, Laudan en Rasmussen in Cohen *et al.* (2007:13) identifiseer die volgende belangrike eienskappe van 'n effektiewe empiriese teorie:

- 'n teorie moet versoenbaar wees met beide observasies as vorige geldige teorieë;
- dit moet gegrond wees in empiriese data wat geverifieer is en gegrond is op geldige aannames en hipoteses;
- teorieë moet in eenvoudige terme beskryf word;

- die beste teorieë is die wat die meeste op die eenvoudigste manier beskryf;
- 'n teorie moet oor genoegsame voorspellings- en beskrywingspotensiaal beskik;
- 'n teorie moet opsigtelike ongerymdhede kan rapporteer;
- 'n teorie moet oorsprong kan gee aan toekomstige navorsingsidees; en
- 'n teorie moet operasioneel noukeurig wees en 'n hertoets van die teorie moet dieselfde resultate kan toon.

Nadat ek verskeie teorieë oorweeg het, het ek op die *Kognitiewe Dissonansie teorie* (KDT) besluit. Dit is 'n relevante teorie in die lig van die oënskynlike insiklikheid rakende magsvergrype. Die *KDT* sal dus hieronder bespreek word. Deur van hierdie teorie gebruik te maak sal ek probeer sin maak uit die siening oor ontgroening.

2.3.1 KOGNITIEWE DISSONANSIE TEORIE

Kognisie is 'n term gebruik word wanneer daar verwys word na die denkprosesse wat betrokke is wanneer kennis opgedoen word en verstaan word (Cherry, 2019a:1). Dit verwys na die *proses* van dink, of soos die Encyclopaedia of Neuroscience (2009) dit beskryf, enige vorm van inligtingsprosessering, of intellektuele aktiwiteit soos om te dink, te redeneer, te onthou, te verbeeld of te leer. Dissonansie word deur die Pharos Groot Woordeboek (1997) omskryf as 'n wanklank, wangeluid of onenigheid. Die term kognitiewe dissonansie beteken dus letterlik 'n onenigheid in denke of wanklank tydens intellektuele aktiwiteite.

Leon Festinger het met die aanname gewerk dat mense na bestendigheid binne hulleself strewe, en dat daardie bestendigheid word ook gevind in hoe 'n persoon dink oor 'n saak, en sy/haar dade aangaande die saak (Festinger, 1957:1). Mense wil dus instinktief hê dat hulle dade en hulle oortuiging in lyn met mekaar moet wees, in wat McGrath (2019:1) as kognitiewe konstantheid beskryf.

Wanneer mense egter inkonsekwent optree of redeneer, teenstrydig met wat hulle werklik dink en glo, ervaar hulle verstandsongemaklikheid – dus *kognitiewe dissonansie* (Acharya,

Blackwell & Sen, 2017:3; Harmon-Jones, 2012:543; Moles, 2016:2). Hierdie kognitiewe dissonansie lei tot spanning, angstigheid, skuldgevoelens en 'n gevoel van negatiewe selfwaarde (Lawler, 2018:2). Daar ontstaan 'n interne stryd ontstaan wanneer die individu besef hy/sy presies die teenoorgestelde gedoen het as wat die oorspronklike denkrigting was (Lawler, 2018:2).

Festinger (in Hinojosa *et al*, 2017:173) stel voor dat hierdie ongemaklike toestand individue motiveer om maniere te vind om die ongemaklikheid te verminder. Mense wil die spanning verminder of so na as moontlik terugkeer na 'n vorm van normaliteit, waar kognitiewe prosesse in harmonie was (Harmon-Jones, 2012:544; Lawler, 2018:n.p.). Individue wat hierdie negatiewe toestand van dissonansie ervaar, doen hulle bes om die dissonansie te verminder. Dit kan gedoen word deur die oorspronklike denke te verander, deur denke weg te neem of by te voeg, (nuwe houdings, gedrag of oortuigings), of om die belangrikheid van die denke aan te pas (Festinger in Hinojosa *et al.*, 2017:173). Drie breë maniere om dit reg te kry, word kortliks hieronder bespreek.

Verander jou oortuigings: een manier om die dissonansie tussen jou aksies en jou oortuigings op te los, is om jou oortuigings te verander. Persone sal byvoorbeeld nie sommer oneerlik wil wees nie, want as eerlikheid deel van hulle oortuiging is, en dus vir hulle belangrik is, sal so 'n aksie nie plaasvind nie. Persone se oortuigings is redelik stabiel en diep gewortel, en verander nie sommer nie, en dus is dit nie die mees algemene reaksie op kognitiewe dissonansie nie (Cherry, 2019b:3).


Verander jou aksies: 'n tweede opsie is om te verseker dat mens nooit weer die aksie of dade uitvoer wat jou in 'n staat van dissonansie plaas nie.

Skuldgevoelens en angstigheid kan goeie motiveerders wees om jou gedrag te verander. Situasies wat aversie skep word oor die algemeen eerder vermy. 'n Verandering van die kennis wat in konflik is, is die effektiwste manier om met dissonansie om te gaan, maar dis ook uiters moeilik, veral ten opsigte van diepgewortelde waardes en oortuigings (Cherry, 2019b:3). 'n Persoon wat byvoorbeeld een keer oneerlik in 'n toets of eksamen was, en wat nie 'n oneerlike mens is nie, sal die gevoel van aversie so akute ervaar dat hy/sy dit nie weer sal doen nie.

Verander jou persepsie van die aksie: hierdie is 'n meer komplekse manier om van die ongemak of teenstrydigheid ontslae te raak, naamlik om te verander hoe jy jou aksie sien, onthou of beleef. Cherry (2019b:3) redeneer dat 'n mens sy/haar aksies moet kan verduidelik of regverdig, en wanneer daar nie harmonie is nie, kan die teenstrydigheid verminder word deur anders daaroor te dink en te redeneer (Festinger in Hinojosa *et al.* 2017:173; Moles, 2016:3). Moles (2016:9) redeneer dat wanneer mense iets moet opgee of verloor om voordeel te trek, sal hulle dieselfde saak in die toekoms anders beskou as wat hulle dit in die verlede gedoen het. Mense sal byvoorbeeld nie maklik teenoor hulleself of ander erken dat hulle in die verlede vir geen rede swaargekry het nie (Moles, 2016:9).

In baie gevalle, verduidelik Harmon-Jones, Harmon-Jones en Levy (2015:185), tree mense dikwels aanvanklik nie op 'n sekere manier op nie, en verrig aanvanklik nie sekere aktiwiteite nie. Sodra hulle egter hul houding en denke jeens die aktiwiteit verander, sal hulle wel die aktiwiteit voltooi, ten spyte van hul oorspronklike gevoel oor die aktiwiteit. 'n Persoon glo byvoorbeeld dat oneerlikheid verkeerd is, maar as ander oneerlik in die uitvoering van 'n opdrag is, kan die persoon redeneer dat hy/sy dus ook maar oneerlik mag wees. So 'n persoon begin dus anders na sekere aksies kyk, en dan is hierdie aksies nie meer konsekwent met hulle denke nie (Cherry, 2019b:3).

Die drie veranderinge wat hierbo genoem is, kan dus moontlik gebruik word om dissonansie in verskeie situasies op te los, en figuur 3-1 som dit op.




Figuur 2-5: Kognitiewe dissonansie teorie.

In die konteks van ontgroening, beskou leerders of studente wat vernederende aktiwiteite moes deurmaak om toelating tot 'n groep te kry, die aktiwiteite dikwels na die tyd as interessant en waardevol, en voel superieur teenoor diegene wat dit nie deurgemaak het nie, verduidelik Moles (2016:9). 'n Doelwit wat op die oog af tyd mors, vernedering impliseer en baie moeite vereis, raak sodoende 'n al hoe meer aanloklike doelwit vir individue (Moles, 2016:9). Alhoewel leerders of studente dus tydens ontgroeningspraktyke verneder, beseer, en mishandel word, en in sommige gevalle selfs hul lewens verloor, word sodanige praktyke gesien as belangrik om deel te word van die groep, al is dit ook hoe ekstrem (cf. 1.1, 1.2, 2.2). Inderdaad, Potgieter *et al.* (2014: 536) argumenteer dat leerders ten spyte van die kognitiewe dissonansie wat hulle ervaar, nie 'n standpunt teen ontgroening inneem nie, omdat hulle aanvaar wil word binne die groep, en hulle dus eerder hulle denke en hulle oortuigings oor ontgroeningsaktiwiteite verander.

2.3.2 MORGENTHAUSE BALANS VAN MAG TEORIE

Hans Morgenthau het die magsbalans tussen lande en politici deur sy *Balans van Mag Teorie* (MBMT) probeer verduidelik, en alhoewel dit op die oog af 'n teorie is wat op wêreldmagte dui, het dit gehelp om sin te maak uit wat op skoolterreine en universiteitskoshuise gebeur. Schweller (2016:3) verskaf verskeie betekenis van die MBMT, naamlik: (a) 'n gelyke verdeling van mag, (b) die beginsel dat mag gelyk versprei moet word, (c) die beginsel van gelyke arrogansie van die groot magte ten koste van die swakkeres, en (d) die beginsel dat

“ons” kant ‘die meeste mag moet hê om te voorkom dat die mag gelyk verdeel word’ (eerder ’n meerderheid as ’n minderheid). Morgenthau redeneer dat die menslike natuur self, eerder as foutiewe instansies, verantwoordelik is vir die misbruik en versoekings van mag (Kaufman, 2006:25). Volgens Kaufman (2006:28) meen Morgenthau ook dat die beperkings vir die hunkering na mag soms tot gevolg het dat die mens se morele oordeelsvermoë en die toepassing van morele beginsels tot konkrete omstandighede, belemmer word. Mense se soeke na mag kan dus daartoe lei dat hulle heeltemal perspektief oor ’n situasie verloor, ten koste van ander, en dit bloot vir hulle eie persoonlike gewin.



Figuur 2-6: Balans van Mag Teorie (Parizek, 2008:n.p).

Morgenthau redeneer dat gevestigde morele redenasies nie net uit goeie bedoelings bestaan nie, maar ook uit ’n waarskynlikheids-assessering van die resultate van alternatiewe strategieë wat slegs in retrospek duidelik is (Kaufman, 2006:28).

Rosch en Lebow (2017:140) noem dat die wil van mense om hulself te bewys die dryfveer is hoekom ’n magspel tussen individue en groepe kan ontwikkel – die doel is om ander te domineer. Hierdie balans van mag is nie stabiel nie maar verander voortdurend. Dilemmas wat tot onsekerheid lei, kan konstante vrees inboesem (Rosch en Lebow, 2017:140). Dit lei daartoe dat meer mag verkry word, wat tot meer onsekerheid lei en nie fisiese of materiële beperkings het nie (Rosch en Lebow, 2017:140). Dit gee op sy beurt weer aanleiding tot verdere emosionele onsekerheid.

Om beheer oor 'n groep mense te verkry, meen Rosch en Lebow (2017:142), word geweld dikwels ingespan. Jervis (1994:868) meen ook dat die soeke na mag nie op die individu se oorlewing fokus nie, maar op sy/haar posisie in die groter samelewing, of binne 'n spesifieke groep. Die mens se selfsug het perke, maar sy/haar soeke na mag ken geen perke nie, aldus Jervis (1994:868). Hierdie mag word gedefinieer as om jou belange voor ander persone s'n te stel (Parizek, 2008:n.p.). Die verhouding tussen mag en belange is 'n belangrike een, want sonder belange is daar nie mag nie, verduidelik Parizek (2008:n.p.). Omdat die strewe na mag so 'n oorweldigende beginsel is, het dit die potensiaal om alles anders te oorheers. Hierdie opmerking hang saam met Morgenthau se idee van die inherente boosheid van die menslike natuur, volgens Parizek (2008:n.p.). In die konteks van ontgroening sien ek dus die waarde van MBMT om te probeer sin maak uit die oënskynlike hunkering na mag binne 'n gegewe situasie. Hierdie hunkering verduidelik waarom volwassenes en leerders op die oog af hulle morele kompasse onderdruk, en vernederende en sinnelose gedrag goedkeur, en selfs daaraan deelneem. Die situasie vind aanklank by die boosheid van die menslike natuur waarna Parizek (2008) verwys.

2.4 TEN SLOTTE

Dit blyk dat in al drie lande wat in hierdie hoofstuk bespreek is, naamlik Indië, Amerika en Engeland, ontgroening as 'n ernstige probleem ervaar, met sterftes wat steeds elke jaar voorkom. Ek is oortuig daarvan dat administrateurs daadwerklike stappe moet neem om die euwel van ontgroening op 'n internasionale vlak te bestry indien hulle enigsins lewensverlies of liggaamlike skade wil beperk. Die reputasies van skole, kolleges en universiteite lei ook groot skade wanneer daar in die media oor ontgroeningsverwante sake berig word. Om skole of skuldige universiteite se subsidies in te perk of hulle te skors uit distrikte of verenigings uit, kan 'n definitiewe beginpunt wees om ontgroening uit te roei en mense meer aanspreeklik vir hul dade maak.

Toepaslike strawwe of kriminele sake wat teen skuldiges geopen word, is dalk ook moontlik 'n goeie begin om skuldiges verantwoordbaar vir hul aksies te maak. Nogtans het ek die indruk gekry dat wat in die literatuur en in mediaberigte beskikbaar is, slegs die spreekwoordelike punt van die ysberg is. Dit wil voorkom asof huidige antiontgroeningswetgewing en beleide wat geïmplementeer is in die lande nie die wesenlike resultate oplewer nie.

My aanname is dat betrokkenes oor kontinente heen steeds hoofsaaklik stilbly oor die kwessie, en die moontlikheid bestaan dat van die rolspelers glo dat ontgroening behoort plaas te vind.

In hierdie hoofstuk het ek ook KDT en MBMT bespreek wat gebruik gaan word om sin te maak uit die siening oor ontgroening. Hierdie teorieë sal krities ingespan word om op die verskillende diskoerse van uiteenlopende rolspelers rakende ontgroening kommentaar te lewer.

In Hoofstuk 3 wat hierop volg, sal die regsraamwerk vir ontgroening tematies aangebied word. Die relevante wette, beleide en reëls wat van toepassing is op ontgroening sal bespreek word. Die verantwoordelikhede en aanspreeklikheid van verskeie rolspelers en wat van hulle vereis word sal ook gelys word. Hofsake wat in verband met ontgroening staan sal ook ontleed word.

HOOFSTUK 3: REGSRAAMWERK OM ONTGROENING TE BEOORDEEL

3.1 INLEIDING

Hoofstuk 2 het aangedui dat ontgroening nie slegs 'n probleem in die Suid-Afrikaanse onderrigstelsel is nie. Die problematiek en realiteite van ontgroening soos ervaar word in Indië, Amerika en Engeland, is ook uitgelig. Spesifieke insidente en plekke is ook gelys waar ontgroening in hierdie lande tot ernstige beserings en lewensverlies gelei het. Dit is kommerwekkend dat iets soos ontgroening steeds in ontwikkelde lande voorkom ten spyte van ontwikkeling, vooruitgang en die internasionale klem op menseregte. Dit wil voorkom asof die huidige antiontgroeningswetgewing en beleide wat in dié lande geïmplementeer is nie die wenslike resultate oplewer nie. Verder sal die bestuur van opvoedkundige instellings ook daadwerklike stappe moet neem om die euwel van ontgroening op 'n internasionale vlak te bestry indien hulle enigsins lewensverlies of liggaamlike skade wil beperk. As die sosiale aanvaarbaarheid van ontgroening en die magskringloop nie verander nie, sal ontgroening nog vir lank as aanvaarbaar beskou word.

Wetgewing word deur mense vir mense ontwikkel om ons sosiale gedrag te reguleer sodat alle mense in 'n ordelike en vreedsame omgewing kan leef (Meintjies-Van der Walt, 2011:3). Die primêre funksie van die reg, aldus Oosthuizen (2016:3), is om orde te skep tussen mense wat in 'n spesifieke gemeenskap of omgewing leef. Suid-Afrika ondervind ook byna jaarliks probleme rakende ontgroening (cf. 1.1). Die spanning rakende populêre diskoerse en die regsraamwerk waarbinne ontgroening beoordeel word, sal in Hoofstuk 8 beskryf word. In hierdie hoofstuk sal die regsraamwerk wat gebruik word om ontgroening te beoordeel, uitgelig word. 'n Konsepverklaring van verskeie kernbegrippe rakende ontgroening sal ook hierna beskryf word (cf. 3.1). Die regsraamwerk vir ontgroening sal tematies gedoen word terwyl alle wette, beleide en reëls wat van toepassing op ontgroening mag wees, bespreek sal word. Hofsake wat verband hou met die onderskeie temas van ontgroening sal ook uitgelig word.

3.2 KONSEPVERKLARING

3.2.1 *DIE REG*

Die reg het 'n invloed op elke persoon en Suid-Afrika as geheel (Bray, 2005:10). Die reg het die volgende eienskappe: dit is 'n raamwerk van norme en reëls wat private en openbare aksies en interaksies beheer; die samelewing moet hierdie norme en reëls aanvaar as die afdwingbare reg of regsgeldigheid; die reg moet orde en sekerheid in die samelewing vestig; die reg word toegepas, afgedwing en geïmplimenteer deur alle howe en regeringsdepartemente; en die reg moet gehoorsaam word deur alle landsburgers. Bray (2000:9-10) verduidelik verder dat die reg 'n persoon verantwoordelik hou vir sy daad, en verder ook spesifieke norme en standaarde vir die onderwysstelsel voorskryf. Die reg moet ook die gedeelde waardes van die meerderheid van die bevolking reflekteer, meen Kleyn en Viljoen (2010:3). Die reg beskerm leerders teen ontgroeningspraktyke en verskaf ook die regsremedies wat gevolg moet word wanneer ontgroeningspraktyke reeds plaasgevind het, en leerders daardeur benadeel is. Daar moet ook onderliggend tot die regstelsel 'n waardestelsel wees wat die samelewing saambind (Kleyn & Viljoen, 2010:3). Hierdie waardes sluit ekonomiese, politieke, sosiale en morele waardes in. Die basiese funksies van die reg word as volg deur 'n aantal outeurs (Humbly & Kotze, 2012:4; Meintjies-Van der Walt, 2011:1; Berman & Grainer, 1966:31 in Oosthuizen, 2016:4-5) beskryf:

- Die reg beskerm die regte en vryhede van elke individu.
- Dit span bestaande neutrale kriteria in om die aksies van partye in konflik te evalueer ten einde dispute te probeer oplos.
- Die reg fasiliteer verandering in byvoorbeeld in omgewing, waardes en tegnologie.
- Dit moet ook die aksies van die staat monitor en evalueer.
- Die reg moet die regsistelsel opsigself beskerm.
- Dit voorsien strukture soos howe om dispute op 'n neutrale, regverdig en billike manier op te los.

- Dit beskerm die gemeenskap teen onaanvaarbare gedrag deur middel van 'n regsraamwerk wat voorsiening maak vir gedrag wat wettig en aanvaarbaar is.
- Die reg maak voorsiening vir 'n vreedsame orde vir 'n breë spektrum van die gemeenskap.
- Dit help landsburgers om die negatiewe gevolge van wandade te begryp.
- Die reg is die hoeksteen van die morele visie van die gemeenskap, en poog om die aanvaarding en eerbiediging van gemeenskaplike norme, waardes en wettige ooreenkomste te beskerm.

3.2.2 ONDERWYSREG

Die hoofdoel van onderwysreg is die bewaring van vrede en veiligheid in die onderwys, meen Joubert (2015:29). Oosthuizen (2004:16) sluit hierby aan en verduidelik dat die diepste kern van onderwysreg geborgenheid is. Onderwysreg reguleer die verhoudings tussen onderwysers, bestuurders, ouers, die algemene publiek, leerders, onderwysunies en die regering as die werkgewer in die onderwys (Shaba, Campher, Du Preez, Grobler & Loock, 2002:2). Die funksie van onderwysreg is om 'n veilige onderrig-omgewing daar te stel waarbinne leerders kan ontwikkel, meen Oosthuizen en Van der Westhuizen (2003:4).

Hulle is verder van mening dat onderwysreg die regte en verpligtinge van alle betrokke partye in die onderwys reguleer, dat dit bydra tot die skepping van harmonieuse samewerking tussen alle partye; dit verskaf 'n duidelike raamwerk rakende die rol van die opvoeder as professionele persoon; dit interpreteer die gegewe wetlike posisie om werkbare strukture te skep vir onderwysbestuur en administrasie, en onderwysreg vestig die gesag van die opvoeder, veral die van die onderwysbestuurder.

Bray (2000:35) maak ook melding van die volgende dimensies van onderwysreg, naamlik wettige norme en reëls wat van toepassing is op die onderwys (onderwyswetgewing); die reël van regmatige verhoudings in onderwys; die interpretasie, toepassing en uitvoering van die reg in onderwyssituasies (bv. dissiplinêre verhore, uitsetting of skorsing, hofuitsprake oor onderwys); en die impak van die *Grondwet* op onderwys. Die regte en verpligtinge ten aansien van die beleid van skoolonderwys word deur die nasionale en provinsiale regerings gedeel,

en is onder andere onderworpe aan bepalings aangaande die beskerming van die menseregte van opvoeders en leerders (Bray, 2000:35). Onderwysreg poog verder om balans te bring in die wedersydse regte en verpligtinge van die onderskeie rolspelers in onderwys om te verseker dat 'n harmonieuse omgewing van geborgenheid daargestel kan word. So 'n omgewing werk ten goede op leerders, ouers en voogde, opvoeders en die regering in sodat optimale onderrig en leer kan plaasvind (Oosthuizen 2009, 18-19). Onderwysreg is dus nie 'n aparte veld van die reg nie en het ook nie sy eie unieke norme en reëls nie (Bray, 2005:37). Onderwysreg word belyn met die breë beginsels van die reg, maar is wel 'n erkende afsonderlike veld binne die reg soos byvoorbeeld familiereg, kontraktereg, handelsreg en strafreg.

Dit is belangrik dat elke onderwysbestuurder, ouer en ander rolspeler in die onderwys kennis moet dra van onderwysreg, sodat almal wat binne die onderwyskonteks funksioneer se belange beskerm en bevorder word (Bray, 2005:9; Joubert & Prinsloo, 2008:29). Vir Joubert en Prinsloo (2008:2) is die Suid-Afrikaanse reg en onderwysreg 'n kombinasie van konstitusionele reg, substantiewe reg en prosesreg.

3.2.3 ONTGROENING

Die *RPIPS* (regulasie 2(a)(f); 3-4) verwoord ontgroening as enige daad waar die proses van ontgroening toelating of affiliasie as voorwaarde vir volgehoue lidmaatskap van 'n skool, 'n groep, 'n sportspan of organisasie verseker. Kenmerke van ontgroening sluit in dat dit 'n persoon se fisiese of geestesgesondheid in gevaar gestel word. Dit ondermyn die inherente waarde van mense, want daardeur word sommige mense as minderwaardig behandel.

Ontgroening stel individue bloot aan vernederende of gewelddadige daade wat hulle grondwetlike regte skend, soos uiteengesit in die Handves van Menseregte. Dit ondermyn die fundamentele regte en waardes van die *Grondwet*, en onderdruk die ontwikkeling van 'n ware demokratiese kultuur wat individue bemagtig om as gelyk, waardig en met respek behandel te word. Ontgroening is dus enige aktiwiteit wat graad agts, eerstejaars of lede van sportspanne moet deurmaak as voorwaarde vir lidmaatskap tot die groep. Tydens die ontgroeningsproses word nuwe lede verneder en hul basiese menseregte word geskend, alles ter wille van 'n groepsgevoel (Potgieter *et al.*, 2014:513). Allan en Madden (2008:4) beskryf

ontgroening as 'n aktiwiteit waar daar van iemand wat by 'n groep wil aansluit verwag word om deur 'n proses van vernedering, afkraking, mishandeling, of blootstelling aan lewensgevaarlike situasies te gaan.

3.2.4 ORIËNTERINGSPROGRAMME

Ancer (2011:9) verduidelik dat oriënteringsprogramme daar gestel is om nuwelingelike sielkundig, fisies en simbolies vir hulle nuwe omgewing voor te berei. Huysamer (2013:10) verduidelik dat oriënteringsprogramme aan die begin van elke akademiese jaar by skole en universiteite gehou word. Tydens hierdie oriëntering word nuwelingelike gewoonde gemaak aan hulle nuwe fisiese omgewing, en hulle word blootgestel aan die geskiedenis en etos van die skool (Huysamer, 2013:10). Verder poog oriënteringsprogramme om die nuwe graad 8 leerders aan die graad 12 leerders wat leierskapsposisies by die skool beklee, bekend te stel, verduidelik Huysamer (2013:10). Oriënteringsprogramme moet dus doelgerig wees en moet die nuwe leerder of student op 'n waardige manier aan die instansie bekendstel (South African Human Rights Commission, 2001:17). Dit is belangrik dat oriëntering by beide skole en instellings van hoër onderwys moet fokus op selfdissipline, selfmotivering, selfrespek sowel as akademiese en sportprestasies (South African Human Rights Commission, 2001:17). Dit is ook van waarde om die verskil tussen oriëntering en ontgroening weer te gee. Die verskil tussen oriëntering en ontgroening is: "Die onderskeid balanseer tussen of die program 'n student van wat die skool kan bied, en of dit die student verneder deur middel van 'n outoritêre dissiplinesisteam (South African Human Rights Commission, 2001:17).

In baie skole en ander onderriginstansies word ontgroeningsdade wel gepleeg, maar onder die dekmantel van oriëntering (cf. 1.2). Dit is dus belangrik om die verskil tussen die twee terme uit te wys omdat die benaming wel misbruik word as versagting, om te kan sê dat die dade deel was van oriëntering eerder as van ontgroening.

3.2.5 TEISTERING

Die *Protection from Harassment Act 17 of 2011* definieer teistering as:

directly or indirectly engaging in conduct that the respondent knows or ought to know - causes harm or inspires the reasonable belief that harm may be caused to the complainant or a related person...

Davel (2013:par.7-8) meen verder dat 'n persoon iemand teister wanneer die persoon deelneem aan gedrag wat hy of sy weet, of behoort te weet, kan tot geestelike, sielkundige of fisiese leed, of ekonomiese skade, lei. Senior leerders weet dat hulle ontgroeningspraktyke teenoor juniors verkeerd is (cf. 2.2, 2.3, 2.4). Wanneer ontgroeningspraktyke plaasvind, stel seniors hul mag ten toon en kan dit soms so hand-uit ruk dat juniors beseer word of ernstige liggaamlike skade opdoen ter wille van die kohesie van die groep (cf. 1.1, 2.2, 2.3, 2.4).

3.2.6 DISKRIMINASIE

Artikel 1 van die *Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act 4 of 2000* meen dat diskriminasie mense weerhou van sekere voorregte. Dié wet beskryf diskriminasie as enige daad, insluitend 'n beleid, wet, reël, praktyk, voorwaarde of situasie, wat direk of indirek 'n las, voorwaarde of tot nadeel van iemand is, of wat voordele of geleentheid weerhou van iemand op grond van een of ander voorwaarde.

3.2.7 VERBAND TUSSEN LYFSTRAF, AANRANDING EN ONTGROENING

Daar bestaan 'n beduidende band tussen lyfstraf, aanranding en ontgroening. Dit sal vervolgens bespreek word. Volgens die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (hierna WKOD) word lyfstraf (WKOD, 2016:par.5.1) beskryf as:

enige doelbewuste handeling teen 'n kind wat pyn of fisiese ongemak veroorsaak om hom/haarte bedwing. Dit sluit in, maar is nie beperk nie, klap, knyp of slaan van 'n kind met die hand of enige ander voorwerp; ontsegging of beperking van 'n kind se gebruik van die toilet; ontsegging van etes, vloeistof, hitte en skuiling; stoot of trek van 'n kind met geweld; dwing van 'n kind om oefeninge te doen. Dit is dus nie net om 'n kind met 'n lat te slaan nie, maar verwys ook na 'n aanval op 'n persoon (leerder) op enige ander wyse.

Die SASW verduidelik rakende leerders in Hoofstuk 2 (RSA, 1996b:Artikel 10(1-2)) dat geen persoon lyfstraf aan 'n leerder mag oplê nie. Artikel 10(2) bepaal dat indien 'n persoon wel lyfstraf toedien, hy/sy skuldig is aan 'n oortreding, en dat 'n vonnis soortgelyk aan dit wat geld vir aanranding, ook opgelê kan word in die geval van lyfstraf. Dit is gewoonlik onderwysers wat onwettig lyfstraf toedien, maar dikwels maak seniors hulle ook daaraan skuldig om nuweling lyfstraf toe te dien en te beseer (cf. 2.3). Hulle slaan ook nie nuweling net met gordels nie, maar ook met ander voorwerpe wat hulle ernstig kan beseer (cf. 2.3).

Aanranding sluit sterk aan by die tema van lyfstraf. Dit is belangrik om ook uit te wys wat aanranding is ten opsigte van hierdie studie. Volgens die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU, 2018:p.2) word aanranding gedefinieer as:

die onregmatige en opsetlike toepassing van krag, geweld en/of aantasting aan die persoon van 'n ander; of die skep van 'n oortuiging by 'n ander persoon dat sodanige geweld of aantasting onmiddellik teen hom of haar toegepas gaan word. Bykomend is ook aanranding met die bedoeling om ernstig te beseer.

Aanranding bestaan uit enige wederegtelike en opsetlike gedrag wat tot gevolg het dat iemand anders se liggaamlike integriteit direk of indirek aangetas word, of wat iemand anders laat glo dat so 'n aantasting van sy/haar liggaamlike integriteit binnekort gaan plaasvind (Snyman, 2012:475). 'n Hele verskeidenheid aksies kan as aanranding beskou word. Die WKOD (WKOD, 2016:par.5.2) verskaf 'n paar voorbeelde: enige fisiese daad wat pyn of ongemak aan 'n leerder veroorsaak, die gebruik van 'n stok/gordel/rottang of enige voorwerp om leerders te dreig, om 'n leerder te skud, enige vorme van marteling, skop, knyp, ore of enige ander liggaamsdele te trek, iemand met 'n vinger te stamp/stoot, enige verbale aanslag, die gebruik van vulgêre taal, vloekery of geswets, of om 'n leerder met rassistiese en/of seksuele ondertone te beledig. Baie leerders word dus ook aangerand tydens ontgroeningspraktyke. Tydens die praktyke word hulle blootgestel aan vreesaanjaende aktiwiteite waar hulle selfs met hulle lewens kan boet (cf. 2.4).

Daar is vroeër in die hoofstuk (cf. 3.1.3) melding gemaak van ontgroening. Die SASW se verbod op inisiasiepraktyke (Artikel 10A(3)) beskryf ontgroening as:

enige handeling in die proses van inisiasie, toelating tot, of inlywing by, of as 'n voorwaarde vir voortgesette lidmaatskap van, 'n skool, 'n groep, binnemuurse of buitemuurse bedrywighede, interskoolse sportspan, of organisasie...

In al die definisies wat vir lyfstraf, aanranding en ontgroening gegee is, is daar 'n redelike mate van oorvleueling. Tydens ontgroeningspraktyke is verskeie kere aangemeld dat kinders lyfstraf en aanranding moes deurmaak (cf. 1.1, 1.2, 2.1, 2.2, 2.3). Lyfstraf kan dus ook as aanranding gesien word. In die meeste gevalle is dit nie die bedoeling van seniors om juniors te beseer nie, maar as die situasie hand-uit ruk kan mense beseer word, of selfs gedood word (cf. 2.1, 2.2, 2.3). Indien daar dus enigsins lyfstraf tydens ontgroeningspraktyke voorkom, kan daar strafregtelik teen die oortreders opgetree word.

3.2.8 VERBAND TUSSEN AANRANDING, KINDERMISHANDELING EN BOELIERY

Daar is 'n verband tussen aanranding en kindermishandeling. 'n Derde element wat ook daarby aansluit is boeliery of bullebakkerie. Hierdie verband word gevind tydens ontgroeningspraktyke, maar dit word nie altyd so deur owerhede of ouers gesien nie. Owerhede en ouers glo gewoonlik dit maar net kinders is wat deelneem aan die ontgroeningspraktyke, en daarom is dit sekerlik net onskuldige pret (cf. 1.1, 1.2, 2.1, 2.2, 2.3).

Aanranding soos vroeër genoem (3.1.7), kan verskeie vorme aanneem. Dit is 'n onwettige daad, en daar kan strafregtelik teen oortreders opgetree word. Onderwysers moet hulle daarvan weerhou om leerders by die skool of tydens ontgroeningspraktyke aan te rand. So moet medeleerders ook respek hê vir mekaar, deur mekaar nie aan te rand nie. Onderwysers moet leerders ook beskerm teen ander wat hulle wil aanrand of leed aandoen.

Kindermishandeling is die tweede tema wat in verband staan met aanranding en bullebakkerie. Kindermishandeling word volgens die *Children's Act 38 of 2005* beskryf as:

'abuse', in relation to a child, means any form of harm or ill-treatment deliberately inflicted on a child, and includes

(a) assaulting a child or inflicting any other form of deliberate injury to a child;

(b) sexually abusing a child or allowing a child to be sexually abused;

(c) bullying by another child;

(e) exposing or subjecting a child to behaviour that may harm the child psychologically or emotionally;

Dit is kommerwekkend om daarop te let dat baie van die bostaande genoemde bepalings oor kindermishandeling ook op ontgroening van toepassing is. Tydens sekere ontgroeningseremonies word baie van die bogenoemde daade teen kinders gepleeg, en moet derhalwe as kindermishandeling geag word (cf. 2.1, 2.2, 2.3).

Boeliery (cf. 1.1) verwys na hoe individue uit 'n groep uitgeskuif word. Boeliery (Stopbullying.gov, 2019) is ongewenste aggressiewe gedrag tussen skoolgaande kinders,

aangevuur deur 'n magswanbalans wat herhalend is of beskik oor die potensiaal om herhaal te word. Volgens Childline Suid-Afrika (Internet, 2019) is daar verskeie maniere hoe kinders geboelie kan word: deur beledig te word, deur onwaarhede te vertel om ander in die moeilikheid te kry, om ander te slaan, knyp, byt, te stamp of stoot, om dinge van mense af weg te vat, om die eiendom van ander te beskadig, om ander persone se geld te steel, om valse inligting oor ander te versprei, en ook om persone te dreig of te intimideer.

Weereens kan die sterk verband tussen aanranding, kindermishandeling en boeliery waargeneem word. Al drie hierdie kan maklik van een na die ander oorgaan.

Al drie vind ook plaas tydens ontgroeningspraktyke, maar word deur verskillende partye (ouers, onderwysers en seniors) as oriëntering uitgewys, en afgemaak as onskuldige pret wat deur die leerders geniet moet word (cf. 1.1, 1.2). Omdat baie van hierdie ontgroeningsdade in die skoolopset plaasvind en as onskuldige pret beskou word, word hierdie dade teen kinders misgekyk en nie as aanranding, kindermishandeling of boeliery gesien nie (cf. 1.1, 1.2). Beheerliggame, skoolhoofde, onderwysers, ouers of leerders wat hulle skuldig maak deur deelname aan ontgroeningspraktyke aan te moedig of self deel te neem, skep ruimtes waar leerders aan vorme van kindermishandeling, aanranding en boeliery onderwerp kan word.

3.3 ALGEMENE REGSBEGINSELS

Verskeie regsbeginsele word in hierdie hoofstuk bespreek. Die verskillende beginsele sal gedefinieer word om die betekenis daarvan duidelik te laat blyk.

3.3.1 *DIE GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, 1996*

Die *Grondwet* van die Republiek van Suid-Afrika (1996) (hierna *Grondwet*) is die hoogste en mees gesaghebbende wet, en geen ander wet of optrede mag in konflik daarmee wees nie (Bray, 2004:57). Bray (2004:57), Joubert en Prinsloo (2008:15), en Oosthuizen *et al.* (2004:17-18) is dit eens dat alle regeringsdepartemente ondergeskik aan die *Grondwet* is, en alle reg (insluitende onderwysreg) en gedrag in lyn met die *Grondwet* moet wees. Die *Grondwet* vervat verskeie bepalinge wat op die onderwys van toepassing is.

Die tersaaklike bepalinge sluit in: die Handves van Menseregte (Joubert & Prinsloo, 2008:15) waarin fundamentele regte beskerm word; bepalinge ten aansien van die formaat van die

demokratiese regeringsstelsel bestaande uit die drie sferes van die regering (nasionale, provinsiale en plaaslike); vereistes met betrekking tot samewerkende regering wat die verskillende regeringsferes verplig om interafhanklik, dog onafhanklik van mekaar, te opereer; en bepalings ten aansien van die staatsdiens waartoe byvoorbeeld provinsiale onderwysdepartemente en openbare skole verbind is om gesagsverhoudings te bestuur, volgens demokratiese waardes en beginsels soos vervat in die *Grondwet*.

Ontgroeningspraktyke is nie in lyn met die *Grondwet* nie. Verskeie aktiwiteite wat plaasvind tydens ontgroening skend van hierdie regte, en maak inbreuk op die leerders se regte wat inderwaarheid gewaarborg en uitgebou moet word (cf. 1.1, 1.2). Vervolgens sal daar deur middel van die Handves van Menseregte enkele regte bespreek word, asook die effek wat ontgroening het wanneer sodanige regte misken word.

3.3.1.1 GELYKHEID

Artikel 9 van die *Grondwet* verduidelik dat alle persone in die land gelyk is. Almal moet dus ook dieselfde behandeling geniet. Verder verduidelik Artikel 9(1-2):

9. (1) Elkeen is gelyk voor die reg en het die reg op gelyke beskerming en voordeel van die reg.

(2) Gelykheid sluit die volle en gelyke genieting van alle regte en vryhede in.

Op sy mees basiese en abstrakte kan die idee van gelykheid gesien word as om mense wat in dieselfde posisie is, dieselfde te hanteer (Currie & De Waal, 2005:230). Alle leerders is gelyk voor die reg en geniet ook dieselfde beskerming van die *Grondwet*. Leerders moet ook almal dieselfde hanteer word en geen leerder, selfs nie nuweling graad agt leerders nie, mag enigsins uitgebuit word nie. In die meeste skole bestaan daar egter 'n hiërargiese stelsel van belangrikheid, waar seniors (graad 12 leerders) beslis nie gelyk is aan juniors (graad 8 leerders) nie. Senior leerders sien hulself sekere regte toe en sien nuweling steeds as ondergeskik (cf. 1.1 en 1.2). Ontgroening is nog altyd as 'n soort ritueel gebruik om nuweling tuis te laat voel, of deel van die groep (cf. 1.1). Dit is egter tydens hierdie praktyke dat die seniors se mag ten toon gestel word (cf. 1.1).

Van die seniors wil hierdie eenheids- of gelykheidsgevoel laat deurspoel, maar aan die einde van die dag word die seniors se posisie 'n teelaarde vir magsmisbruik en diskriminerende optrede teenoor juniors wat nie dieselfde voorregte geniet as senior leerders nie (cf. 1.1). Dit kom neer op diskriminasie op grond van ouderdom of senioriteit. Sodanige onderskeid is *prima facie* diskriminasie en daarom ook onderworpe aan die bepalings van Artikel 36 van die *Grondwet*.

Dit kan gebruik word om te bepaal of die beperkings op die junior leerders se reg op gelykheid geregverdig kan word binne die parameters van vryheid, gelykheid en menswaardigheid. Vir sommige leerders kan ontgroening na 'n opbouende aksie klink, maar dit kan nie wettig en konstitusioneel wees wanneer leerders ander leerders seermaak, intimideer, nie as gelyk behandel nie of benadeel (cf. 1.2, 1.3).

3.3.1.2 MENSWAARDIGHEID

Artikel 10 van die *Grondwet* verduidelik die beginsels van menswaardigheid. Almal se menswaardigheid moet eerbiedig en gerespekteer word. Artikel 10 verduidelik menswaardigheid as volg:

Elkeen het ingebore waardigheid en die reg dat daardie waardigheid gerespekteer en beskerm word.

Currie en De Waal (2005:272) meen dat menswaardigheid 'n kernwaarde van die objektiewe waardesisteem inherent tot die *Grondwet*, is. Dis moontlik selfs die belangrikste waarde. Die *Grondwetlike* beskerming van menswaardigheid vereis van ons om die waarde en belangrikheid van alle lede van die gemeenskap te erken (Currie & De Waal, 2005:273). Dis juis wat nie tydens ontgroening gebeur nie. Nuwelinge word as ondergeskik gesien en hul menswaardigheid word aangetas deur senior leerders wat onaanvaarbare eise aan hulle stel (cf. 1.1, 2.2, 2.3). Om na 'n nuwe skool, veral 'n hoërskool te gaan, kan oorweldigend vir die meeste kinders wees. Senior leerders, veral graad 12 leerders, eien hulself die reg toe om graad agt leerders in te sout, in te burger of as sotte uit te wys (cf. 1.1). Hierdie inlywingshandelinge (wat volgens seniors wettig is) word gebruik om nuwelinge se menswaardigheid te skend en om hulle magsmisbruik teenoor die graad agt leerders te demonstreer (cf. 1.2). Leerders se menswaardigheid word geskend wanneer hulle verneder

word, as daar op hulle geskree en gevloek word, wanneer hulle seksdade met persone van dieselfde of teenoorgestelde geslag moet pleeg, en wanneer hulle groot hoeveelhede alkohol moet drink, soms tot op die punt waar 'n persoon siek word of flou val daarvan (cf. 1.1).

Hierdie vereistes wat seniors aan juniors stel, toon dat senior leerders geen respek toon teenoor junior leerders nie, en hul menswaardigheid nie as belangrik ag nie.

3.3.1.3 PRIVAATHEID

Alle persone het die reg om privaatheid te geniet op verskeie terreine. Die reg op privaatheid word as volg in Artikel 14 van die *Grondwet* verduidelik:

14. Elkeen het die reg op privaatheid...

Artikel 14 het twee dele. Die eerste waarborg 'n algemene reg tot privaatheid. Die tweede bied beskerming teen spesifieke skendings van privaatheid, soos ondersoeke, beslaglegging en oortredings op die privaatheid in terme van kommunikasie (Currie & De Waal, 2005:315). Sommige senior leerders raak baie fisies en vat op 'n onbetaamlike wyse aan junior leerders (cf. 2.3). Dit skend die leerders se privaatheid. Junior leerders se inligting mag ook nie onderskep word nie. Voorbeelde sluit in om hulle selfoonboodskappe te lees of selfs hulle geld, lekkers of kos uit hulle kaste te neem (cf. 6.2.9). Tydens ontgroeningseremonies word nuwelinge se privaatheid dikwels nie eerbiedig nie. As kinders naak moet verskyn voor ander, of seksuele dade teenoor ander moet naboots, word so 'n individu se privaatheid glad nie as belangrik geag nie (cf. 1.1, 1.2). Die seksuele aspek van die lewe is uiters privaat en moet gerespekteer word deur ander. Senior studente (cf. 1.1, 1.2, 2.1, 2.2, 2.3) gebruik juis seksuele dade, masturbasie en verkragting om nuwelinge uit te buit, te verneder, te misbruik en hul privaatheid te skend.

Elke persoon is Suid-Afrika het die reg op vryheid en sekerheid van die persoon. Veral leerders moet beskerm en geborge wees by die skool. Hulle mag nie blootgestel word aan enige vorm van geweld, lyfstraf of marteling nie. Artikel 12 van die *Grondwet* brei as volg daarvoor uit:

12. (1) Elkeen het die reg op vryheid en sekerheid van die persoon, waarby inbegrepe is die reg om–

(c) vry te wees van alle vorme van geweld van hetsy openbare hetsy private oorsprong;

(d) op geen wyse gemartel te word nie; en

(e) nie op 'n wrede, onmenslike of vernederende wyse behandel of gestraf te word nie.

(2) Elkeen het die reg op liggaamlike en psigiese integriteit, waarby inbegrepe is die reg

(b) op sekerheid van en beheer oor die eie liggaam...

Die reg tot vryheid en sekuriteit van die persoon speel 'n prominente rol in die Suid-Afrikaanse *Grondwetlike* regspraak, meen Currie en De Waal (2005:292). Die rede vir die prominensie van hierdie reg is dat alhoewel dit beskerming verleen teen fisiese beperkinge soos aanhouding of gevangenisskap, verskaf dit omvattende beskerming in die beperkte area waarop dit van toepassing is, aldus Currie en De Waal (2005:292). Wanneer 'n persoon van sy fisiese vryheid ontnem word, waarborg Artikel 12 beide substantiewe en proseduriële beskerming (Currie & De Waal, 2005:292). Die substantiewe komponent vereis dat net die staat die mag het om, op grond van voldoende bewyse, by magte is om iemand van sy fisiese vryheid te ontnem. Die proseduriële komponent vereis dat die ontneming moet plaasvind op grond van billike prosedures, verduidelik Currie en De Waal (2005:292). Private persone het nie die reg om 'n ander se vryheid wederregtelik te ontnem nie.

Ontgroeningspraktyke skaad hierdie reg van individue. Leerders word gedwing om aan praktyke deel te neem soos deur die seniors vereis word (cf. 1.1, 1.2). In baie gevalle van ontgroening begin die aktiwiteite op 'n redelike vlak van beskaafdheid, maar ongelukkig ruk dit dikwels totaal en al hand uit. Nuweling leerders moet soms verskriklike dade verrig om te kan deel word van die groep. Van die dade sluit onder andere verkragting, sodomisering, om naak rond te hardloop, slaapweëhouding, oormatige oefening, die eet van vreemde kossoorte, gedwonge bakleiery met ander leerders, koppe wat in toilette gedruk word, en die gebruik van kru en verbaal beledigende taal in. In sommige gevalle boet juniors met hulle lewens (cf. 1.1, 1.2, 2.1, 2.2, 2.3). Hierdie gedrag is duidelik teenstrydig met die juniors se reg om nie aan wrede, onmenslike optrede of straf blootgestel te word nie.

Alhoewel die fisiese mishandeling en geforseerde deelname soms opsigtelik waargeneem kan word, is dit tragies om te besef dat die emosionele pyn, konstante vrees, nagmerries en

selfmoordneigings wat juniors ervaar nie altyd sigbaar is nie, en baie meer verreikende gevolge kan hê (cf. 1.1). Dit is 'n duidelike skending van leerders se reg om vry te wees van alle vorme van geweld, wat insluit emosionele geweld en die gevolge daarvan. Oriëntering is belangrik om nuwelinge meer van die skool te leer en om hulle touwys te maak oor die kultuur en tradisies van die skool, maar wanneer dit gewelddadig raak, raak dit 'n misdad.

Ongelukkig misbruik baie skole die term oriëntering terwyl leerders eintlik op 'n onwettige wyse ontgroen word (cf. 1.1, 1.2). Skole moet as plekke van veiligheid geag word waar leerders kan leer en onderrig word, en waar hulle geborge moet voel (cf. 1.1). Leerders word tydens ontgroening soms blootgestel aan erge vorme van geweld, en begin later selfs glo dat dit maar die norm is om so verneder te word (cf. 2.2, 2.3). Hulle begin daaraan beplan om hul eie ontgroening te wreek, en kan nie wag vir die dag wat hulle die seniors gaan wees sodat hulle ook juniors kan ontgroen en laat voel wat hulle moes deurmaak nie. So ontstaan 'n gevaarlike magskringloop wat jaar na jaar aangevuur word deur juniors wat hul ervarings wil wreek. Dit skep 'n kultuur wat ontgroening ondersteun (cf. 1.1, 1.2).

3.3.1.4 BESTE BELANGE VAN DIE KIND

Die *Grondwet* stel in Artikel 28 verskeie beginsels rakende die beste belange van kinders, waaraan gehoor gegee moet word. Artikel 28(1-3) beskryf dat:

(1) Elke kind het die reg–

(d) om teen mishandeling, verwaarlosing, misbruik of vernedering beskerm te word;

(2) 'n Kind se beste belang is van deurslaggewende belang in elke aangeleentheid wat die kind raak.

(3) In hierdie artikel beteken "kind" iemand onder die ouderdom van 18jaar.

Artikel 28 van die *Grondwet* stipuleer 'n reeks regte wat beskerming aan kinders verleen, wat addisioneel is tot die beskerming wat aan hulle verleen word deur die bepalings in die Handves van Menseregte, verduidelik Currie en De Waal (2005:600). Behalwe vir 'n paar spesifieke beperkinge, suggureer Currie en De Waal (2005:600), beskik elke kind oor dieselfde beskerming in die Handves van Menseregte as enige ander volwassene in die land. Kinders so jonk as nege jaar word aan ontgroeningspraktyke blootgestel (cf.

1.1). Ongelukkig is onderwysers en skoolhoofde ook aandadig aan ontgroening, en daardeur minag hul die *in loco parentis* beginsel soos uiteengesit in verskeie stukke wetgewing rakende die belange van kinders (cf. 1.1, 2.1, 2.2).

Ontgroeningspraktyke en kinders se deelname daaraan lei tot die misbruik, vernedering en uitbuiting van leerders, wat 'n risiko is vir hul welsyn, opvoeding, liggaamlike en geestelike gesondheid, en ook hulle morele en sosiale ontwikkeling (cf. 1.1, 1.2, 2.1, 2.2, 2.3). Die beste belange van die kind word ondermyn as hulle blootgestel word aan ontgroeningspraktyke wat op verskeie terreine, soos genoem, tot hulle nadeel strek (cf. 1.1, 1.2). Artikel 28(2) van die *Grondwet* beskryf dat die beste belange van die kind te alle tye deurslaggewend moet wees. Die vraag ontstaan ook of dit in die beste belang van die seniors is om toegelaat te word om die juniors te ontgroen. Ontgroeningspraktyke moet 'n impak op die lewens- en wêreldbeskouing van die seniors hê (cf. 2.1, 2.2). Seniors wat nie wil deelneem aan ontgroeningspraktyke nie word gedwing om dit te doen, om sodoende 'n verenigde front te skep (cf. 2.2, 2.3). Dit kan daartoe lei dat sommige seniors 'n verkeerde beskouing van menswaardige behandeling, gelykheid en respek kan ervaar. Hierdie skewe lewensbeskouing kan van hulle boelies maak in die volwasse lewe. Dit kan verder aanleiding daartoe gee dat hulle hulle skuldig maak aan gesinsgeweld en ander onaanvaarbare gedrag, omdat skole ontgroening toelaat of goedpraat.

Die beste belange van die oortreders (senior leerders) en die omstanders word dus ook nie ag geneem. Soos beskryf is, word daar 'n totale wrang beeld ervaar wanneer skole ontgroening toelaat. Baie senior leerders is self nog onder die ouderdom van 18 jaar, en is dus self nog kinders, met Artikel 28(3) van die *Grondwet* nog van toepassing op hulle ook.

Skole wat dus ontgroening toelaat, benadeel nie net die juniors nie maar verleen ook 'n tipe mag aan seniors. Hierdie groep wat die juniors ontgroen, is nie altyd in staat om dit te hanteer nie, en dit kan aanleiding gee tot verkeerde persepsie van wat reg en verkeerd is. Skole faal ook dus seniors as hulle toegelaat word om ernstige menseregteskendings te begaan, en nie geleer word dat dit onaanvaarbaar is, en wat die ware betekenis van die onderskeie menseregte inhou nie.

Verder word die beste belange van die graad 7s, wat bang is om hoërskool toe te gaan, ook nie in ag geneem nie. Die invloed wat ontgroening in die algemeen op 'n skool se kultuur het, moet in ag geneem word. Mates van stilswye en 'n eed van volkome verbintenis tot die skool bestaan ook, waar leerders nie toegelaat word om uit te praat oor hul ontgroeningsbelevensisse nie (cf. 2.1, 2.2, 2.3).

Sommige oudleerders en ouers ondersteun ontgroeningsgebruik en glo dat dit moet voortgaan omdat dit deel van 'n skool se sogenaamde tradisie is. Ongelukkig is hierdie persone blykbaar steeds onbewus daarvan, of verkies om dit te ignoreer, dat ontgroeningspraktyke onwettig is. Leerders wat ontgroen asook die slagoffers daarvan se belange kan nie deurslaggewend wees tydens ontgroeningsgeleenthede nie. Dit skep spanning, en skole wat ontgroeningspraktyke toelaat oortree in der waarheid die wet.

3.3.1.5 REG OP EIENDOM

Eiendom word gekonseptualiseer as 'n wettige verhouding tussen persone en fisiese tasbare dinge, aldus Currie en De Waal (2005:536). Oor eiendom word daar in die *Grondwet* (Artikel 25(1)b) verduidelik dat:

25. (1) Niemand mag eiendom ontnem word nie...

(b) is eiendom nie tot grond beperk nie.

Tydens ontgroeningspraktyke word baie leerders ook finansiële uitgebuit deurdat hulle besittings tydens ontgroening deur seniors by hulle afgeneem word (cf. 2.1). Die seniors eien hulself die reg toe om op die eiendom van juniors beslag te lê omdat hulle nou glo dat hulle mag oor die juniors het (cf. 2.4).

3.3.2 WETGEWING

Wetgewing is enige wet, proklamasie, ordonnansie of ander maatregel van die nasionale of provinsiale parlement wat die krag van 'n wet het (Joubert & Prinsloo, 2008:16; Oosthuizen, 2004:16). Joubert en Prinsloo (2008:17) verduidelik dat die Parlement, Provinsiale wetgewers en munisipale rade wette maak deur wetsontwerpe uit te reik wat dan later wette word. Die oorspronklike bronne wat die basis van onderwysreg as vak uitgemaak het, was wetgewing, gemene reg en regspraak en verwys ook na die tyd toe daar parlementêre soewereiniteit was

(Oosthuizen, 2004:16; Oosthuizen & Roos, 2003:20). Na 1994 het die bronne van die Suid-Afrikaanse-onderwysreg verander, volgens Joubert en Prinsloo (2008:14), met 'n stelsel van Grondwetlike soewereiniteit waar die Grondwet die oppergesag is, gevolg deur wetgewing, regspraak en die gemenerereg.

Sekere wette is van uiterste belang vir die onderwys en kan as onderwysspesifieke wette bestempel word. Voorbeelde hiervan is die *Wet op Nasionale Onderwysbeleid Wet 27 van 1996*, die *SASW*, die *Wet op Indiensneming van Opvoeders Wet 76 van 1998*, en die *Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders Wet, Wet 31 van 2000* (Oosthuizen, Rossouw & De Wet, 2016:13).

3.3.3 GEWOONTEREG

Gewoontereg bestaan uit ongeskrewe reëls wat 'n gemeenskap oordra van een generasie na die volgende (Bray, 2005:59). Gewoontereg, soos Bray (2005:59-60), Oosthuizen, Rossouw en De Wet (2016:24) verder uitbrei, moet ook aan sekere vereistes voldoen om geag te word as 'n wettige reël, byvoorbeeld dat dit redelik moet wees, vir 'n redelike tyd al bestaan, en algemeen aanvaarbaar moet wees. Die inhoud daarvan moet duidelik wees en die inhoud van die reël moet deur al die lede van die gemeenskap verstaan word. Daar is geen verband tussen gewoontereg en ontgroeningspraktyke nie.

3.3.4 INHEEMSEVOLKE-REG

In terme van die *Grondwet*, moet howe van inheemse reg gebruik maak indien dit van toepassing is.

Indien hierdie inheemse reg egter enigsins teenstrydig met die *Grondwet* is, is daar 'n sterk kans dat dit as ongrondwetlik verklaar sal word (Bray, 2005:5). Kleyn en Viljoen (2010:37) stel die algemene kenmerke van inheemse reg as volg: dis die meeste van die tyd gewoontereg wat mondelings van geslag tot geslag oorgedra word, dit kan van gebied tot gebied en van stam tot stam verskil, en laastens reël dit nie verhoudinge tussen individue en die staat nie, maar eerder onderlinge verhoudinge tussen individue self. Daar is dus pluralisme in die Suid-Afrikaanse regstelsel, want behalwe vir die Romeins-Hollandse regstelsel, soos beïnvloed deur Engelse reg, geld inheemse reg ook (Kleyn & Viljoen, 2010:37-38).

Ontgroeningspraktyke vind aan die begin van elke jaar maar weer plaas, weens die magskringloop waarna reeds verwys is, en skole se tradisies. Dit lyk ook of ouers dit nie juis bevraagteken nie (Potgieter *et al.*, 2012:506). Daar is 'n besliste kultuur wat ontgroeningspraktyke ondersteun (Potgieter *et al.*, 2012:509). Daar is nie spesifieke inheemse wette wat stipuleer dat leerders ontgroen moet word nie – dis eerder tradisies wat vanaf ouer leerders en skole afkomstig is (Potgieter *et al.*, 2012:509).

Inisiasiegebruike verskil heelwat van ontgroeningsgebruike. Vir die doel van duidelikheid is dit wel nodig om aan te dui wat met inisiasiegebruike bedoel word. Tradisionele inisiasiegebruike is baie belangrik vir inheemse volke, en dit word as verpligtend gesien vir alle seuns (Mogotlane, Ntlangulela & Ogunbanjo 2004:58). Tydens die inisiasieseremonie word 'n seun besny as teken van sy volwassenheid. Inisiasie is die oorgang van adolessensie na volwassenheid (Mogotlane *et al.* 2004:57). Tradisionele inisiasiepraktyke val dus buite die bestek van hierdie studie, juis omdat ontgroeningspraktyke in geen kultuur verpligtend vir seuns of dogters is nie. Heelwat ouers ondersteun ontgroening egter, asook die kultuur wat dit as nodig ag (cf. 1.1).

3.3.5 *INTERNASIONALE REG*

Artikel 39(1) van die *Grondwet* bepaal dat wanneer die Handves van Menseregte geïnterpreteer word, buitelandse reg (soos die van Engeland, die VSA en Indië) wel oorweeg mag word, maar wel slegs deur 'n hof, tribunaal of forum (Oosthuizen & De Wet, 2016:69). Internasionale reg moet oorweeg word en is hoofsaaklik 'n reg van vrywillige deelname, waar die gesaghebbende mag slegs van toepassing is op die partye wat hul toestemming om deelname verklaar het, en wat hou by die ooreenkoms wat met ander betrokke lande gesluit is (Internet, 2017). Die United Nations Convention on the Rights of the Child is 'n voorbeeld van internasionale reg (1989).

Artikel 14 van die United Nations International Children's Emergency Fund (UNICEF) se Convention on the Rights of the Child brei uit oor die vryheid van denke, gewete en godsdiens. Die konvensie erken dat, soos wat kinders ouer word, hulle hul eie sieninge mag vorm rakende geloofspraktyke en kulturele tradisies. Kinders het dus 'n keuse om deel te neem aan ontgroeningspraktyke of nie.

Ongelukkig is die realiteit anders, waar kinders dikwels gedwing word om deel te neem ter wille van 'n groepsgevoel. Hulle word dan blootgestel aan praktyke waaraan hulle geen keuse het om deel te neem nie (cf. 1.1, 1.2, 2.2, 2.3).

3.3.6 GEMENEREG

Vir Bray (2005:59) asook Joubert en Prinsloo (2008:20), kan die Suid-Afrikaanse gemenerereg gesien word as 'n gekombineerde regsisteem wat afkomstig is van die Romeins-Hollandse regstelsel en beïnvloed is deur die Britse en inheemse reg (Afrika-gewoontereg). Roos en Oosthuizen (2003:49) dui aan dat in terme van Artikel 173 van die *Grondwet*, slegs die Grondwethof, Hooggeregshof en hoër howe oor die inherente mag beskik om Suid-Afrikaanse gemenerereg te ontwikkel.


Gemenerereg-reëls wat veral belangrik in die onderwysveld is, sluit in die beginsels van *in loco parentis* (in die plek van die ouer in die skoolomgewing), *audi alteram partem* ('n persoon in 'n dispuut moet sy/haar saak kan stel), *nemo iudex in re sua causa* (niemand kan sy/haar eie saak besleg nie), *ultra vires doctrine* (om op te tree buite jou wettige outoriteit), plaasvervanger verantwoordelikheid (onderwysers, beheerliggame en die Departement van Onderwys het statutêre en gemeenregtelike pligte en verantwoordelikhede om kinders se veiligheid te verseker) asook nalatigheid (die toets van die redelike persoon) (Bray, 2005:59; Joubert & Prinsloo, 2004:21; Oosthuizen, 2004:17; Shaba *et al.*, 2002:72-75). Heelwat gevalle rakende ontgroeningspraktyke het die teendeel bewys, deurdat onderwysers en skoolhoofde hul nie daaraan steur nie en steeds leerders laat ontgroen of toelaat dat dit gebeur (cf. 1.2). Gemenerereg-beginsels is algemene regsbeginne wat van toepassing is op verskeie aspekte van die samelewing (Joubert & Prinsloo, 2004:21). Wanneer gemenerereg-beginsels op onderwys van toepassing is, word onderwysbeginne ook in ag geneem, byvoorbeeld wat beskou kan word as redelike dissiplinêre maatstawwe vir leerders (Joubert & Prinsloo, 2004:21).

Bykomend tot die bostaande regte en verantwoordelikhede, verduidelik Oosthuizen, Rossouw en De Wet (2016:83), word regsbevoegdheid ook uitgelig as die kapasiteit van 'n persoon om aan die volgende regshandeling deel te neem: die kapasiteit om te handel, wat 'n persoon die kapasiteit gee om wettige regsaktiwiteite uit te voer, byvoorbeeld om 'n kontrak op te stel; die kapasiteit om te litigeer, en in die hof te verskyn (*locus standi*); en

regsaanspreeklikheid, waar persone wettiglik verantwoordelik is vir hul dade. Met die ouderdom van 'n kind as norm, word kinders ook geklassifiseer in drie kategorieë wat hieronder in paragraaf 4.3.9 bespreek sal word (Oosthuizen, Rossouw en de Wet, 2016:84).

3.3.7 VERBODE GEDRAG EN REGSREMEDIES RAKENDE ONTGROENING

Gevolgtik sal daar na statutêre remedies verwys word, asook na die siviele komponent wat leerders moet beskerm, en waaraan persone betrokke by onderwys gehoor moet gee. Daarna sal daar ook na gemenereg-remedies verwys word. Die klagtes wat deur slagoffers gelê kan word en die sivilregtelike komponente sal daarna bespreek word.



Figuur 3-1: Statutêre remedies en gemenerereg remedies rakende verbode ontgroeningspraktyke.

3.3.8 DIE VERSKIL TUSSEN SIVIELE SAKE EN STRAFREGTELIKE SAKE

Moolman (2016:n.p) brei uit dat siviele sake normaalweg 'n geding is tussen twee persone of instansies, oor 'n dispuut wat nie oor die pleeg van 'n misdryf handel nie. Leerders wat fisiese beserings opdoen tydens ontgroening, of voel dat hul menswaardigheid aangetas is, kan 'n siviele eis teen die onderwysdepartement, skool en die betrokke seniors indien om onkoste te verhaal en asook vir vergoeding vir pyn en lyding.

Individue wat ontgroen word kan dus vir skadevergoeding eis, of aansoek doen vir 'n interdik of beskermingsbevel. Met 'n interdik en beskermingsbevel, meen Moolman (2016:n.p), gelas die hof die een party om sekere optredes te staak wat tot nadeel is van die ander party. Verskeie misdade rakende ontgroening sal later bespreek word (cf. 3.2.10.1 – 3.2.10.6). Strafregtelike sake volg gewoonlik op 'n klagte van 'n persoon of 'n instansie, wat beweer dat 'n ander persoon 'n misdryf gepleeg het (Moolman, 2016:n.p.). So 'n klag word gewoonlik deur 'n klaer by die polisie ingedien (Moolman, 2016:n.p). Dit kan ook volg wanneer die polisie of 'n ander instansie iemand betrap wat 'n misdryf pleeg (Moolman, 2016:n.p.). 'n Strafregtelike saak vind gewoonlik tussen twee partye plaas, te wete staat en die aangeklaagde of beskuldigde (Kleyn & Viljoen, 2010:134). In strafregtelike sake word die staat deur die Suid-Afrikaanse Polisie diens verteenwoordig, wat misdrywe moet ondersoek, en die Nasionale Vervolgingsgesag, wat oor die meriete van die saak moet besluit (Moolman, 2016:n.p.). Die polisie word ondersteun deur die Direkteur van Openbare Vervolgings, wat die polisie lei in hul ondersoek om 'n saak met die nodige meriete in die hof teen die beskuldigde aan te bied, aldus Moolman (2016:n.p.). Die saak en al die nodige bewysstukke word dan in die polisie se dossier ingesluit (Moolman, 2016:n.p).

Die vernaamste doel van 'n strafregtelike saak is om die land se inwoners wat die harmonie en orde van die gemeenskap bedreig, te straf, aldus Kleyn en Viljoen (2010:135). In 'n strafregtelike saak is die uiteinde dat die beskuldigde of skuldig, of onskuldig bevind word (Kleyn & Viljoen, 2010:135). Leerders wat ander ontgroen kan dus siviël en strafregtelik aanspreeklik gehou word. Ouderdom speel 'n belangrike rol in dié verband, en is daar sekere bepalinge waaraan gehoor gegee moet word. Die ouers van leerders wat ontgroen is, kan dus ook siviele eise instel teen die oortreders.

Leerders moet hulle daarvan weerhou om ander te ontgroen, omdat die effek van howe en die reg 'n negatiewe effek op kinders kan hê. Vervolgens sal handelingsbevoegdheid, verskyningsbevoegdheid en toerekeningsvatbaarheid bespreek word.

3.3.9 *HANDELINGSBEVOEGDHEID, VERSKYNINGSBEVOEGDHEID EN TOEREKENINGSVATBAARHEID*

Handelingsbevoegdheid kan gedefinieer word as die juridiese kompetensie om regshandeling te verrig, meen Boezaart (2016:8).

Per definisie gaan handelsbevoegdheid oor wat 'n regs subjek in die regsverkeer kan doen (Boezaart, 2016:8). Robinson, Horsten, Human en Mould (2015:49) stem saam dat handelingsbevoegdheid gaan oor 'n persoon se bekwaamheid om juridiese handeling te kan verrig, of anders gestel, die kompetensie van 'n regs subjek om handelend in die regsverkeer op te tree. Daar is vele faktore wat 'n invloed op 'n persoon se handelsbevoegdheid kan hê, verduidelik Boezaart (2016:8). Boezaart (2016:8) brei ook verder uit en dui aan dat in die geval van handelingsbevoegdheid daar onderskei word tussen handelingsonbevoegdheid, beperkte handelingsbevoegdheid en handelingsbevoegdheid. Rakende 'n *infans*, minderjarige en meerderjarige, verduidelik Boezaart (2016:8-9) as volg:

'n Infans, dit wil sê 'n kind onder die ouderdom van sewe jaar, is selfhandelingsonbevoeg omdat so 'n jong persoon nie 'n juridiese relevante wilsuiting kan maak nie en daarom nie self ooreenkomste kan sluit nie. 'n Minderjarige is meestal handelingsbevoeg beperk, en sal gevolglik ouerlike toestemming of bystand nodig hê. Hiermee gee die reg erkenning aan die feit dat 'n minderjarige wel 'n geldige wilsuiting kan maak maar steeds 'n gebrek aan lewenservaring mag ondervind. Meerjarige persone beskik normaalweg oor handelingsbevoegdheid sodat hulle ongehinderd aan die regsverkeer kan deelneem.

In siviele sake het kinders tussen die ouderdom van nul en ses jaar nie die kapasiteit om op te tree, in die hof te verskyn, of verantwoordelikheid te neem nie.

Kinders in hierdie ouderdomsgroep het nie die kapasiteit om 'n kontrak te onderteken, of om in die hof te verskyn, of as om getuie op te tree nie. Hierdie kinders word beskou as te jonk om te kan onderskei tussen reg en verkeerd, of om volgens die wet op te tree. Hierdie groep kinders kan nie aanspreeklik gehou word vir enige sivilregtelike handeling nie. Die minderjarige of *pupillus*, is 'n kind tussen die ouderdom van sewe en 18 jaar. So 'n kind het geringe kapasiteit, en geen kapasiteit om te litigeer sonder die bystand van sy/haar ouers nie. Die aanname dat kinders in hierdie ouderdomsgroep nie toerekeningsvatbaar vir hul dade is nie, is debatteerbaar, veral aangesien daar bewyse bestaan dat kinders weet dat hul dade verkeerd was. In terme van Artikel 28 van die *Grondwet* en die bepaling van die *Children's Act 38 of 2005* Artikel 17, word 'n persoon wat 18 jaar of ouer is, nie meer as 'n minderjarige geag nie, en word gesien as ten volle handelingsbevoeg en verskyningsbevoeg, met die nodige toerekeningsvatbaarheid.

Verskyningsbevoegdheid word deur Robinson *et al.* (2015:51) gedefinieer as daardie kompetensie wat 'n persoon in staat stel om as eiser, verweerder, applikant of respondent in 'n privaatregtelike regsding (siviele saak) op te tree.

Soos wat gevind is met handelsbevoegdheid, kan daar weer onderskei word tussen verskyningsonbevoegdheid, beperkte verskyningsbevoegdheid en verskyningsbevoegdheid, meen Robinson (2015:51). Boezaart (2016:9) noem dat indien 'n persoon verskyningsonbevoeg is (soos in die geval van 'n *infans*), kan die persoon glad nie in sy/haar eie naam dagvaar of gedagvaar word nie. Persone wat in die tweede kategorie val (minderjariges) kan wel self dagvaar of gedagvaar word, maar hulle benodig die bystand van 'n ouer of voog, of anders kan die ouer of voog die ding namens die minderjarige hanteer (Robinson *et al.* 2015:51). Laastens verduidelik Boezaart (2016:9) dat 'n meerderjarige persoon verskyningsbevoeg behoort te wees, in gevalle van byvoorbeeld geestesongesteldheid. Dit beteken dat persone wel regshandelings- en verskyningsbevoeg is, maar dat die omvang en aard van die bevoegdheid van persoon tot persoon kan verskil, meen Robinson *et al.* (2015:51). So die ouderdom van kinders en hulle verskillende omstandighede sal bepaal hoe leerders wat hulle skuldig maak aan ontgroening se verskyningsbevoegdheid daar sal uitsien. Boezaart (2016:98) definieer toerekeningsvatbaarheid as die vermoë van 'n persoon om te besef as hy/sy verkeerd opgetree het, en ooreenkomstig daardie insig op te tree.

Die toets vir toerekeningsvatbaarheid behels om te bepaal of die persoon oor die verstandelike vermoë beskik om tussen reg en verkeerd te onderskei, en, indien wel, of die persoon daartoe in staat is om ooreenkomstig daardie insig te kan handel (Robinson, 2015:52). Boezaart (2016:99) verskaf die volgende verduideliking rakende toerekeningsvatbaarheid:

In die deliktereg word 'n kind bo sewe jaar weerlegbaar vermoed ontoerekeningsvatbaar te wees. Dit beteken dus dat as die vermoede weêrlê word, skuld in die vorm van opset of nalatigheid wel aan 'n kind bo sewe jaar toegereken kan word. Daar is beslis dat hierdie vermoede van ontoerekeningsvatbaarheid wat die deliktereg betref tot die puberteitsouderdom geld, dit wil sê 12 jaar vir meisies en 14 jaar vir seuns. 'n Kind bo puberteitsouderdom word weerlegbaar vermoed toerekeningsvatbaar te wees. 'n Minderjarige kan wel in die deliktereg skuldlose aanspreeklikheid opdoen as hy of sy

byvoorbeeld die eienaar van 'n troeteldier is wat skade aan 'n ander persoon veroorsaak. 'n Ouer kan deliktuele aanspreeklikheid vir skade wat deur sy of haar kind veroorsaak is, opdoen, indien die ouer nie soos 'n sorgsame ouer optree en redelike stappe doen om skade te voorkom nie.

Die *Child Justice Act 75 of 2008* het ook die ouderdom waarop 'n kind strafregtelik aanspreeklik kan wees verhoog na die ouderdom van 10 jaar, terwyl die Wysigingswet dit nog verder verhoog.

Boezaart (2016:99) stel dat die vermoede dat 'n kind ontoerekeningsvatbaar is wat die strafreg betref net geld vir kinders onder 10 jaar. Met kinders vanaf 10 jaar maar jonger as 14, moet die staat hulle toerekeningsvatbaarheid wat misdade betref bo redelike twyfel kan bewys (Boezaart, 2016:99). Vanaf 14 jaar, noem Boezaart (2016:99), dat die vermoede van toerekeningsvatbaarheid geld wat die strafreg betref. As kinders hulle dus skuldig maak aan deelname aan ontgroeningspraktyke, sal howe die handelingsbevoegdheid, verskyningsbevoegdheid en toerekeningsvatbaarheid van die kinders op grond van hulle ouderdomme in ag neem. Hulle omstandighede en situasies sal ook in berekening gebring word. Gevolglik sal kinders dan in terme van die genoemde beginsels moontlike strawwe, ensovoorts opgelê kan word dienooreenkomstig hulle status op grond van ouderdom.

3.3.10 ONTGROENING AS MISDAAD

Ontgroening is 'n onwettige praktyk wat nie mag plaasvind nie. Verskeie stukke wetgewing, insluitende die *SASW*, verbied dit. Tog word leerders jaarliks daaraan blootgestel op verskeie terreine (cf. 1.1, 1.2). Gevolglik sal ontgroening as misdaad, sowel as die sivielregtelike sy van ontgroening bespreek word.

3.3.10.1 CRIMEN INIURIA

Crimen iniuria, aldus Snyman (2012:491), kan gesien word as die wederregtelike en ernstige aantasting van die waardigheid of privaatheid van 'n ander. Verder beskryf Snyman (2012:491) die elemente van die misdaad as: (a) die aantasting van iemand anders se waardigheid of privaatheid (b) wat ernstig is; (c) wederregtelikheid; en (d) opset. 'n *Iniuria* bestaan uit die wederegtelike en opsetlike skending van die *dignitas* (waardigheid), *fama* (aansien of goeie naam) of *corpus* (liggaamlike integriteit) van 'n ander, aldus Snyman (2012:491).

Die misdad *crimen iniuria* word gepleeg wanneer die eerste van hierdie drie belange geskend word (Snyman, 2012:491). Verder, brei Snyman (2012:491) uit, wanneer die tweede en derde belange geskend word, word die misdade strafregtelike laster en aanranding onderskeidelik gepleeg. Soos verskeie kere al in hierdie tesis vermeld is, tas ontgroeningspraktyke die waardigheid en privaatheid van leerders aan (cf. 1.1, 1.2, 2.1, 2.2, 2.3). Wanneer enige persoon, hetsy leerder, onderwyser, skoolhoof of beheerliggaam, op watter wyse ook al aan ontgroeningspraktyke deelneem, is hulle skuldig aan *crimen iniuria*. Op een of ander wyse tas hulle die waardigheid of privaatheid van juniors aan.

3.3.10.2 LASTER

Strafregtelike laster, meen Snyman (2012:498), is die wederregtelike, opsetlike publikasie van bewerings aangaande iemand anders met die bedoeling om die persoon se goeie naam te skend. Elke jaar wanneer die skole begin, word graad 8 leerders blootgestel aan een of ander vorm van ontgroening. Hierdie leerders word opsetlik uitgebuit deur die senior leerders omdat dié seniors glo dat hulle oor die mag beskik om juniors te verneder, te verkleineer en te domineer (cf. 1.1, 2.2).

Leerders se goeie naam word daardeur belaster omdat hulle met ongewenste name op borde om hulle nekke moet rondloop, en gewoonlik hierdie name of byname vir die duur van hulle hele skoolloopbaan saamdra (cf. 1.1, 1.2). Soos wat Snyman (2012:498) aandui word hierdie juniors wat ontgroen word se goeie naam of reputasie geskend.

3.3.10.3 AANRANDING

Die verband tussen aanranding en ander dade wat tydens ontgroening gepleeg word (cf. 3.1.7, 3.1.8), is vroeër ook in die hoofstuk bespreek. Snyman (2012:475) definieer aanranding as enige wederegtelike en opsetlike aksie (a) wat tot gevolg het dat ander persone se liggaamlike integriteit direk of indirek aangetas word, of (b) wat iemand anders laat glo dat so 'n aantasting van die liggaamlike integriteit onmiddellik sal plaasvind. Leerders word beslis tydens sommige ontgroeningspraktyke aangerand, en daar is selfs gevalle aangeteken waar hulle met hul lewens geboet het (1.1, 1.2, 2.1, 2.2). Enige persone wat juniors dus blootstel aan aanranding of potensiële aanranding, soos deur Snyman hierbo gedefinieer, stel hulself daaraan bloot om aangekla te word vir aanranding.

3.3.10.4 DIEFSTAL

Vir Burchell (2016:689) is diefstal die onwettige verkryging van 'n item. Tydens ontgroeningspraktyke word juniors se besittings dikwels onwettig afgeneem, so seniors kan ook van diefstal aangekla word (cf. 1.1). Die items wat hulle by die juniors afneem is nie hulle eiendom nie, maar hulle eien hulself die reg toe om dit af te neem, omdat hulle in beheer is van die junior leerlinge (cf. 1.1). Diefstal is dus nog 'n misdadig wat voorkom tydens ontgroening.

3.3.10.5 ROOF

Roof kan beskryf word as die afneem van iets by 'n persoon op 'n gewelddadige wyse, meen Snyman (2012:540). Indien seniors of ander persone enigiets op 'n gewelddadige wyse van junior leerders sou afneem tydens ontgroeningspraktyke, sou hulle aangekla kon word van roof. Finansiële uitbuiting (cf. 2.1) kom soms voor tydens ontgroeningspraktyke.

3.3.10.6 BOELIEGEDRAG

Boeliegedrag kan 'n verskeidenheid van elemente bevat (cf. 3.1.8). Soos vroeër vermeld kan dit ook met aanranding en kindermishandeling in verband gebring word. Boeliery, soos vroeër beskryf (3.1.8), is ongewenste aggressiewe gedrag tussen skoolgaande kinders wat aangevuur word deur 'n magswanbalans wat herhalend is, of oor die potensiaal beskik om herhaal te word. Verder, wanneer iemand in 'n gesagsposisie oplet dat 'n leerder moontlik sorg benodig rakende verwaarlosing, moet dit dadelik aangemeld word, volgens die *Children's Act 38 of 2005*. Dit kan aangemeld word by maatskaplike dienste of by 'n polisiestasie volgens Artikel 110 van die *Children's Act*.

As leerders geboelie word moet dit dus ook aangemeld word, om leerders te beskerm en om te verseker dat die aksies teen die slagoffers nie herhaal word nie. Seniors stel nuwelinge bloot aan 'n verskeidenheid van boeliegedrag wat soms oorgaan tot geweld, en soms selfs ooreenstem met die elemente van kindermishandeling (cf. 1.1, 2.2, 2.4). Persone wat leerders ontgroen of boelie, pleeg dus 'n misdryf volgens die wette van die land. Hierdie oortreders moet gestop word voordat die gevaarlike magswanbalans verder buite beheer raak. Ongelukkig gebeur dit dikwels tydens ontgroeningspraktyke dat leerders se emosies die oorhand kry, en juniors in die proses erg benadeel word tydens ontgroeningspraktyke (cf. 1.1,

1.2, 2.1, 2.2, 2.3). Hierdie dade wat gepleeg word teenoor juniors is almal misdade wat ontgroening as 'n misdryf en onwettige aktiwiteit uitwys.

3.3.11 *SIVIELREGTELIKE ASPEKTE VAN ONTGROENING*

3.3.11.1 DELIKTE EN SKADEVERGOEDING

Delikte tas private belange aan, en die private party stel dus 'n aksie in (Snyman, 2012:5). 'n Delik is algemeen gesproke 'n wederregtelike, skuldige doen en late wat tot gevolg het dat iemand anders skade ly, en waaruit 'n reg op skadevergoeding vir die benadeelde party ontstaan (Snyman, 2012:4). Leerders wat ontgroeningspraktyke moes deurmaak en wat daardeur skade gely het, kan dus skadevergoeding eis van die individue wat hulle ontgroen het. Indien 'n verhoor sou plaasvind sal dit ooreenkomstig die reëls van die siviele prosesreg wees, maan Snyman (2012:5).

Individue het drie jaar om van remedies gebruik te maak anders is daar verjaring, verduidelik Nagel (2011:par.3.74-3.81). Daar is dus besliste hulp of regsremedies waartoe slagoffers van ontgroening hulself kan wend indien hulle dit nodig sou ag.

3.3.11.2 INTERDIK

'n Interdik word verkry teen 'n persoon om moontlike skade of nadeel te voorkom. Verder verduidelik Nagel (2011:par.3.74-3.81) dat 'n interdik gebiedend of verbiedend kan wees. Indien enige skade of nadeel voorsien word kan 'n interdik teen 'n persoon of persone verkry word. Op hierdie stadium is daar nog geen eis vir skadevergoeding of genoegdoening nie, want geen skade of nadeel het al plaasgevind nie (Nagel, 2011: par.3.74-3.81). Die vereistes om 'n interdik te verkry, meen Nagel (2011, par.3.74-3.81) is die volgende:

- Handeling moet aan die gang wees of dreigend wees.
- Handeling moet onregmatig wees.
- Geen ander regsmiddel bestaan om die aangeleentheid te hanteer nie. 'n Interdik sal slegs in gevalle waar ander regsmiddels wel beskikbaar is, in die volgende gevalle toegestaan word: indien die bedrag vir skadevergoeding moeilik bepaalbaar is, indien verdere

benadeling sal plaasvind, of indien die delikpleger nie oor die finansiële vermoë beskik om skadevergoeding of genoegdoening te betaal nie.

3.3.11.3 BESKERMINGSBEVEL

Artikel 2(2) van die *Protection from Harassment Act 17 of 2011* se inligtingskennisgewing aan 'n klaer of persoon wat namens die klaer om 'n beskermingsbevel aansoek doen, beskryf teistering as volg: 'n persoon pleeg 'n daad van teistering indien hy of sy regstreeks of onregstreeks meedoen aan gedrag wat hy of sy weet of behoort te weet leed veroorsaak of 'n redelike oortuiging wek dat leed aan die klaer of 'n verwante persoon veroorsaak kan word deur die onredelike agtervolging, dophou, najaging of lastigvalling van die klaer of 'n verwante persoon, of meedoen aan verbale, elektroniese of enige ander kommunikasie wat op die klaer of 'n verwante persoon gemik is op enige wyse, ongeag of 'n gesprek daaruit voortvloei of nie; of die stuur, aflewering of reël van aflewering van briewe, telegramme, pakkette, faksimilees, elektroniese pos of ander voorwerpe aan die klaer of verwante persoon; of neerkom op seksuele teistering van die klaer of 'n verwante persoon. Leed word omskryf as geestelike, sielkundige of fisiese leed of ekonomiese skade.

'n Beskermingsbevel kan deur enige leerder bekom word wat voel dat hy/sy tydens ontgroeningspraktyke deur seniors geteister word. Die hof sal dan die aansoek oorweeg en 'n tussentydse beskermingsbevel uitvaardig wat regs krag het vanaf die oomblik wat dit deur die hof uitgereik word, en die bestaan daarvan onder die aandag van die respondent gebring is. Leerders wat aan ontgroeningspraktyke blootgestel word, en geteister word, het dus 'n wetlike roete wat hulle kan volg deur middel van skadevergoeding, die verkryging van 'n interdik of 'n beskermingsbevel wat aan hulle uitgereik kan word teen die seniors wat hulle ontgroen.

3.4 ROLSPELERS IN DIE KONTEKS VAN ONTGROENING

Daar is verskeie rolspelers in die konteks van ontgroening. Leerders, die Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL), onderwysers, ouers, skoolhoofde en die Beheerliggaam is almal partye wat 'n belangrike rol speel in die voorkoming en gevolge van onwettige ontgroeningspraktyke.

3.4.1 ONDERWYSERS EN IN LOCO PARENTIS

Onderwysers is baie belangrike rolspelers in die lewens van kinders. Onderwysers is betrokke by die onderrig van leerders, toesighouding na skool en vergesel hulle ook op toere en uitstappies. Verder tree onderwysers ook op as toesighouers in skoolkoshuise. Onderwysers het 'n belangrike rol te speel rakende ontgroeningspraktyke en om leerders op te voed oor die realiteite en wetlike verpligtinge ten aansien van ontgroening.

3.4.1.1 REGSVERPLIGTINGE VAN ONDERWYSERS IN TERME VAN VERSKILLENDE REGSDOKUMENTE

Alle wette in die land is ondergeskik aan die *Grondwet*. In Hoofstuk 1 van die *Grondwet* word die belangrikheid van menswaardigheid uitgelig (Artikel 10).

Elke persoon het ingebore waardigheid, en het ook die reg dat daardie waardigheid beskerm en gerespekteer moet word (Artikel 10). Alle persone, insluitende leerders, se menswaardigheid moet te alle tye beskerm word. Artikel 7 (Regte) van die *Grondwet* verduidelik dat die Handves van Menseregte 'n hoeksteen is van die Suid-Afrikaanse demokrasie. Die Handves beskerm die regte van al die mense in die land en dit bevestig die demokratiese waardes van vryheid, gelykheid en menswaardigheid (Artikel 7(1)). Die staat is verantwoordelik daarvoor om die regte van alle burgers in die Handves van Menseregte te beskerm, bevorder, eerbiedig en verwesenlik (Artikel 7(2)). Dit is dus belangrik dat die staat alle regte in die Handves van Menseregte moet beskerm en bevorder. Onderwysers is werknemers van die staat, en moet dus gehoor gee aan al die bepalings soos vervat in die *Grondwet*. Elke mens word met dié reg gebore en daarom kan die individu daarop aanspraak maak dat die owerheid hom met respek en besorgdheid behandel (Kleyn & Viljoen, 2010:235).

Onderwysers word volgens die hoogste wet in die land verplig om leerders se menswaardigheid te beskerm en te respekteer. Onderwysers werk elke dag met leerders tydens onderrig en na skool tydens buitemuurse aktiwiteite of koshuisaangeleenthede. Tydens al hierdie aktiwiteite moet onderwysers altyd probeer om leerders se menswaardigheid uit te bou. Artikel 8(1) van die *Grondwet* verduidelik dat die Handves van Menseregte van toepassing is op die totale omvang van die reg, en dit bind die wetgewende, uitvoerende en regsprekende gesag, asook alle staatsorgane, saam. Die howe is dus daar om almal (natuurlike en regs persone) te beskerm, en indien enige iemand se regte misken word,

kan die hof genader word om uitsluitel daaroor te verskaf. Artikel 12 van die *Grondwet* handel oor die vryheid en veiligheid van die persoon. Leerders moet beskerm word teen enige vorm van geweld, en hulle moet nie behandel of gestraf word op 'n wrede, onmenslike of vernederende wyse nie. Tydens ontgroeningspraktyke word leerders dikwels blootgestel aan vorme van geweld, of hulle word gestraf of verneder om glo die groepsgevoel te versterk (cf. 1.1, 1.2). Artikel 12 van die *Grondwet* stel dit onomwonde dat almal vry moet wees van enige vorm van geweld, en dit sluit uiteraard ontgroeningspraktyke in. Kinders is 'n weerlose groep en gevolglik het hulle addisionele regte waaraan voldoen moet word.

Onderwysers is deel van die staat, en as sodanig moet hulle nie net kinders se reg op vryheid en sekerheid van die persoon beskerm nie, maar ook bevorder. Artikel 7 van die *Grondwet* verduidelik dat die staat die regte in die Handves van Menseregte moet eerbiedig, beskerm, bevorder en verwesenlik. Artikel 28(d) van die *Grondwet* bepaal dat onderwysers leerders moet beskerm teen mishandeling, verwaarlosing, misbruik en vernedering. Weereens word die belangrikheid van die beskerming van kinders teen mishandeling, verwaarlosing asook vernedering bevestig. Onderwysers mag leerders ook nie laat deelneem aan praktyke wat hul algemene gesondheid, fisiese of geestelike gesondheid, of sosiale ontwikkeling negatief aantast nie.

Aandag word hieraan gegee in die *RPIPS*. Hierdie regulasies is uitgevaardig om enige vorm van ontgroening te verbied. Dit verduidelik wat alles ontoelaatbaar is rakende ontgroening, en hoe al die verskillende rolspelers in die onderwyssektor moet optree. Daar is twee definisies in die inleiding van die *RPIPS* wat van toepassing is op die regsverpligtinge van onderwysers tydens ontgroening. Die regsverpligtinge van onderwysers word gevind in Regulasie 2 van die *RPIPS* rakende die *in loco parentis* beginsel:

in loco parentis "means acting in the place of a parent who has entrusted the custody and control of his or her child to an educator or another person during normal intramural or extramuralschoolactivities.

Onderwysers moet te alle tye wat hulle in leerders se teenwoordigheid is *in loco parentis* optree. As die leerders se ouers nie teenwoordig is nie moet die onderwysers dus optree in die plek van die ouer vir toesig en beheer oor die leerder.

Die *in loco parentis* beginsel kom dus ter sprake tydens alle akademiese werk, buitemuurse aktiwiteite, uitstappies, toere of enige ander aktiwiteite waar die ouers of voogde nie self teenwoordig kan wees nie. Dus sal die *in loco parentis* beginsel ook van toepassing wees tydens ontgroeningspraktyke waar onderwysers na leerders moet omsien. Regulasie 2 van die *RPIPS* beteken dat onderwysers wetlik verplig is om leerders te beskerm teen huidige of toekomstige verliese, en fisiese, emosionele en sielkundige skade tydens ontgroeningspraktyke.

Soos in die paragraaf hierbo genoem, is die *in loco parentis* beginsel te alle tye op onderwysers van toepassing waar hulle met leerders werk of optree in die plek van die ouer. In die kwessie van die beskerming teen mishandeling, verwaarlosing en afbrekende gedrag, bepaal regulasie 3.4 van die *RPIPS* dat elke kind die reg het om beskerm te word teen mishandeling, verwaarlosing en afkraking. Dit is belangrik dat onderwysers moet toesien dat alle moontlike stappe geneem word om na die beste belange van die kind om te sien. Ontgroening kan dus gesien word as 'n vorm van kindermishandeling, omdat baie kinders in die proses blootgestel word aan verskeie vorme van mishandeling (cf. 1.1, 1.2, 3.1.8). Die belangrikheid van die *in loco parentis* beginsel kom weer ter sprake. Dit is 'n belangrike beginsel wat ook tydens ontgroening toegepas móét word.

Dit sal kan help om te voorkom dat leerders blootgestel word aan enige vorm van fisiese of geestelike geweld, beserings of mishandeling, verwaarlosing of uitbuiting of seksuele uitbuiting. Onderwysers moet as rolmodelle vir leerders optree. Deurdat onderwysers die korrekte openbaar, kan leerders kan sien hoe daar opgetree behoort te word. Onderwysers moet aan leerders uitwys dat ontgroening ontoelaatbaar is, en leerders motiveer dat daar steeds verskeie ander maniere is om leerders deel van 'n skool te maak buiten ontgroening. Regulasie 3.5 van die *RPIPS* fokus op die skoolomgewing en dissipline. Dit beskryf hoe 'n veilige skoolomgewing moet lyk, en bepaal dat:

3.5.1 A safe environment that is conducive to education including security of property, security of person,

Alle betrokke rolspelers is verantwoordelik om onderriginstellings plekke te maak waar onderrig en leer op 'n veilige en ordelike wyse kan geskied sonder enige vorm van teistering.

Onderwysers is verantwoordelik vir die toepassing van dissipline in hulle klasse om te verseker dat onderrig en leer sonder ontwigting kan voortgaan. Geen skoolhoof, opvoeder of leerder mag deelname aanmoedig of self deelneem aan enige ontgroeningspraktyke nie (*RPIPS*, Regulasie 4.1). Die genoemde persone mag ook nie veroorsaak of bydra tot iemand se vernedering, afkraking, teistering, aanranding, *crimen iniuria*, intimidasie of mishandeling nie (Regulasie 4.1).

Onderwysers mag glad nie deelneem of toelaat dat iemand deelneem aan enige vorm van ontgroening nie. Onderwysers mag hulself dus nie skuldig maak deur deel te neem of deelname toe te laat in ontgroeningspraktyke nie. Sulke daade kan bydra tot ernstiger aksies wat deur die van *RPIPS* en ander wetgewing verbied word. Regulasie 5.1 – 5.5 van die *RPIPS* beskryf die belangrike rol wat dissipline in 'n skool speel, en beklemtoon die feit dat 'n skool 'n geweldvrye area behoort te wees. Dis onderwysers se plig om op grond van hul *in loco parentis* status na leerders om te sien en te beskerm teen geweld. Hierdie plig beklemtoon die groot verantwoordelikheid wat 'n opvoeder het rakende die beskerming van leerders. Onderwysers moet geensins deel wees van ontgroeningspraktyke nie. Hulle rol is om die beskermers van leerders te wees en om enige daad van geweld ter beskerming van die leerder aan te spreek. Dit is die plig van die skoolhoof tesame met die beheerliggaam om te verseker dat onderwysers nie deelneem aan daade waar leerders ontgroen word of verplig word om aan ontgroening deel te neem nie. 'n Verskeidenheid van verantwoordelikhede van opvoeders (Regulasie 6.1 – 6.5) word in die *RPIPS* weergegee.

Deur leerders te beskerm en op te bou, om respek te toon vir hulle regte, en om die beheerliggaam by te staan met dissipline, is maar enkele van die verantwoordelikhede van onderwysers. Onderwysers moet ook verseker dat die aksies van leerders beheer word, veral wanneer sodanige aksies daartoe kan lei dat ander leed aangedoen word. Onderwysers moet ook redelike stappe neem om te voorkom dat leerders hulself of ander beseer. Om dus voorkomend op te tree is belangrik. Deelname aan ontgroening en die beskerming van regte gaan daarom nie hand aan hand nie, want ontgroeningspraktyke misken dikwels daardie regte van leerders (cf. 1.1, 1.2). Verder is dit ook die plig van elke onderwyser om die aksies van leerders te beheer, of stop te sit, wanneer dit lyk of sulke aksies ander leerders moontlik kan beseer (Regulasie 6.3). Onderwysers moet ook toesien dat kinders en ander onderwysers se regte nie aangetas word nie (Regulasie 6.4).

Redelike stappe moet deur opvoeders geneem word, waar nodig, om toe te sien dat 'n leerder nie hom/haarself of 'n ander persoon beseer nie.

Indien 'n geval sou opduik waar 'n leerder nie by die skool kan aanpas nie, of waar sy/haar gedrag ander se regte aantast, is die opvoeder verplig om so 'n leerder na die skoolhoof te verwys, asook om die betrokke leerder se ouers en die beheerliggaam daarvan in kennis te stel (regulasie 6.4). Dit sluit in die beskerming, beheer en dissipline van 'n leerder volgens die gedragskode van die skool tydens skooltyd, of tydens enige ander skoolfunksie, uitstap van skoolverwante aktiwiteit. Die *Personnel Administrative Measures of 2016 (PAM)* word gemagtig in terme van Artikel 35 van die *Employment of Educators Act 76 of 1998*. Die PAM dui aan wat die funksies van 'n posvlak een onderwyser is in Artikel 4.5. Die onderwyser se rol sluit die volgende in (Artikel 4.5): om leerders te onderrig, administratiewe take te verrig, dissipline te handhaaf, buitemuurse aktiwiteite aan te bied en om om te sien na die opvoedkundige en algemene welstand van alle leerders onder sy/haar toesig. Onderwysers moet ook, tesame met die skoolhoof (Artikel 4.5), voorligting aan leerders gee rakende loopbane, en omsien na dissipline en die algemene welstand van leerders. Kommunikasie met ouers is baie belangrik vir die onderwyser. Onderwysers moet ouers ook in kennis stel as ontgroeningspraktyke plaasvind of as hul kinders deel was daarvan, of self ontgroen is. Vergaderings moet ook met ouers gehou word om hulle in te lig rakende die vordering van hul kinders asook hulle kinders se algemene gedrag in die skool.

Die SASW stel dit duidelik dat geen ontgroeningspraktyke mag plaasvind nie.

10A (1) 'n Persoon mag nie enige inisiasiepraktyke teen 'n leerder by 'n skool of in 'n koshuis wat leerders van 'n skool huisves, bedryf of daaraan deelneem nie.

Dit word benadruk volgens die SASW dat geen persoon mag deelneem of toestemming verleen tot deelname aan enige ontgroeningspraktyke nie. Dit mag glad nie plaasvind in enige skool of skoolkoshuis wat leerders van die skool huisves nie. Onderwysers moet streng by die regsverpligtinge hou wat in die SASW gestipuleer word. Die *South African Council of Educators Act 31 of 2000* bevat die *Code of Professional Ethics* wat riglyne gee waarvolgens alle opvoeders moet optree. Hierdie gedragskode lys ook sekere bepalings waaraan opvoeders moet voldoen en waarteenoor hulle regspligtig staan.

Dit is belangrik dat onderwysers die waardigheid, geloofsoortuigings en *Grondwetlike* regte van leerders respekteer, insluitend hul reg op privaatheid en vertroulikheid. Leerders vertrou onderwysers, en deel met hulle sake wat hulle baie na aan die hart is. Onderwysers word deur leerders as rolmodelle geag. Dit is dus belangrik dat onderwysers dan ook die leerders se regte beskerm en respekteer. Om as 'n voorbeeld vir die leerders op te tree is ook van belang. Waardes moet deur onderwysers aan kinders voorgelê word wat in lyn is met die waardes van die Handves van Menseregte soos vervat in die *Grondwet*.

Juis omdat onderwysers as voorbeeld vir leerders moet optree, moet hulle enige vorm van vernedering teenoor leerders vermy, en ook nie betrokke raak by enige fisiese of sielkundige mishandeling van kinders nie. Ongelukkig is die teendeel al verskeie kere bewys, waar onderwysers wel betrokke geraak het by die fisiese mishandeling van leerders, of hulle aanskou ontgroeningspraktyke, of is bewus daarvan maar swyg eerder (cf. 1.1, 1.2). Dis baie belangrik dat onderwysers nie vloekwoorde of kru taal gebruik wanneer hulle met leerders praat nie. Daardeur word respek deur die onderwyser teenoor die leerders gedemonstreer en afgedwing. Alle moontlike stappe moet ook deur onderwysers geneem word om te verseker dat leerders te alle tye veilig is. Onderwysers moet seker maak dat hulle ook sover moontlik nie nalatig is met die uitvoering van hulle professionele pligte nie. Dit is ook van kardinale belang dat leerders as vennote in die onderwys gesien word. Onderwysers en leerders het mekaar nodig en kan saam hoër hoogtes bereik deur middel van goeie samewerking en die versterking van verhoudings.

In die *South African Council of Educators Act 31 of 2000* se *Code of Professional Ethics* word die volgende gedrag ook vir onderwysers voorgestel.

7.2 behaves in a way that enhances the dignity and status of the teaching profession and that does not bring the profession into disrepute;

7.5 accepts that he or she has a professional obligation towards the education ...

Die optrede van opvoeders moet te alle tye so wees dat hulle nie die onderwysprofessie se naam in oneer bring of nadelig beïnvloed nie.

Onderwysers moet ook weet dat hulle altyd 'n professionele verpligting teenoor die onderwysberoep het, en moet altyd daarna streef om professioneel op te tree. Onderwysers kan hulle nie skuldig maak deur deel te neem aan ontgroeningspraktyke nie, want dan tree hulle nie professioneel op nie en skaad die beeld van die beroep.

3.4.1.2 REGSGEVOLGE AS ONDERWYSERS NIE ONTGROENINGSPRAKTYKE KEER NIE, OF DIT GOEDKEUR

Die *RPIPS* kan in die *SASW* gevind word. In die *RPIPS* onder die afdeling van *Responsibilities of principals and governing bodies*, word daar uitgebrei op wat met onderwysers kan gebeur wat deelneem aan ontgroeningspraktyke. Daar moet dissiplinêre stappe geneem word teen onderwysers wat deelneem aan ontgroeningspraktyke of betrokke is by ontgroeningspraktyke of niks doen om sulke praktyke te stop nie (Regulasie 5.5). Die werkgewer (Departement of beheerliggaam) moet in terme van die toepaslike wette stappe neem teen oortreders. Die skoolhoof sal stappe teen die betrokke onderwyser moet neem waarna die saak ook na die Departement van Onderwys verwys moet word, wat die betrokke onderwyser se departementele aanstelling hanteer het. Die Departement van Onderwys het ook die personeellid se aanstelling bekragtig, en die onderwysers verrig werk soos vereis deur die Departement van Onderwys, rakende die posbeskrywing soos gevind in die aanstellingsbrief van die opvoeder.

Die *Wet op die Indiensneming van Opvoeders Wet 76 van 1998* (hierna *WIO*) bevat in Hoofstuk 4 inligting rakende die beëindiging van die dienste van opvoeders, wat daarop dui dat onderwysers deur die Departement van Onderwys ontslaan kan word vanweë wangedrag. Voorbeelde van wangedrag waaraan onderwysers hulle kan skuldig maak sal ook later in die hoofstuk genoem word, asook voorbeelde van wangedrag tydens ontgroeningspraktyke. In Hoofstuk 5 van die *Wet op die Indiensneming van Opvoeders Wet 76 van 1998* (*WIO*, Artikel 17) word ernstige wangedrag gelys waaraan onderwysers hulle kan skuldig maak (Artikel 17).

Die moontlike regsgevolge wat onderwysers in die gesig staar word ook gelys (Hoofstuk 5, Artikel 17 – 18), en sluit ook ontslag in. Opvoeders moet dus ontslaan word indien hulle hulself skuldig maak aan die ernstige aanranding van leerders, studente of medewerknemers, of wanneer hulle leerders aan ontoepaslike dade laat deelneem (Hoofstuk 5, Artikel 17 – 18). Dit is die regsplig van die skoolhoof en die Departement van Onderwys om onderwysers te

dissiplineer soos voorgeskryf deur die dissiplinêre kode en prosedures soos voorsien in die *WIO* (Hoofstuk 4, Artikel 11). As dit bevind word dat 'n onderwyser wangedrag soos gelys in *WIO* (Artikel 18(3)a-i) geopenbaar het, moet die werkgewer dissiplinêre stappe teen die betrokke onderwyser neem volgens die dissiplinêre kode en prosedures soos vervat in skedule 2 van die *WIO*. Die regsgevolge vir die onderwyser kan wissel op grond van die erns van die oortreding. Strawwe wat teen onderwysers opgelê kan word sluit in berading, 'n mondelingse waarskuwing, 'n geskrewe waarskuwing, 'n finale geskrewe waarskuwing of 'n boete wat nie 'n maand se salaris oorskry nie.

Nog strawwe wat toegepas kan word, is 'n skorsing sonder vergoeding vir 'n tydperk wat nie drie maande oorskry nie, 'n verlaging in posvlak, 'n kombinasie van strawwe soos gelys in Artikel 18(a-f) en ontslag indien die erns van die misdryf dit regverdig. Enige sanksies soos gelys in Artikel 18(3)(e, f, g) mag opgeskort word vir 'n spesifieke periode op voorwaarde van die werkgewer. Onderwysers moet dus die erns van die saak besef, en geensins self deelneem of deelname aanmoedig of swyg oor enige ontgroeningspraktyke nie. Baie ontgroeningspraktyke begin as onskuldige pret, maar later wanneer die situasie intens of ernstig raak kan dit totaal hand-uit ruk, dikwels met ernstige nagevolge (cf. 2.2, 2.3). In die *Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders Wet 31 van 2000 (SARO)* word die magte en pligte van die Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders uitgelig. Onderwysers moet ook gehoor gee aan die voorwaardes van die Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders. Indien onderwysers nie by die voorwaardes hou nie, en betrokke raak by ongerymdhede, kan hul name van die raad se lys verwyder word (Hoofstuk 3, Artikel 23(1)(c)). Die beheerraad van die Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders word toegelaat om, met die magte en pligte soos vervat in die *National Education Policy Act, 1996* onderwysers wat oortree ten opsigte van die professionele etiek van die onderwysprofessie op verskeie maniere aan te spreek.

Dit sluit in 'n finale skriftelike waarskuwing, skorsing sonder salaris, 'n teregwysing, 'n boete van 'n maand se salaris, tydelike verwydering van die onderwysregister, skorsing en selfs 'n kombinasie van die genoemde strawwe, soos gevind in die *WIO* (Artikel 18(3)(a – i)). Onderwysers moet hulle te alle tye probeer weerhou van enige wanpraktyke, aangesien dit kan lei tot die beëindiging van hul dienste soos vervat in die *WIO* (Hoofstuk 4, Artikel 18(3)(i)).

3.4.1.3 BEHEERLIGGAAM EN ONTGROENING

Die beheerliggaam (BL) vertolk 'n belangrike rol in die bestuur van die skool. Die BL is ook verantwoordelik vir die opstel van die gedragskode van die skool. Hulle tree op volgens die regsverpligtinge van die SASW. Al die funksies en verpligtinge waaraan 'n BL moet voldoen word volledig in die SASW gelys. Die regsverpligtinge van die BL sal vervolgens op grond van verskeie regsdokumente bespreek word.

3.4.1.4 REGSVERPLIGTINGE VAN DIE BEHEERLIGGAAM IN TERME VAN VERSKILLENDE REGSDOKUMENTE

Die SASW verwys na die belangrike taak van die Beheerliggaam om 'n gedragskode vir 'n skool op te stel. Die opstel van 'n gedragskode is een van die hooftake van die Beheerliggaam van 'n skool. So 'n gedragskode is 'n belangrike rigtingwyser ten opsigte van die voorgeskrewe of verwagte manier van optrede, wat aanvaarbare gedrag volgens die SASW (Hoofstuk 2, Artikel 8(1)) definieer. Elke skool se beheerliggaam is dus wetlik verplig om 'n gedragskode vir die skool op te stel. Die doel van hierdie gedragskode is om 'n gedissiplineerde leeromgewing te skep waar alle leerders en personeel op 'n ordelike wyse kan onderrig en leer (SASW, Artikel 8(2)). Dit is ook die plig van die Departement van Onderwys om riglyne te verskaf aan die Beheerliggaam, en dit is vervat in Artikel 8 van die SASW. Die *Guideline for the Consideration of Governing Bodies in adopting a Code of Conduct for learners 1998*, stel riglyne voor vir die opstel van sodanige gedragskode vir leerders. Elke leerder wat in 'n skool toegelaat word moet 'n gedragskode ontvang. Nuwe leerders sal dus onmiddellik ingelig wees van die feit dat hulle nie ontgroen mag word nie, en ook nie ander mag ontgroen nie. Dit is ook belangrik dat leerders sal weet dat daar dissiplinêr teen hul opgetree kan word indien hulle die gedragskode van die skool oortree.

Onwettige praktyke soos ontgroening moet ook pertinent deur die gedragskode verbied word. Indien sodanige praktyke wel plaasvind moet die Beheerliggaam as die wettige gesag stappe volgens die gedragskode neem om sulke daade te voorkom, of om leerders teen ontgroeningspraktyke te beskerm. As ontgroeningsaktiwiteite wel plaasvind en onderwysers is daarby betrokke, moet die skoolhoof stappe neem teen die oortreders in terme van die bepalings in die SASW (Hoofstuk 2, Artikel 10A). Hierdie tugstappe moet in lyn wees met die toepaslike gedragskode van Artikel 8 en 18A van die SASW, sowel as Bylae 2 van die WIO.

Leerders kan ook selfs siviele aksies instel teen 'n persoon of groep wat die leerder forseer of gemanipuleer het om betrokke te wees of by ontgroening, of wat self ontgroen is, volgens die SASW (Artikel 10 A(2)(b)). In die SASW (Hoofstuk 2, Artikel 8(6-9)) word daar ook riglyne aan beheerliggame verskaf rakende tugverhore. Tugverhore behoort te volg wanneer leerders se optrede nie in lyn is met die gedragskode van die skool nie. Die SASW skryf verskeie prosedures voor wat gevolg moet word tydens dissiplinêre verrigtinge (Artikel 8).

Tydens tugverhore moet leerders deur hul ouers of aangewese persone verteenwoordig word (Artikel 8(6)). Indien geen ouer, voog of aangewese persoon opdaag nie, mag die verhoor wel voortgaan met die toestemming van die voorsitter van die tugkomitee (Artikel 8(6)). Indien leerders aanhou om die gedragskode van die skool te oortree, of hulle skuldig maak aan ernstige dissiplinêre oortredings, kan skorsing volgens die *Guidelines for the consideration of Governing Bodies in adopting a Code of Conduct for learners* aanbeveel word (Regulasie 12.1 (a – b)). Skorsing is gewoonlik die beheerliggaam se laaste uitweg om dissipline in die skool te handhaaf, of om die oortreders van ander leerders te verwyder. Dit word hoofsaaklik gedoen om ander leerders en personeel se veiligheid te verseker. Net die beheerliggaam kan 'n leerder skors (tydelik uit die skool verwyder) terwyl uitsetting (permanent uit die skool verwyder) slegs deur die Departementshoof van die Departement van Onderwys gedoen kan word na 'n aanbeveling deur die betrokke skool (SASW, Artikel 9(2)(A-B)). 'n Uitsetting kan slegs na afloop van 'n tugverhoor aanbeveel word, waarna die Departement van Onderwys die betrokke leerder na 'n ander skool sal moet oorplaas indien die leerder steeds skoolpligtig is (*Guidelines for the consideration of Governing Bodies in adopting a Code of Conduct for Learners*, Regulasie 12.3).

Die SASW (Hoofstuk 2, Artikel 3(1)) verduidelik dat leerders skoolpligtig is tot en met die ouderdom van 15 jaar, of as hulle graad nege geslaag het. Die hoof funksie van die beheerliggaam is om na die beste belange van die skool om te sien deur middel van die verskaffing van kwaliteit onderrig vir alle leerders van die skool (SASW, Artikel 20(1)(A)). Die aanvaarding van 'n grondwet, opstel van 'n gedragskode en die ondersteuning van die skoolhoof, onderwysers en alle ander personeel by die skool is, is deel van die beheerliggaam se pligte (SASW, Artikel 20(1)(b-e)). Die beheerliggaam moet dit duidelik in die leerders se gedragskode stel dat geen ontgroeningspraktyke geduld sal word nie, omdat dit teen die wet is.

3.4.1.5 REGSGEVOLGE AS DIE BEHEERLIGGAAM NIE ONTGROENINGSPRAKTYKE KEER NIE, OF DIT GOEDKEUR

Die SASW bevat 'n belangrike komponent waaraan beheerliggame wetlik moet voldoen. Die Departementshoof van die Departement van Onderwys is ook by magte om funksies van beheerliggame weg te neem of beheerliggame selfs te ontbind indien hul nie binne die gegewe regsraamwerk optree nie (Hoofstuk 2, Artikel 22). Sou die beheerliggaam nie optree soos hul verpligtinge volgens die van die SASW nie, het die Departementshoof van die Departement van Onderwys die mag om geskikte persone aan te stel (Artikel 25(1)). Hierdie persone sal dan diens verrig oor een of meer funksies vir 'n tydperk wat nie drie maande oorskry nie. Indien die Departementshoof dit nodig ag kan die tydperk verleng word tot 'n maksimum van een jaar. Indien die beheerliggaam nie sy werk doen nie, moet 'n nuwe beheerliggaam aangewys word binne 'n jaar na die ontbinding van die bestaande beheerliggaam (Artikel 25(3)). Die nuutverkose beheerliggaamlede moet hul werk in die beheerliggaam so goed as moontlik verrig (Artikel 25(4)). Beheerliggame wat enigsins ontgroeningspraktyke goedkeur, of dit nie aanspreek nie, misken leerders se regte, verbreek die skool se gedragskode en oortree die *Grondwet*.

3.4.1.6 VERSKILLENDE ROLSPELERS EN ONTGROENING

Ander rolspelers wat ook regsverpligtinge rakende ontgroening het, is die verteenwoordigende raad vir leerders (VRL), ouers en die Departement van Onderwys. Hierdie onderskeie rolspelers se regsverpligtinge en regsgevolge sal vervolgens bespreek word.

3.4.1.7 REGSVERPLIGTINGE VAN DIE VRL IN TERME VAN VERSKILLENDE REGSDOKUMENTE

In die SASW word daar verduidelik dat geen deelname toegestaan mag word ten opsigte van ontgroeningspraktyke by skole nie. Ontgroeningspraktyke is verbode in sowel die skool as in die skoolkoshuis. In die *RPIPS* (Regulasie 4.3) word daar aangedui dat die VRL die beste belange van al die leerders op die hart moet hê, en goeie gedrag moet aanmoedig (Regulasie 4.3). Die VRL verteenwoordig al die leerders en moet daarom verseker dat alle leerders reg optree soos bepaal in die skool se gedragskode. Die VRL mag hulself nie skuldig maak aan die deelname aan enige ontgroeningspraktyke nie.

Hulle mag ook nie stilbly indien hul kennis dra van enige ontgroeningspraktyke nie. Die VRL is die enigste wettige verteenwoordiger van leerders by die skool. Die VRL word ook deur die leerders van die skool gekies, so hulle verteenwoordig die leerders van die skool. Elke skool sal volgens hul gedragskode aan die VRL verduidelik wat hul onderskeie funksies behels. Die VRL is gewone leerders van die skool en moet die gedragskode eerbiedig en onderneem om daarvolgens korrek op te tree vanweë hul leierskapsposisie. VRL lede moet na die beste belange van alle leerders omsien en goeie gedrag aanmoedig, maar hulle het nie die gesag of reg om leerders te straf of tugtig nie (GGCCL, paragraaf 5.7). Leerders moet beskerm word teen mishandeling deur volwassenes of ander leerders, soos die VRL (*RPIPS*, Regulasie 4.3). Leerders se gedrag moet ook in lyn wees met die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid (*RPIPS*, Regulasie 4.3).

3.4.1.8 REGSVERPLIGTINGE VAN OUERS IN TERME VAN VERSKILLENDE REGSDOKUMENTE

Die Code of Professional ethics verduidelik dat 'n ouer enige natuurlike ouer of voog van 'n kind is wat wettiglik geregtig is op voogskap van die kind (paragraaf 1.5 (a - b)).

Die *SASW* lig ook die verantwoordelikheid van ouers uit rakende die gedragskode van die skool. Die *Guidelines for the consideration of Governing bodies in adopting a code of conduct for learners no. 776 van 1998 (GGCCL)* verduidelik in Paragraaf 6 (6.1–6.3) verskeie verantwoordelikhede van ouers ten opsigte van die gedragskode.

Die uiteindelik verantwoordelikheid van leerders se gedrag berus by hul ouers of voogde (*GGCCL*, paragraaf 6.1). Dit word van ouers verwag om die skool te ondersteun en hul kinders aan te moedig om al die skoolreëls en regulasies te eerbiedig. Hulle neem ook verantwoordelikheid vir hul kind/ers se optrede (paragraaf 6.1(a)). Dit is ook belangrik dat ouers skoolvergaderings moet bywoon wat deur die beheerliggaam belê word (paragraaf 6.2). Ouers het die reg om regstappe te neem teen enige opvoeder, leerder of persoon wat die grondwetlike regte van hul kind/ers skend, soos byvoorbeeld tydens lyfstraf of wanneer 'n kind beseer word (paragraaf 6.3).

3.4.1.9 REGSVERPLIGTINGE VAN DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS IN TERME VAN VERSKILLENDE REGSDOKUMENTE

Die SASW (Hoofstuk 1, Artikel 2(2)) stel dit dat 'n Lid van die Uitvoerende Raad en 'n Departementshoof enige bevoegdheid moet uitoefen wat by of kragtens hierdie Wet aan hulle opgedra word, nadat die toepaslike beleid wat ingevolge die *Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wet 27 van 1996)*, bepaal is, ten volle in berekening gebring is. Die LUR van Onderwys asook die Departementshoof van Onderwys moet hulle bevoegdhede uitoefen rakende die bepalinge van die SASW. Verder word daar in die SASW (Hoofstuk 2, Artikel 8(3)) aangedui dat die Minister ná oorlegpleging met die Raad van Onderwysministers, riglyne kan bepaal vir oorweging deur beheerliggame in die aanvaarding van 'n gedragskode vir leerders. Sulke riglyne wat wel deur die Minister voorgestel word en deur beheerliggame oorweeg word vir die gedragskode van die skool, moet verseker dat kinders nie blootgestel word aan enige vorm van ontgroeningspraktyke nie.

Die *GGCCL* verduidelik dat die wettige gesag vir die beheer en dissipline van leerders deur die Minister van Onderwys bepaal word. In terme van afdeling 3(n) van die *National Education Policy Act, 27 of 1996* moet die Onderwysminister die nasionale onderwysbeleid daarstel vir die beheer en dissipline van leerders by onderriginstellings. Sodanige beleid moet gerig wees op die uitbouing en beskerming van elke persoon se fundamentele regte (*GGCCL*, paragraaf 3.1-3.2). Die SASW maak dit in Hoofstuk 2 (Artikel 10A(1)) duidelik dat geen persoon mag deelneem aan of goedkeuring mag verleen vir deelname aan ontgroeningspraktyke nie. Dit geld in skole en skoolkoshuise.

Geen persoon, insluitende die LUR van Onderwys en die Onderwysminister, is by magte om ontgroeningspraktyke toe te laat nie. Hulle mag ook geen persone toelaat of aanmoedig om aan sodanige ontgroening deel te neem nie.

3.4.1.10 REGSGEVOLGE AS DIE VRL NIE ONTGROENINGSPRAKTYKE KEER NIE, OF DIT GOEDKEUR

Die SASW maak dit in Hoofstuk 2 (Artikel 10A(1)) duidelik dat geen persoon mag deelneem aan of goedkeuring vir deelname aan ontgroeningspraktyke verleen nie. Die SASW (Artikel 10A(2)(a)) stel dit dat enige persoon wat subartikel (1) oortree, skuldig is aan wangedrag, en tugstappe moet teen sodanige VRL lede ingestel word in ooreenstemming met die toepaslike

gedragskode, voorgeskryf in Artikels 8 SASW. Daar kan ook siviele aksie ingestel word teen persone wat leerders ontgroen, of wat leerders manipuleer of dwing om inisiasiepraktyke te bedryf of daaraan deel te neem (SASW, Artikel 10A(2)(b)). VRL lede wat ander leerders ontgroen kan dus ook siviël aangekla word as hulle deel was van die ontgroening van ander leerders. Die VRL word juis verkies deur al die leerders van die skool om hulle te verteenwoordig en hul beste belange op die hart te dra. Dit sal baie onvanpas wees as VRL lede hulle sou skuldig maak aan ontgroeningspraktyke, of deelname daaraan sou aanmoedig.

3.4.1.11 REGSGEVOLGE AS OUIERS NIE ONTGROENINGSPRAKTYKE KEER NIE, OF DIT GOEDKEUR

Ouers het ook verantwoordelikhede rakende die gedragskode van 'n skool. Die basiese verantwoordelikheid ten opsigte van leerders se gedrag rus by die kind se ouers of voogde (GGCCCL, paragraaf 6.1). Dit word van ouers verwag om die skool te ondersteun. Hulle moet verder toesien dat kinders alle skoolreëls en regulasies gehoorsaam, en die verantwoordelikheid vir enige wangedrag vanaf hul kind/ers se kant rus op hulle (GGCCCL, paragraaf 6.1 (a)). Ouers is dus verantwoordelik vir hul kinders se optrede, en hulle kan daarvoor verantwoordelik gehou word as hul kind/ers hulle sou skuldig maak aan deelname of aanmoediging van ontgroeningspraktyke.

3.4.1.12 REGSGEVOLGE AS DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS NIE ONTGROENINGSPRAKTYKE KEER NIE, OF DIT GOEDKEUR

Die SASW verduidelik die regsgevolge wat kan plaasvind indien persone hulle skuldig maak aan onwettige ontgroeningspraktyke. Om deelname aan ontgroeningspraktyke aan te moedig of goed te keur is onwettig, en kan tot strafmaatreëls lei vir die persoon/e daarby betrokke (SASW, Artikel 10A(1-4)). Persone wat hulle skuldig maak aan deelname aan ontgroeningspraktyke is skuldig aan 'n misdryf en dissiplinêre aksie moet teen so 'n persoon ingestel word op grond van die gedragskode soos voorgeskryf in Artikels 18 en 18A van die SASW, en skedule 2 van die *Wet op die Indiensneming van Opvoeders van 1998 (WIO)*. Werkgewers kan, nadat daar behoorlike inagneming van toepaslike bepalings van die *Wet op Arbeidsverhoudinge* was, 'n opvoeder uit diens ontslaan weens wangedrag indien daar meegedoen is aan ontgroeningspraktyke (WIO, Artikel 11(1)(a)).

Werknemers van die Departement van Onderwys wat hulle aan wangedrag skuldig maak is gewoonlik 'n gevolg van die ineenstorting van die diensverhouding (*WIO*, Artikel 18(1)). Voorbeelde van waar werknemers hulle skuldig maak aan wangedrag, veral ten opsigte van ontgroeningspraktyke, is (*WIO*, Artikel 18(a)(e)):

(a) versuim om hierdie Wet of enige ander wetgewing, regulasie of 'n regsplig met betrekking tot onderwys en die diensverhouding na te kom of dit oortree;

(e) in die uitvoering van sy of haar plig, sy of haar eie lewe of die lewens van ander in gevaar stel deur gestelde veiligheidsreëls of regulasies te verontagsaam;

Indien die bevinding van wangedrag wel gemaak word nadat die prosedures in subartikel (2) gevolg is, kan die werkgewer in ooreenstemming met die tugkode en -prosedures in Bylae 2 . enige van die volgende strawwe of 'n kombinasie daarvan opleë (*WIO*, Artikel 18(3)(a-i): berading, 'n mondelinge waarskuwing, 'n skriftelike waarskuwing, 'n finale skriftelike waarskuwing, 'n boete wat nie meer is as een maand se salaris nie, skorsing sonder salaris vir 'n tydperk van hoogstens drie maande, en verlaging van posvlak of afdanking, as die aard en omvang van die wangedrag dit regverdig.

Die verskillende sanksies wat teen oortreders ten opsigte van ontgroening opgelê kan word, wissel van ligte strawwe tot afdanking. Werknemers plaas dus hul beroep op die spel indien hulle op enige manier deelname aan ontgroening aanmoedig of goedkeur, of daaraan meedoën.

3.5 REGSPRAAK

Baie min sake rakende ontgroening as sulks is al in Suid-Afrikaanse howe aangehoor. Hofsake wat wel van toepassing op ontgroening is sal vervolgens gelys en bespreek word. Hierdie hofsake is uitgesonder aangesien dit elemente van ontgroeningspraktyke bevat, of omdat dit ook op ontgroening van toepassing is.

3.5.1 EB v CREECY NO 2010 JDR 0251 (GSJ) 2010 JDR 0251 P1.

In hierdie saak is 'n seun wat as verteenwoordigende raad van leerders (VRL) lid en onderhoofseun van die skool gekies is, erg ontgroen.

In die koerant is na die insident verwys as 'n spanbou-aktiwiteit. Daar is aan die seun meegedeel dat die doel van die ontgroening was om 'n band te bou tussen die lede van die VRL. Hierdie ontgroening was gekenmerk deur bandelose en oproerige gedrag ter vermaak van die omstanders. Dit was baie vernederend vir die slagoffers. Omdat die seun nuut verkose was, was sy ontgroening blykbaar meer intens as die van die ander slagoffers. Die seun is gediagnoseer met algemene angstigheidsversteuring. Die regter het die volgende uitspraak rakende die ontgroening tydens die hofspraak gemaak:

As history has shown these kinds of orientations more often than not become a spectacle of that which would only satisfy those with a distorted sense of 'fun' and 'enjoyment' and, for that matter, 'bonding'. This initiation was no exception: it was marked by unruly and rowdy behaviour probably much to the delight and amusement of the onlookers but unfortunately so, to the dismay and humiliation of the victims.

Die uitspraak van die regter het opnuut aangedui dat ontgroeningspraktyke leerders se menswaardigheid, veiligheid en gelykheid benadeel. Om leerders te verneder dien geen doel nie.

Dit tas hul basiese menseregte aan en lei tot verleentheid en erge vernedering vir die slagoffers. Uit die Facebook inskrywings rondom die insident kan daar duidelik waargeneem word dat die seun erg getraumatiseerd is deur die ontgroening wat hy moes deurmaak. Hierdie leerders het geen keuse gehad as om deel te neem aan die ontgroeningspraktyke nie. Dit was 'n tradisionele gebruik by die skool om nuwe VRL lede en hoofleiers by die skool te ontgroen. Daar is ook weer onder die dekmantel van oriëntering of spanbou opgetree, terwyl die aktiwiteite niks anders as ontgroening was nie.

4.5.2 CHRISTIAN EDUCATION SOUTH AFRICA v MINISTER OF EDUCATION 2000 (4) SA 757 (CC).

Die saak van Christian Education (hierna CE) teen die Minister van Opvoeding het gehandel oor of Christelike onafhanklike skole steeds lyfstraf mag toepas op grond van hulle Christelike geloofsoortuigings, wat lyfstraf as aanvaarbaar ag. CE het aangevoer dat daar inbreuk gemaak word op hulle vryheid van geloof. Die hof het nie enige inperking van vryheid van geloof gevind nie, en het volstaan daarby dat lyfstraf ook in Christelike onafhanklike skole onwettig is.

Die bedoeling daaragter is dat ouers nie verplig is om 'n absolute besluit te maak om 'n landswet te eerbiedig of om hul gewete te volg nie. Ouers kan nie opvoeders beveel of aan hulle magtiging verleen om hul kinders lyfstraf toe te dien in die naam van religieuse bedoelings nie. Die SASW dui aan in Artikel 10 A(1) dat geen persoon lyfstraf op 'n leerder by 'n skool mag toedien nie. Verder dui Artikel 10 A(2a) aan dat indien enige persoon subartikel (1) oortree, skuldig bevind kan word aan 'n oortreding, met 'n vonnis wat opgelê kan word gelykstaande aan wat vir aanranding sou geld. CE het geappelleer en dit is aan hulle toegestaan op grond van Artikel 10 van die SASW, wat inbreuk maak op die bepalings van die Grondwet naamlik die reg op vryheid van godsdiens, oortuiging en mening (a 15) en taal en kultuur (30).

Die Minister van Onderwys het verduidelik dat dit die toediening van lyfstraf is, en nie die verbod daarop nie, wat grondwetlike regte aantast. Hy het veral aangedui dat die versoek van CE om spesiale vrystelling te kry om lyfstraf toe te pas nie in lyn is met die Handves van Menseregte nie. Die saak van *CE v the Minister of Education*, het weereens die grondwetlike regte van kinders gedemonstreer, veral ten opsigte van kinders se waardigheid en veiligheid van die persoon.

Lyfstraf van enige aard, ongeag van die rede vir die toediening, word nie in skole toegelaat nie, selfs al sou dit met ouers se toestemming plaasvind. Enige aksie waar dit wel plaasvind is ongrondwetlik, en sal as 'n strafregtelike oortreding geag word. Baie skole se sogenaamde tradisies of kulture praat ontgroening goed en sien niks fout daarmee nie. Heelwat ouers ondersteun ook steeds ontgroening, en glo dit is goed want hulle moes dit ook deurmaak. Daar is ook 'n wesenlike verband tussen ontgroening en lyfstraf, soos vroeër uitgewys (3.1.8). Baie leerders word lyfstraf opgelê wanneer hulle deur seniors ontgroen word, en dit is onwettig (cf. 1.1, 1.2, 3.1.8). In baie gevalle is skole se sogenaamde tradisies of gebruike heeltemal onwettig en word kinders verneder, beseer en hul menswaardigheid aangetas.

3.5.3 *HAWEKWA YOUTH CAMP AND ANOTHER v BYRNE 2010(6) SA 83 (SCA)*.

In Maart 2004 is Michael Byrne van die Durbanville Preparatory Skool saam met 'n groep kinders en 'n onderwyser vir 'n twee dae lange ekskursie na die Hawekwa Youth kampeerterrein buite Wellington. Die kinders het in rondawels tuisgegaan.

Vroeg een oggend is Michael op die sementvloer van sy kamer aangetref. Niemand het gesien wat gebeur het nie, hy was bewusteloos en het konvulsies begin kry. Hy is in die hospitaal opgeneem, waar vasgestel is dat hy skedelbreuk opgedoen het, met onderliggende breinbeserings en 'n mate van permanente skade. Die respondent (die kind se vader, Meneer Byrne) het stappe geneem in die Kaapstadse Hooggeregshof vir die skade wat hy en Michael op grond van die beserings gely het.

Die kern van die saak was dat Michael se beserings verhoed kon gewees het deur die twee applikante, aangesien hulle verkeerdelik opgetree het en nalatig was. Die eerste applikant was die eienaar van die Hawekwa Youth kampeerterrein, waar die voorval gebeur het. Die tweede applikant was die Minister van Onderwys in die Wes-Kaap. In sy kapasiteit as werkgewer van onderwysers van openbare skole, val alle aksies van onderwyses in die Wes-Kaap binne sy jurisdiksie, en so ook die Durbanville Preparatory Skool. Die Kaapstadse Hooggeregshof het albei partye gesamentlik aanspreeklik gevind vir Michael se beserings. Nadat die appèl genoteer is, is 'n skikking tussen Meneer Byrne en die eerste applikant bereik. Die verhoor tussen die Minister en Meneer Byrne het egter voortgegaan.

Tydens die verhoor is verskeie alternatiewe uitgelig oor hoe Michael aan sy beserings kon kom, ter verdediging vir die Minister. Dit was een van die uitvloeisels van die verhoor. Op daardie uitvloeisel het die Kaapstadse Hooggeregshof ten gunste van Meneer Byrne beslis. Die ander uitvloeisel het gehandel of oor die onderwyser wat die leerders vergesel het nalatig was om Michael toe te laat om bo-op 'n stapelbed te slaap. Oor hierdie saak het die Kaapstadse Hooggeregshof bevind dat 'n redelike onderwyser die gevaar daaraan verbonde sou kon sien, en eerder die leerder sou aansê om op die vloer te slaap. Onderwysers wat met kinders werk moet te alle tye *in loco parentis* optree. Hulle is die verantwoordelike persone waarna kinders opsien. Onderwysers moet dus te alle tye behoedsaam wees en verskillende moontlikhede oor hoe in situasie kan uitspeel oorweeg of geïnterpreteer kan word om enige onwettige optrede te verhoed asook enige optredes was to moontlike deliktuele eise kan lei.

Tydens ontgroeningspraktyke word dit dikwels aangemeld dat onderwysers en selfs skoolhoofde kennis dra, en selfs deelneem aan praktyke waar kinders ontgroen word (cf. 1.1, 1.2, 2.2). Dit is kommerwekkend dat praktyke wat verbied word volgens verskeie beleide steeds in skole plaasvind.

3.5.4 *GIBBINS v WILLIAMS, MULLER, WRIGHT & MOSTERT INGELYF EN ANDERE*
1987 (2) SA 82 (T) 1987 (2) SA P82

Die rede vir hierdie saak was 'n skadevergoedingseis wat deur 'n student se vader ingestel is na 'n voorval tydens 'n oriëntasieprogram vir nuwe studente aan die Universiteit van Potchefstroom. Met die oriëntasieprogram moes nuwe studente in 'n modderbad duik. Die student het sy rug erg beseer nadat hy in die modderbad geduik het, en hy is daarna verlam gelaat. Die duik in die modderbad is deur die huiskomitee uitgedink. 'n Student wat lid was van die huiskomitee het beheer uitgeoefen oor die modderbadseremonie. Die hof het bevind dat die senior student die nuwe student opdrag gegee het om in die bad te duik, en dat hy nalatig was aangesien hy geweet het dat die bad nie diep genoeg was om in te duik nie. Ook ten opsigte van die kontrole oor huiskomiteelede deur die universiteit, moes daar ten volle beheer en toesig gewees het rakende die oriënteringsprogram en modderbadseremonie. Die lede van die huiskomitee moes na die beste belange van die studente opgetree het. Veral die koshuishuisvader moes gesorg het dat dié spesifieke gedeelte van die oriëntering op 'n veilige manier uitgevoer is. Die skade wat aan nuweling aangerig word, kan langdurig wees, soos in hierdie geval.

Op daardie oomblik dink seniors nie aan die ernstige nagevolge vir die nuweling wat hulle seermaak, verneder of aanrand nie (cf. 1.1, 1.2, 2.2, 2.3). Al is dit nie altyd liggaamlike skade wat aangerig word tydens ontgroeningsaksies nie, is die sielkundige aspek somtyds selfs erger. Dit is kommerwekkend dat ontgroeningspraktyke steeds in Suid-Afrikaanse skole en universiteite voorkom, en dat daar jaarliks in die media daaroor berig word (cf. 1.1, 1.2).

In Suid-Afrika was daar nog nie baie hofsake wat uitspraak gelewer het oor ontgroening nie. Om hierdie rede is die bostaande hofsake uitgewys.

3.6 TEN SLOTTE

Elke jaar word daar in Suid-Afrika probleme rakende ontgroening ondervind. Om my in staat te stel om die spanning rakende populêre diskoerse en die regsraamwerk wat ontgroening beoordeel uit te lig, het ek die wetgewing gelys wat van toepassing is op onderwysers, beheerliggame, leerders, die VRL, die Departement van Onderwys, en ouers van leerders.

'n Konsepverklaring van verskeie regsbegrippe is ook beskryf om duidelikheid oor die terme te verkry. Die regsraamwerk vir ontgroening is tematies gedoen en alle wette, beleide en reëls wat van toepassing is op ontgroening, is uitgelig. Daar is verskeie regsverpligtinge en regsgevolge wat van toepassing is op die gelyste rolspelers rakende ontgroening. Indien hierdie rolspelers hulle skuldig sou maak deur deel te neem aan ontgroening, of bewus te wees daarvan, kan hulle wetlik aanspreeklik gehou word en moet hulle die regsgevolge dra soos uiteengesit deur die landswette.

Ongelukkig is daar nie baie hofsake rakende ontgroening nie en slegs enkele sake wat van toepassing mag wees op ontgroening is uitgelig. Die spanning rakende ontgroening en die regsraamwerk is ook uitgelig, asook die verskeie regsverpligtinge en regsgevolge waaraan alle rolspelers moet voldoen om verantwoordbaar op te tree rakende ontgroeningspraktyke. In die volgende hoofstuk sal die diskoerse onder rolspelers rakende ontgroening by skole bespreek word.

HOOFSTUK 4: NAVORSINGSMETODOLOGIE

4.1 INLEIDING

In Hoofstuk 3 is 'n volledige reeks van wette, onderwysbeleide, regulasies en reëls gelys wat onderriginstellings moet gebruik om kinders teen ontgroening te beskerm. Die Departement van Onderwys moet ook seker maak dat hierdie wette en reëls by skole geïmplementeer word. Die verskeie regsverpligtinge en regsgevolge waaraan die verskillende rolspelers in ontgroening moet voldoen, is ook gelys. Skole maak hulself skuldig as hulle nie gehoor gee aan hierdie genoemde wette en die implementering daarvan nie. Daar verskyn gereeld aan die begin van elke akademiese jaar berigte in koerante of op televisie oor kinders wat steeds by skole ontgroen word (cf. 1.1), al is dit 'n onwettige gebruik. Verskeie hofsake is ook in Hoofstuk 2 genoem wat gehandel het oor aspekte relevant tot die kwessie van ontgroening. Baie min hofsake wat direk oor ontgroening handel is al aangehoor, weens 'n verskeidenheid van faktore. Literatuur uit ander lande dui daarop dat die sosiale aanvaarbaarheid van ontgroening die magskringloop versterk (cf. 2.2, 2.3, 2.4). Baie ouers glo dat hulle kinders dieselfde tipe tradisies as hulleself moet deurgaang, en is daarom nie juis gekant teen ontgroening nie (cf. 1.1, 1.2).

Om in die Suid-Afrikaanse konteks bogenoemde siening, maar ook ander opinies oor die onderwerp te ondersoek, het ek kwalitatiewe data genereer en ontleed. In hierdie hoofstuk word die metodologie van die empiriese navorsing bespreek.

4.2 KWALITATIEWE NAVORSING

Kwalitatiewe navorsing poeg om verduidelikings te vind vir sosiale gebeure, en om die sosiale wêreld waarin ons leef beter te verstaan (Hancock, Ockleford & Windridge, 2007:7). Dit help ook, meen Hancock *et al.* (2007:7), om te verduidelik waarom mense op 'n sekere manier optree, hoe opinies en houdings gevorm word, hoe mense deur aktiwiteite rondom hulle beïnvloed word en waarom kulture praktyke op sekere maniere ontwikkel.

Ontgroening is 'n voorbeeld van so 'n sosiale praktyk, en in my studie is daar gepoog om te verstaan hoekom mense op 'n sekere manier optree rakende ontgroening. Ten spyte van duidelike riglyne wat in wette en beleide vervat is, blyk daar steeds op die oog af 'n positiewe

houding by sommige mense teenoor die praktyk te wees. Volgens Nieuwenhuis (2016:53) stel kwalitatiewe navorsers daarin belang hoe mense hulself in hul omgewings oriënteer, en hoe die bewoners van hierdie omgewings sin daarvan maak deur simbole, rituele, sosiale strukture en sosiale rolle. As kwalitatiewe navorser stel ek dus daarin belang om te verstaan hoe mense oor ontgroening dink en praat, en hoekom hierdie rituele as belangrik geag word. Ek wou verstaan waarom ontgroening steeds deel van baie skole se praktyk is, en watter rolle die verskillende rolspelers speel, en hoe hulle oor ontgroening dink.

4.3 DISKOERS-ANALISE

Die navorsingsbenadering wat gevolg is, is diskoers-analise binne kwalitatiewe navorsing. Diskoers-analise is 'n breë term wat verwys na die studie van hoe taal en gesprekke tussen mense gebruik word, beide in die geskrewe en gesproke konteks (Nordquist, 2019:par. 1). Tannen (n.d.:par. 1) sluit hierby aan en stel dit dat diskoers-analise die analise van taal is soos wat dit saamvloei om 'n spesifieke argument te vorm. Adolphus (2018:par. 1) noem dat die etos van diskoers-analise is dat die taal en diskoers (in terme van gesproke kommunikasie) nie 'n vaste, absolute realiteit is nie, maar een is wat gevorm word in die sosiale konteks. Dit het dus die mag om 'n beeld van die wêreld skep wat uniek aan die outeur van die diskoers is. Baie navorsers is dit eens dat taal as 'n metode van sosiale konstruksie gevorm word deur die gemeenskap (Machin & Mayr, 2012:4). Mense is eintlik elke dag besig om diskoers-analise te beoefen deur die media wat hulle gebruik, koerante wat hulle lees, deur radio te luister en daarvoor alles kommentaar te lewer, in 'n poging om sin te maak van wat gesê of geskryf word.

Schneider (2013:par. 1-10) sê dat verskillende stappe nodig is om 'n navorser in staat te stel om 'n sistematiese en professionele diskoers-analise uit te voer. Die navorser kan byvoorbeeld die konteks bepaal, die produksieproses bestudeer, materiaal voorberei wat geanaliseer moet word, die materiaal kodeer, die struktuur van die teks bestudeer, informele stellings versamel en bestudeer, kulturele verwysings identifiseer, grammatikale en verbale meganismes identifiseer, die data interpreteer en die bevindinge beskryf (Schneider, 2013:par. 1-10). Tematiese analise is een vorm van diskoers-analise wat ook in hierdie studie van toepassing is. Deur 'n teks te bestudeer kan 'n navorser herhalende temas identifiseer en uitlig (Mogashoa, 2014:109). Dit kan egter ook verwys na wat nié gesê word nie, of wat slegs geïmpliseer word. Die teks kan spesiaal vir die navorsing geskep word (bv. transkripsies van

gesprekke), of bestaande tekste kan gebruik word (Terre Blanche, Durrheim & Kelly, 2006:340).

Navorsers moet vertrouwd raak met hulle data met die oog op tematiese analise. Dit sal die navorser help in sy poging om die data te kodeer, temas te identifiseer en daaroor te rapporteer, en uiteindelik analises en aanbevelings ten opsigte van die temas te maak (Mogashoa, 2014:109). Die deelnemers se response op die onderhoud, tesame met kommentaar op sosiale media, is ontleed om temas te identifiseer. Binne hierdie temas kan onderliggende diskoerse uitgelig word wat as die breë trant van die gesprek dien. Elkeen van die metodes van datagenerasie gaan afsonderlik bespreek word in die gedeeltes wat volg.

4.3.1 DATAGENERASIE: ONDERHOUDE

Onderhoude is een van die belangrikste tegnieke om kwalitatiewe data te genereer (Seabi, 2012:89). 'n Onderhoud is basies 'n tweerigting gesprek waartydens die onderhoudvoerder aan deelnemer(s) vrae vra om meer uit te vind oor die idees, oortuigings, sienings, opinies en gedrag van die deelnemers. Die inhoud van hierdie gesprekke word dan die navorser se data (Nieuwenhuis, 2016:93). Die navorser lei die onderhoud, wat gewoonlik 'n sekere aantal vrae of versoeke aan deelnemers stel sodat die response in diepte geanaliseer kan word. Fox en Bayat (2007:73) maak die punt rakende kwalitatiewe onderhoude, dat deelnemers aangemoedig moet word om in diepte te reflekteer oor hulle eie kennis en ervaring voordat hulle die vraag antwoord. Met kwalitatiewe onderhoude poog die navorser dus om die wêreld deur die oë van die deelnemers te ervaar, en as die deelnemers die navorser genoeg vertrou, sal inligting gegenereer word wat die navorser op geen ander manier sal kan kry nie (Nieuwenhuis, 2016:93).

Dit is belangrik dat die navorser die deelnemers moet uitnoui om vrae te beantwoord en daarop uit te brei. Vrae wat bloot met 'n "ja" of "nee" beantwoord kan word, moet liefers vermy word. Die navorser moet sover moontlik die deelnemers op hul gemak laat voel (Bogdan & Biklen, 2003:96). Die sukses van onderhoude as 'n manier van dataverkryging dra baie by tot die mate waartoe geloofwaardigheid en vertroulikheid in die studie verseker word.

Die voer van onderhoude is krities vir my studie. Onderhoude wat met leerders gevoer is wat ontgroening eerstehands ervaar het, het my 'n beter begrip laat kry oor waarom

ontgroeningspraktyke steeds plaasvind, hoe die jongmense oor sulke praktyke dink, en die redes vir die totstandkoming van die magskringloop. Data wat op hierdie manier gegenereer is, het daartoe bygedra dat ek sekere diskoerse kon uitlig

4.3.1.1 Tipes onderhoude

Onderhoude kan of redelik gestruktureerd of redelik informeel wees. Die spesifieke konteks bepaal watter tipe onderhoude ingespan word. Brinkmann (2018:579-580) lys verskeie tipes onderhoude wat binne die kwalitatiewe navorsingskonteks bestaan. Die eerste is gestruktureerde onderhoude. Hierdie onderhoude word tipies gebaseer op dieselfde navorsingslogika as kwantitatiewe vraelyste, waar gestandaardiseerde vrae in dieselfde volgorde aan al die deelnemers gevra word. Dit vergemaklik die vergelyking van deelnemers se response. Hierdie tipe onderhoude, meen Brinkmann (2018:579), is gepas in sekere situasies, maar dit trek nie voordeel uit die dialogiese potensiaal wat inherent deel is van menslike gesprekke nie.

’n Volgende tipe is die relatief ongestruktureerde onderhoud. Hierdie tipe onderhoud is meer soos ’n gesprek, en die navorser is nie rigied oor die vrae wat aan deelnemers gestel word nie (Merriam, 2009:89). ’n Voorbeeld van ’n ongestruktureerde onderhoud is waar iemand sy lewensverhaal met ’n navorser deel, en temas, invloede, gebeure, lewenslesse en ontberings uitlig (Brinkmann, 2018:579).

’n Derde soort onderhoud is die semi-gestruktureerde onderhoud (Merriam, 2009:89). Dit word tipies tydens kwalitatiewe navorsing ingespan, en word dikwels deur navorsers in die sosiale en geesteswetenskappe gebruik (Brinkmann, 2018:579). Semi-gestruktureerde onderhoude laat ruimte vir die kennisproduserende potensiaal van dialoog, wat meer geleentheid bied vir opvolgvrae oor aspekte wat die navorser as belangrik beskou (Brinkmann, 2018:579). Met semi-gestruktureerde onderhoude is daar ’n paar breë vrae, wat dikwels ’n kombinasie van oop en meer gerigte vrae is. Die vrae gee struktuur aan die gesprek, maar op grond van die deelnemers se response kan daar van die struktuur afgewyk word in ’n poging om meer inligting te verkry oor hoe die deelnemer dink en voel (Merriam, 2009:90).

In hierdie studie het ek van semi-gestruktureerde onderhoude gebruik gemaak. Ek wou nie net eensydige vrae aan die deelnemers vra nie, maar wou spesifiek aan hulle die ruimte bied

om enige response te gee wat hulle wou. Deur ruimte te skep vir die deelnemers se eie belewenisse en ervarings tydens ontgroeningspraktyke, was die onderhoudproses redelik buigsaam en aanpasbaar. Dit beteken dat ek by die voorafopgestelde vrae gehou het maar ook die vryheid gehad het om opvolgvrae te vra.

Alhoewel so 'n onderhoud na 'n alledaagse gesprek klink, wys Fox en Bayat (2007:73) op die verskil tussen kwalitatiewe onderhoude en gewone gesprekke. Hulle meld die volgende: 'n kwalitatiewe onderhoud is 'n navorsingsmetode en dit is 'n manier om ander mense se denke, gevoelens en ervarings te ondersoek ten einde 'n bepaalde navorsingsvraag te beantwoord. Die navorser verwerk en analiseer die data, en die resultate van die ondersoek kan deur middel van 'n publikasie met ander belangstellendes gedeel word. 'n Kwalitatiewe onderhoud kan gevoer word met vreemdelinge sowel as met persone bekend aan die navorser.

Verskeie faktore moet deur die navorser in ag geneem word om 'n suksesvolle onderhoud te verseker. Merriam (2009:96) stel voor dat die navorser fokus op die deelnemers se ervarings, hulle opinies, hoe hulle voel, wat hulle weet, en ook hulle agtergrond. Dit is ook nie onvanpas om soms duiwels-advokaat te speel deur kontroversiële vrae te vra nie (Merriam, 2009:98). 'n Ander effektiewe tegniek is om deelnemers te versoek om spesifieke voorbeelde te noem wat verband hou met die kwessie wat ondersoek word, omdat dit dikwels tot dataryke gesprekke lei (Merriam, 2009:99). Ek het al hierdie kwessies in ag geneem toe ek die onderhoude, gebaseer op my navorsingskediule (Addendums A en B), gevoer en ook opvolgvrae gevra het. Ek het my ook laat rig deur die spesifieke skoolkonteks waar die leerders vandaan gekom het, asook die spesifieke kinders met wie ek gepraat het, en het na aanleiding van hoe hulle die vrae hanteer het, die onderhoude aangepas. Tydens die onderhoude wou ek by deelnemers uitvind waarom hulle op spesifieke maniere optree en waarom ontgroeningspraktyke in skole as belangrik of nie geag word.

4.3.1.2 DOKUMENTERING VAN ONDERHOUDDATA

Wanneer die data van onderhoude gestoor word, is dit belangrik om notas te maak van die datum, tyd en plek, asook die deelnemers se name of skuilname (Theron & Malindi, 2012:105). Wanneer die navorser die veldwerk voltooi het, moet onderhoude wat met die toestemming van die deelnemer opgeneem is, getranskribeer word (Theron & Malindi, 2012:106). Daar moet ook te alle tye 'n rugsteenkopie van alle data gemaak word om te

verseker dat die data nie verlore gaan of vernietig word nie, verduidelik Theron en Malindi (2012:107). Van die drie basiese maniere om onderhoude op te neem blyk dit dat bandopnames die gewildste is (Merriam, 2009:109). Hierdie praktyk verseker dat alles wat gesê word, behoue bly. Van die nadele is dat respondente dikwels nie gemaklik daarmee is om opgeneem te word nie, of die opnames kan meganiese probleme ontwikkel (Merriam, 2009:109). 'n Transkripsie is die proses waar oudio-opnames of veldnotas in teks neergeskryf word (Creswell, 2008:246). Creswell (2008:246) noem sekere nuttige stappe wat gevolg moet word om die transkripsie van 'n opname te fasiliteer.

Creswell (2008:246) dui aan dat 'n vyf sentimeter breë kolom aan albei kante van die ontledingsdokument getrek moet word sodat notas tydens die analise neergeskryf kan word. Ekstra spasies op die bladsy tussen die onderhoudvoerder se kommentaar en die respondente se kommentaar stel die navorser in staat om duidelik tussen sprekers te onderskei tydens data-analise. Creswell (2008:246) meen verder ook dat die vrae op een of ander manier in die transkripsie uitgelig of verhelder moet. Jy gaan nie die vrae analiseer nie, maar die verheldering van vrae gaan aandui waar een vraag eindig en waar die volgende een begin. Die navorser kan ook gebruik maak van volledige en beskrywende opskrifte wat inligting bevat oor die onderhoud of observasie-sessie. Laastens dui Creswell (2008:246) aan dat alle woorde of geluide getranskribeer moet word. Selfs wanneer deelnemers aarsel of dink voordat hulle antwoord, moet dit so getranskribeer word. Enige ander gebeurtenis wat tydens die onderhoud mag plaasvind moet neergeskryf word. Wanneer 'n respondent lag, of wanneer daar lang pouses tussen vrae en antwoorde is, of wanneer respondent nie 'n vraag wil beantwoord nie, moet dit by die transkripsie ingesluit word (Creswell, 2008:246).

As 'n algemene reël word alle woorde wat tydens 'n onderhoud gesê word getranskribeer, sodat alle data rondom die inhoud van die onderhoud ingesluit word.

4.3.1.3 SELEKSIE VAN DEELNEMERS

Aangesien hierdie kwalitatiewe studie van onderhoude as data-insamelingstegniek gebruik gemaak het, was dit belangrik dat die navorser die regte deelnemers sou kies vir deelname aan die onderhoude. Dit sou daartoe bydra dat die navorsingsvrae so deeglik as moontlik beantwoord word. Die navorser moes individue identifiseer wat iets van ontgroening sou weet sodat hulle 'n sinvolle bydrae sou kon lewer. Ontgroening vind hoofsaaklik in Graad 8

plaas, daarom is verskeie onderhoude met Graad 8 leerders gevoer. Ek het ook onderhoude met Graad 9 tot Graad 11 leerders gevoer, wat die Graad 8 leerders as juniors beskou. Hierdie Graad 9 tot Graad 11 leerders was deel van die wat die nuweling Graad 8 leerders ontgroen het.

Die fokus van hierdie studie was slegs Afrikaanse hoërskoolleerders in skole wat voorheen as Model C skole bekend gestaan het, en waar ontgroening plaasvind. Ek het hierdie deelnemers doelgerig gekies. Sommige van die skole waar die deelnemers skoolgaan, het koshuise. Omdat hierdie studie in Afrikaans gedoen is, was dit ook net makliker vir die navorser om die onderhoude in Afrikaans te voer. Dit het tot gevolg gehad dat die deelnemers se response meer akkuraat weergegee kon word sonder dat vertalings nodig was.

4.3.1.4 DOELGERIGTE SELEKTERING

Met doelgerigte selektering, kenmerkend van kwalitatiewe navorsing, kies die navorser die deelnemers op grond van hul eienskappe, of oor die kennis wat hulle oor 'n spesifieke saak het wat van waarde vir die studie kan wees (Cohen *et al.*, 2007:115-116). Ek het daarom gefokus op kinders wat ontgroen is, kinders wat ander ontgroen het, ouers van leerders wat ontgroen is en ander volwasse kommentaar wat met ontgroening te make het. In die meeste gevalle maak doelgerigte selektering gebruik van persone wat in-diepte kennis van die onderwerp het, wat blootgestel was daaraan, of wat kennis en mag het, verduidelik Cohen *et al.* (2007:115). Spesifieke kriteria het gegeld vir die deelnemers wat aan hierdie studie deelgeneem het. Met doelgerigte selektering maak die navorser gebruik van 'n lys van kwaliteite wat nodig is vir die studie, en die navorser soek spesifiek na individue wat sal voldoen aan die vereistes, meen Merriam (2009:77).

In hierdie studie is daar hoofsaaklik gebruik gemaak van Graad 8 manlike en vroulike leerders, en ook van ouer leerders wat self ook op 'n stadium "sotte" was en self ontgroening beleef het. Ek het met beide stads- en koshuisleerders gepraat om die moontlike verskille te verreken. Ek het dus die volgende in ag geneem:

- Die leerders moes al op een of ander manier aan ontgroening blootgestel gewees het
- Ek wou 'n mengsel van dagskoliere en koshuisskoliere betrek
- Ek wou skoliere van sowel die stad as die platteland betrek
- Ek wou skoliere van enkelgeslagskole asook gemengde skole insluit

- Skoliere van skole met koshuise, sowel as skole sonder koshuise, is betrek

Nog 'n aspek wat 'n rol by die selektering van deelnemers gespeel het, was die afstand wat die navorser sou moes aflê. Weens die groot afstande tussen dorpe in die Vrystaat, het ek slegs leerders in een stad en een plattelandse dorp gebruik as deelnemers.

Die tydperk wanneer die onderhoude gedoen is was ook belangrik. Ek het skole in die eerste kwartaal van die jaar besoek. Leerders word gewoonlik aan die begin van die jaar ontgroen, so die ervaring sou nog vars in hulle geheue wees.

My ervaring was dat mense maklik 'n opinie oor ontgroening het, maar dat min bereid was om enige iets op rekord te plaas, selfs binne 'n konteks van vertroulikheid. Alhoewel ek verskeie beloftes van deelname gekry het, het min leerders uiteindelik kans gesien om aan die onderhoude deel te neem. Van al die ouers was slegs een bereid om met my te gesels vir navorsingsdoeleindes. Op die ou end het my deelnemers dus soos volg daarna uitgesien:

Tabel 4-1: Deelnemers aan die onderhoude

	Seun	Dogter	Ouer
Graad 8	5	1	1
Graad 9	1		
Graad 10	2		
Graad 11		7	
Totaal	8	8	1

Samevattend was my deelnemenseleksie dus doelgerigte selektering, maar dit het ook elemente van sneebalselektering gehad (Merriam, 2009:78-79), omdat ek toegang tot sommige van die deelnemers deur aanbevelings deur vorige deelnemers verkry het. Dit het ook elemente van 'n gerieflikheidsselektering gehad (Merriam, 2009: 78-79), omdat ek na dorpe toe gegaan het wat binne 'n 200km radius van Bloemfontein was.

Tydens die datagenerering deur middel van onderhoude, het ek besef dat die beperkte toegang tot mense wat gewillig was om met my oor die saak te praat, die geloofwaardigheid

van my studie in gedrang kon bring. Ek het dus sosiale media dopgehou om te kyk waar gesprekke oor die onderwerp plaasvind. Hierdie aspek word in die volgende gedeelte bespreek.

4.3.2 DATAGENERASIE: SOSIALE MEDIA

Gesprekke tussen hoofsaaklik vreemdelinge op sosiale media is alledaags. Op platforms soos *Facebook* en *Twitter* voel mense vry om hulle menings te lug, en voel mense op die oog af meer beskerm as in 'n persoonlike gesprek. Op 22 Januarie 2018 is die vraag "Hoe voel jy oor ontgroening by skole en universiteite?" op die radioprogram *Monitor* op die radiostasie *RSG* gevra, en die vraag is ook op die *Monitor* en *Spektrum RSG Facebook* blad gestel. Heelwat mense het daarop kommentaar gelewer, en ook gereageer op ander se kommentaar. Aanvullend tot my onderhoude het ek dus die kommentaar van persone wat op die vraag gereageer het, gebruik.


Ek beskou hierdie kommentaar in die eerste plek as in dieselfde kategorie as wat Merriam (2009:139-163) beskryf as dokumente wat nie beïnvloed word deur die navorser nie. Salmons (2018:8) beskryf hierdie as "unobtrusive observation of communities or events on social media sites", wat beteken dat ekself as die navorser geensins betrokke was by die gesprekke, of die gesprekke na enige kant toe probeer stuur het nie. In die tweede plek, is die data in die openbare domein, en gee dit die opinies van mense weer wat dit vrywillig op die blad geskryf het. Ennaji *et al.* (2018:261) noem hierdie tipe analise 'n opinie analise, waarvoor daar verskillende benaderings bestaan. Shami, Ashfaq en Khan (2019:255) beskou hoe ek die data gebruik het as kwantitatiewe inhoudsanalise, wat in temas geanaliseer is.

RSG se webblad is 'n oop blad, en enige persoon kan die inligting bekom, wat die kommentaar dus in die openbare domein plaas. Nogtans het ek die deelnemers aan die gesprek anoniem gemaak deur die databron slegs as "FB" aan te dui, sonder om die persone se name te noem. Ek het die menings uitsprake wat ek vanaf *Facebook* gekry het as blote kwalitatiewe data gebruik, saam met die opinies van die leerders, asook die inligting vanaf die een ouer wat inligting met my gedeel het.

4.3.3 ONTLEDING VAN KWALITATIEWE DATA

In 4.3 het ek kortliks na diskoers-analise verwys, en hierdie gedeelte moet dus saam met die inleidende verduideliking gelees word. Kwalitatiewe data-analise is 'n aaneenlopende en aanhoudende proses, wat impliseer dat dataverkryging, verwerking, analise en rapportering vervleg is en nie bloot opeenvolgende stappe is nie (Nieuwenhuis, 2016:109). Met 'n kwalitatiewe studie word die navorser dikwels genoodsaak om terug te gaan na sy of haar oorspronklike notas om gevolgtrekkings te verifieer, of om van die respondente weer te besoek om addisionele data te verkry (Nieuwenhuis, 2016:109).

Seidel in Nieuwenhuis (2016:109-110) het 'n model geskep om die aaneenlopende proses van kwalitatiewe data-analise te illustreer:



Figuur 4-1: Proses van kwalitatiewe data-analise (Seidel in Nieuwenhuis, 2016:110)

Die bostaande figuur toon dat die elemente van feite herken, feite versamel en oor feite na te dink, siklies en ineengeskakel is tydens die proses van kwalitatiewe data-analise. Wanneer jy byvoorbeeld reflekteer oor die data wat jy versamel het, kom jy dalk agter dat daar spesifieke gapings in jou data is, en jy neem stappe om hierdie ontbrekende data te versamel (Nieuwenhuis, 2016:109).

Navorsers wil sin maak van die data wat ingewin is deur op te som wat gehoor of gesien is in terme van woorde, frases, temas of patrone, sodat nuwe kennis opgebou kan word. Die navorser wil ook sy einddoel bereik deur nuwe gedagtegange en die opbou van kennis (Fox & Bayat, 2007:104; Nieuwenhuis, 2016:110). Navorsers se doel met data-analise is om sin te maak uit die data deur middel van die konsolidasie en interpretasie van wat die deelnemers gesê het, asook wat die navorser gesien en gelees het (Merriam, 2009:176-177). Ek sal dus, soos Merriam (2009:177), aanbeveel dat een eenheid inligting vergelyk word met die volgende, om opeenvolgende ooreenkomste in die data te identifiseer. Met hierdie proses

sal ek die data opbreek in kleiner inligtingsdeeltjies, en dan hierdie deeltjies kategoriseer of klassifiseer, wat weer hierdie deeltjies sal saamsnoer op 'n unieke wyse, soos beskryf deur Merriam (2009:177).

Die doel van die studie was egter nie net om op 'n onkritiese wyse die ingesamelde data weer te gee nie. Ek het gepoog om subtiele boodskappe in die vorm van diskoerse uit te lig. Wanneer 'n navorser die diskoerse probeer identifiseer, beveel Terre Blanche *et al.* (2006:340) aan dat daar na temas gekyk word wat oor 'n tydperk, en tussen verskillende mense, plaasvind, eerder as om op 'n spesifieke gesprek of konteks te fokus. Die navorser moet poog om teenstrydige diskoerse binne temas uit te lig, en bewus te wees van die invloed van mag op sulke gesprekke (Terre Blanche *et al.*, 2006:337). Ek het dus gepoog om te kyk watter herhalende temas tydens die onderhoude na vore gekom het (Terre Blanche *et al.*, 2006:331), en ook waarom daar stilgebly is. Ek moes dus tot 'n mate tussen die lyne lees om werklik die populêre diskoerse te identifiseer en te verstaan.

4.3.4 BESTUUR VAN DATA

Dit is van groot waarde vir navorsers om alle ervarings en belewenisse tydens die navorsingsproses te dokumenteer. Sover moontlik moet die transkripsies ook deur die navorser self gedoen word. Dit sal verseker dat wanneer 'n respondent geaarsel het, of geweier het om 'n vraag te beantwoord, of selfs net wanneer daar 'n lang stilte was, die navorser dit die beste sou kon aanteken, meen Nieuwenhuis (2016:115). 'n Lys van al die onderhoude wat die navorser gevoer het, moet ook beskikbaar wees. Die data en bestuur daarvan moet ook verseker dat dit op aanvraag van die eksaminatore beskikbaar gemaak kan word. Alle transkripsies van onderhoude is ook op band opgeneem, en kan aangevra word. Die data wat vanuit die onderhoude verkry word moet ook gegroepeer of in spesifieke kategorieë geplaas word. Die proses van kodering behels die noukeurige deurlees van die getranskribeerde data, en die klassifikasie daarvan in betekenisvolle analitiese eenhede, verduidelik Nieuwenhuis (2016:116). Soos Merriam (2009:175-176) verduidelik, is data-analise die proses om sin te maak uit die data deur middel van konsolidering, vermindering en interpretering van wat mense gesê het, en wat die navorser gesien en gelees het, om betekenis daaraan te gee. Data-analise is 'n ingewikkelde proses waar daar gewerk word met brokke data wat wissel tussen induktief en deduktief, en beskrywing en interpretasie (Merriam, 2009:176). Hierdie betekenis, of insigte, verduidelik Merriam (2009:176),

organiseer die bevindinge van 'n studie. Die kodering, groepering of kategorisering van die data is ook nodig.

Vir Merriam (2009:173) is kodering 'n opsomming van stukkies data deur middel van die gebruik van enkele woorde, letters, getalle, frases of 'n kombinasie hiervan om data te verkry. Merriam (2009:178) stel 'n spesifieke stap-vir-stap metode vir data-analise voor. Die eerste stap is die opstel van kategorieë.

4.3.4.1 OPSTEL VAN KATEGORIEË

Bogdan en Biklen (2007:76) en Merriam (2009:178) stem saam dat die opstel van kategorieë 'n proses is wat die deurlees van die onderhoude se transkripsies, notas wat geneem is en ander dokumente wat van waarde kan wees, insluit. Notas moet ook deur die navorser gemaak word rakende die beantwoording van die navorsingsvrae. Dit alles staan bekend as kodering, aldus Merriam (2009:178). Merriam (2007:178) meen dat soveel as moontlik waardevolle datasegmente geïdentifiseer moet word, wat oop kodering genoem word. Deur kodes aan brokke data te koppel, is die eerste stap om kategorieë op te stel (Merriam, 2009:179). As die navorser op hierdie manier deur die hele transkripsie gewerk het, herbesin hy of sy oor alle notas, kommentaar en kodes, en groepeer dit saam, meen Merriam (2009:179). Bogdan en Biklen (2007:105) en Merriam (2007:181) verwoord kategorieë as konseptuele elemente wat verskeie individuele voorbeelde van die kategorie omarm.

4.3.4.2 SORTERING VAN KATEGORIEË EN DATA

Verskeie kategorieë sal vanuit die data na vore kom. Van die direkte aanhalings van die leerderdeelnemers word in blou aangedui. Die response van die volwassenes word in rooi aangedui. Die temas wat deur die navorser geïdentifiseer word, moet bestuurbaar wees, en daar moet ook genoeg data wees om bevindinge te regverdig. Sommige van die temas kan ook herhaal (Merriam, 2009:187). Aangaande kategorieë verduidelik Merriam (2009:192): deur aan kategorieë en subkategorieë te dink, en te spekuleer oor hoe hulle vervleg mag wees, mag daartoe lei dat die navorser 'n model of teorie uit hierdie vervlegtheid kan ontwikkel. Wanneer kategorieë en hul eienskappe geskaaf, herdefinieer en saamgegroepeer word, kan dit lei tot die ontwikkeling van 'n model of teorie om die data se betekenis te verduidelik. Die ontwikkeling van kategorieë en subkategorieë verskaf dus aan die navorser idees wat tot die ontwikkeling van 'n model kan lei. Wanneer kategorieë en hul eienskappe

dus verbeter word en saamgegroepeer word, beweeg die analise tot die ontwikkeling van 'n teorie ter verduideliking van die data se betekenis.

4.3.4.3 KODERING

Ek het die deelnemers gekodeer met wie onderhoude gevoer is. Dit moet net weer beklemtoon word dat dit vir my baie moeilik was om gewillige deelnemers op te spoor aangesien hulle nie gretig was om oor ontgroening te praat nie. Dit was selfs nog moeiliker om vroulike respondente, asook ouers, vir die studie te werf. Soos wat die onderhoude gevoer is, is hulle genommer.

Die deelnemers aan die onderhoude is as volg gekodeer: onderhoud 1 (respondent 1, Graad 8 dogter), onderhoud 2 (respondent 2, drie Graad 8 seuns), onderhoud 3 (respondent 3, Graad 9 seun), onderhoud 4 (respondent 4, Graad 9 seun), onderhoud 5 (respondentegroep 5, sewe Graad 11 dogters), onderhoud 6 (respondent 6, Graad 8 seun), onderhoud 7 (respondent 7, Graad 8 seun), onderhoud 8 (respondent 8, Graad 10 seun), onderhoud 9 (respondent 9, Graad 10 seun), onderhoud (A) is gevoer met 'n ma van 'n Graad 8 dogter. Sy was die enigste ouer wat 'n persoonlike onderhoud toegestaan het.

Die *Facebook* data is bloot as "FB" aangedui.

4.3.5 INTEGRITEIT VAN DIE NAVORSING

Navorsing moet op 'n etiese manier ingesamel en verwerk word. Volgens Cohen, Manion en Morrison (2007:51) moet daar gefokus word op hoe die navorsing die doel, inhoud, metodes, rapportering en uitkomstes eerbiedig deur middel van etiese beginsels en aksies. Etiek, geldigheid, betroubaarheid en die seleksie van deelnemers sal vervolgens bespreek word.

Nieuwenhuis (2016:94) lig 'n paar daarvan uit:

- dupliseerbaarheid – as 'n ander navorsers dieselfde stappe neem sal dieselfde resultate verkry word;
- planmatigheid – dit verseker dat deelnemers, onderhoudvrae of data nie bloot geselekteer word om vooropgestelde idees oor die navorsing te ondersteun nie;

- geloofwaardigheid – die vrae wat ons vra en die manier waarop ons dit vra moet redelik wees vir die verkryging van 'n geldige en geloofwaardige resultaat;
- deursigtigheid – navorsingsmetodes moet gedokumenteer word sodat lesers presies kan sien hoe die data verkry en geanaliseer is.

Om data te verkry wat bruikbaar vir my studie is, was dit belangrik dat ek spesifieke vrae aan die deelnemers moes stel.

4.3.5.1 ETIESE NAVORSING

Cohen, Manion en Morrison (2007:51) lys verskeie riglyne en beginsels waaraan 'n navorser moet voldoen in terme van die etiese sy van navorsing. Daar is 'n spesifiek klem op die beskerming van die deelnemers se menswaardigheid, privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid. Dit is baie belangrik om 'n goeie samewerkende verhouding tussen die navorser en die deelnemers te vestig tydens die onderhoude. Met my interaksie met skoliere en ouers/volwassenes is elke individu se waardevolle insette beklemtoon om die spanning uit te lig tussen die bestaande regsraamwerk en populêre diskoers rondom ontgroening. Die resultate sal na afloop van die studie ook met belanghebbendes gedeel word, wat ook moontlik sal help om spanning in die gemeenskap rondom die onderwerp te verlig. Die resultate van die navorsing sal ook aan die Vrystaatse Departement van Onderwys (VDVO) gekommunikeer word.

Die VDVO moet hierdie inligting ook deel met ander distrikte en skole om populêre diskoerse rondom ontgroening uit die weg te ruim en so te verseker dat skole die regsraamwerk vir ontgroening behoorlik implementeer en eerbiedig. Pillay (2014:194) is van mening dat daar deurlopend navorsing rakende onderwys sake gedoen moet word om die kennis van leerders, opvoeders, beleidmakers en die publiek uit te brei. Dit is belangrik om die resultate van hierdie studie so ver as moontlik te versprei om te verseker dat kinders nie op 'n wrede wyse ontgroen word wat menseregteskendings tot gevolg het nie.

Dit is ook belangrik om 'n daadwerklike poging aan te wend om die magskringloop van ontgroening stop te sit, want jaar na jaar gaan dit voort met voorspelbare negatiewe gevolge. Die idee van tradisies wat vereis dat jy eers afgebreek en dan weer opgebou word, is beslis nie gesond nie. Verder moet daar ook gelet word op sekere risiko's.

Leerders en ouers wat aan die studie deelgeneem het se identiteit is beskerm, en geen skool se naam is tydens die studie genoem nie. Alle dokumentasie verwant aan die studie sal vir drie jaar in 'n kluis bewaar word, waarna dit vernietig sal word. Leerders en ouers het vrywillig aan die studie deelgeneem en kon enige tyd onttrek, soos aangedui op die dokument wat elke deelnemer vooraf ontvang het. Hierdie dokument bevat al my kontakbesonderhede soos deelnemers sou enige verdere onsekerhede met my kon bespreek, of my identiteit as navorser kon verifieer. Ek het ook etiese klaring (UFS-HSD2017/0223) van die Etiese Komitee van die Fakulteit van Opvoedkunde aan die UV verkry om die navorsing by geselekteerde skole te doen. Die toestemming wat deur hierdie komitee aan my verleen is, bevestig die verantwoordelikheid wat ek teenoor al die deelnemers het om te verseker dat geen persoon tydens die studie benadeel word nie.

4.3.5.2 GELDIGHEID

Die geldigheid van 'n studie dui daarop of 'n item of instrument die aspek meet of beskryf wat dit veronderstel is om te meet of te beskryf (Bell & Waters, 2014:121). Cohen, Manion en Morrison (2007:133) noem dat geldigheid ook 'n belangrike sleutel is vir effektiewe navorsing, want daarsonder is navorsing waardeloos. Cohen *et al.* (2007:133) is verder van mening dat geldigheid in kwalitatiewe data aangespreek word deur eerlikheid, diepte, objektiwiteit en die manier waarop die deelnemers benader word. Die uiteindelijke data moet dus 'n ware weerspieëling wees van dit wat bestudeer is (McNeil, 1990:15).

Dit is belangrik dat navorsing geldig moet wees, en daarom is die kritiese ontleding van dokumente en onderhoude nodig om inligting wat relevant is uit te lig, en nuwe bevindinge na vore te bring. Die uitkomst van my navorsing moet ook aan ander onderwysdistrikte gekommunikeer word, om ook daar 'n invloed te hê op ontgroeningspraktyke in skole. Interne en eksterne geldigheid sal vervolgens bespreek word.

4.3.5.3 INTERNE GELDIGHEID

Interne geldigheid dui daarop dat die verduideliking van 'n spesifieke gebeurtenis, saak of datastel wat 'n deel van die navorsing uitmaak, wel deur die data ondersteun word (Cohen *et al.*, 2007:135). In 'n mate het dit met akkuraatheid te make, meen Cohen *et al.* (2007:135), en kan toegepas kan word op beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing. Die verwagting is dat die bevindinge die onderwerp wat nagevors word, akkuraat beskryf. Vir Merriam

(1998:201) is dit belangrik dat die navorsingsbevindinge met die werklikheid moet ooreenstem. Verder dui Merriam (1998:204) aan dat daar ses basiese strategieë is om interne geldigheid te verhoog. Hulle is triangulasie, deelnemerbesoeke, langtermyn-observasies, eweknie-beoordeling, deelnemende maniere van navorsing, en die bestaande vooroordele van die navorser.

Triangulasie maak gebruik van veelvoudige bronne of verskillende metodes om data in te win. In die studie maak ek van triangulasie gebruik deur die data wat ek van een deelnemer kry, te bevestig met ander deelnemers, ouers of volwasse persone. Dit word gebruik om die geldigheid van die studie te verhoog. Leerlinge van verskillende grade en uiteenlopende skole, en ouers en ander volwassenes word almal by die proses betrek om ondersoek in te stel na die regsraamwerk en populêre diskoers rakende ontgroening. Deelnemerbesoeke word gebruik om data en tentatiewe interpretasies terug te neem na die deelnemers om seker te maak dat die inligting akkuraat gedokumenteer is. Die onderhoude wat ek gevoer het, asook die transkripsies daarvan, bevestig dat die deelnemers se eie woorde was. Dit bevestig die interne geldigheid van die studie. 'n Ander belangrike strategie is om ervare senior kollegas te nader rakende my bevindinge oor ontgroening. In hierdie verband het ek my studieleiers, wat doseer in Opvoedkunde en Onderwysreg, verskeie kere genader wanneer nuwe bevindinge of uitkomstes rakende ontgroening opgeduik het.

Dit is belangrik om die vooroordele, aannames, wêreldbeskouing en teoretiese oriëntasie van die navorser uit te lig om te verseker dat die navorsing geldig is. Ek is reeds vir die laaste 15 jaar betrokke by die onderwys, en het daarom sekere bestaande vooroordele en aannames. Dit is belangrik dat ek slegs van die ingesamelde data gebruik maak, en nie die data vanuit my eie wêreldbeskouing interpreteer nie. Nog 'n manier om my vooroordele uit te skakel was om skole te besoek wat nie in die stad is waar ekself woon nie.

4.3.5.4 EKSTERNE GELDIGHEID

Merriam (2009:207) verduidelik dat eksterne geldigheid in die konteks van kwalitatiewe studies die mate aandui hoe een studie se bevindinge toegepas kan word op ander studies. 'n Belangrike strategie wat Merriam (2009:208) vir navorsers aanbeveel, is om gevallestudies te gebruik om 'n verskynsel te bestudeer. Ek het verskeie hofsake, data uit verskillende lande, 'n aantal onderhoude en kommentaar op sosiale media bestudeer om soveel as moontlik data

rakende ontgroening in te win. Om die resultate van 'n kwalitatiewe studie te verhoog kan die volgende strategieë gebruik word, aldus Merriam (1998:211):

- Ryk, volledige beskrywings wat genoeg inligting bevat vir die leser om te bepaal hoe naby die studie aan sy/haar eie navorsingsituasie is, en of dit op 'n volgende studie oorgeplaas kan word.
- Tipiese of modale kategorieë wat die tipiese program of gebeurtenis of individu in vergelyking met ander van dieselfde klas beskryf, sodat lesers dit met hul eie situasie kan vergelyk.
- Veelvuldige navorsingsontwerpe wat gebruik maak van verskeie tipes data of situasies, veral as dit die diversiteit van die studie-onderwerp belig. Dit kan dikwels verkry word deur 'n lukrake steekproefneming.

4.3.5.5 BETROUBAARHEID

Betroubaarheid beteken dat die uitslae van 'n meetinstrument stabiel en konstant is, en dat die waardes altyd dieselfde is al gebruik verskillende navorsers dit by verskillende geleenthede (Creswell, 2008:169). In kwalitatiewe data is dit vir navorsers belangrik dat die data akkuraat en volledig moet wees (Bogdan & Biklen, 2003:36). Daar bestaan verskillende tipes betroubaarheid. Creswell (2008:170) lys hierdie tipes as toets en hertoets betroubaarheid, alternatiewe vorms van betroubaarheid, alternatiewe vorms en toets en hertoets betroubaarheid, observasie betroubaarheid en interne konstante betroubaarheid. Die resultate van 'n meetinstrument is betroubaar en akkuraat wanneer 'n individu se uitslae intern konstant is op die items van die instrument (Creswell, 2008:171). Twee navorsers wat 'n enkele onderwerp bestudeer kan met verskillende datastelle vorendag kom of verskillende uitslae kry, en albei navorsers se uitslae sal as betroubaar geag word, volgens Bogdan en Biklen (2003:36). Dit kan gebeur met kwalitatiewe studies, en die uitslae se betroubaarheid sal slegs bevraagteken word indien een of albei van die studies teenstrydige of onvolledige resultate lewer (Bogdan & Biklen, 2003:36).

In kwalitatiewe data moet die resultate strook met die ingesamelde data. Kwalitatiewe studies verskaf aan die leser beskrywings met genoegsame inligting om te toon dat die

skrywer se samevatting sin maak, meen Merriam (2009:210). Ek glo dat ek oor genoegsame kennis van ontgroening beskik. Tydens interaksie met deelnemers het dit so voorgekom. Daar was leerders wat onseker was oor die onderskeid tussen oriëntering en ontgroening, en wat ook onbewus was van wetgewing rakende ontgroening. Leerders was meer op hulle gemak toe ek aan hulle die verskille tussen ontgroening en oriëntering uitgewys het, en breedvoerig oor die wetgewing rakende ontgroening uitgebrei het. Verder kan die betroubaarheid van dokumente en persoonlike ervarings deur verskeie tegnieke van analise en triangulasie geassesseer word (Merriam, 2009:222). Merriam (2009:222) brei ook verder uit rakende ander strategieë waarvan die kwalitatiewe navorser gebruik kan maak. Ditsluit in triangulasie, portuurevaluering, navorsersposisie en die ouditspoor.

Die ouditspoor in kwalitatiewe studies beskryf in detail hoe die data versamel is, hoe kategorieë verkry is en hoe besluite regdeur die studie geneem is (Merriam, 2009:223). Die ouditspoor sal vervolgens bespreek word as belangrike strategie vir kwalitatiewe navorsing.

4.3.5.6 OUDITSPoor

Met die implementering van 'n ouditspoor, verduidelik Carcary (2009:15), kan 'n tweede party hom-/haarself vertrou maak met die kwalitatiewe studie in terme van die metodologie, bevindinge en gevolgtrekkings daarvan. So 'n tweede persoon kan die navorsingsbevindinge, metodologieë en analitiese prosesse van die navorser met die voltooiing van die studie audit, en kan sodoende die studie se bevindinge bevestig (Carcary, 2009:15). 'n Ouditspoor, beskryf Carcary (2009:16), help die navorser om te reflekteer hoe die studie ontvou het, en help die leser om elke stap van die proses deur middel van die navorsingslogika te volg. 'n Ouditspoor help ook ander navorsers om te bepaal of hulle op 'n studie se bevindinge kan staatmaak as 'n basis vir verdere navorsing, of as 'n basis vir besluitneming (Carcary, 2009:16).

Hierdie hoofstuk dien as my ouditspoor. Ek het in hierdie hoofstuk gepoog om in soveel detail as wat eties toelaatbaar is, te verduidelik wat ek gedoen het, hoe ek die studie benader het, en wat my verantwoordelikhede as navorser is. Merriam (2009:222-223) noem dat 'n nuwe navorsingsprojek nooit 'n voltooid kwalitatiewe studie in detail sal kan repliseer nie. Nogtans kan die inligting soos vervat in die metodologiehoofstuk en die aanhangsels van 'n studie, die betroubaarheid daarvan verhoog.

4.4 SLOTSOM

In die alledaagse lewe word daar gesê dat navorsing gedoen word om ons te help om besluite te neem oor wat gedoen moet word, en hoe dit gedoen moet word (Merriam, 2009:3). In hierdie hoofstuk is die navorsingsmetodologie vir hierdie studie uiteengesit. Al die belangrike elemente is bespreek wat van toepassing is op hierdie studie. Kwalitatiewe data is deur onderhoudvoering ingesamel. Die integriteit van die navorsing is ook in detail bespreek. Die tipe deelnemers wat deel vorm van die studie is ook genoem. Die spesifieke deelnemers is geïdentifiseer op grond van hul blootstelling aan ontgroeningspraktyke. Die tipe onderhoude en hoe die data vasgelê is, is ook uiteengesit. Die ontleding en bestuur van die data is ook bespreek. Die bou van temas en die sortering van kategorieë is ander belangrike elemente wat in hierdie hoofstuk bespreek is.

HOOFSTUK 5: DISKOERSE RAKENDE ONTGROENING BY SKOLE

5.1 INLEIDING

In Hoofstuk 4 is die navorsingsmetodologie van hierdie studie bespreek. Aspekte wat onder die loep gekom het sluit onder meer die kwalitatiewe benadering tot navorsing, die verskillende bronne wat ontgin is, hoe die data geanaliseer is en die integriteit van die navorsing in. Ek het spesifiek verduidelik hoe deelnemers geselekteer is om deel te neem, asook ander bronne van kwalitatiewe data wat ek gebruik het. In hierdie hoofstuk beantwoord ek die sekondêre vraag: *Watter onderliggende diskoerse kan uitgelig word uit gesprekke rakende ontgroening?* Daar is van verskillende databronne gebruik gemaak in 'n poging om die vraag te beantwoord. In die eerste plek het ek onderhoude met leerders en een ouer gevoer om hulle belewenisse te deel. In die tweede plek het ek kommentaar op sosiale media as data gebruik. Die verskillende temas wat ek geïdentifiseer het, fokus onder andere op wat tydens ontgroening gebeur, asook die menings van die betrokkenes. Dit is gebruik om in die finale bespreking sekere diskoerse, wat onderliggend aan die gesprekke was, uit te lig.

Onderhoude is met seuns en dogters van Graad 8 tot Graad 11 gevoer, asook met een ouer wat beskikbaar was om daarvoor te praat. Ek het van die sneeubal tegniek gebruik gemaak, en ouers was oor die algemeen nie geneë daarmee om met my daarvoor te praat vir die doeleindes van navorsing nie. Om die data rakende die siening van volwassenes aan te vul, het ek ook kommentaar op *Facebook*, gelewer na aanleiding van 'n berig op die sosiale blad van die radiostasie RSG, gebruik. Direkte aanhalings van leerders, volwassenes en persone op Facebook is ingesluit. Soos vroeër aangedui, word jeugdige se stemme in **blou** en volwassenes se menings in **rooi** aangedui.

5.2 BEVINDINGE UIT DIE ONDERHOUDE EN *FACEBOOK* KOMMENTAAR

Die bevindinge soos wat uit die data verkry is sal vervolgens bespreek word. Die temas wat verkry is sal bespreek word, waarna ek sal poog om die hoof onderliggende diskoerse uit te lig.

5.2.1 ONTGROENING MOET BLY (OF NIE) MAAR DAAR MOET PERKE WEES

Baie van die leerlinge was positief dat ontgroening nie afgeskaf moet word nie (*nee ek dink dit moet aangaan [respondent 1, Graad 8 dogter]; ek dink dis belangrik dat ons ontgroen word [respondent 6, Graad 8 seun]*). Kommentaar op Facebook wys dat ontgroening deel van die hoërskool is. Almal moet dit deurmaak. Mense wat kommentaar gelewer het voel egter dat die “skoolhoof se reëls” in ag geneem moet word en dat prefekte die ontgroening moet reguleer (*dis deel van hoërskool. Was nog altyd. Solank slegs die prefekte dit toepas en by skoolhoof se reëls gehou word, sien ek niks fout daarmee nie [FB 16]*).

Heelwat van die leerders het gevoel dat hulle self ook eendag deel wil wees van dié wat ander ontgroen, maar dat hulle seker sal maak dit gaan nie te ver nie. Leerders het aangedui dat hulle ten gunste daarvan is dat ontgroening moet voortgaan, en dat hulle ander wil ontgroen, hoewel daar ook ’n oënskynlike bewustheid is dat daar perke moet wees (*ja, baie graag [respondentegroep 5, Graad 11 dogters (5)]; ek sal dit graag wil doen oom, maar hy moet net nie my kas kom regpak nie oom dit sal ek self doen [respondent 8, Graad 10 seun]; ja ek sal hulle natuurlik wil ontgroen want hulle moet ook die konsep van my skool weet, maar ek sal hulle nou nie soos in erg hanteer en soos slaan nie [respondent 7, Graad 8 seun]; ek dink dit is soos deel van kultuur maar daarso is perke tot ontgroening [respondent 2, Graad 8 seun]*). Persone wat kommentaar gelewer het op Facebook het ook saamgestem dat daar perke moet wees (*dit is wonderlik, mits dit reg toegepas word [FB 8]; dit kan ’n slegte ding wees maar ook lekker dit alles hang af van hoe so iets hanteer word [FB 8]; binne perke dink ek dis goed om weer die junior te wees, solank dit binne perke gehou word vroeër het dinge hand uit geruk [FB 30]; in orde solank dit niemand beseer of verneder nie [FB 45]*).

Leerders het spesifiek aangedui dat hulle nie die nuwelinge tydens ontgroening sal seermaak of mishandel nie (*ek sal dit ook wil doen, maar ek sal dit nou nie oordoen hom soos en slaan en seermaak nie ek sal net rustig op hom wees [respondent 3, Graad 9 seun]; ek sal hulle nie soos in mishandel nie, soos die seuns gaan partykeer te ver. [respondentegroep 5, Graad 11 dogter]*). ’n Persoon het egter op Facebook geskryf dat “*vandag se ontgroening baie sagter rustiger is as toe ons studente was*”.

Slegs een leerder in al die onderhoude het aangedui dat hy nie eendag ander leerders sal wil ontgroen nie. Hy het gevoel dat die ontgroening onnodig is en leerders verneder (*ek voel uhm*

dat dit eintlik onnodig is en dat... en dat dit vernederend raak [respondent 8, Graad 10 seun]). Nog 'n leerder het reguit gesê dat sy nie daarvan gehou het nie (*nee ek het nie daarvan gehou nie, dit was nie lekker nie [respondentegroep 5, Graad 11 dogter]).* Vir ander leerders was die idee van ontgroening eintlik onnodig, en hulle heg geen waarde daaraan nie weens die feit dat dit vernederend kan wees (*dat ons nie hoef eintlik mense te ontgroen nie maar oriënteer [respondent 8, Graad 10 seun]).*

Uit bostaande blyk dit dat die meerderheid van die leerders wel positief ingestel is teenoor ontgroening, alhoewel hulle subtiel erken dat dinge soms hand-uit kan ruk. Hierdie teenstrydigheid word verduidelik aan die hand van KDT, waar 'n persoon sy/haar denke aanpas in 'n poging om kognitiewe ongemaklik te verminder (2.3.1.).

5.2.2 TAKE WAT DIE "ONDERGESKIKTE" LEERDERS MOES VERRIG

Leerders het vertel dat hulle in die eerste twee weke van hoërskool baie "ingesout" is. Een leerder het vertel hoe daar by haar skool 'n jaarlikse gala vir Graad agt leerders gehou word, en hoe jy jou sottema kry (*die dag voor die skool sou begin was daar 'n gala gewees en toe daarna toe vat hulle ons om, ons het matrieks gekry en toe vat hulle ons na die matrieks om die matrieks te ontmoet [respondent 1, Graad 8 dogter]).* Leerders het vertel dat hulle byvoordeel die skoollied tydens pouse moes sing (*pouses dan kom ons daar in die vierkant dan moet ons die skoollied sing [respondent 6, Graad 8 seun])* en naambordjies om hulle nekke dra (*dag 1 moes ons ons naambordjies gemaak het... ons moes die eerste twee weke die naambordjies gedra het [respondent 6, Graad 8 seun]; vir die eerste twee weke word jy baie ingesout en jy loop met jou klere onderstebo rond. Met jou tannie se naam op en jou sottenam, myne was Prom en tannie Monica [respondentegroep 5, Graad 11 dogters (5)]).* Die dra van naambordjies, eerstejaarsdanse, om skelm uit die koshuis te glip en laat in te kom was, volgens sommige deelnemers aan die gesprek op Facebook, deel van die pret (*hare borselkop skeer, eerstejaars drag, al die seniors se naam, van, dorp en rigting leer. Naam bordjies dra. Eerstejaars danse, skelm uit die koshuis uitsluit na inkom tyd, groot pret [FB 29]).* Baie van die volwassenes is dit eens dat hulle niks oorgekom het deur deel te neem aan ontgroeningsaktiwiteite nie (*om 'n bord om jou nek te dra, seuns speel pop en meisies trek karretjies aan toutjies [FB 16]).*

5.2.2.1 SNAAKSE KLEREDRAG

Kleredrag blyk gewild te wees as 'n manier van ontgroening. 'n Graad 8 jeugdige (respondent 1, Graad 8 dogter) het vertel dat hulle by die skool 'n program gekry het waarvolgens hulle volgens verskillende temas moes aantrek (*ons het 'n program gekry en op party dae moes ons soos iets aangetrek het, eendag was dit ouma in Hollywood, die tweede dag, of een van die ander dae was dit die groot vyf, en een van die ander dae was dit 'n eskimo*). By sommige skole moes die nuweling die eerste twee weke hulle klere onderstebo dra (*ons klere moes onderstebo gewees het [respondent 6, Graad 8 seun]*). Dit het die veral die dogters se kele erg gepla (*ja onderstebo en agterstevoor om, hierdie ding hier [haar kraag] het my verwurg [respondentegroep 5, Graad 11 dogters (5)]*).

'n Groep Graad 11 dogters het verder vertel hoe hulle gedurende die eerste twee weke ingesout is. Hulle moes 'n naambordjie dra. Die leerder, of "sot", se naam verskyn op die bordjie sowel as die sot se tannie oftewel haar senior. Die jeugdige moes ook afkyk as enige senior leerders by hulle verbygegaan het. Petroleumjellie is in hulle hare ingesmeer en beenhare is op hulle sykouse geplak (*en dan loop jy met 'n ui en 'n knoffelhuisie en vaseline in jou hare en agt pony tails en 'n bottel. Ja sykouse met hare opgeplak, en jy mag nie jou hare was of jou beenhare skeer nie. Maar ek het eers in Graad 9 ingekom so ons insoutery was nie so erg nie. Ja dis net die Graad 8's wat die ergste kry [respondentegroep 5, Graad 11 dogters (5)]*). Dit kan beslis nie aangenaam wees vir enige persoon nie, en veral nie vir dogters met langer hare, wat met petroleumjellie besmeer is nie.

5.2.2.2 SINNELOSE EN VERNEDERENDE AKTIWITEITE

Terwyl sommige van die take op die oog af skadeloos voorkom, is ander take onsinnig, terwyl van die take moontlike negatiewe gevolge vir die juniors kan inhou. Van die aktiwiteite was daarop gemik om gekke van die nuweling te maak. Een persoon het op Facebook geskryf dat hulle moes "*blaf vir bome tot hul terug Blaf*" en "*seuns speel pop en meisies trek karretjies aan toutjies*" [FB 16]. 'n Deelnemer aan 'n onderhoud het vertel hulle moes maak soos varkspek: "*en dan lang pouses moes ons na die ander veld gegaan het, in rye gestaan het. Oe, ja in rye gestaan het en dan het die matrieks vir ons goeters gesê soos maak asof jy bacon is dan moet jy nou daar staan en sjjjjjj*" [respondent 1, Graad 8 dogter], terwyl 'n persoon op Facebook geskryf het dat sy/hy "*moes miere begrawe en 'n diens vir dit hou*" [FB 30]. Van die leerders het gedeel dat hulle onsinnig tekere moes gaan op die skoolterrein [*ja dan moet jy*

harder skree en weer skree. As jy verby jou tannie geloop het of enige matriek moet jy afkyk [respondentegroep 5, Graad 11 dogters (5)]. Nog so'n voorbeeld is dat daar van hulle verwag is om 'n vensterstok te neem en op hul koppe te sit, en in die rondte te hardloop om lighoofdig te raak. Respondent 6, 'n Graad 8 seun, het verduidelik *“toe kry hulle so ding wat die vensters oopmaak. Dan sit jy hom op jou kop en draai in die rondte dan skuif hulle jou skoene en dan kry jy dit nie weer nie”*. Daar is hier ook 'n element om sommige kinders “uit te haal” voor ander, waaroor een persoon op FB so gereageer het: *“leerlinge wil voel hulle behoort aan 'n groot groep en vernedering in een tot een situasies breek daardie gevoel af pleks van bou”*.

'n Graad 8 nuweling het vertel dat hulle by haar skool ook 'n ander aktiwiteit uitgevoer het. Hierdie was die laaste aspek waaraan jy aan moes voldoen om finaal deel van die skool te wees:

Om jou nou deel te maak van die skool het hulle swartsakke op die matriekvierkant [gesit], daar is twee plekke waar jy nie mag gaan nie, dis die matriekvierkant, toe sit hulle nou swartsakke op die matriekvierkant. Hulle gooi vere daaruit en hulle smeer jou met molasse, hulle gooi molasse oor jou uit [respondent 1, Graad 8 dogter]).

Van die persone op Facebook het ook vertel dat hulle vreemde goed moes eet. Hulle was nie verneder of afgebreek tydens hul ontgroeningsaktiwiteite nie, maar moes vreemde goed eet *(niks degraderend van aard gedoen en ja, die chilli en eierdop wat ons moes eet [FB 21]).*

5.2.2.3 FISIES UITPUTTENDE AKTIWITEITE

Leerders het ook gedeel dat hulle aan fisies uitputtende aktiwiteite moes deelneem. By die een skool moes die leerders baie hardloop, veral na 'n kragboks wat redelik ver was. Hulle moes ook in die eerste twee weke redelik baie opstote doen, maar daarna het dit beter gegaan *(ons moet na hom hardloop en gaan krag haal (dis 'n kragboks) aan hom raak en dan terugkom [respondent 7, Graad 8 seun]. Dan kom ons terug van die boks af dan val ons op die grond en rol oormekaar [respondent 4, Graad 9 seun]).* Fisiese oefening soos opstote was ook deel van die ontgroeningsproses *(push ups doen en so [respondent 6, Graad 8 seun]).*

Koshuisleerders het tydens die onderhoude genoem dat hulle moes deelneem aan 'n nagmars sonder dat hulle enige lig by hulle gehad het (*hulle het ons by die koshuis voordat jy by die deur kan uitgaan het hulle sommer kouse gevat en ons oë toegemaak en dan moes ons aanmekaar vat en ons in die veld ingevat ek weet nie waar was dit nie eksal dit nie nou onthou nie [respondent 6, Graad 8 seun]; en toe moes ons net kyk vir die ligte waar was die ligte want ons moes deur modder kruip en klomp goedjies doen en oor iets spring as daar nie iets is nie [respondent 6, Graad 8 seun]*). Tydens die nagmars het een kind in 'n doringbos vasgehardloop, 'n ander een teen 'n paal en 'n ander maat het in 'n gat met water geval (*dan sien ons waar die lig is, toe besluit ons, ons was vyf gewees wat gehardloop het een hardloop binne in 'n doringbos vas, die ander een het in die pale vasgehardloop, die ander een val neer binne in water [respondent 4, Graad 9 seun]*). Tydens die nagmars het die leerders vrot melk op hulle gekry. Die seniors het ook klappers geskiet en gesê dat die "lokasie" op hulle is. Hierdie leerders het dan motorligte gesien en was regtig bang want die kussingslope oor hulle koppe het min lig deurgelaat (*nagmars trek hulle net soos 'n kussingsloop oor jou kop en dan vat hulle jou hier af hulle vat jou ver sy stap dan langs jou. Toe ons met die nagmars gegaan het, het ons vrot melk op ons gekry, hulle het klappers geskiet en gesê die lokasie is op ons en dan sien jy net die voertuig se ligte deur jou kussingsloop en jy skrik rêrig [respondentegroep 5, Graad 11 dogters (5)]*). Die dogters het ook vertel dat hulle glad nie geweet het waarheen hulle stap nie. Hulle was aangewese op waar die seniors gesê het hulle moes loop, kruip of spring (*ons weet nie ons stap net. Ek weet ons was eenkeer langs die kanaal. Ons moes kruip dan kruip jy nou deur die gras en jy moet rol en daars niks in die pad nie, dan sal hulle vir jou sê pasop daar is 'n klip dan moet jy nou spring [respondentegroep 5, Graad 11 dogters (5)]*). Die seuns het bang geraak en besluit om eerder terug te hardloop skool toe (*en toe het hulle ons iewers gelos en toe het ons... moes ons self terug [respondent 6, Graad 8 seun]*). Die respondent het ook aangedui dat die nagmars baie sleg was vir sy kamermaat, wat sy skoene verloor het en dus die roete kaalvoet moes voltooi (*soos byvoorbeeld die nagmars het my vriend, Seconds dit bietjie moeilik gevind want hulle het vir ons vyf die nag kom wakker maak in ons nagklere en hy het plakkies gevat en toe verloor hy sy plakkies en goed en hy het glad nie van die modder en goed gehou nie [respondent 2, Graad 8 seun]*). Sulke ervarings en belewenisse kan tot erge spanning lei en kinders traumatiseer.

5.2.2.4 TYDSDUUR

Die ontgroening het meestal net vir twee weke aangehou (*na die eerste twee weke toe is dit beter [respondent 6, Graad 8 seun]; ontgroening was ook net 2 weke en toe oor [FB 28]*). In koshuise duur die ontgroening gewoonlik nie net twee weke nie. Regdeur die jaar moet die nuweling sy/haar senior se kamer netjies hou, skoene skoonmaak en ander take vir die senior verrig (*maar in die koshuis jy moes reg deur die jaar die skoene loop skoonmaak en kamer en kaste uitpak inpak [respondent 4, Graad 9 seun]*). Die juniors het egter nie negatief hierop gereageer nie (*dit was vir my baie lekker om die matrieks se kamers skoon te maak en hulle beddens op te maak [respondent 8, Graad 10 seun]; ons het kamers skoongemaak, ons het kaste reggepak en kamers uitgevee dit het my actually besig gehou [respondent 8, Graad 10 seun]*). Deelnemers het dus verskeie take aangedui wat vir die seniors verrig moes word. Kamers moes vir hul skoongemaak word, en koffie moes vir hulle gemaak word. Skoene skoonmaak, kaste uitpak en regpak en die uitgooi van asblikke was van die take wat deur nuwelinge verrig moes word.

5.2.2.5 SOTTEKONSERT

Dit blyk dat by baie skole die sottekonsert of groentjiekonsert die afsluiting van die ontgroening is. Nuwelinge moet items lewer wat deur hul seniors en onderwysers voorgeskryf is. By een skool is gerapporteer dat wanneer al die items klaar was, en al die mense in die gehoor tevrede was, moes die nuweling begin skree. Hulle moes hul sottename uitskree totdat die gehoor en hul seniors tevrede was. Na die konsert is die leerlinge dan geag as ware leerlinge van die skool, waarna hulle die skoolklere korrek kon aantrek, en ook hulle skoolbaadjies kon aantrek (*met die sottekonsert, toe dit klaar is, ons dasse en goed ons moes dit so laat hang het ons mag nie ons blazers aantrek nie. Na die sottekonsert moes ons gaan skree het, en dan word jou blazer aangetrek en jou das regge maak en jou word stamps gegee en jy mag nie die stamps afgewas het vir 'n week nie [respondent 4, Graad 9 seun]*).

Nog 'n leerder het vertel:

Voor die tyd dan oefen ons, dis nou baie soos 'n konsert en daarna dan aanvaar hulle jou as 'n regte [leerder] jy moet nou maar net jou naam skree en sê dan wie is jou oom, maar al die ooms sit nou voor as jy nie hard genoeg skree nie dan boo hulle jou dan moet jy nou nog harder skree. Dan na die konsert dan skeur jy jou

bordjie op en sê dit se naam is my oom en dan trek jy jou blazer aan en dan stamp hulle stamps op jou gesig [respondent 8, graad 10 seun]. Ek het my stem amper weg geskree. Al die ander kinders en die ouers het ook in die saal gesit, so jy kan hulle almal sien [respondent 6, Graad 8 seun].

Dit was vir die kinders erg om hulle byname en die van hulle tannies te moes uitskree, om die dansie te doen, die naambordjie op te skeur en dan te wag vir die matrieks se kommentaar terwyl almal in die saal was. Indien die matrieks tevrede was met die spesifieke nuweling se skreeuery, het hulle dit so aangedui. As hulle nie tevrede was nie moes die sotte nog harder gil (*die ergste, wat nie lekker was nie, was na die tyd dan moet jy skree wat jou bynaam was en jou tannie en dan 'n dans doen en dan jou bordjie opskeur en dan sê die matrieks jay of boo [respondentegroep 5, Graad 11 dogters (5)]*). Heelwat volwassenes meen dat aktiwiteite soos die “groentjiekonsert” ’n aktiwiteit is wat sonder beserings kan plaasvind, terwyl dit ook spangees bou (*spanwerk in hul klasse bevorder deur danspassies te doen in klasverband sodra hulle 'n sekere liedjie hoor en 'n hoë kwaliteit groentjiekonsert saam te stel [FB 36]*).

5.2.2.6 MISHANDELING

Sommige leerders het versigtig verwys na mishandeling, sonder om te veel detail te gee. Van die kinders het byvoorbeeld vertel dat hulle nie eendag kinders sal mishandel nie (sien ook 5.2.1), want van die seuns gaan partykeer te ver. Die dogters wou nie vertel wat hierdie “te ver gaan” beteken nie. Hulle het oor mishandeling gepraat, maar het dit nie direk geïmpliseer nie (*ek sal hulle nie soos in mishandel nie, soos die seuns gaan partykeer te ver [respondentegroep 5, Graad 11 dogters (5)]*). Vir sommige van die seuns was die hardhandige manier waarop hulle behandel is nie vir hulle lekker nie, en dit het hulle skoon afgesit (*baie maats het gelyk of hulle dit maar hard gevat het [respondent 6, Graad 8 seun]*). Leerders het ook nie daarvan gehou dat die seuns die dogters moes duik of op die meisies moes spring nie. Leerders het ook aangedui dat ontgroening iets is wat te ver gevoer kan word (*jy moet hulle ook nou nie soos in te erg seermaak dit moet net vir hulle lekker wees [respondent 3, Graad 9 seun]*).

5.2.2.7 FINANSIËLE SKADE

Van die jeugdiges wat deelgeneem het, het vertel dat ontgroening hulle geld gekos het. Daar was byvoorbeeld seniors wat versoek het dat die graad 8 leerders hulle sakgeld vir die seniors

moes gee. Vir kinders wat ver van die huis af is en boonop oor naweke in die koshuis moet bly, is die afneem van geld beslis 'n negatiewe ervaring, en ook 'n onregverdige praktyk aan die kant van die seniors (*ag oom, dis net soos in die aande moes ons na hulle toe gegaan het soos praat ons net, ons moes vir hulle kos gee, ons moes geld gee, nee ons het niks oorgehad nie [respondent 2, Graad 8 seun]*). Ander gebruike wat leerders vermeld het sluit die volgende in: *“ons het soos op elke maand die 25ste dan is dit nou “Kersfees” dan kan jou sot nou vir jou 'n geskenkie gee of net 'n briefjie of so. En dan moet hulle Kersfees liedjies sing by ete” [respondentegroep 5, Graad 11 dogters]*.

5.2.2.8 SEKSUELE ONDERTONE

Leerders se menswaardigheid word aangetas deur aktiwiteite met seksuele ondertone: *“ons lê so op ons maag en dan moet ons “olie boor” in die gras met ons onderlyf... in die gras inboor maar dis net ons seuns [respondent 7, Graad 8 seun]*. Van die volwassenes se kommentaar dui daarop dat leerders se menswaardigheid vir die res van hul lewens geskend kan word tydens situasies waar die seniors se magsbeheptheid handuit geruk het, en die nuweling dit moes ontgeld (*dis die ergste vorm van om kinders se menswaardigheid te skend vir die res van hulle lewe [FB 12]*). Die leerder deelnemers het inderdaad 'n paar keer uitgewys dat sekere seniors dinge te ver gevat het, maar wou geen verdere inligting verskaf oor wat die “te ver vat” beteken nie (*na die twee weke ek weet nie hoe om vir oom te sê nie goeters het bietjie skeefgeloop met die matrieks en so en toe het hulle dit eintlik stop gesit [respondent 6, Graad 8 seun]*). 'n Volwassene het op FB dit so opgesom: *“Van dit was pervers en onmenslik, ek walg om te dink waarnatoe dit nou al sou verander het as dit nog praktyk is. Dit ruk handuit”*. Een van die opdragte was om aan die matriek- of Graad agt dogters se borste te vat. Dit het die leerders erg ontnugter (*uhm soos die matrieks wat vir jou opdragte gee, daarso was van die opdragte soos om aan die ander matrieks tannies of sotte meisies se, verskoon my woorde maar “tiete” te vat [respondent 2, Graad 8 seun]*). Daar was aanduidings dat vulgareit en drankgebruik op universiteit algemeen saammet ontgroening was (*dit is baie keer ook vulgêr. Beslis nie meer onskuldige pret nie. Vandag is drank ens. die hoofdis. Nee wat spaar die kinders dit [FB 30]*), maar geen leerder het tydens die onderhoude vir hierdie studie daarna verwys nie.

5.2.3 POSITIEWE WAARDE VAN ONTGROENING

Heelwat van die deelnemers was van mening dat ontgroening positiewe waarde het. Dit word kortliks hieronder bespreek.

5.2.3.1 ONTGROENING BRING JOU AARDE TOE

Volgens sommige van die kommentaar is ontgroening nodig om jou spreekwoordelik af te bring aarde toe. Een persoon het op Facebook geskryf: *“Daardie ek is net die beste blom in die blompot houding was binne 2 dae weg en jy was ’n span dore [sic] wat weer afgebring was aarde toe”*. Die redenasie was dat die seniors die juniors eers moet afbreek om daarna weer op te bou (*die dogma daaragter is dat jy verneder moet word en swaarkry om beter in te pas [FB 31]*). Die redenasie onder die leerder-deelnemers was ook is dat mense op hulle plek gesit moet word, sodat Graad 8 jeugdige weet hulle is nie meer die belangrikste in die skool nie (*om net van die sotte van Graad 7 net hulle “attitude” ontslae te raak dat hulle weet maar hulle is nou klein vissies in ’n groot dam [respondent 2, Graad 8 seun]*). Op Facebook het een persoon geskryf: *“Ontgroening was altyd gewees om ’n mate van afkraking deur te gaan om jou seniors te respekteer en te besef jy is nie die grootman wat jy dink jy is nie”*. Van die persone wat kommentaar op Facebook geplaas het, het aangedui dat almal êrens as ’n groentjie moet begin (*maak nie saak watse eerste stap jy in jou lewe neem nie. Of jy Graad 1 toe gaan, graad 8 toe, universiteit of jou eerste werk, jy is ’n “groentjie”. Selfs destyds in die weermag was jy ’n groentjie*).

Een persoon het op Facebook verduidelik dat dit goed is om mense af te breek en hulle te wys dat hulle nie so belangrik is as wat hulle dink nie. Om bietjie rof te raak met individue is ’n goeie ding, meen hy. Net soos wat hy ingesout is, moet sy seun ook dieselfde deurmaak (*net soos ek was toe ek uit matriek gekom het, is hy nou 'the man', vreeslik belangrik. Niks was beter vir my as om so 'n bietjie verinnuweer te word nie. Dis nie so lekker as dit met jou gebeur nie, ja, maar die trots en die lekker daarna is by verre die moeite werd. Vandag stap jou ou bloeitjie in die koshuis en dink van dag een af hy's die kat se snor ... terwyl hy niks weet van die tradisies nie. 'n Koshuis behoort nie 'n losieshuis te wees nie, dis 'n ruimte waar jy as mens dinge van die lewe leer [FB 9]*).

5.2.3.2 ONTGROENING IS PRET

Van die Graad 8 leerders was ten gunste van ontgroening (*ek het daarvan gehou toe ek ontgroen was so dis nie vir my so erg nie ek wou dit gedoen het [respondent 7, Graad 8 seun]; ek is daarvoor [respondent 1, Graad 8 dogter]; dit was lekker, die dag was lekker en alles was lekker [respondent 6, Graad 8 seun]*). 'n Persoon het ook op Facebook geskryf dat dit “pret” is en dat “mense dit so moet sien en uitvoer.” Vir baie van die persone wat op Facebook kommentaar gelewer het, was die herinneringe aan ontgroening baie goed, en ondersteun hulle dit steeds (*hare borselkop skeer, eerstejaars drag, al die seniors se naam, van, dorp en rigting leer. Eerstejaars danse, skelm uit die koshuis uitsluit na inkom tyd, groot pret [FB 29]*). Deelnemers het vermeld dat hulle op skool, in die weermag en op kollege ontgroen is (*ek was twee [keer] ontgroen in my lewe en ek het dit geniet. Dit is wat jý daarvan maak wat die verskil is. Ek stem saam dat sommiges later jare dit te ver voer. Maar ontgroening na my mening was meer goed as sleg [FB 15]*).

5.2.3.3 GROEPSGEVOEL ONDER KINDERS VERDIEN 'n PLEK

Een van die redes wat aangevoer is hoekom ontgroening belangrik is, is dat dit die span bou (*goeters soos spanbou [is] belangrik [respondent 8, Graad 10 seun]*). Al het die leerders mekaar aan die begin nie goed geken nie, het die ontgroeningsproses, volgens hulle, bygedra dat hulle 'n hegte groep geword het (*so in die begin was dit [nie lekker nie] maar nou begin ons meer 'n lekker groep te raak nou dat ons mekaar begin ken [respondent 6, Graad 8 seun]; ja ontgroening maak dat ons 'n hegte groep is [respondent 1, Graad 8 dogter]*). 'n Volwasse FB deelnemer het ook uitgelig dat die groep mekaar gewoonlik beter ken na ontgroening (*ek dink dit is [belangrik] want nie almal ken mekaar nie, dis 'n manier om mekaar te leer ken [FB 3]*). Heelwat ander kommentators het ook positiewe houdings jeens die groepsgevoel wat ontgroening tot gevolg het, vermeld (*ek het baie van myself geleer asook geleer van respek, tradisies en bymekaar staan. Dis een van die goed wat ons jaargroep 'n eenheid gemaak het [FB 7]; jy ontmoet nuwe mense deur dit, die voordele was baie meer as die nadele [FB 3]*). Die ontgroening het, volgens sommige, ook die gevolg dat jy die skool beter leer ken: “Die nuwe skoolterrein word leer ken deur bv. die finansiële kantoor te gaan soek en sy vensters te tel [respondent 1, Graad 8 dogter]”.

Nog menings wat na vore gekom het van persone wat op FB kommentaar gelewer het, is dat groeppraktiwiteite gebruik kan word om talente te identifiseer deur middel van sportdae,

kultuurdae en ander spanbou aktiwiteite waarvan hulle deel was *(ja groot groepaktiwiteite om nuwe groepe te verwelkom kan gebruik word bv. groepspele, konserte, sportdae en sangaktiwiteite. By universiteitsontgroening was daar ook lekker span-bou dele. Maar pret en sports met die doel om talente te identifiseer, mekaar te leer ken en spangees te bou kry 'n groot ja [FB 6]).*

5.2.3.4 ONTGROENING MAAK JOU STERK

Een van die volwassenes beskryf op Facebook dat sy ontgroening oorleef het en dat dit haar sterker gemaak het *(ek het ontgroening soos in die ou dae oorleef Dit was die lekkerste tyd van my lewe en ons lag nog steeds daaroor, ek het baie van myself geleer asook geleer van respek, tradisies en bymekaar staan en nie opgee as dinge moeilik raak nie [FB 25]).* Ontgroening leer 'n mens, volgens sommige, om die lewe te hanteer *(as jy ontgroening kan hanteer sal jy baie klappe in die lewe kan hanteer [FB 28]).*

5.2.3.5 ONTGROENING IS TRADISIE EN MAAK JOU DEEL VAN DIE SKOOL

'n Argument wat sterk na vore gekom het, is dié van skooltradisie. Jeugdiges het verduidelik dat ontgroening belangrik is, en jou deel van die skool maak *(ja dit moet plaasvind want dit is deel van die skool se tradisie en alles om die kinders te ontgroen en deel te maak van die skool [respondent 3, Graad 9 seun]).* Leerders het genoem dat die ontgroening vir hulle lekker was want hulle kon baie dinge leer en doen *(ons moes meer van die skool en sy geskiedenis leer ons het toets geskryf. Hulle het vir ons 'n blaaie gegee, wat ons moes geleer het en een aand toe gaan skryf ons dit in die koshuis [respondent 1, graad 8 dogter]).* Dit het met wat een van die ouers aangedui het ooreengestem:

Dit is nou my eerste kind in die hoërskool en ek het nou met haar ervaar die skool het baie tradisies en dit was 'n maklike en gemaklike manier om die hele groep in daai tradisie in te trek, ja so ek dink in hulle geval dit was 'n goeie, ek het nog geen ondervinding van 'n ander ontgroeningstradisie nie maar met hulle dink ek dit was 'n goeie ding gewees [respondent A, moeder van Graad 8 dogter].

Die leerders wat reeds deur die Graad 8 ontgroening is, het nogal 'n sterk opinie rakende die nuweling gehad, en dit waaraan hulle gewoon moes raak *(ek dink omdat hulle in 'n hoërskool inkom nou moet hulle gewoon raak aan goed wat ons in die hoërskool doen en laat hulle nie*

meer in die laerskool is nie, so ja [respondent 4, Graad 9 seun]. Baie leerders voel hulle het respek geleer tydens ontgroening, en hulle dink leerders wat nie deur ontgroening is nie, het derhalwe nie dieselfde waardes rondom respek nie (*soos die kinders bietjie vroeër ingekom het, was daar 'n groot verskil tussen hulle en die wat nog ontgroen is [respondent 6, Graad 8 seun]*).

Van die persone wat kommentaar op Facebook gelewer het, het gemeen dat daar waarde aan ontgroening kan wees, en dat hulle die sin daaragter verstaan (*dit was die lekkerste tyd van my lewe en ons lag nog steeds daaroor, ek het baie van myself geleerasook geleervan respek, tradisies en bymekaar staan en nie opgee as dinge moeilik raak nie. Dit leer mens dat die lewe nie altyd maklik is nie en dat mens nie kan opgee nie. En dit het my sterker gemaak [FB 25]*).

5.2.3.6 ONTGROENING LEER JOU RESPEK

Saam met tradisie kom respek, ook vir jouself. Leerders het byvoorbeeld gedeel dat hulle geleer om nie hulle koshuiskamers vuil te los nie. 'n Graad 8 leerder het aangedui dat ontgroening hom geleer het om nie sy kamer en huis vul te los nie, wat belangrik is in die lewe (*ek dink dit is belangrik want hulle moet die konsep leer van die lewe. Soos jy kan nie net jou huis soos 'n varkhok los, jou matriek was soos jou huis jou kamerhuis wat jy moes [versorg] [respondent 7, Graad 8 seun]*). 'n Ander leerder het uitgebrei deur te verduidelik dat ontgroening kan help dat 'n mens reg kan lewe, en dat jy op iets uit mis as jy nie daardeur gaan nie (*ja hulle mis iets want hulle kan byvoorbeeld nie reg lewe nie hulle sal hulle huis vuil los en al daai goeters [respondent 7, Graad 8 seun]*).

Van die jeugdiges het die belangrikheid van respek beklemtoon wat tydens die ontgroeningsproses onder die groep gevestig is. Een leerder het aangedui dat sy asook haar suster ingesout is en dat die ontgroening hulle geleer het om saam te werk en om ook respek vir ouer kinders te kry (*maar ek dink dit moes daar gewees het. Dit leer ons bou, daar was ander daar om ons te help. As ons almal terugkyk daarna dan dink ek ons mis dit [respondentegroep 5, Graad 11 dogter]; jy kan sien ons het daai bietjie respek wat ons aan die begin opgetel het oom, dit het ons nou al vir die ouer persone en die wat nuut in die skool inkom het nie [daardie respek nie] so ek dink dis belangrik dat ons ontgroen word [respondent 6, Graad 8 seun]*). Die redenasie was dat ouer leerders respek op die nuwelinge afgedwing het, en dat dit die rede is waarom hulle respek vir hulle seniors gehad het.

Een persoon het op *Facebook* aangedui dat ontgroening nog altyd 'n manier was om nuwelingte bietjie af te breek, hulle respek te leer, en selfs om hulle 'n bietjie hardhandig te hanteer (*ontgroening was altyd gewees om 'n mate van afkraking deur te gaan om jou seniors te respekteer en te besef jy is nie die grootman wat jy dink jy is nie. Maak hom 'size', werk sy gal, gee hom gas... sodat hy ook iets het om eendag saam met sy lewenslange vriende wat hy op Universiteit gaan maak kan lag en spog [FB 6]*).

5.2.3.7 DIE SKOOLKULTUUR IS BELANGRIK

Ontgroening word gesien as die laaste hekkie vir leerders om te oorkom om volledig deel van die skool te wees, en omdat dit tradisie is (*ja dit moet plaasvind want dit is deel van die skool se tradisie en alles om die kinders te ontgroen en deel te maak van die skool [respondent 3, Graad 9 seun]; ek dink ons is die nuwelingte en al daai goeters. [Wat hulle ons wil wys] is die tradisies van [die skool] en al daai goeters [respondent 7, Graad 8 seun]*). Een van die Graad 9 seuns het aangedui dat ontgroening en tradisie nodig is, want anders is 'n skool nie 'n goeie skool nie (*ek dink ontgroening is deel van die skool vir fun en die tradisie van die skool want sonder die tradisie in die skool is dit nie 'n goeie skool nie [respondent 4, Graad 9 seun]*). Een van die nuwelingte se ouers het aangedui dat om van die skool se geskiedenis te leer, vir haar baie belangrik was, en beslis deel van die tradisie van die skool is. Die nuwelingte was op 'n weeklange kamp waar meer van die skool, sy waardes en tradisies geleer het (*ook die geskiedenis. Deel van die ontgroening was ook 'n kamp waarop al die Graad 8, hulle het 'n hele week, maar dit was nie in die heel begin nie, dit was eers later in die kwartaal. Maar die hele groep die hele Graad 8 groep het 'n week nie skool gegaan nie. Gekampeer hier buite die dorp en daar is intensief met hulle gewerk oor die waardes van die skool en so aan [Respondent A, moeder van Graad 8 dogter]*). Ander nuweling seuns het gemeen dat ontgroening deel van 'n skool se tradisies is en dat jy deur ontgroening deel word daarvan (*ek dink dit is deel veral die landbou deel van ons ontgroening veral omdat dit 'n landbouskool is [respondent 2, Graad 8 seun]; ja dit moet plaasvind want dit is deel van die skool se tradisie en alles om die kinders te ontgroen en deel te maak van die skool [respondent 3, Graad 9 seun]*).

Die leer van die skoollied was vir die nuwelingte baie belangrik, en hulle moes dit woord vir woord regkry. 'n Leerder het vertel dat indien die Graad 8 leerders dit nie reg sing nie moes hulle hardloop (*die matrieks het ons die skoollied geleer en elke keer as ons hom nie geken het nie moes ons gehardloop het [respondent 3, Graad 9 seun]*). Dit is belangrik vir die leerders

dat ontgroening as 'n tradisie van die skool gesien word, maar hulle verduidelik ook dat daar perke tot ontgroening is *(ek dink dit is soos deel van kultuur maar daarso is perke tot ontgroening [respondent 2, Graad 8 seun])*.

'n Vrou het op FB aangedui dat ontgroening, oriëntasie of inisiasie slegs onder die blanke kultuurgroep voorkom. Sy meen ander kulture hou nie daarvan om op so 'n manier hanteer te word nie, en dat dit een van die primêre redes is waarom ontgroening afgeskaf is *(ontgroening, oriëntasie, of inisiasie, by skole en universiteite is 'n hoofsaaklik "blanke" kultuur, en is verban / streng beheer omdat ander "kulture" nie noodwendig daarvan hou om op hierdie manier hanteer te word nie [FB 19])*. 'n Ander persoon het op Facebook geskryf dat ontgroening 'n oeroue gebruik is en steeds gewild bly onder leerders en studente *(die eerste plek waar gepraat word van "Inisiasie" by die Universiteit van Oxford was 'n student van Friesland in 1190. Die eerste gedokumenteerde onderonsie tussen studente van die universiteit, en die inwoners van Cambridge, was 1391. So ander "tradisies" loop ook al 'n lang pad [FB 19])*.

Dit wil voorkom asof leerders en ouers nie wil hê dat ontgroening gestaak moet word nie. Dit is 'n tradisie waaraan hulle vasklou, en dit lyk of hulle glo dat dit deel van die skool/onderriginstansie moet bly. Hulle as ouers is daaraan blootgestel, en wil sien dat hulle kinders dieselfde deurmaak.

5.2.4 SENIORS IS MAGSBEHEP EN MAAK HULLE SKULDIG AAN MAGSVERGRYPE

'n Tema wat na vore gekom het, hou verband met magsvertoon, magsbeheptheid en magsvergrype.

5.2.4.1 MAGSVERTOON ONDER SENIORS

Tydens die onderhoude het die meeste van die leerders aangedui dat die senior studente altyd met een of ander titel aangespreek moes word. Een so 'n voorbeeld was die naam "generale" wat blykbaar veral deur meisies gebruik moes word indien hulle 'n senior op die stoepe van die skool of terrein sou gewaar. Dit was duidelik uit wat die deelnemers gedeel het dat die matrieks hulle as magtig en "kwaai" gedra het *(daar was omtrent so twaalf baie kwaai matrieks jy moes hulle as generale aangespreek het [respondent 1, Graad 8 dogter]; ons het baie kwaai tannies gehad en as 'n matriektannie uitvind jy het 'n kêrel in die skool en*

jy is in Graad 8, hulle haal jou uit in die gange [respondentgroep 5, Graad 11 dogter]). Van die FB deelnemers se herinneringe stem hiermee ooreen. Een persoon skryf: “Daar is altyd, maar altyd een of twee sogenaamde “seniors” wat magsbehep raak en dinge te ver vat [FB 17]). ’n Ander persoon het ook die kommer uitgespreek dat die seniors nie volwasse genoeg is om met Graad 8 leerlinge om te gaan en hulle steeds goed te behandel nie (daar is geen manier wat matriek kinders kan weet hoe om oordeelkundig met Graad 8 kinders te handel nie. Of in ag te neem dat elke Graad 8 kind uniek is en ’n unieke agtergrond het wat in ag geneem moet word nie [FB 17]).

5.2.4.2 MAGSIKLUS

Dit blyk uit die onderhoude dat die magsiklus ’n sterk tema is onder die leerders wat ontgroen is (sien ook 5.2.1 en 5.2.3.1). Leerders glodat omdat hulle ontgroening deurgemaak het, hulle weer die “reg” het om ander te ontgroen. Een seun het aangedui dat hulle ook iemand sal wil hê wat hul las bietjie kan verlig en help met algemene pligte soos nodig (*na wat 12 jaar van skool is jy nogals moeg om jou tas self te dra, om jou koshuiskamer netjies te maak dan is dit mos nou lekker om net vir daai twee weke of wat iemand te hê wat dit vir jou doen. Jy maak hom basies net soos reg vir die lewe maar jy hoef hom nie soos letsels te los vir die res van sy lewe nie [respondent 2, Graad 8 seun]).*

Nogtans het dit sterk na vore gekom dat hulle beplan om nie permanente skade aan die juniors te doen nie. Leerlinge het voorbeelde genoem van wat hulle nie met nuweling sal doen nie, terwyl ander verkies het om geen antwoorde verskaf het nie. Hulle voel omdat hulle ontgroen is, moet hulle ook die reg hê om ander te ontgroen (*jy maak hom basies net soos reg vir die lewe maar jy hoef hom nie soos letsels te los vir die res van sy lewe nie [respondent 2, Graad 8 seun]; ek sal dit ook wil doen, maar ek sal dit nou nie oordoen hom soos en slaan en seermaak nie ek sal net rustig op hom wees [respondent 3, Graad 9 seun]; ek dink rêrig as ek dit gaan doen kan ek in ’n kleiner mate ek kan nie doen wat die kinders doen, hulle het nie iets slegs gedoen nie maar daai harde manier wat hulle ek weet wat ek gesien het, is nie lekker nie dit wat hulle afgesit het wil ek nie vir iemand anders doen nie [respondent 6, Graad 8 seun]).*

5.2.5 VOLWASSENES SE HANTERING VAN ONTGROENING

Besliste menings rakende die rol van volwassenes het na vore gekom.

5.2.5.1 OUERS

Een persoon het op FB kommentaar gelewer dat ouers ontgroening toelaat (*ouers [gee] liewer hulle kinders oor in die hande van barbare, en sodoende leer die kind niks nie [FB 37]*). Van die FB deelnemers het gevoel dat ouers standpunt moet inneem teen ontgroening. Een se mening was dat *“ouers moet sterk teenkanting maak teen skole of universiteite wat dit nog toelaat” [FB 37]*, en dit is bevestig deur ’n tweede volwassene op FB, wat geskryf het: *“Ouers moet sterk teenkanting maak teen skole of universiteite wat dit nog toelaat”*.

Leerders het egter beskryf dat hulle ouers saamstem dat ontgroening nodig is, want hulle self is ook ontgroen, maar dat daar wel perke is waarby gehou moet word (*hulle stem ook soos in saam dat ontgroening nodig is, hulle was self ook ontgroen en maar daar is wel perke, ja [respondent 2, Graad 8 seun]*). Meer as een leerder het uitgelig dat die ouer oor die kind se ervaring gelag het. Respondent 4, ’n Graad 9 seun, het byvoorbeeld gesê: *“Hulle het net vir my gelag en maar gesê dit klink lekker, hulle sal dit ook wil doen”*. Een van die Graad 11 dogters het aangedui dat haar pa vir haar gelag het en gesê het dat die ontgroening goed vir haar is en haar sterker maak (*my pa het gelag en gesê dis goed vir my en dit maak my sterker [respondentegroep 5, Graad 11 dogter]*). ’n Graad 8 leerder is baie deur sy baie ondersteun en sy pa het ’n positiewe reaksie op die ontgroening gehad (*my pa het saam met my gelag as ons hom snaakse goed vertel het. Hulle het eintlik ’n positiewe reaksie daarop gehad [respondent 6, Graad 8 seun]*). Nog leerders vertel dat hulle ouers daarvoor gelag het en gesê het dat dit lekker was (*nee hulle het gelag en gesê dis seker lekker en ja... [respondent 3, Graad 9 seun]*). ’n Jeugdige seun se ouers het hom meegedeel dat hulle ten gunste van ontgroening was en dat hulle eie ontgroening baie erger as syne was (*want hulle was ook mos nou in die koshuis en al daai goed toe sê hulle vir my maar dit is, hulle hou daarvan maar toe sê hulle, hulle s’n was net erger gewees [respondent 7, Graad 8 seun]*). Volgens ’n Graad 10 leerder se ouer is ontgroening deel van die samelewing (*sy het gesê dis deel van die samelewing [respondent 8, Graad 10 seun]*).

’n Jeugdige dogter het vertel dat hul ouers teenwoordig was tydens die laaste ontgroeningsaktiwiteit by die skool. Daar is molasse oor die leerders gegooi en daarna is vere op hulle gegooi. Die ouers kon die ontgroeningsgebeure vanaf die skool se balkonne besigtig (*om jou nou deel te maak van die skool het hulle swartsakke, om jou nou deel te maak van die skool het hulle swartsakke op die matriekvierkant, daar is twee plekke waar jy nie mag gaan*

nie, dis die matriekvierkant, toe sit hulle nou swartsakke op die matriekvierkant. Hulle gooi vere daaruit en hulle smeer jou met molasse, hulle gooi molasse oor jou uit. Die ouers kon dit sien hulle het bo-op die balkonne gestaan. En die volgende dag toe mag ons nou ons rokke dra [respondent 1, Graad 8 dogter].

5.2.5.2 TEENWOORDIGHEID, AL DAN NIE, VAN VERANTWOORDELIKE VOLWASSENES

Een van die jeugdige dogters het my meegedeel dat die skoolhoof teenwoordig was tydens die sottekonsert. Tydens die konsert het die leerders 'n opvoering uitgevoer wat geweld uitbeeld het en die skoolhoof was heeltemal daarteen gekant (*in die sottekonsert het van die Graad 8's gemaak of hulle matrieks was en geweld uitgebeeld en die skoolhoof was baie kwaad. Sy het hulle ingeroep en wou weet watter matriek het dit gedoen. En hulle het glad nie sulke goed gedoen nie hulle het net op ons geskree [respondent 1, Graad 8 dogter]*). 'n Jeugdige seun verduidelik dat 'n onderwyser ongesiens seker gemaak het dat die junior leerders veilig was tydens die nagmars: *“Maar darem was daar, ons moes dit eintlik nie gesien het nie ... daar agter was 'n meneer [onderwyser] gewees hy het niks gesê nie as hy saam met ons verkeerder kant afgestaan het, ons het net gesien iemand kom daar aan toe is dit die meneer wat agter die bosse wegkruip en kyk hy net is ons oraat” [respondent 6, Graad 8 seun]*. 'n Graad 8 dogter het ook aangedui dat daar altyd onderwysers teenwoordig was tydens die ontgroeningsaktiwiteite.

Van die volwassenes het die belangrikheid van volwasse toesing beklemtoon (*dit behoort te geskied met onderwysers se toesig [FB 15]*). Daar is uitgewys dat ontgroening geen doel dien wanneer matrieks die juniors op hul eie ontgroen nie. Hulle voel dit is sinneloos en dat die juniors so hul respek vir die seniors verloor (*wanneer matrieks op hul eie in skole aangaan met 'ontgroening' nuweling met eiers gedoop en sinnelose afbreek takies voor 'n koshuis laat doen. Dit dien geen doel nie en die groentjies verloor die laaste bietjie respek vir hul seniors [FB 17]*). Party ouers is ook meer gerus oor ontgroeningspraktyke solank dit deur prefekte toegepas word, en daar by die skoolhoof se reëls gehou word. Dan sien hulle niks daarmee verkeerd nie (*ongeluklik is ontgroening nie toelaatbaar nie en mag geen onderwysers of skoolhoofde hulle skuldig daaraan maak deur deelname nie; solank slegs die prefekte dit toepas en by skoolhoof se reëls gehou word, sien ek niks fout daarmee nie [FB 15]*).

Ander deelnemers het egter uitgewys dat daar nie altyd toesig is, of kan wees nie. Een van die FB deelnemers het die volgende bekommernis genoem: *“Hoe goed instansies ook bedoel laat dit te veel geleentheid vir probleme want toesighouers kan nie oral altyd wees nie” [FB 11]*. Nog ’n deelnemer het uitgewys dat kinders se menswaardigheid aangetas word as onderwysers nie tydens ontgroeningsseremonies teenwoordig is nie. Dit kan ook maklik tot magsvergrype lei *(dit is en was nog altyd ’n aksie wat nie onder beheer of toesig plaasgevind het nie... die koshuise van ouds was nog erger. Dis die ergste vorm van om kinders se menswaardigheid te skend [FB 49])*. Sommige volwassenes voel dat die praktyke wat onder toesig plaasvind, wel geregverdig kan word. Een volwassene het op FB aangedui dat *“die oorgrote meerderheid aktiwiteite (by verre die meerderheid) is onskuldige pret wat onder behoorlike supervisie plaasvind”*.

Dit wil voorkom asof ouers hulle nie te veel bekommer oor of hulle kinders ontgroen word al dan nie, net solank iemand teenwoordig is om na die kinders te kyk. Prefekte en VRL lede het geen gesag om na enige leerders om te sien soos wat onderwysers of toesighouers na hulle moet omsien nie. Geen individu mag in elk geval aan ontgroeningspraktyke deelneem nie, en dit is tragies dat skoolhoofde of persone in beheer daarvan weet maar daarvoor swyg. Dit is kommerwekkend dat ouers glo kinders kan na ander kinders omsien.

5.2.6 NEGATIEWE SIENINGS RAKENDE ONTGROENING

In teenstelling met die baie positiewe kommentaar deur leerders, een ouer en ander persone op Facebook, was daar ook kommentaar wat ontgroening gekritiseer het. Een persoon het op Facebook geskryf dat ontgroening *“so holrug gery [is], hoekom los hulle dit maar net nie” [FB 42]*. Nog een het dit as *“bloot vals en sotlik en barbaars” [FB 42]* beskryf, terwyl ’n derde die volgende kommentaar gelewer het: *“Absolute twak en behoort op alle vlakke verbied te word” [FB 43]*.

Volgens sommige van die volwassenes moet die proses van ontgroening onderdruk word *(’n absolute onding by skole. Daar is geen manier wat matriek kinders kan weet hoe om oordeelkundig met Graad 8 kinders te handel nie. Enige individuele fisiese of psigiese ontgroening is vir my taboe [FB 39])*.

5.2.6.1 ONTGROENING IS ONWETTIGE BOELIEGEDRAG

Sommige van die deelnemers was negatief oor die magsvergrype, en het uitgelig dat dit oënskynlike gewettigde mishandeling is (*ontgroening is bloot mishandeling wat gewettig is, dit word gedryf deur boelies wat nou wettig kan mishandel soos hulle wil [FB 7]*). Sommige sien ontgroening as 'n verskoning vir boeliegedrag (*nou met ontgroening kan hulle boelie onder die dekmantel van die ontgroening. Dit was nooit so nie [FB 15]*). Volwassenes is ook bekommerd dat ontgroening kan lei tot gewettigde mishandeling. Mishandeling is wanneer kinders heeltemal te ver gaan met ontgroening (soos inderdaad uitgelig in dele van 5.2.2) en kinders beseer, afknou of baie swak behandel. Boelies kan deur ontgroening voel dat hulle wettig optree, en ander kinders dan nog meer afknou tydens ontgroeningspraktyke.

Baie van die deelnemers het aangedui dat ontgroening by hulle skole verban is of dat dit nie meer plaasvind nie. Volwassenes meen dat oortreders of persone wat hulle skuldig maak aan ontgroeningspraktyke gestraf moet word. Sommige van die deelnemers op *Facebook* meen dat ontgroening op alle vlakke as verbode en verban gesien moet word, omdat dit trauma kan veroorsaak vir leerders wat dit moet deurmaak (*streng gesproke teen die Grondwet en behoort geheel en al verbied te word. Nie almal reageer dieselfde op ontgroening nie en dit laat soms sielkundige letsels [FB 7]*). Ander het beklemtoon dat ontgroening in ek geval 'n onwettige aktiwiteit is (*enige ontgroening is mos taboe. Waaroor nog oor die onderwerp praat. Indien dit nog plaasvind moet daar opgetree word teen die oortreder [FB 47]*). Dit blyk dat nie almal bewus is daarvan dat ontgroening verbied word nie, want baie bepleit so 'n beleid (*maak dit verbode, veroorsaak meer trauma [FB 47]*).

Nog 'n persoon het op *Facebook* geskryf dat as ons geweld as sosiaal aanvaarbaar voorhou, ons nooit in 'n beskaafde wêreld sal leef en bly nie (*as ons geweld as 'n sosiaal aanvaarbare ding is in ons samelewing van kleins af indoktrineer in ons kinders hoe wil ons dan in 'n beskaafde wêreld bly en leef [FB 43]*).

5.2.6.2 ONTGROENING KAN 'n JONGMENS SE LEWE VERWOES

'n Groot getal deelnemers aan die *Facebook* gesprek het gevoel dat ontgroeningspraktyke heeltemal gestaak moet word, omdat dit kinders sielkundig kan knak, veral kinders wat introverte is. Van die deelnemers het uitgewys dat party mense voel ontgroening is onskuldig, totdat hul eie kind se lewe daardeur verwoes word (*tot jou kind se lewe verwoes word, deur*

ontgroening, dan praat ons weer [FB 2]). Ander ouers het ook verduidelik dat kinders met hulle lewens geboet het en dat dit totaal onaanvaarbaar is. Kinders kan nie 'n situasie hanteer wat hand-uit ruk nie. Tydens ontgroening bestaan die gevaar dat hulle mekaar opsweep, en in 'n poging om te wys wie die dominante seniors is, kan erge wandade gepleeg word (*die ding ruk baie maklik hand uit [FB 5]).* Baie ouers het ook beskryf dat kinders seerkry en belaglike aksies moet uitvoer, of dat ontgroeningspraktyke kinders se menswaardigheid aantast. Dit is jammer dat seniors die juniors blootstel aan aktiwiteite wat grense oorskry, want in die proses word kinders afgebreek en beslis nie gebou nie. Nie almal het dieselfde onderskeidingsvermoë oor wat reg en verkeerd is, of wat 'n grap is al dan nie (*dis die ergste vorm van om kinders se menswaardigheid te skend vir die res van hulle lewe [FB 12]).* Volwassenes het ook aangedui dat die beginsel om verneder te moet word en swaar te kry om beter in te pas, eintlik vals, sotlik en barbaars is. Sommige mense weet nie wanneer om op te hou nie, en dan moet die juniors daarvoor boet. Dikwels is die uitkomst baie negatief, en die letsels blywend (*daar is altyd, maar een of twee sogenaamde "seniors" wat magsbehep raak en dinge te ver vat. My ontgroening as 1e-jaar op universiteit was 'n slegte ervaring [FB 17]).* Dat enige persoon vir sy lewe moet boet ten bate van groepsgebondenheid of hegemonie is heeltemal onaanvaarbaar (*kinders het al met hulle lewens geboet hoe kan dit dan enigsins aanvaarbaar wees [FB 43]).*

Op enige stadium waar 'n situasie rasonale grense oorskry kan dit tot ernstige probleme lei. Hierdie grense is natuurlik nie vir almal dieselfde nie, wat inherent tot meer probleme kan lei.

5.2.6.3 ONTGROENING WAS 'n NEGATIEWE ERVARING

Alhoewel die oorgrote meerderheid van die deelnemers positief was oor ontgroening (sien 5.2.1 en 5.2.3.2), en gevoel het dat dit nie afgeskaf behoort te word nie, het sommige aangedui dat dit nie lekker was nie (*ek het nie baie gesien wat nie gehou het van die goed wat ons gedoen het nie maar die ander het dit ge"like" [respondent 4, Graad 9 seun]).* Een jeugdige het aangedui dat sy nie namens almal kan praat nie, maar dat die meeste juniors dit geniet het. Die respondent dui nie aan waarom sy dink dat almal dit nie geniet het nie (*ek weet nou nie van almal nie, maar meeste van ons het dit rîrig geniet [respondent 1, Graad 8 dogter]).* Nog 'n leerder het vertel dat daar heelwat kinders was wat glad nie van die ontgroening gehou het nie. Hy het aangedui dat hulle niks daarvan gehou het nie (*daar is van die kinders wat daarvan gehou het en van hulle wat nie daarvan gehou het nie wat niks gelike het wat ons*

gedoen het nie [respondent 3, Graad 9 seun]. Een deelnemer het ook aangedui dat hy sommige dae “af” gevoel het, en nie lus was vir die ontgroening nie (*daar was party dae wat jy bietjie af is dan voel jy nou nie lekker nie en dan karring mense aan jou [respondent 6, Graad 8 seun]*).

Een van die seuns het vertel wat sy sottenam was, maar dit het ’n negatiewe konnotasie gehad wat hy nie met my wou deel nie. Hy het ook beskryf dat die sottekonsert vir hom tegelyk lekker en sleg was, wat ek as vreemd beskou het. Hy het glad nie daarvan gehou om voor die ander kinders in die saal te skree nie (*dit was Sakkie oom, daar is eintlik ’n ding agter die naam ding [wou my nie vertel hoekom nie], maar in elk geval oom uhh ja dit was en die sottekonsert dit was... [lang stilte] ek weet nie hoe om vir oom te sê nie dit was lekker sleg ek weet nie hoe om daai te noem nie. Om te skree voor almal was nie vir my lekker nie [respondent 6, Graad 8 seun]*). ’n Leerder het ook beskryf dat die ontgroening begin skeefloop het, en dat sekere elemente daarvan toe stopgesit is (*na die twee weke ek weet nie hoe om vir oom te sê nie goeters het bietjie skeefgeloop met die matrieks en so en toe het hulle dit eintlik op ’n stop gaan sit [respondent 6, Graad 8 seun]*).

Leerders wat in die koshuis oortree het, is deur die matrieks gestraf. Die jeugdiges wou nie oor hierdie strawwe uitbrei nie. ’n Onderwyser was blykbaar ook betrokke daarby (*toe word daar ook gesê, van Graad 8 tot Graad 11 mag glad nie in hulle gange inkom nie. En toe stel hulle reëls op. So hulle het hulle eie beheerliggaam gemaak en alles. En toe een aand het een van my vriende [in die gang geskree], toe vergeet hy. Toe moes hy sy skoolblazer [en] sy das aantrek en skoolskoene en toe kom Mnr. [X] daar in en gaan daar te kere, al die matrieks was in een kamer hulle het hulle eie goed gemaak hulle eie beheerliggaam en alles om vir hom ’n straf uit te dink. Toe kom Mnr. [X] daar in en toe praat hy en toe sê hy kom ek kry ’n paar manne uit die koshuis uit met die bladsy waarop die goed was [respondent 4, Graad 9 seun]*). Een van die jeugdiges het ook glad nie daarvan gehou toe hulle die dogters moes duik of op hulle moes spring tydens die ontgroening nie (*daar was partykeer dat die seuns moes die meisies moet duik of op die meisies gaan spring of so iets oom [respondent 8, Graad 10 seun]*).

5.2.6.4 ONTGROENING VESTIG NEGATIEWE GEVOELENS

Van die volwassenes het aangedui dat ontgroening ’n gevoel van haat en rebelsheid by mens kan vestig (*dit maak nie almal sterker, vir party mense breek dit of vestig ’n haat of ’n rebelsheid*

[FB 13]). Skole en instansies sal moet besef dat nie alle mense ontgroening dieselfde hanteer nie. Daar moet aanpassings gemaak word en eerder van oriëntasie gebruik gemaak word om nuweling te laat tuis voel. Ontgroening is 'n oortreding volgens die SASW, en skole mag dit nie goedkeur of aanmoedig nie. Ander volwassenes verduidelik dat ontgroening hand-uit ruk en dat almal nie dieselfde daarvoor voel nie (*nie almal reageer dieselfde op ontgroening nie en dit laat soms sielkundige letsels [FB 13]*). Wanneer hulle kinders onwettig ontgroen word, bring dit by sommige ouers terugflitse van hulle eie ontgroening. Sommige ouers meen dat ontgroening skole se tyd en geld mors. Kinders moet belaglike goed doen, wat soms te ver gevat word en tot beserings kan lei (*tyd en geld mors. Die kinders kon al begin leer het. Dis nou deesdae so 'n gemors en te ver gevat. Bedoelende die kinders kry seer en moet belaglike goed doen [FB 23]*). 'n Ander volwassene het aangedui dat min werk tydens die oriënteringsperiode in die klas gedoen word, omdat die meeste van die onderwysers by die ontgroening betrokke is. Sy voel dat die hele skool negatief deur die ontgroeningsperiode geraak word (*my dogter is nou in Graad 9 en omdat al die onderwysers betrokke is by die Graad 8's se ontgroening, word daar nog niks werk gedoen nie. So, die hele skool lei daaronder. [FB 23]*). Van die deelnemers was ook bekommerd dat ontgroening aan boelies die geleentheid gee om ander leerders op 'n wettige manier te verneder, omdat skole klaarblyklik nie teen sulke seniors optree nie. Sommige ouers voel sterk daarvoor dat ontgroening 'n onding is wat uitgeroei moet word (*dit gee boelies die geleentheid om hulle volgende slagoffers te kies en hulle op 'n daaglikse basis te verneder onder die vaandel van ontgroening. Dis 'n onding en moet uitgeroei word [FB 7]*). Sommige deelnemers het hul eie ontgroeningservarings as negatief onthou | (*my St. 6 ontgroening was aaklig en universiteit ontgroening was eenvoudig simpel [FB 6]*). Ander deelnemers het hulle sterk daarteen uitgespreek, veral ten opsigte van die ontgroening van seuns. Dit is nooit 'n positiewe ervaring om 'n ander persoon fisies of verbaal af te breek nie (*ek verpes dit. Vernaam waar dit net seuns is. Baie is vir eerste keer weg van hul huis, reeds aanpassing, Dan nog dit ook. Daar is baie beter maniere van ontgroening. Nog nooit was "afbreking" van enige mens goed nie. Selfs mondelings, verbal abuse [FB 33]*). Hulle voel dat dit letsels laat en dat onskuldige kinders verniel word deur ontgroeningspraktyke (*Dit laat soms letsels lewenslank. Hou niks van dit nie, kinders ken nie die einde nie. Gaan net aan en verniel die kinders wat nuut is [FB 44]*). Dit is selde die bedoeling van seniors om ander kinders te beseer of om hul menswaardigheid

aan te tas, maar 'n ontgroeningsituasie kan maklik hand-uit ruk, en tot gevolg hê dat seniors verkeerd optree.

5.3 BESPREGING

5.3.1 TEORETIESE INSIGTE

Kaufman (2006:25) meen dat die menslike natuur self verantwoordelik is vir die misbruik van mag. Uit die data was dit duidelik dat ontgroening die teelaarde is vir magsmisbruik, en dat dit 'n bouse kringloop vorm. Seniors wil juniors wys wie is baas, en hulle wil ook hul mag toon, en wraak neem vir die tyd toe hulle as juniors ontgroen is (cf. 1.1, 1.2, 2.1, 2.2, 2.3). Daar is veral versoekings aan die begin van die jaar wanneer seniors vir hulle sotte uitkies waaroor hulle hul mag kan uitoefen (cf. 5.2.2.2). Jaar na jaar behou hierdie magskringloop momentum, want juniors word seniors en onthou wat aan hulle gedoen is (cf. 1.3; 5.2.4.1, 5.2.4.2, 1.2). Met die hunkering na mag soos verduidelik deur MBMT, is daar geen beperkings op die soeke na mag nie, en selfs morele beginsels ly daaronder (cf. 2.3.2). Seniors sal juniors byvoorbeeld blootstel aan walgdade net om senioriteit en mag te verkry en dit ten toon te stel (cf. 1.2, 2.1, 2.2, 2.3.2). Seniors se soeke na mag tydens ontgroening, volgens MBMT, laat hulle heeltemal perspektief oor 'n situasie verloor, en dit alles bloot vir hulle eie gewin (Kaufman, 2006:28). Vir Rosch en Lebow (2017:140) is die wil van mense om hulself te bewys 'n groot dryfveer.

Seniors weet waarskynlik dat ontgroening nie toelaatbaar is by onderriginstellings nie, maar steeds vat hulle kanse om veral in koshuise, na ure of in die aand hierdie praktyke te beoefen (cf. 2.1, 2.2, 2.3). Dit vind gewoonlik plaas wanneer daar verminderde toesig is en wanneer ouer persone aan diens moontlik al slaap of nie regtig lus het om te gaan kyk wat aangaan nie (cf. 2.1, 2.2). Baie seniors steur hulle ook nie aan wette en regulasies nie, en hou vol met hulle ontgroeningspraktyke (cf. 2.2, 2.3). Seniors sien dit dikwels ook as 'n uitdaging om die grense sover as moontlik te toets sonder om uitgevang te word (cf. 2.1, 2.2). Mense is selfsugtig en steur hulle nie aan ander nie en sal reëls oortree, volgens MBMT (aldus Jervis, 1994:868).

Van die kinders het tydens die onderhoude gesê dat die groepsgevoel 'n plek verdien, al was dit nie vir hulle lekker nie (cf. 5.2.3.3). Die KDT verduidelik dat individue hul kognitiewe ongemak verminder deur hulle denke aan te pas om sodoende teenstrydige denke te verminder (Festinger in Hinojosa *et al.* 2017:173). Al was dit nie vir van die leerders lekker om

deel te neem aan die ontgroeningspraktyke nie, het hulle dit wel gedoen ter wille van die groep en ter wille van aanvaarding. Van die leerders glo hulle het mekaar ook beter leer ken deur die swaarkry (cf. 5.2.3.5; 5.2.3.6). Soms kan 'n ongemaklike situasie individue motiveer om maniere te vind om die omvang van die dissonansie wat hulle ervaar, te verminder deur hulleself positief in te stel (Festinger in Hinojosa *et al.*, 2017:173). Interne konflik wat volgens die KDT as gevolg van so'n kognitiewe wanbalans ontstaan, kan iemand maklik van stryk bring (Lawler, 2018:n.p.). Leerders kan hulself oortuig dat die vernedering van ontgroening belangrik is, en dat daar tog goedheid in steek, al voel hulle negatief daarvoor. Volgens die KDT sal leerders hulle kognitiewe spanning wil verminder, of so na as moontlik terug na normaal wil bring en hulself laat verneder deur seniors (Harmon-Jones, 2012:544; Lawler, 2018:n.p.). Die vernedering, glo van die leerders, was wel nodig want daardeur het hulle ook die skoolied geleer en verder ook hoe om jou koshuiskamer netjies te hou (cf. 5.2.3). Baie leerders het ook uitgewys dat ontgroening 'n tradisie en kultuur van hul skool is, wat hulle eenvoudig moes deurmaak (cf. 5.2.3.5).

Ten spyte van al die ongemak, vernedering, mishandeling en afknouery het leerders hulself bly motiveer dat ontgroening deel van hul skool se tradisie is en dat hulle sterker aan die ander kant sou uitkom (cf. 5.2.3.5). As individue gemotiveer word deur negatiewe affekterende toestande, sal hulle selfs daaraan deelneem om die dissonansie te verminder (Festinger in Hinojosa *et al.*, 2017:173). Leerders glo dat as iets soos ontgroening 'n tradisie is waaraan hulle moet voldoen, hulle dit wel sal kan oorkom al is dit vir hulle sleg.

Volgens die KDT sal mense soms nie aan spesifieke aktiwiteite wil deelneem nie, maar sodra hulle houding daarteenoor die aktiwiteit verander, sal hulle dit wel voltooi alhoewel hulle aanvanklik negatief daarvoor was (Harmon-Jones, Harmon-Jones en Levy, 2015:185). Daar is ook 'n rimpeleffek onder leerders wat gedwing word om ontgroeningsdade te verrig, want hulle sien hulle maats dit doen en val dan maar daarby in (cf. 5.2.6.3, 5.2.6.4). Met MBMT, aldus Kaufman (2006:25), is die menslike natuur self verantwoordelik vir die versoekings van mag. Al is ontgroening hoe traumaties en sleg vir hulle, weet hulle dat hulle dag sal kom om self die volgende groep juniors te ontgroen (cf. 5.2.4.2) – en wat nou aan hulle gedoen word, sal hulle weer eendag aan ander doen, wanneer hulle die mag daartoe het. Leerders sal ook die nuwelinge wil ontgroen maar hulle sal nie te ver gaan nie (cf. 5.2.4.2). Hierdie “te ver gaan”, bly maar debatteerbaar (cf. 5.2.4.2).

Uit die data was dit duidelik dat skoolhoofde, onderwysers en die verteenwoordigende raad van leerders steeds by ontgroening betrokke is. Dit is regtig problematies as hierdie gesagspersone en individue by 'n skool hulle skuldig maak aan deelname aan ontgroeningspraktyke. Sommige skoolhoofde wil hierdeur hul gesag en senioriteit in die skoolomgewing bewys. MBMT verduidelik dat om soewereiniteit oor 'n groep mense te verkry (aldus Rosch en Lebow, 2017:142), geweld dikwels op mense afgedwing word. Dit is om hierdie rede dat sekere skoolhoofde self sal deelneem aan ontgroeningspraktyke, of dit sal goedkeur, om sodoende hul magposisie in die skool te beklemtoon. Onderwysers was ook in baie gevalle betrokke by die ontgroeningspraktyke (cf. 5.2.5.2). Sowel hul goedkeuring van ontgroening en hulle deelname aan sulke praktyke is uiters gevaarlik. Onderwysers stel hulself bloot aan wetsoortreding en menseregteskendings. Baie onderwysers wil hul magposisie in die skool beklemtoon, en MBMT meen dat die soeke na mag nie op die individu se oorlewing fokus nie maar op hul posisie tussen die res (Jervis, 1994:868). MBMT beskryf dat mense se behoefte om hulself te bewys die dryfveer is waarom 'n magstryd in 'n groep mense ontstaan (Rosch en Lebow, 2017:140). Daar is skoolhoofde, onderwysers en VRL lede wat deelneem aan ontgroeningspraktyke slegs om deur alliansievorming mag te verkry, met die doel om ondergeskiktes te domineer (cf. 5.2.5.2). Verder is baie leerders se ouers ontgroen en hulle glo hul kind/ers moet dit ook deurmaak, ten spyte daarvan dat die ooglopende optrede is om liever hulle kinders te beskerm. KDT, meen Lawler (2018:n.p.), wys dat interne konflik ontwikkel wanneer 'n persoon se aksies en redenasies met logiese denke bots. Individue sal dan hierdie konflik, of spanning, wil verminder, of so na as moontlik na normaal terug te bring (Harmon-Jones, 2012:544 en Lawler, 2018:n.p.). Alhoewel dit vir baie leerders uiters traumaties is om ontgroen te word, besef hulle dat hulle dit eenvoudig sal moet doen omdat die skool en/of hulle ouers dit van hulle verwag (cf. 5.2.5). Hulle pas daarom hulle denke aan en oortuig hulleself dat dit lekker is. Van die ouers het selfs senior leerders aangemoedig om hulle (die juniors se) "gal te werk" en hulle bietjie "op te rof" (cf. 5.2.5). Volgens die data lyk dit of leerders nie gevestigde tradisies wil oneerbiedig nie, en verdra maar die ontgroeningspraktyke met al die gepaardgaande ontugnugteringe ter ondersteuning van die kultuur. Verskeie volwassenes het aangedui dat hulle self ontgroen was en het daarvoor gelag toe hulle kinders hul ontgroeningswedervaringe met hulle gedeel het (cf. 5.2.5). Die KDT, aldus Lawler (2018:2), meen dat 'n ongemaklikheid vir die individu ontstaan, en dat hierdie dissonansie aanleiding kan gee tot spanning, angstigtheid, skuldgevoelens en 'n negatiewe

selfbeeld. Al is dit vernederend en traumaties vir leerders sal hulle toelaat dat hulle ontgroen word ter wille van die kultuur wat moet voortleef.

5.3.2 POPULÊRE DISKOERSE

In die lig van die doel van hierdie hoofstuk, het ek 'n aantal populêre diskoerse geïdentifiseer.

Die eerste onderliggende boodskap wat sterk na vore gekom het, was dat ontgroening belangrik is (cf. 5.2.1). Die meeste leerders wil ander ontgroen, aangesien hulle self ontgroen is. Dit dui daarop dat daar 'n magsiklus gevestig word waar leerders wat ontgroen is, dit "verdien" om weer ander te onderdruk (cf. 5.2.4.2). Deelnemers aan die gesprekke het wel voorwaardes gestel, soos dat daar reëls moet wees, en dat dinge nie moet hand-uit ruk nie (cf. 5.2.1), wat op twee maniere geïnterpreteer kan word. Die feit dat deelnemers telkens aangedui het dat hulle nie "te ver" sou gaan nie, nie sou slaan nie, en nie ander seer sou maak nie (cf. 5.2.1), kan insinueer dat sulke daade wel plaasgevind het. Nie een van die leerders wou egter direk erken dat sulke daade gepleeg is nie. 'n Ander moontlikheid is dat leerders wat aandui dat hulle nie "te ver" sou gaan wanneer hulle die mag het nie, kan egter ook onbewustelik "verskoning" soek vir die feit dat hulle wel wil deelneem, en hulle kognitiewe ongemak sodoende probeer verminder (cf. 2.3.1).

Dit het duidelik geblyk dat seniors 'n reeks verspote take van die nuweling verwag het. Hulle moes met 'n naambord om hulle nekke rondloop (cf. 5.2.2), hulle skoolklere verkeerd om aantrek (cf. 5.2.2.1), is nie toegelaat om hulle skoolbaadjies te dra nie, en moes dikwels dinge doen wat ongemak kon veroorsaak. Nógans het min van die leerders erken dit dat ongemaklik was.

Die wyse waarop dit oorgedra was, was deurgaans positief, asof dit die normaalste ding is om te doen en selfs pret is (cf. 5.2.3.3). Dit ten spyte van die feit dat ongemak en vernedering wel uitgewys is. Tydens die gesprekke is dit duidelik gemaak dat sulke gedrag "ter wille van" 'n groepsgevoel (cf. 5.2.3.2) en tradisie (cf. 5.2.3.5) aanvaarbaar is. Verskeie gesprekvoerders het daade erken wat vernederend is, fisiese en sielkundige ongemak veroorsaak, en vernederend is (cf. 5.2.2.2,) maar daar is selde standpunt teen sulke gedrag ingeneem. Daar was selfs deelnemers wat dit duidelik gemaak het dat sulke ervarings positief is. Die motivering was dat dit arrogansie onder die juniors teenwerk, (cf. 5.2.3.1) en mens 'n sterker

persoon maak (cf. 5.2.3.4). Ten spyte daarvan dat leerders se menswaardigheid aangetas is deur die ontgroening (cf. 5.2.2.5), was die argument dat ontgroening 'n mens juis leer om ander te respekteer, wat natuurlik teenstrydig is. Magsvergrype (cf. 5.2.4.1) boesem eerder vrees en ander negatiewe gevoelens by die onderdrukte in. Nogtans het die deelnemers dit meestal nie so aan my oorgedra nie. Enkele stemme het egter wel opgegaan onder leerders en ander gesprekvoerders dat ontgroening onnodig is, en dat nuwelinge eerder op 'n opbouende wyse georiënteer en deel gemaak moet word van die skool se geskiedenis en kultuur (cf. 5.2.1).

'n Verdere saak wat na vore gekom het, is dat volwassenes, soos ouers en onderwysers, dikwels ontgroening aanmoedig. Ouers voel dat hulle kinders moet deurmaak wat hulle moes deurmaak en sien dit as heel natuurlik (cf. 5.2.5.1). Dit blyk dat seniors soms heeltemal kop verloor wanneer juniors ontgroen word (cf. 5.2.4.1). Die subtiele boodskap wat aan seniors oorgedra word, is dat hulle tydens ontgroening toestemming het om juniors leed aan te doen onder die vaandel van die kultuur en tradisies (cf. 5.2.3.5, 5.2.3.7) van die skool. Uit bostaande blyk dit dat die stemme ten gunste van ontgroening, en die regverdiging van ontgroening, die hardste is.

5.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk het ek van onderhoude en kommentaar op sosiale media gebruik gemaak om die persepsies en belewenisse van jeugdige en volwassenes rakende ontgroening uit te lig. Die hoof diskoerse is ook uitgelig, asook hoe dit inskakel by die KDT en MBMT. Die verskillende diskoerse is ook bespreek ten opsigte van die genoemde teorieë.

HOOFSTUK 6: KRITIESE KOMMENTAAR OOR SPANNING TUSSEN DIE REGSRAAMWERK EN POPULÊRE DISKOERSE

6.1 INLEIDING

Soos my titel aandui, het ek hierdie studie onderneem om die spanning tussen populêre diskoerse oor ontgroening en die regsraamwerk wat sulke praktyke in Suid-Afrikaanse skole rig, uit te lig. Dit is belangrik om in my laaste hoofstuk die navorsingsvraag te beantwoord en te reflekteer op my navorsing. Ek gaan dus kortliks 'n oorsig verskaf van hoe die hoofstukke in hierdie tesis vervleg is met die einddoel om my hoofnavorsingsvraag te kan beantwoord. Ek gaan die hoofstuk afsluit met die bydrae wat die studie lewer, die sterk en swak punte van die studie, asook voorstelle vir verdere navorsing.

6.2 OORSIG OOR DIE STUDIE

In Hoofstuk 1 het ek die konteks van die studie geskets deur te fokus op die voorkoms van ontgroening binne Suid-Afrika. Elke jaar is daar berigte in die media wat ontgroeningsaktiwiteite by skole en ander instansies uitlig en word daar oor die nadelige gevolge daarvan vir die slagoffers gerapporteer (cf. 1.1, 1.2). Die Departement van Basiese Onderwys het ontgroening reeds in 2002 verbied, en duidelike riglyne daaroor met skole gekommunikeer. Nogtans vind dit steeds plaas, en is daar op die oog af ondersteuning daarvoor. Die hoofdoel van hierdie navorsing was dus om die klaarblyklieke spanning tussen die regsraamwerk en populêre diskoers oor ontgroeningspraktyke by skole bloot te lê. In Hoofstuk 1 is die navorsingsmetodes en metodologie wat in hierdie studie gebruik is, asook die terreinafbakening, bespreek, en redes is verskaf waarom dit binne 'n bepaalde omgewing sou geskied.

Om my studie binne die bestaande literatuur en 'n gepaste teorie te plaas, was dit was vir my belangrik om te fokus op hoe ontgroening in ander lande uitspeel en ervaar word.

Dit is in Hoofstuk 2 gedoen deur drie lande se ontgroeningsdilemmas te bespreek, en ernstige gevalle van ontgroeningspraktyke te lys. Indië, Amerika en Engeland is onder die soeklig geplaas en erge menseregtevergrype wat tydens ontgroening plaasvind, is uitgelig. Alhoewel ander benamings vir ontgroening in hierdie lande gebruik word, naamlik *hazing* in Amerika, *ragging* in Indië en *fagging* in Engeland, is die uitkomst eenders, en dikwels met grusame nagevolge (cf. 2.2.1, 2.2.2, 2.2.3). Die dood van nuwelinge is sekerlik die mees skokkende uitkomst tydens ontgroeningsvoorvalle (cf. 2.2.1, 2.2.2, 2.2.3). Onderriginstellings probeer op die oog af om leerders en studente se denke rondom die gevare van ontgroening te rig, maar hierdie einddoel word in die meeste gevalle nie bereik nie. Die sosiale aanvaarbaarheid van ontgroening is klaarblyklik die regering en onderwysowerhede se grootste vyand (cf. 2.2.1, 2.2.2). 'n Groot getal ouers ondersteun steeds ontgroeningstradisies, en 'n aantal Amerikaanse-onderriginstellings het geen antiontgroeningswetgewing in plek nie (cf. 2.2.3). Een voorstel is dat owerhede die subsidies van onderriginstellings wat hulle skuldig maak aan ontgroeningspraktyke moet weerhou. Die akkreditasiestatus van onderriginstellings kan ook weggeneem word indien hulle sou aanhou om ontgroening toe te laat.

Om te probeer sin maak uit die feit dat ontgroening wêreldwyd steeds plaasvind, het ek twee teorieë bespreek, naamlik die KDT en MBMT (cf. 2.3.1; 2.3.2). Die ontgroeningsfenomeen het twee kante. Aan die een kant is die juniors wat ontgroen word en aan die ander kant is die seniors wat hulself die mag toe-eien het om hierdie nuwelinge te ontgroen. Die aanvaarding van aktiwiteite wat juniors moet deurmaak ten opsigte van spanbou, tradisie, eenheid, groepsgebondenheid en die kultuur wat daarmee saamgaan, word baie goed verwoord in die KDT (cf. 2.3.1). Die ongemaklikheid wat deur individue ervaar word, veral tydens ontgroeningspraktyke, sal so vinnig moontlik deur die individue verminder wil word. Take wat van individue verwag word, hoe ondraaglik of onaanvaarbaar ook al, word steeds uitgevoer. Om die ongemaklikheidsgevoel vir die individu te verminder, sal hulle poog om hul denke te rig en hulself te oortuig dat die eise haalbaar is, en 'n goeie doel dien, al ervaar hulle 'n aversie daarteenoor (cf. 2.3.1).

'n Verder kwessie tydens ontgroeningspraktyke is die drang na mag, en gevolglike magsvergrype deur seniors.

Die MBMT beklemtoon dat die hunkering na mag in sommige gevalle die seniors se morele oordeelsvermoë oorskry, en dat perspektief op die situasie verloor word ten bate van eie gewin (cf. 2.3.2). Seniors was 'n ruk gelede self juniors, en dit is hierdie soeke na mag en die behoefte om hulle eie ontgroening te wreek wat moontlik onbewustelik lei tot 'n drang na mag (cf. 3.3). Die narratief van "ons" en "hulle", en die drang om te oorheers, is 'n sterk kenmerk by die mens, en ontgroeningspraktyke is 'n teelaarde vir sulke ongesonde vergrype. Dit is 'n baie moeilike siklus om te breek want die seniors glo hulle moet ook die kans kry om ander te wys wat mag is en wie in beheer is, al is dit ten koste van nuwelinge.

Die doel van Hoofstuk 3 was om die Suid-Afrikaanse regsraamwerk rondom ontgroening te bespreek. Ontgroening is 'n onwettige praktyk in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel. Ten spyte van wetgewing, beleide, regulasies en reëls, vind ontgroening steeds plaas. Skole is nie net veronderstel om die nasionale beleid te volg nie, maar ook self sulke beleide in plek te hê. Die kernbegrippe en onderskeiding tussen terme wat verband hou met ontgroening is in hierdie hoofstuk uiteengesit en beskryf (cf. 3.2). Die onderskeie verantwoordelikhede van die Departement van Basiese Onderwys, beheerliggame, skoolhoofde, ouers, onderwysers en die VRL is uitgelig. Nie net is hulle verantwoordelikhede gelys ten opsigte van die voorkoming van ontgroening nie, maar ook hulle regsverpligtinge en die regsgevolge indien hulle die praktyke sou goedkeur (cf. 3.4). As mens na vorige navorsing en koerantberigte kyk, is daar steeds van hierdie genoemde rolspelers wat ontgroening toelaat of selfs deelneem daaraan, ten spyte van die onwettigheid daarvan. Indien hierdie rolspelers hulle skuldig sou maak aan deelname aan ontgroening, of bewus is van sulke praktyke, en nie stappe neem om dit stop te sit nie, kan hulle wetlik aanspreeklik gehou word, en moet hulle die regsgevolge dra soos uiteengesit deur die landswette (cf. 3.4). Gevalle van regspraak wat verband hou met ontgroening is ook uitgelig en bespreek (cf. 3.4.4). Weinig gevalle wat ontgroening direk impliseer het al in Suid-Afrikaanse howe op die hofrol beland, dus kon ek slegs enkele sake uitlig wat van toepassing is op ontgroening (cf. 3.4.4).

Die navorsingsmetodologie wat in hierdie studie gebruik is, is in Hoofstuk 4 beskryf. Die studie maak gebruik van kwalitatiewe navorsing (cf. 4.2.1), en daar is verduidelik dat ek gepoog het om onderliggende diskoerse te identifiseer. Die seleksie van deelnemers is ook in Hoofstuk 4 bespreek (cf. 4.2.3).

Die studie is in Afrikaans gedoen, en daarom is onderhoude met Afrikaanse hoërskoolleerders van verskillende grade, asook een ouer van 'n leerder wat ontgroen is, gevoer. Daarmee saam het ek kommentaar op sosiale media rakende ontgroening gebruik, aanvullend tot die data wat uit die onderhoude gegenerereer is. Hierdie data is geanaliseer en verskillende temas is daaruit geïdentifiseer. Die integriteit van die navorsing is bespreek, tesame met die navorsingsmetode en die bestuur van die data (cf. 4.2.2).

In Hoofstuk 5 is die verskillende diskoerse uitgelig gegrond op die onderhoude met leerders en een ouer, asook *Facebook* kommentaar. Direkte aanhalings is neergepen onder die verskeie genoemde temas. Die temas wat na vore gekom het, is aan die einde van Hoofstuk 5 bespreek, in die konteks van die twee teorieë. Die kennis wat in persone ontstaan en tot ongemaklikheid lei, word veral by kinders gevind wat ontgroen word. Dit kom veral voor by die nuweling Graad 8 leerders. Die magsbeheptheid word weer gevind by die senior leerlinge wat voel dat hulle nou die kans het om hul eie ontgroening van vroeër te wreek. Die twee teorieë skakel baie goed in by die problematiek wat ontstaan tydens ontgroeningspraktyke.

6.3 SPANNING TUSSEN DIE POPULÊRE DISKOERSE EN DIE REG

Alle individue van 'n land moet aan die wette, reëls en regulasies voldoen om nie met die gereg te bots nie. Ontgroeningspraktyke is onwettige praktyke in Suid-Afrika, soos ook elders, en is dus lynreg teen die wette, reëls en regulasies van die land. Steeds word daar elke jaar individue ontgroen, en bestaan daar idees en ideale wat hierdie praktyke as noodsaaklik posisioneer. Met hierdie studie het ek met die aanname gewerk dat daar spanning bestaan tussen wat deur die reg voorgeskryf word, en hoe mense oor ontgroening dink en redeneer. Wat ek bevind het, was dat daar inderdaad sekere diskoerse gevoer word wat direk teenoor dít wat voorgeskryf word deur die wet, staan. Daar was egter ook stemme wat aanklank gevind het by die reg, en wat ontgroening veroordeel het.

Regdeur die tesis het ek telkens verwys na KDT, wat help sin maak oor hoe en hoekom mense gebeure wat lynreg teen logika en waardes indruis, afmaak as goed en reg. Ek het ook verwys na MTMB, wat verduidelik dat dit in die menslike natuur is om na mag te strewe, en dat die strewe morele oordeel beïnvloed.

Wanneer mens na die spanning tussen dit wat reg is (die wet) en dit wat deur baie as reg geargumenteer word (ontgroening), dui dit op kognitiewe dissonansie binne die onderwysgemeenskap. Dit wil voorkom asof die morele waardes (die reg, asook individuele sin vir wat reg en goed is) inderdaad tydens ontgroening opsy geskuif word, en dat daar 'n positiewe persepsie onder sommige bestaan aangaande mag en magsmisbruik is. Alhoewel dit onmoontlik is om alle aspekte van die reg en ontgroening in hierdie hoofstuk te herhaal, gebruik ek enkele voorbeelde om die spanning, of dissonansie, uit te lig.

6.3.1 ARGUMENT 1: ONTGROENING IS NODIG OM AANVAAR TE WORD

'n Argument wat sterk na vore gekom het, is dat ontgroening nodig is om toegang te kry, en deel te wees, van die span, groep of skool (cf. 1.1; 2.1; 5.2.3.3; 5.2.3.4). Ontgroening word dus beskou as 'n "rite of passage" waardeur 'n persoon lidmaatskap verdien tot die skool (cf. 5.2.2.2). Praktyke waaraan die juniors moet voldoen om toegelaat te word in die simboliese binnekring, wissel van die dra van vreemde klere (5.2.2.1), sinnelose praktyke (5.2.2.2), tot fisies uitputtende aktiwiteite (5.2.2.3), wat soms onder moeilike omstandighede plaasvind. Vir dagskoliere hou die praktyke meestal twee weke aan, terwyl koshuisskoliere dit dikwels die hele jaar lank moet trotseer (cf. 5.2.2.4).

Sekere rituele en simbole ondersteun hierdie diskoers. Leerders word in sommige skole eers na afloop van die groentjiekonsert toegelaat om hulle kleurbaadjies te dra (cf. 5.2.2.5), en by ander skole word leerders op een of ander wyse "gedoop" (cf. 5.2.5.1). Dikwels is volwassenes aandadig, of toeskouers by die gebeure, wat 'n duidelike boodskap uitstuur dat hulle die praktyke aanvaar (cf. 5.2.5.1). Dit versterk die idee dat daar eers 'n vorm van "toelating" moet wees, ten spyte daarvan dat die leerders almal reeds ingeskrewe leerders is.

Binne die regsraamwerk moet alle persone egter vry wees van alle vorme van geweld, en mag hulle geensins op 'n onmenslike of afbrekende manier behandel word nie (cf. 3.4.1.1). Daar moet in kinders se beste belang opgetree word (3.3.1.4), en kinders moet beskerm moet word teen mishandeling, verwaarlosing en vernedering (3.3.1.4). Kinders moet in plekke geskool en gehuisves word wat omsien na hul opvoeding, geestesgesondheid en maatskaplike ontwikkeling (3.3.1.4).

Die *RPIPS* (3.4.1.1) verbied enige ontgroening eksplisiet (cf 3.2.3) en beklemtoon die belangrikheid van hoe veral ouers en onderwysers na leerders se veiligheid moet omsien (3.4.1; 3.4.1.6). Leerders mag nie afgekou word, of gedwing word om aan fisiese aktiwiteite deel te neem nie (3.2.7; 3.2.8). Daar is dus 'n duidelike kontras tussen die redenasies en optrede soos uitgebeeld, en die enkele verwysings na die regsraamwerk. Hierdie regsaspekte het ook betrekking op die komende gedeeltes, en ek gaan dus slegs kortliks aanvullend hierna verwys, om herhaling te voorkom.

6.3.2 ARGUMENT 2: ONTGROENING LAAT JOU GEBORGE VOEL

Daar word geargumenteer dat ontgroening nuwelinge geborge laat voel, en dat dit 'n groepsgevoel skep (cf. 1.1, 2.1; 5.2.3.3). Nogtans is daar aanduidings dat nie alle leerders wat ontgroen is, noodwendig so gevoel het nie (cf. 5.2.2.6). Dit het ook geblyk dat die volwassenes, wat juis moet bydra tot die kind se gevoel van veiligheid en geborgenheid, self deelgeneem het, of ten minste toeskouers was, by sommige van die praktyke. By een van die skole (cf. 5.2.11) kon die ouers vanaf die buitebalkonne waarneem hoe daar vere en molasse op die dogters gegooi is. Dit was hul laaste oorgang voordat hulle as volwaardige leerders van die skool geag is (cf. 5.2.11). Leerders het ook gerapporteer dat onderwysers teenwoordig was tydens ontgroening (5.2.5.2). Dit kan dus spanning in die kind skep, dat juis die persone wat verantwoordelik is vir veiligheid en geborgenheid, vernederende praktyke goedkeur of aanmoedig. Sommige deelnemers aan gesprekke het prontuit gesê dat dit negatiewe gevoelens in hulle gevestig het (6.2.6.4), wat dus teenstrydig met die redenasie is.

Geen persoon mag blootgestel word aan ontgroeningspraktyke nie, want dit ondermyn die inherente waarde van mense, en dalk ook hul menseregte, soos vervat in die *Grondwet* (cf. 3.4.1.1). Onderwysers tree in die plek van ouers op tydens alle skoolaktiwiteite, en moet kinders dus versorg en behandel soos die *Grondwet* (cf. 3.4.1.1) aan hulle voorskryf. Die regsbeginsel van redelikheid (3.5.3) is hier ter sprake, ook wat betref die gedrag van die ouers, en die vraag kan gevra word of redelike ouers gemaklik sal wees om te sien hoe hulle kinders verneder word, en ook met die idee dat hulle kind moontlik skade kan ly.

As 'n groepsgevoel vir mense belangrik is, is daar wel 'n wettige positiewe alternatiewe om nuwelinge deel van die skool te maak, naamlik oriëntering (cf. 3.4.2.2). Nuwelinge word nie

tydens oriëntering mishandel, aangerand, verneder en bespotlik gemaak, soos wat gevind word tydens ontgroeningspraktyke nie.

6.3.3 ARGUMENT 3: ONTGROENING BEREI JOU VOOR VIR DIE LEWE

Die redenasie is gevoer dat dit soms nodig is om terug aarde toe gebring te word, en dat 'n mens telkens in die lewe maar weer van onder af moet begin (cf. 5.2.3). Ontgroening, so word geredeneer, maak jou sterk, en dit leer jou om die lewe aan te pak (5.2.3.4). Nogtans het sekere deelnemers erken dat ontgroening jongmense se lewens kan verwoes en letsels laat (5.2.6.2).

Volgens die *Grondwet* mag daar op geen wyse teen 'n persoon gediskrimineer word nie (3.2.6), en die argument dat 'n junior dus slegter as ander behandel moet word, is dus nie geldig nie. Die taak van die skool om die kind voor te berei vir die lewe moet binne die groter konteks van die taak van die skool gesien word, naamlik om die kind se potensiaal te ontwikkel.

6.3.4 ARGUMENT 4: ONTGROENING LEER JOU OM ANDER TE RESPEKTEER

Van die gesprekke het gehandel oor die belangrikheid dat die "sotte" van hulle "houding" ontslae moet raak, en besef dat hulle nie so belangrik is as wat hulle dink nie (cf. 5.2.4). Van die volwasse deelnemers ondersteun luidkeels die praktyk om met die juniors se sogenaamde "gal te werk" (5.3.1). Daar word geredeneer dat kinders wat op 'n latere stadium in die skool ingekom het, minder respek vir ander leerders het omdat hulle nie ontgroen is nie (cf. 5.2.4). Die subtiele aanname is dus dat mens eers verneder moet word voordat mens kan leer om ander te respekteer. Daarteenoor verseker die *Grondwet* ons dat elkeen in die land die reg het om gerespekteer te word. Die redenasie hou dus nie water nie. Menswaardigheid is een van die regte wat verskans word in die *Grondwet* (3.3.1.2), en vele vorme van ontgroening is dus juis onwettig as gevolg van die aantasting van menswaardigheid (3.3.10).

Die *Grondwet* (cf. 3.4.1.1) waarborg aan alle individue dat daar geen liggaamlike skade teenoor hulle aangebring mag word nie, en dat alle persone se menseregte erken en uitgebou moet word. Ontgroeningspraktyke is dus teenstryding met die regsbeginsels van die *Grondwet*.

6.3.5 ARGUMENT 5: SENIORS HET DIE REG VERDIEN OM DIE JUNIORS TE ONTGROEN

Die mening dat seniors die reg verdien het om juniors te ontgroen, het telkemale voorgekom (2.2.1; 4.2.4). Hierdie redenasie kweek 'n teelaarde vir magsvergrype (5.2.4.1), mishandeling (5.2.2.6), en finansiële skade (5.2.2.7). In lyn met MBMT het die data getoon dat die seniors inderdaad aanvaarbare grense oorskry het deur byvoorbeeld die juniors te dwing om aan praktyke verwant aan seksuele teistering deel te neem (5.2.2.8), en die seniors maak hulle ook skuldig aan boeliegedrag (5.2.6.1).

Volgens die *Grondwet* is alle persone gelyk voor die reg (3.3.1.1), en dit impliseer dat seniors nie verhewe bo die reg is net omdat hulle as juniors ontgroen is nie. Ouers is voorts wetlik verantwoordelik vir die optrede van hul minderjarige kinders se optrede (cf. 3.4.3.1). Indien leerders dus skuldig is aan ontgroeningspraktyke, moet hul ouers die verantwoordelikheid daarvoor neem (cf. 3.3.1.1). Daar is dus nie sprake daarvan dat ontgroening geregverdig kan word bloot omdat die oortreders “verdien” om dit met juniors te doen nie. Skole mag leerders nie blootstel aan ontgroeningspraktyke nie, al word dit as tradisie of noodsaaklik beklemtoon. Die SASW (cf. 3.4.1.1) stel dit ook dat geen ontgroening in 'n skool of by die koshuis mag plaasvind nie, en dat geen persoon toestemming mag verleen vir die wettiging van ontgroeningspraktyke nie.

6.3.6 ARGUMENT 6: ONTGROENING IS NIE VERKEERD NIE (ONTGROENING IS BLOOT ONSKULDIGE PRET)

'n Argument wat onderliggend aan baie van die gesprekke was, is dat daar niks verkeerd met ontgroening is nie, en dat dit onskuldige pret is (cf. 5.2.3.2). Nogtans was daar voortdurend 'n ondertoon dat dinge wel soms “te ver” gegaan het (5.2.4.1; 5.3.2), en in sommige gevalle is dit prontuit gestel dat dit vir mense 'n slegte ervaring was (5.2.6.3). Alhoewel heelwat deelnemers dit slegs as 'n positiewe ervaring onthou, was daar duidelik persone vir wie dit nie die geval was nie.

Die *Grondwet* (cf. 3.4.1.1) stel dit egter baie duidelik dat daar nie van 'n persoon verwag mag word om aktiwiteite te verrig wat sy/haar fisiese en geestelike welstand in gevaar stel nie. Die *RPIPS* (cf. 3.4.1.1) beklemtoon ook die belangrikheid dat 'n skool veronderstel is om 'n plek van veiligheid te wees waar leerders geborge kan voel, ten spyte van die tradisies en

kulturgebonde aktiwiteite van die skool. Daar is geen rede hoekom oriënteringsprogramme nie aktiwiteite kan insluit wat prettig is nie, solank dit aanvaarbare aktiwiteite is wat in lyn is met die gees van die regsraamwerk.

6.3.7 ARGUMENT 7: ONTGROENING IS DEEL VAN DIE KULTUUR VAN (GOEIE) SKOLE

Heelwat stemme het opgegaan dat ontgroening deel is van die kultuur van 'n skool, en selfs dat dit 'n teken is van 'n "goeie" skool. Die vernedering wat kinders deurgemaak het, was vir baie van die deelnemers belangrik, want daardeur het hulle baie nuwe dinge van die skool geleer (cf. 5.2.3.5). Dit sluit in dat hulle meer geleer het van die waardes, tradisies en geskiedenis (5.2.3.1; 5.2.3.3; 5.2.3.5). Die kommentaar van sommige leerders het ook getoon dat hulle glo 'n skool sonder tradisies (cf. 5.2.3.7) nie 'n goeie skool is nie. Hulle voel ook sterk dat daar 'n trots gekweek word deur te leer van jou skool se geskiedenis, die skoollied en tradisies, en om jou skoolklere met 'n regop houding te dra (cf. 5.2.3.1). Dit word ook ondersteun deur baie ouers en oudleerders wat glo dat ontgroening deel van 'n skool moet wees, aangesien hulle self ontgroen is (cf. 5.2.3.3). 'n Kultuur wat na vore gekom het, was egter ook dat die openlike deel van inligting oor ontgroening 'n taboe is (cf. 5.2.5.1). Dit kon ek ook ervaar toe bitter min mense bereid was om openlik daaroor te praat. Die kultuur van geheimhouding van sulke rituele is dus deel van die skoolkultuur, terwyl skoolpraktyke deursigtig behoort te wees. Enige kulturele dogmas wat indruis teen die beginsels van die *Grondwet* behoort as ongrondwetlik geag te word (cf. 3.4.1.1).

6.3.8 IMPLIKASIES

Dit is duidelik uit die kort oorsig oor die diskoerse wat gevoer word oor ontgroening, dat daar steeds baie mense is wat ontgroening ondersteun, en die gebruik probeer regverdig. Dit druis egter in teen wat deur die wet voorgeskryf word. Onderwysers word wetlik verplig om te verseker dat kinders beskerm word teen mishandeling, afkraking, verwaarlosing en om nooit 'n kind se welstand, onderwys, fisiese of geestelike gesondheid, morele of maatskaplike ontwikkeling in gevaar te stel nie (cf. 3.4.1.1).

Die beheerliggaam, onderwysers en VRL/prefekte mag nie leerders blootstel aan die vernedering van ontgroening nie (cf. 3.4.1, 3.4.2, 3.4.3). Geen persoon mag blootgestel word aan verwaarlosing, mishandeling en vernedering soos wat gevind word tydens

ontgroeningspraktyke nie, volgens die *Grondwet* (cf. 3.4.1.1). Alhoewel daar leerders, ouers, oudleerders en onderwysers is wat glo dat die vernedering tydens ontgroening waarde toevoeg, tree hulle inderwaarheid ongrondwetlik op as hulle dit goedkeur (cf. 3.4.1.1). Leerders se regte word ook misken as beheerliggame ontgroeningspraktyke toelaat. Die SASW (cf. 3.4.3.1) stel dit ook pertinent dat geen persoon deel mag neem of deelname aan ontgroeningspraktyke mag aanmoedig by 'n skool of 'n koshuis nie. Ouers, beheerliggame en oudleerders sal na ander maniere moet kyk om 'n hegte band tussen leerders te vorm sonder die vernedering wat ontgroening dikwels teweegbring.

Veral die beheerliggaam se rol is van die uiterste belang om streng op te tree indien ontgroeningspraktyke op skoolterreine of in koshuise plaasvind. Die beheerliggaam moet 'n gedragskode opstel wat aandui dat ontgroening geheel en al verbode is volgens die SASW (cf. 3.4.2.1). As dié gedragskode van die skool dus oortree word deur deelname aan of goedkeuring van ontgroeningaktiwiteite, moet daar teen die skuldige partye opgetree word (cf. 3.4.2.1). Die beheerliggaam (cf. 3.4.2.1) moet 'n tugverhoor hou wanneer leerders deelneem aan ontgroeningspraktyke, of verantwoordelik is daarvoor. Wanneer leerders by so 'n tugverhoor skuldig bevind word, staar hulle skorsing en uitsetting in die gesig (cf. 3.4.2.1). Onderwysers kan ook geskors of ontslaan word indien hulle skuldig bevind word aan deelname aan ontgroening, of as hulle ontgroeningspraktyke aanmoedig, volgens die SASW en die *Personnel Administrative Measures* (hierna PAM) (cf. 3.4.3.1, 3.4.3.2).

6.4 REFLEKSIE

Vervolgens sal die bydrae wat die studie maak, bespreek word. Die sterk en swak punte van die studie sal ook uitgewys word. Laastens sal daar ook moontlike voorstelle vir verdere navorsing gemaak word.

6.4.1 BYDRAE VAN DIE STUDIE

Ten spyte van die groot aantal mediaberigte oor die onderwerp is daar 'n skaarste aan wetenskaplike navorsing oor ontgroening.

Ek glo dat hierdie proefskrif dus 'n bydrae maak ten opsigte van die bevindinge en ook rondom verdere navorsing oor ontgroening of ontgroeningsverwante praktyke. Die meeste van die

bronne waarvan ek gebruik gemaak het, was koerantberigte en internetartikels. Hierdie studie sal hopelik ander navorsers aanmoedig om voort te bou op temas en uitdagings rakende ontgroening.

Hierdie proefskrif sal aan die Vrystaatse Departement van Onderwys gestuur word sodat hulle die bevindinge van die studie kan bestudeer. Ek glo dat die Departement van Onderwys skole meer gereeld behoort te besoek om te verseker dat hulle 'n regsraamwerk in plek het om kinders teen ontgroening te beskerm. Die Departement kan via hul kringbestuurders dié skole veral aan die begin van die jaar besoek om te verseker dat skole alles in plek het om te verseker dat kinders nie blootgestel word aan ontgroeningspraktyke nie. Die kringbestuurders kan derhalwe ook seker maak dat skole gedragskodes in plek het wat ontgroeningspraktyke verbied. Beter kommunikasie tussen skole en die Departemente van Onderwys moet ook aangemoedig word oor wat aanvaarbare praktyke is en wat nie is nie. Moontlike strawwe vir die minagting van voorskrifte rondom ontgroening moet ook deurgegee word.

Die studie het ook weer die regsverantwoordelikhede en regsverpligtinge van alle belanghebbendes wat in die onderwys staan, beklemtoon. Die reëls en regulasies waaraan die Departement van Onderwys, beheerliggame, skoolhoofde, onderwysers, VRL/prefekte, ouers en leerders moet voldoen is beklemtoon. Die regsimplikasies vir skuldige partye wat betrokke is of toelaat dat ontgroeningspraktyke plaasvind, is ook bespreek. Ek hoop dat alle rolspelers deeglik van die implikasies, indien hulle die praktyke laat voortgaan, sal kennis neem.

6.4.2 STERKEN SWAK PUNTE

Soos met enige studie, is daar defnitiewe leemtes. In die eerste plek is ek 'n voltydse onderwyser wat slegs oor beperkte kennis van die reg beskik. Die gebruik van regsterme, regsbegrippe en hoe wette geïnterpreteer is, is gedoen volgens my eie kennis en nie die van 'n regs spesialis nie.

Omdat ek in die onderwysberoep staan en nie voltyds betrokke by navorsing is nie, glo ek dat my navorsingstegnieke en die gebruik van terminologieë ook leemtes mag hê. Ek het slegs

gefokus op Afrikaanssprekende skole, en die studie het dus nie praktyke by Engelse skole waar ontgroening vir seker steeds plaasvind, ingesluit nie. Verdere navorsing sal beslis nodig wees waar Engelssprekende skole ook betrek kan word. Hierdie studie kan ook in ander provinsies van Suid-Afrika gedoen word.

As gevolg van kostes vir reis en verblyf het ek slegs dorpe in die Vrystaat besoek wat redelik bereikbaar was, en waar ek vrywillige deelname kon verkry. Dit sou baie meer voordelig gewees het om ook ander skole in die land te besoek het.

Nogtans glo ek dat ek'n bydrae maak om die realiteite rondom ontgroening bloot te lê, en dra ek by tot die kennis oor die fenomeen, soos ook in 6.4.1. uitgewys.

6.4.3 VOORSTELLE VIR VERDERE NAVORSING

In lyn met die swak en sterk punte wat hierbo uitgelig is, stel ek verdere navorsing vir kwelpunte voor.

- Daar behoort bepaal te word wat beheerliggame, skoolhoofde, onderwysers, koshuistoesighouers en senior leerders se begrip is van die regsraamwerk wat betrekking het op ontgroeningspraktyke.
- Daar moet verder na maniere gekyk word hoe beheerliggame, skoolhoofde, onderwysers, koshuistoesighouers en senior leerders voorberei kan word rakende die regsraamwerk oor ontgroening.
- Daar sal ook bepaal moet word hoe ouers, leerders, onderwysers of ander persone wat nie aan ontgroeningspraktyke wil deelneem nie, beskerm gaan word.
- Daar sal gekyk moet word watter kommunikasiekanale bestaan tussen skole en die Departement van Onderwys rakende ontgroeningspraktyke. Of skoolbesoeke gedoen word en of ontgroeningspraktyke gereguleer word deur die Onderwysdepartement kan ook ondersoek word. Die oplê van strawwe as ontgroeningspraktyke wel plaasvind vereis verdere ondersoek, asook of daar streng by voorskrifte gehou word.

- Verdere studies kan deur tersiêre instellings gedoen word om te voorkom dat die kultuur van afknouing en boeliegedrag, met die gepaardgaande negatiewe gevolge, oorspoel na hulle.

6.5 SLOTSOM

Die hoofdoel van hierdie studie was om die spanning tussen die regsraamwerk en die populêre diskoers rakende ontgroening bloot te lê. Om hierdie doel te bereik is hierdie studie verdeel in verskillende hoofstukke, wat in mekaar vloei met die doel om die navorsingsvrae te beantwoord. Alhoewel die studie as 'n geheel gedoen is, moet daarop gelet word dat elke hoofstuk poog om 'n spesifieke sekondêre navorsingsvraag te beantwoord.

Ontgroeningspraktyke kom steeds in Suid-Afrikaanse skole en koshuise voor. Baie skole skep die indruk dat hulle oriënteringsprogramme het, terwyl kinders in der waarheid ontgroen word. Dit word as dekmantel gebruik om dit te laat klink asof leerders nie ontgroen word nie. Die beheerliggame, skoolhoofde, onderwysers, ouers, VRL/prefekte en leerders wat ander leerders ontgroen of daarby betrokke is, ignoreer alle wette, reëls, regulasies, beleide en gedragskodes wat sodanige aktiwiteite verbied. Groot groepe oudleerders en ouers ondersteun ook nog steeds ontgroening. Hulle reageer ook baie heftig wanneer skole wil optree teen ontgroening of ontgroeningspraktyke wil stopsit. Die diskoerse wat in die media geskep word, is ook baie verwarrend. Dit wil altyd voorkom asof daar een groep is wat ontgroening ondersteun en een groep wat heeltemal daarteen gekant is.

Geen ontgroening is toelaatbaar nie en dit druis in teen alle wetgewing in. Nogtans lyk dit asof baie leerders en volwassenes steeds glo dat die ontgroening wat hulle deurmaak van waarde is. Die argument word onder andere gevoer dat die swaarkry en vernedering wat hulle moes ervaar berei hulle glo voor vir die lewe daarbuite, wat nie maklik is nie. Magsvergrype kom ook tydens ontgroening voor, nie net in Suid-Afrika nie maar ook wêreldwyd. Die seniors glo blykbaar dat hulle reg om juniors af te knou verdien het. Baie skole beskou ontgroening steeds as deel van die skool se tradisies en kultuur. Dit word jaar na jaar toegepas, en leerders neem daaraan deel ter wille van tradisie. Daar is baie persone uit die onderwysgemeenskap wat ook hul ondersteuning aan ontgroening toon. Die betrokkenheid van skoolhoofde, onderwysers en leerders by ontgroeningspraktyke is steeds 'n werklikheid. Baie leerders en

oudleerders het dit duidelik gemaak dat hulle ontgroening as belangrik beskou en dat dit voortgesit behoort te word. Daar word geglo dat mens eers afgebreek moet word voordat jy weer opgebou kan word. Al is daar baie stemme wat teen ontgroening opgaan, en al is die reg baie duidelik daaroor, sal ontgroening eers stopgesit kan word as die kultuur daar rondom verander. Die owerhede moet ook stappe om die voorkoming van die praktyk te versterk, neem.

In die tyd wat ek my proefskrif finaal voorberei het, is 'n leerder aan 'n bekende skool in Johannesburg oorlede nadat hy verdrink het tydens 'n "oriënteringskamp". Alhoewel die saak nog ondersoek word, is die eerste aanduidings dat die kinders sonder die nodige sorg hanteer is, dat hulle verplig was om aan onaanvaarbare praktyke deel te neem, en dat hulle beste belange nie tydens die aktiwiteite op die hart gedra is nie. Ek hoop die studie dra by dat mense anders oor ontgroening begin dink, en dat ander leerder sin Suid-Afrika nooit weer soos Enoch Mpienzi, hulle lewens deur onsinnige en onverantwoordelike ontgroening sal verloor nie.

BRONNELYS

- Acharya, A., Blackwell, M. and Sen, M. 2017 *Explaining Preferences from Behavior: A Cognitive Dissonance Approach*. Cambridge: Harvard University.
- Adolphus, M. *What is discourse analysis?*
http://www.emeraldgroupublishing.com/research/guides/methods/discourse_analysis.htm
- Agarwal, H and Garg, M. s.a. Ragging in India. Coalition to Uproot Ragging from Education (CURE). cure@noragging.com.
- Ajam, K. 2009. Pro-initiation Facebook group slams boy's mother. ***Saturday Star***, 13 Junie 2009:4.
- Allan, E. J. and Madden, M. 2008. *Hazing in View: College Students at Risk. Initial Findings from the National Study of Student Hazing*. United States of America: University of Maine College of Education and Human Development.
- Alleyne, R. 2016. Shocking Cambridge University initiation ceremonies revealed ***The Telegraph***. The Telegraph Media Group Limited 2016
- Ancer, J. 2011. A warrior code gone wrong. ***Sunday Times***, 28 August: 9.
- Anderson, E.; McCormack, M; and Lee, H. 2012. Male Team Sport Hazing Initiations in a Culture of Decreasing Homophobia. *Journal of Adolescent Research*. 2012; 27(4) 427–448.
- Askey, S. and McLeod, I. 2006. *Studying Law*. New York: Palgrave Macmillan.
- Barnes, A. K. 2010. *Die uitwerking van skoolkultuur en-klimaat op geweld in Oos-Kaapse skole: 'n Onderwysbestuursperspektief*. Ongepubliseerde M.Ed-tesis. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
- Basson, A. 2015. JanKempdorp: dis dieper as ras. ***Beeld***. 7 Februarie 2015: 1.
- Bell, J. and Waters, S. 2014. *Doing your research project. A guide for first-time researchers*. England: Open University Press.
- Bell, J. 1999. *Doing your Research Project. A guide for first-time researchers in education and social science*. Buckingham: Open University Press.

- Best, J. W. and Kahn, J. V. 2003. *Research in Education*. Boston: Pearson Education Inc.
- Bingwa, B. 2018. Parents share how their children are being abused at Parktown Boys. Radio 702 Breakfast with Bongani Bingwa. 28 Augustus 2018
- Black, D. R. 2005. *Facing charges from campus hazing*. Perspective: The Campus Legal Monthly. Magna Publications, Inc. 2005: 4-5.
- Boezaart, T. 2016. *Personereg*. Kaapstad: Juta & Kie, Bpk.
- Bogdan, R. C and Biklen, S. K. 2003. *Qualitative research for Education. An introduction to Theories and Methods*. Boston: Allyn and Bacon.
- Bray, W. 2000. *Foundations of Law and Education Law*. Centre for Education Law and Policy (CELP). Pretoria: LM Printers.
- Bray, W.; Van wyk, J. G. en Oosthuizen I. J. 1989. *Regspraak oor die onderwys*. Durban: Butterworths.
- Bray, W. 2005. *Foundations of Law and Education Law*. Centre for Education Law and Policy (CELP). Pretoria: LM. Printers.
- Bruwer, R. 2015. Skaf ontgroening eerder af as om dit te probeer wettig'. **Volksblad**. 5 Junie 2015:par.1-4.
- Burchell, J. 2016. *Principles of Criminal Law*. 5th edition. Claremont: Juta & Co Ltd.
- Burton, N.; Brundrett, M and Jones, M. 2008. *Doing your Education Research Project*. London: Sage Publications Ltd.
- Campo, S.; Poulos, G. and Sipple, J. W. 2005. Prevalence and Profiling: Hazing Among College Students and Points of Intervention. *Am J Health Behav.* TM 2005; 29(2): 137-149.
- Carcary, M. 2009.. "The Research Audit Trial Enhancing Trustworthiness in Qualitative Inquiry." *The Electronic Journal of Business Research Methods*. Volume 7 Issue 1 2009, (pp.11 - 24). Academic Conferences Ltd.
- CCMA OPERATIONS & INFORMATION DEPARTMENT. 2002. DISCRIMINATION.
- Cherry, K. 2019. What Is Cognitive Dissonance?. Theories Cognitive Psychology <https://www.verywellmind.com/cognitive-psychology-overview-4581791>
- Clark, R. C. 2009. Initiation outdated, but stop legal bid. **Star**, 19 Junie 2009:18.

-
- Cohen, L.; Manion, L. and Morrison, K. 2007. *Research Methods in Education*. Routledge: London.
- Codd, J. A. 1988. The Construction and deconstruction of educational policy documents. J *EDUCATION POLICY*, Vol.3, 235-247.
- Creswell, J. W. 2008. *Educational Research. Planning, conducting, and evaluating quantitative and qualitative research*. New Jersey: Pearson Education Inc.
- Croukamp, P. Só kan skole kinders knou. ***Volksblad***, 1 Augustus 2015:8.
- CURE. 2001. *Ragging in Indian Universities and Colleges*. www.noragging.com..
- Currie, I. en De Waal, J. 2005. *The Bill of Rights Handbook*. Cape Town: Juta and Company LTD.
- Davel, P. 2013. *Teistering uiteindelik nou "teen die wet"*. Solidariteit Regsdienste. Par. 7-8.
- Deacon, J.; Colditz, P.; Mellet, S. en van der Merwe, J. 2016. *Case Law Handbook on Education. Twenty Five cases that helped shape Education Law*. Claremont: Juta and Company (Pty) Ltd.
- De Klerk, V. 2013. *Initiation, Hazing or Orientation? A case study at a South African University*. International Research in Education. ISSN 2327-5499. 2013, Vol. 1, No. 1 86 <http://ire.macrothink.org>
- Denzin, N. K. And Lincoln, Y. S. Eds. 2018. *The SAGE Handbook of Qualitative Research*. California: SAGE Publications.
- Desai, C. 2009. Ragging: Let's say no to it. *Indian Journal of Pharmacology*. 41(2):59-60.
- Devraj, R. 2009. Shades of Abu Ghraib in College Ragging Rituals. ***The Times of India***, 16 Junie 2009:2.
- Du Plessis, T. 2015. Ontgroening – meer skade as goed. ***Kyknet>Channels>kykNET*** 10 Feb 2015.
- Edelman, M. 2004. *Addressing the High School Hazing Problem: Why Lawmakers Need to Impose a Duty to Act on School Personnel*, 25 Pace L. Rev. 15 (2004).
- Edelman, M. 2006. *How to prevent High School Hazing: A Legal, Ethical and Social Primer*. North Dakota Law Review. North Dakota: University of North Dakota, School of law.

- Farberov, S. 2013. Fraternity pledge, 19, loses a testicle in 'hazing ritual' where he was struck with a knotted towel in his privates and rubbed with Icy Hot - but he insists it was a 'freak accident'. **DailyMail**. Friday, Jul 8th 2016
- Festinger, L. 1957. *A Theory of Cognitive Dissonance*. London: Tavistock Publications.
- Fielding, J. 2015. Exclusive: Aristocrat tells how he talked rape victim out of jumping from window at Eton. **Sunday Express**, 1 November 2015:par. 1-4.
- Flint, A. 2009. Well done to Pene Kimber and son. **Star**, 5 Junie 2009:20.
- Forbes, D. 2009. Humiliating children can never be justified. **Star**, 15 Junie 2009:10.
- Fosnot, C. T. 1996. *Constructivism: Theory, Perspectives, and Practice*. New York: Teachers College Press.
- Free State Government. s.a. Chapter three: Current Development Profile of the Free State. [Web] <http://www.fs.gov.za/.../4%20CHAPTER%20THREE>.
- Fox, W. en Bayat, M. S. 2007. *A Guide to Managing Research*. Cape Town: Juta and Co Ltd.
- Garg, R. 2009. Ragging: a Public health problem in India. *Indian Journal of medical sciences*. 63(6) 263-271.
- Grobler, R. 2018. Shocking practices at Parktown boys.
https://m.news24.com/SouthAfrica/News/explosive-report-reveals-shocking-practices-at-parktown-boys-20180831?fbclid=IwAR3QzBEIGmfDGweMGda6FnM9UpDu3AQyEdTRjtlN89OfA9obuYWQULB_tIA
- Groves, M.; Griggs, G.; and Leflay, K. 2012. Hazing and initiation ceremonies in university sport: setting the scene for further research in the United Kingdom. *Sport in Society*, Vol. 15(1): 117-131.
- Hancock B., Windridge K., and Ockleford E. 2007. *An Introduction to Qualitative Research*. The NIHR RDS EM / YH, 2007.
- Harmon-Jones, E. 2012. Cognitive Dissonance Theory. In V.S. Ramachandran (ed.) *The Encyclopedia of Human Behaviour*, vol. 1, p. 543-549. Academic Press.
- Harmon-Jones, E.; Harmon-Jones, C. and Levy, N. 2015. An Action-Based Model of Cognitive-Dissonance Processes. *Current Directions in Psychological Science*. 2015, Vol. 24(3) 184–189

- Hart, C. 2004. *Doing a literature search: a comprehensive guide for the social sciences*. London: SAGE.
- Hartshorne, K. 1999. *The making of Education Policy in South Africa*. Cape Town: Oxford University Press.
- Heyes, J. D. 2016. Yes, 'anal hazing' is a thing in America's high schools...Sodomy now rite of passage. Naturalnews.com, 22 Januarie 2016.
- Hinojosa, A. S.; Gardner, W. L.; Walker, H. J.; Cogliser, C.; Gullifor, D. 2017. A Review of Cognitive Dissonance Theory in Management Research: Opportunities for Further Development. *Journal of Management*. Vol. 43 No. 1, January 2017 170–199. DOI: 10.1177/0149206316668236.
- Hollman, B. B. 2002. Hazing: Hidden Campus Crime. *New Directions for Student Services*, no. 99, Fall. Wiley Periodicals, Inc.
- Hoover, N. C. and Pollard, N. J. 2000. *Initiation rites in American High Schools: A National Survey*. New York: Alfred University.
- [http://america-tonight/articles/2015/4/16/high-school-athletics-hazing-sexual assault / _jcr_content/mainpar/adaptiveimage/src.adapt.480.low.scis1_gfx_tunein.jpg](http://america-tonight/articles/2015/4/16/high-school-athletics-hazing-sexual-assault/_jcr_content/mainpar/adaptiveimage/src.adapt.480.low.scis1_gfx_tunein.jpg) alt="Sex Crimes in Sports"
- <http://britishhazing.blogspot.co.za/>. Hank Nuwer.2010.
- <http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2008/01/17/B1/1/ldgroen.html>
- <http://www.childlinesa.org.za/children/for-children/issues-affecting-you/bullying/>
- <http://www.dailyrecord.co.uk/news/scottish-news/beatings-bullying-paedophile-teachers-a-10270565>. Annie Brown. 2017.
- <https://www.economist.com/graphic-detail/2017/10/13/hazing-deaths-on-a-american-college-campuses-remain-far-too-common>
- <https://engl110058spring2014.wordpress.com/2014/04/15/the-history-of-hazing/>.
- [https://www.everydayhealth.com/cognitive-dissonance/Moira Lawler](https://www.everydayhealth.com/cognitive-dissonance/Moira-Lawler). 2018
- <http://www.express.co.uk/news/uk/616131/Eton-rape-suicide>. James Fielding. 2015.

<http://greekchat.com/gcforums/showthread.php?s=&threadid=10323&highlight=hazing>.
James Justamom. 2002.

<http://www.hanknuwer.com/hazing-deaths/>.

<http://www.justice.gov.za/forms/pha/J037-form1-afr.pdf>

<https://www.hg.org/international-law.html>.

<https://www.sde.idaho.gov/student-engagement/sdfs/files/program-guides/School-Violence-Safety-Policies-Procedures-Manual.pdf>

<https://www.stopbullying.gov/what-is-bullying/index.html>

<https://www.unicef.org/crc/> UNICEF - Convention on the Rights of the Child

Huysamer, C. 2013. *Hazing of Grade 8 boys as part of Orientation Programmes in South African Monastic Secondary Schools*. M.Ed Thesis. Pretoria: University of South Africa.

Huysamer, C and Lemmer, E. M. 2013. Hazing in orientation programmes in boys-only secondary schools. *South African Journal of Education*; 2013: (33)3.

Jackson, C. 2009. Parktown Boy's principal undeserving of job. **Star**, 19 Junie 2009:18.

Jervis, R. 1994. Hans Morgenthau, Realism, and the Scientific Study of International Politics. *SOCIAL RESEARCH*, Vol. 61, No. 4 (Winter 1994).

Jordaan, N. 2018. Collan Rex convicted of assaulting Parktown boys, not guilty of attempted murder. 14 September 2018. Sowetanlive.co.za.

Jordaan, W. 2001. Ontgroening is inherent téén gees van demokrasie. **Die Burger**, 3 April 2001:10.

Joubert, R. (Ed); Du Plessis, P.; Mahlangu, V. P. en Prinsloo, I. J. 2015. *The Law of Education in South Africa*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Joubert, R. en Prinsloo, S. 2008. *The law of Eduaction in South Africa*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Joubert, R. en Prinsloo, S. 2001. *Education Law. A practical guide for Eduactors*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

- Kaufman, R. 2006. Morgenthau's Unrealistic Realism. *Yale Journal of International Affairs*. Winter/Spring 2006.
- Kemp, C. 2015. Jan Kemp-verhoor wéér uitgestel. **Volksblad**, 18 Mei 2015:9.
- Kemp, C. 2015. Vier voor ná beweerde verkragting. **Volksblad**. 7 Februarie 2015:2.
- Kemp, C. 2016. Drie erken 'inlywing het te ver gegaan, letsels by seun gelaat'. **Volksblad**, 10 Februarie 2016:1.
- Kleyn, D. en Viljoen, F. 2010. *Beginnersgids vir regstudente*. Claremont (Suid-Afrika): Juta.
- Kloppers, P. W. 2006. Ontgroening. *Woord en Daad*, Herfs, 2006:20.
- Kosheleva, N. n.d. Methodologically Inclusive Transformative Evaluation as an Enabler of Social Inclusion. n.d.:1-2.
- KZN DoE.s.a. Die doeltreffende bestuur van verhoudings. Afrikaanse Handleiding. Kwazulu-Natal Departement van Onderwys. Kwazulu-Natal.
- Lawler, M. 2018. Cognitive Dissonance: *The Theory, Real-Life Examples, and How It Affects Your Day-to-Day Life*. <https://www.everydayhealth.com/cognitive-dissonance/>
- Lester, J. D. And Lester, J. D. 2007. *Writing research papers. A complete guide*. New York: Pearson Education.
- Machin, D. and Mayr, A. 2012. *How to do critical discourse analysis*. London: Sage Publications Ltd.
- Mahapatra, D. 2009. Ragging needs social ban, more than laws. **The Times of India**, 22 Maart 2009:1-2.
- Malan, M. 2011. 'Bloed loop' in ontgroening. **Rapport**, 20 Februarie 2011:12.
- Maree, K (Ed.); Creswell, J. W.; Ebersöhn, L.; Eloff, I.; Ferreira, R.; Ivankova, N. V.; Jansen, J. D.; Nieuwenhuis, J.; Pietersen, J. en Plano Clark, V. L. 2016. *First Steps in Research. Second Edition*. Pretoria: Van Schaick Publishers.
- Maree, J. G (Ed.); Athanasou, J. A.; Di Fabio, A.; Elias, M. J.; Ferreira, R.; Gitchele, W. D.; Jansen, J. D.; Malindi, M. J.; McMahon, M.; Morgan, B.; Mpofu, E.; Nieuwenhuis, J.; Perry, J. C.; Panulla, S.; Pretorius, G.; Seabi, J.; Sklar, R. H.; Theron, L. C.; and Watson, M. 2012. *Complete your thesis or dissertation successfully: Practical guidelines*. Cape Town: Juta & Company Ltd.

-
- Marlow, B. A. And Page, M. L. 1998. *Creating and Sustaining the Constructivist Classroom*. California: Corwin Press Inc.
- McGlinchey, S; Walter, R. S and Scheinpflug, C (Eds.); Rosch, F. Lebow, R. N. 2017. International Relations Theory. E-International Relations www.E-IR.infoBristol, England.
- McNeil, P. 1990. *Research Methods*. London: Routledge.
- Meintjies-Van der Walt, L. Singh, P. Du Preez, M., De Freitas, S. A., Chinnian, K., Barratt, A. Govindjee, A. Iya, P. De Bruin J. H., & Van Coller, H. 2011. *Introduction to South African Law*. Cape Town: Pearson Education SA.
- Merriam, S. B. 1998. *Qualitative Research and case study applications in Education. Revised and expanded from case study research in Education*. San Francisco: Jossey-Bass.
- Merriam, S. B. 2009. *Qualitative Research: A guide to design and implementation*. San Francisco: John Wiley & Son Inc.
- Mertens, D. M. 2010. *Research and Evaluation in Education and Psychology. Integrating Diversity with Quantitative, Qualitative, and Mixed Methods*. California: SAGE Publications, Inc.
- Mertens, D. M. 2012. Transformative Mixed Methods: Addressing Inequities. *American Behavioral Scientist*. XX(X) 1-12.
- Mogashoa, T. 2014. Understanding Critical Discourse Analysis in Qualitative Research. *International Journal of Humanities Social Sciences and Education (IJHSSE)* Volume 1, Issue 7, July 2014, PP 104-113 ISSN 2349-0373 (Print) & ISSN 2349-0381 (Online)
- Mogotlane, S.M.; Ntlangulela, J. T. and Ogunbanjo, B. G. A. 2004. *Mortality and morbidity among traditionally circumcised Xhosa boys in the Eastern Cape Province, South Africa*. Curationis May 2004
- Moles, B. 2016. *Leon Festinger's Theory of Cognitive Dissonance*. Networked Knowledge: Festinger 'Cognitive Dissonance'.
- Moolman, H. J. 2016. Probleme met kriminele klagtes. Veeplaas. Agri-Orbit <https://www.agriorbit.com/probleme-met-kriminele-klagtes-2/>
- Mouton, J. 2001. *How to succeed in your Master's and Doctoral Studies. A South African Guide and Resource Book*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

- Mulholland, S. 2009. Ontgroening en inisiasie. *Finansies en Tegniek*, 18 Junie 2009:19.
- Nagel, C. J. (ed) 2011. "Kommersiële Reg" 3de uitgawe. Durban: LexisNexis Butterworths.
- Neethling-Blair, E. 2008. Departement verbied tradisie by skool. Ouers en leerlinge neem afskeid van sottepap. *Volksblad*, 23 Januarie 2008:3.
- Njilo, N. 2018. Collan Rex who was a waterpolo coach at Parktown Boys High pleaded guilty to 144 sexual assault charges at the Palmridge Magistrate Court. Business day. 1 September 2018.
- Nordquist, R. 2019. *Observing the Human Use of Language Through Discourse Analysis*. ThoughtCo, Jan. 28, 2019, [thoughtco.com/discourse-analysis-or-da-1690462](https://www.thoughtco.com/discourse-analysis-or-da-1690462).
- Oellermann, I. en Wicks, J. 2014. Principal allowed ritual. *City-press*, 4 Desember 2014:par.3.
- Oosthuizen, I. J; Botha, P.; Mentz, P. J.; Roos, M. C.; Van der Westhuizen, P. C. en Van Kerken, E. T. 2003. *Aspects of Education Law*. Pretoria: Van Schaick Publishers.
- Oosthuizen, I. J; Botha, P.; Roos M. C.; Rossouw, J. P. En Smit M. H. 2009. *Aspects of Education Law*. Fourth Edition. Pretoria: Van Schaick Publishers.
- Oosthuizen, I. J.; Rossouw, J. P. en De Wet, A. 2004. *Inleiding tot die Onderwysreg*. Pretoria: Van Schaik.
- Oosthuizen, I. J.; Rossouw, J. P. and De Wet, A. 2016. *Introduction to Education Law*. Pretoria: Van Schaick Publishers.
- Pai, S. A. And Chandra, P. S. 2009. Ragging: human rights abuse tolerated by the authorities. *Indian Journal of Medical Ethics*.6(2).
- Parizek, M. 2008. *Evil Human nature as a necessary assumption of the Neorealist view on international politics*. March 3, 2008. E-International Relations Publishing.
- Pillay, J. 2014. Ethical considerations in educational research involving children: Implications for educational researchers in South Africa. *South African Journal of Childhood Education*. 4(2): 194-212.
- Pillay, R. 2001. Sexual harassment is part of high school initiation. *The Teacher*, 31 Maart 2001:5.

- Pkakisi, M. E. 2008. *Factors Affecting the Implementation of the New Junior Secondary Science Curriculum in Lesotho*. Unpublished M. Ed Thesis. Johannesburg: University of the Witwatersrand.
- Potgieter, E. 2012. *Ontgroeningspraktyke in Sekondêre skole: 'n Beleidsondersoek*. Ongepubliseerde M.Ed Tesis. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
- Potgieter, E.; Teise K.; Jacobs, L en de Wet, C. 2014. Ontgroeningspraktyke in uitgesoekte Vrystaatse hoërskole en skoolkoshuise: 'n verkennende studie. *LitNet Akademies*. 11(3):506-543.
- Potgieter, M. 2012. 'Ontgroening' van seun wyd veroordeel. ***Volksblad***, 12 Mei 2012:2.
- Prinsloo, I. J. 2005. How safe are South African Schools? *South African Journal of Education*. 25(1)5-10.
- Rademeyer, A. 2002. Regulasies teen ontgroening verwelkom. ***Volksblad***, 19 Desember 2012:11.
- Rademeyer, A. 2006. Ouers boos oor ontgroening by skool. ***Volksblad***, 20 Januarie 2006:5.
- Ramanuj, M. 2013. Ragging Laws in India & the Measures to be taken by the Universities. *Acts, India, Law*, 21 Junie 2013.
- Republic of South Africa. 2011. *Protection from Harassment Act. Act 17 of 2011*. Pretoria: Government Printers.
- Republiek van Suid-Afrika. 1996. *Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. Wet 108 van 1996*. Pretoria: Staatsdrukkers.
- Republic of South Africa. 2000. *Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination. Act 4 of 2000*. Pretoria: Government Printers.
- Republic of South Africa. 2005. *Childs Act. Act 38 of 2005*. Pretoria: Government Printers.
- Republic of South Africa. 2008. *The Child Justice Act. Act 75 of 2008*. Pretoria: Government Printers.
- Republic of South Africa. 1996. *The South African Schools Act. Act 84 of 1996*. Pretoria: Government Printers.
- Republic of South Africa. 2002. *Regulations to Prohibit Initiation Practices in Schools. 2002*. Pretoria: Government Printers.

- Republic of South Africa. 2001. *Regulations for Safety measures at Public Schools*. 2001. Pretoria: Government Printers.
- Republic of South Africa. 1998. *Guidelines for the Consideration of Governing Bodies in Adopting a Code of Conduct for Learners*. 1998. Pretoria: Government Printers.
- Republic of South Africa. 2000. *South African Council for Educators. Act 31 of 2000*. Pretoria: Government Printers.
- Republic of South Africa. 1998. *Employment of Educators. Act. 76 of 1998*. Pretoria: Government Printers.
- Ritchie, K. 2009. The rules of the game are intended to teach you to be a decent adult. *Saturday Star*, 6 Junie 2009:14.
- Robinson, J. A.; Horsten, D. A.; Human, S. en Mould, K. L. 2015. *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Personereg*. Potchefstroom: Printing Things Pty Ltd.
- Schram, T. H. 2003. *Conceptualizing and Proposing Qualitative Research*. New Jersey: Pearson Education, Inc.
- Schroth, R. A. 2016. Of other Things. *The National Catholic Review Stop Hazing Now*. 2016 Issue.
- Schweller, R. L. 2016. The Balance of power in world politics. Oxford Research Encyclopedia of Politics. DOI: 10.1093/acrefore/9780190228637.013.119.
- Serrao, A. 2009. School bullying trial postponed to allow time to assess reports. *Star*, 21 Augustus:6.
- Shaba, S. M.; Campher, T.; Du Preez, P.; Grobler, B. and Loock, C. 2002. *Effective Education Management Series. Module 4. South African Law in Education*. Sandown: Heinemann Publishers (Pty) Ltd.
- Sharp, J. G. 2012. *Success with your Education Research Project*. London: SAGE.
- Snyman, C. R. 2012. *Strafreg*. 6de Uitgawe. Pietermaritzburg: Interpak Books.
- South-African Human Rights Commission. 2001. *Report into initiation practices at educational institutions and preliminary report on cultural initiations*. October, 2001: 1-29.
- Sturrock, D. 2010. *'Storyteller: The Life of Roald Dahl'*. London: HarperPress.

- Suid-Afrikaanse Onderwysers Unie. 2018. *Aanranding*. Insig 2/2018. 24 Julie 2018.
- Tannen, D. Discourse Analysis—What Speakers Do in Conversation. Linguistic Society of America. <https://www.linguisticsociety.org/resource/discourse-analysis-what-speakers-do-conversation>
- Tappen. D. M. 2005. School/Discipline Manual. Section II: Bullying and Hazing.
- Taylor, S.; Rivzi, F.; Lingard, B. and Henry, M. 1997. *Educational Policy and the Politics of Change*. London & New York: Routledge.
- University of Virginia Police Department. Hazing. 22 Maart 2004. Power point aanbieding.
- Van der Westhuizen, C. 2015. Was voorval rassisties of nie? ***Volksblad***, 24 Februarie 2015
- Van Heerden, E. 1999. Jangroentjie moet die geheim van mag leer ontdek. ***Volksblad***, 30 Januarie 1999.
- Van Raalte, J. L.; Cornelius, A. E.; Linder, D. E. s.a. The Relationship Between Hazing and Team Cohesion. *Journal of Sport Behaviour*, Vol. 30(4) 491-507.
- Van Rooyen, K. 2008. Teen's naked initiation claim denied by school. ***Sunday Times***, 4 Mei 2008:6.
- Van Schalkwyk, P. 2004. Ontgroeï ontgroening. Die kringloop van magsmisbruik in die samelewing moet gebreek word. ***Beeld***, 4 Februarie 2004:11.
- Van Wyk, M. 2005. Ontgroening-suipees eis Kowsie-eerstejaar. ***Rapport***, 13 Maart 2005:13.
- Vinjevold, P. A. 2016. *Beleid oor lyfstraf en die prosedure wat gevolg moet word wanneer sodanige gevalle aangemeld word. Hierdie omsendbrief is van toepassing op alle werknemers insluitende opvoeders en staatsdienspersoneel*. Wes-Kaapse Departement van Onderwys: Kaapstad.
- Waldner, M. 2001. Verwelkom nuwelinge, maar staak ontgroening. Rapport, 7 Oktober 2001:6.
- Walters, J. 2017. Hazing, #piggate and other secret rites: the psychology of extreme group rituals. ***The Guardian***, 2017:par.1-5.
- Wicks, J. 2014. Voortrekker lifts its veil of silence. ***City-press***, 3 Julie, 2014:par.1.
- Wilson, C. 2015. Looniversity challenge. The vile student initiation ceremonies that have gone too far. ***The-Sun***, 17 Augustus 2015:par. 1-5.

Wolfson-Vorster, R. 2019. Parktown Boys' sex predator sentenced to 23 years, now school needs a new 'normal'. <https://www.dailymaverick.co.za/article/2018-11-29-parktown-boys-sex-predator-sentenced-to-23-years-now-school-needs-a-new-normal/>

REGSPRAAK

Christian Education South Africa v Minister of Education 2000 (4) SA 757 (CC).

EB v Creecy NO 2010 JDR 0251 (GSJ) 2010 JDR 0251 p.1.

Gibbins v Williams, Muller, Wright & Mostert Ingelyf en Andere 1987 (2) SA 82 (T) 1987 (2) SA p.82.

Haweka Youth Camp and Another v Byrne 2010(6) SA 83 (SCA).

S v Makwanyane and Another (CCT3/94) [1995] ZACC 3; 1995 (6) BCLR 665; 1995 (3) SA 391; [1996] 2 CHRLD 164; 1995 (2) SACR 1 (6 June 1995).

ADDENDUMS

ADDENDUM A: ONDERHOUDE MET LEERLINGE

1. Inleiding:

Ek is 'n geregistreerde PhD student aan die Fakulteit van Opvoedkunde aan die Universiteit van die Vrystaat. Ek doen navorsing oor: ***Ontgroeningspraktyke in skole: 'n ondersoek na die spanning tussen populêre diskoerse en die regsraamwerk.***

Hierdie studie handel oor ontgroening in skole en die wette wat dit moet reguleer. Die rede waarom u deelname vereis word is om die effek van ontgroening te identifiseer asook die diskoerse wat die statute daarvan kan beïnvloed. Deelname tydens die onderhoude is vrywillig en alle insette sal met groot versigtigheid en vertroulikheid hanteer word. Geen individue, skole of distrikte sal hoegenaamd bekend gemaak word in die navorsingsverslag nie. Vraelyste en transkripsies van onderhoude sal in 'n kluis bewaar word en dan vernietig word. Individue kan enige tyd van die studie onttrek indien hul ongemaklik voel.

2. Vrae tydens onderhoude:

- 2.1 Hoe voel jy oor ontgroening?
- 2.2 Dink jy ontgroening is belangrik?
- 2.3 Is daar kinders wat hou of nie hou van ontgroening nie?
- 2.4 Dink jy kinders in skole moet ontgroen word?
- 2.5 Hoekom dink jy word graad 8 leerders ontgroen?
- 2.6 Dink jy dat koshuiskinders meer of minder as stadsleerders ontgroen word?
- 2.7 Wat sê jou ouers oor ontgroening? Is hulle daarvoor of daarteen?
- 2.8 Dink jy jou ouers was ontgroen of nie?
- 2.9 Sal jy eendag ander kinders wil ontgroen?
- 2.10 Is ontgroening vir jou deel van 'n skool se tradisie of moet dit gestaak word?

BAIE DANKIE VIR U TYD. EK WAARDEER U HULP.

ADDENDUM B: ONDERHOUDE MET OUER

Onderhoude met ouers.

1. Inleiding:

Ek is 'n geregistreerde PhD student aan die Fakulteit van Opvoedkunde aan die Universiteit van die Vrystaat. Ek doen navorsing oor: ***Ontgroeningspraktyke in skole: 'n ondersoek na die spanning tussen populêre diskoerse en die regsraamwerk.***

Hierdie studie handel oor ontgroening in skole en die wette wat dit moet reguleer. Die rede waarom u deelname vereis word is om die effek van ontgroening te identifiseer asook die diskoerse wat die statute daarvan kan beïnvloed. Deelname tydens die onderhoude is vrywillig en alle insette sal met groot versigtigheid en vertroulikheid hanteer word. Geen individue, skole of distrikte sal hoegenaamd bekend gemaak word in die navorsingsverslag nie. Vraelyste en transkripsies van onderhoude sal in 'n kluis bewaar word en dan vernietig word. Individue kan enige tyd van die studie onttrek indien hul ongemaklik voel.

2. Vrae tydens onderhoude:

- 2.1 Hoe voel jy oor ontgroening?
- 2.2 Dink jy ontgroening is belangrik?
- 2.3 Dink u dat u kinders van ontgroening hou of nie?
- 2.4 Dink u dat kinders in skole ontgroen moet word?
- 2.5 Hoekom dink u word graad 8 leerders ontgroen?
- 2.6 Keer u ontgroening goed al dan nie omrede u ontgroen is?
- 2.7 Dink u dat ontgroening groepsgebondenheid onder leerders aanhelp of nie?
- 2.8 Is ontgroening vir u deel van 'n skool se tradisie of moet dit gestaak word?

BAIE DANKIE VIR U TYD. EK WAARDEER U HULP.


ADDENDUM C: TOESTEMMING DEUR OUERS EN VOOGDE VAN LEERDERS

Navorser
E Potgieter
Posbus 28293
Danhof
9310
0834301555
eduardpotgieter@yahoo.com

Beste ouer/voog.

Ek wil u kind graag uitnooi om deel te neem aan hierdie navorsingsprojek, getiteld: ***Ontgroeningspraktyke in skole: die spanning tussen populêre diskoerse en die regsraamwerk.*** Hierdie studie handel oor ontgroening in skole en die wette wat dit moet reguleer. Die rede waarom u kind se deelname vereis word is om die effek van ontgroening te identifiseer asook die diskoerse wat die statute daarvan kan beïnvloed. Deelname tydens die onderhoude is vrywillig en alle insette sal met groot versigtigheid en vertroulikheid hanteer word. Geen individue, skole of distrikte sal hoegenaamd bekend gemaak word in die navorsingsverslag nie. Vraelyste en transkripsies van onderhoude sal in 'n kluis bewaar word en dan vernietig word. Individue kan enige tyd van die studie onttrek indien hul ongemaklik voel.

Die uwe



(Eduard Potgieter)

Hiermee gee ek as ouer/voog toestemming dat my kind mag deelneem aan die navorsingsprojek. Ek is ook ten volle daarvan bewus dat ek my kind enige tyd van die studie kan onttrek indien hy/sy ongemaklik sou voel.

Handtekening ouer/voog: _____ Datum: _____

ADDENDUM D: INSTEMMING DEUR MINDERJARIGE DEELNEMERS

Navorser
E Potgieter
Posbus 28293
Danhof
9310
0834301555
eduardpotgieter@yahoo.com

Beste deelnemer


Ek wil u graag uitnooi om deel te neem aan hierdie navorsingsprojek, getiteld:

Ontgroeningspraktyke in skole: 'n ondersoek na die spanning tussen populêre diskoerse en die regsraamwerk.

Hierdie studie handel oor ontgroening in skole en die wette wat dit moet reguleer. Die rede waarom u deelname vereis word is om die effek van ontgroening te identifiseer asook die diskoerse wat die statute daarvan kan beïnvloed.

- Deelname tydens die onderhoude is vrywillig en alle insette sal met groot versigtigheid en vertroulikheid hanteer word.
- Geen individue, skole of distrikte sal hoegenaamd bekend gemaak word in die navorsingsverslag nie.
- Vraelyste en transkripsies van onderhoude sal in 'n kluis bewaar word en dan vernietig word.
- Individue kan enige tyd van die studie onttrek indien hul ongemaklik voel.

Die uwe

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'Eduard Potgieter', written on a light-colored background.

(Eduard Potgieter)

Hiermee stem ek in om deelname aan die navorsingsprojek. Ek is ook ten volle daarvan bewus dat ek enige tyd van die studie kan onttrek indien ek ongemaklik sou voel.

Handtekening: _____

Datum: _____